

Speelgoed van Glas

The Glass Menagerie

Tennessee Williams

vertaal deur

W.K. Grobler

Regie

Aldo Behrens

SPEELGOED VAN GLAS (TENNESSEE WILLIAMS):
'N AANBIEDING IN DIE OPVOEDKUNDIGE TEATER

deur Aldo Behrens

Verhandeling voorgelê ter gedeeltelike voldoening aan
die vereistes vir die graad Magister Artium in Toneelkunde
aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys.

Leier: Prof. dr. Teunis Botha.

Potchefstroom
1977

Hierdie werk dra ek in liefde aan Laurika en Kania op.

BEDANKINGS

Aan prof. dr. Teunis Botha my opregte dank en waardering vir die geleentheid my gebied om Speelgoed van glas, in die Kamertoneel van die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, aan te bied.

Vir sy insig en kundigheid om probleme op te som en deur te sien, het ek die grootste agting. Met sy entoesiasme en professionaliteit, is hy vir enige student 'n ideale leier.

Aan al die spelers en tegnici wat met toewyding aan Speelgoed van glas gewerk het, my opregte dank.

Aan die personeel van die Ferdinand Postma-biblioteek vir hulle vriendelike hulp, raad en bystand, wil ek my waardering en dank betuig.

Aan Delicia, Dot en veral Thekla, vir hulle bereidwilligheid om te help met die tikwerk, my opregte dank.

Aan my gesin en ouers vir hulle liefde en bystand deur die jare.

Ten slotte my dank aan almal wat op enige manier, hoe gering ookal, 'n bydrae gelewer het om hierdie werk moontlik te maak.

TER INLEIDING

Daar bestaan heelwat meningsverskil oor die waarde en bydrae van Tennessee Williams as dramaturg. Baie kritici (o.a. Brooks Atkinson, Stark Young en Kenneth Tynan) is die mening toegedaan dat hy bydraes van onskatbare waarde vir die wêrelddrama gelewer het. Ander (Robert Brustein) slaan sy werke nie so hoog aan nie. Vir baie toeskouers is die naam Tennessee Williams sinoniem met geweld, opstand, kannibalisme en seks. Diegene wat egter al met The Glass Menagerie (Speelgoed van glas) kennis gemaak het, weet dat Williams estetiese werke van groot skoonheid gelewer het. In Speelgoed van glas maak ons kennis met 'n Williams wat intens besorg is oor mense wat vasgevang is in omstandighede buite hulle beheer, 'n Williams wat sy mense met insig en simpatie skilder.

Oor die waarde van Speelgoed van glas is die meeste kritici dit eens dat dit 'n teaterhervorming in die VSA en in die wêreld tot gevolg gehad het.

Behalwe dat Speelgoed van glas literêr in dieselfde asem as die werke van Ibsen, Strindberg, Tsjechow, Saroyan, Miller, Osborne en andere genoem word en dat Williams as Eugene O'Neill se opvolger in die VSA beskou word, is dit een van die opvoerbaarste stukke in die moderne dramarepertoire. Gevolglik kan sonder vrees vir teëspraak beweer word dat Speelgoed van glas al in een of ander stadium in die repertorium van elke opvoedkundige teater in die vrye wêreld opgeneem is.

Die Departement van Spraakleer en Drama aan die PU vir CHO het besluit om Speelgoed van glas in Junie 1976 aan te bied. Oor die beplanning, enscënering en aanbieding handel hierdie verhandeling.

Omdat bogenoemde Departement aan 'n opvoedkundige inrigting verbonde is, is dit sy primêre verantwoordelikheid om studente as spelers, tegnici en kundige en onderskeidende teatergangers op te lei.

Maar die verantwoordelikheid van die Departement is ook om aan die toeskouers, waarsonder die student se opleiding onmoontlik sou wees, teater te bied wat literêr en toneelmattig iets om die lyf het. Die Departement se doel is dus tweeledig van aard:

Eerstens moet aan die studente geleentheid gebied word om deur middel van spel en tegniese werk hulle vak te leer en; tweedens is die doelstellings van die opvoedkundige teater om aan 'n geroetineerde teaterpubliek die geleentheid te bied om by gebrek aan 'n streekteater 'n reeks eiesoortige opvoerings te geniet.

Aangesien die opleiding van studente en die gemeenskapsdiens onder een vaandel plaasvind, is die keuse van die drama wat aangebied word, van oorwegende belang. Die keuse moet vir student en toeskouer tot nut en van waarde wees.

Die volgende oorwegings behoort by die keuse van 'n stuk vir die opvoedkundige teater in aanmerking geneem te word:

- Die gekose stuk behoort 'n uitdaging aan al die belanghebbendes te bied. Om 'n stuk van Tennessee Williams met welslae te kan aanbied behoort vir elke regisseur en inrigting 'n uitdaging te wees.

- Soos dit wenslik is dat elke toneelstudent in sy opleiding met byvoorbeeld die groot meester Shakespeare te doen kry, is dit ewe belangrik dat hy met die werk van een van die kontemporêre dramaturge te doen kry. Ek kan kwalik aan 'n geskikter voorbeeld vir gevorderde studente as Speelgoed van glas dink.

- Die smaak, aanleg en aanvoeling van die regisseur is van deurslaggewende belang. As die regisseur aansluiting by die stuk en by die mense wat uitgebeeld word, kan kry, sal die keuse gewoonlik 'n gelukkige wees. Vir my was Speelgoed van glas in die lig van bogenoemde 'n besondere geskikte keuse. Omdat ek by 'n vorige geleentheid (Volksteater het in 1971 Speelgoed van glas in Pretoria aangebied) slegs administra-

tief betrokke was, het ek as toneelkundedosent in 1976 die geleentheid om die regie te kon waarneem met albei h nde aangegryp.

- Die beskikbare studente moet oor die nodige talent en aanvoeling beskik om hierdie karakterrolle te kan vertolk. Met 'n gaskunstenares wat al by 'n vorige geleentheid die rol van Amanda Wingfield met onderskeiding vertolk het, ter beskikking moes ek die ander drie rolle beset.

- Die stuk wat gekies word, moet in die departementele rooster inpas. Daar moet daarteen gewaak word dat byvoorbeeld twee Shakespearestukke mekaar opvolg. Op 'n verskeidenheid van keuse berus die welslae van die jaarprogram en die geslaagde opleiding van studente.

- Die plek van aanbidding moet 'n oorwegende rol speel by die keuse van 'n stuk. Omdat die Kamertoneel van die PU vir CHO so klein en intiem is, sal 'n droomspel soos Speelgoed van glas pragtig kan inpas. Juis omdat die stuk sentimenteel en van die skep van 'n romantiese atmosfeer afhanklik is, leen die Kamertoneel hom uitstekend tot die doel.

- By 'n atmosfeerstuk soos Speelgoed van glas speel beligting en klank 'n deurslaggewende rol. Met die puik fasiliteite waaroor die Kamertoneel ten opsigte hiervan beskik, kan 'n stuk soos hierdie met groot vrymoedigheid aangepak word.

In die ens nering van Speelgoed van glas het ek gepoog om die patos, eensaamheid en deernis na vore te bring. Eensydige klem hierop sou egter te morbied gewees het en die polsende lewe in die stuk gestrem het. Daarom het ek gepoog om deur middel van die nodige humor, satire, fantasie en selfs 'n bietjie sentimentele romantiek kleur by te bring.

Om die gees en atmosfeer van 'n stuk soos Speelgoed van glas vas te vang is makliker ges  as gedaan. Die voorbereiding dien slegs as handleiding vir die werklike skeppingswerk,

wat myns insiens alleen maar op die verhoog kan geskied.

Ek het gestreef na 'n eerlike, eenvoudige naturalisme in die familietonele om as kontras te dien vir die ekspressionistiese styl van dekor, beligting en klank. Omdat Williams bekend was vir sy gewelddadige stukke, wou ek in Speelgoed van glas die nie-geweld aksentueer. Op die lees van sulke positiewe elemente soos insig, simpatie en diepe deernis wou ek die aanbieding skoei.

Volgens die leerplan vir Toneelkunde aan die PU vir CHO is 'n vereiste tot toelating vir die graad Magister Artium die instudering, enscènering en aanbieding van 'n vollengte-toneelstuk. Nadat op Speelgoed van glas besluit is, het ek gedurende die proses van voorbereiding en omdat die stuk my besonder geval het, besluit om Speelgoed van glas die tema van my verhandeling te maak.

Min mense, veral diegene buite die teater, besef die hoeveelheid werk wat met die enscènering en aanbieding van 'n toneelstuk gepaard gaan. Hierdie verhandeling beoog om die metode by die aanbieding van 'n toneelstuk te beskryf.

Baie van die regie- en toneelspeelkuns is intuïsie. Beweging en karakterisering word deur beide die regisseur en die speler intuïtief aan gevoel. 'n Regieboek skep die moontlikheid dat dit wat op die verhoog gedoen word, sistematies en logies op skrif georden en vasgelê kan word. As sodanig word dit deur die jare heen dan belangrike geskiedskrywing.

Hierdie verhandeling bevat dan ook die regieboek van Speelgoed van glas soos op die verhoog aangebied. Die voorbereiding, implementerings, afloop en nabetragting is in die verhandeling opgeteken.

Die voorbereidings van die regisseur was nooit bedoel om voorskriftelik te wees nie. Dit moes slegs as agtergrond dien, antwoorde op sekere vrae verskaf. Die feitelike navorsing oor Williams en die stuk is aangewend om die

stuk in perspektief te plaas. Die ontleding van die stuk was nodig om vir die karakterisering van die rolle insig en begrip te verkry. .Elke moontlike stukkies inligting is aangewend, nie souseer met die oog op implementering nie maar met die oog op helderheid vir beide regisseur en akteurs.

HOOFSTUKINDELING

Die verhandeling beslaan twee dele. Deel 1 word in drie hoofstukke onderverdeel, terwyl deel 2 die enscènering en aanbidding van Speelgoed van glas bevat.

Deel 1 handel oor die agtergrondstudie wat enige regisseur moet doen voordat 'n stuk op die planke gerealiseer kan word. Hierdie inligting bepaal tewens die styl van 'n besondere aanbidding.

In hoofstuk 1 word gepoog om 'n kort historiese oorsig van Williams se lewe te gee. Slegs biografiese hoogtepunte wat sy skryfkuns sou kon beïnvloed, word van nader beskou. Vervolgens word alle gebeurtenisse in sy lewe wat aanleiding tot die skryf van Speelgoed van glas kon gee, bekyk. Met die oog op die subteks is hierdie feite van die allergrrootste belang.

In hoofstuk 2 word die drama ontleed. In die ontleding is geen bepaalde chronologie nie, slegs 'n poging om relevante inligting ten opsigte van die drama aan te stip. Hierdie inligting was waardevol by die bepaling van milieu, beweging, die bepaling en vaslegging van gebare, tekslewing en spelmotivering.

Behalwe enkele hoogtepunte in die geskiedenis van Speelgoed van glas wat aangetoon word, gaan dit om die storieplan, die tyd en agtergrond waarteen die stuk afspeel, die stuk as herinneringspel, die tema van die stuk, die bou daarvan, die stuk as tragedie, die biografiese en enkele ander aspekte wat die skryf daarvan kon beïnvloed het. Hierdie aspekte handel oor die afwesigheid van geweld en die glas-, water- en vuursimbole in Speelgoed van glas. Ook word die religieuse daarin kortliks vermeld.

Hoofstuk 3 handel oor karakterbeelding in hierdie besondere stuk. Na verskillende sieninge oor elke karakter is gekyk om 'n moontlike eie opinie te kon vorm.

Deel 2 handel oor die werklike enscènering en aanbieding van
Speelgoed van glas.

Hier val die klem veral op die voorbereiding van die regisseur, die verslag van elke ontwerper en dan die finale beplanning. Aan alle afdelings van die aanbieding is daar aandag bestee: dekor, beligting, klank, kostumering en grimering, en ter illustrasie dien 'n aantal foto's. Ook die administratiewe ontleding soos repetisieroosters, besprekingskaarte, opvoerrechte en die begroting is opgeteken. Ook word twee resensies ingesluit.

Deel 2 word afgesluit met die regisseurteks, aanduiding van verhoogaktiwiteite, tekslewering en spelmotivering. In die regisseurteks is ook lig- en klanksleutels aangebring.

Ten slotte word besin oor die regisseur se doel, sy metode en sy strewe. In die lig van die aanbieding en met die ervaring wat tydens die enscènering van die stuk opgedoen is, word filosofies na die regisseurtaak gekyk. Ook word daar in 'n repetisieverslag, 'n ontleding van al die repetisies gegee.

INHOUDSOPGAWE

DEEL 1 'N AGTERGRONDSTUDIE

HOOFSTUK 1 TENNESSEE WILLIAMS, 'N BIBLIOGRAFIE

		1
1.1	Belangrikste datums in die lewe van Tennessee Williams	2
1.2	Gebeurtenisse in sy lewe wat aanleiding gegee het tot die skrywe van <u>Speelgoed van glas</u>	9
1.2.1	Eerste lewensjare	9
1.2.2	Die adolessentjare	14
1.2.3	Die onwillige klerk	18
1.2.4	Die energieke dramaturg	19
1.2.5	Ander skrywers se invloed	19
1.2.6	Jare van opstand	21
1.2.7	New Orleans	23
1.2.8	Williams die swerwer	23
1.2.9	Sukses	27

HOOFSTUK 2 SPEELGOED VAN GLAS

2.1	Enkele hoogtepunte	32
2.2	Die binnebou van <u>Speelgoed van glas</u>	33
2.2.1	Die storie	33
2.2.2	Die inhoud	34
2.2.3	Die tyd en agtergrond waarteen <u>Speelgoed van glas</u> afspeel	36
2.2.4	<u>Speelgoed van glas</u> as herinneringspel	40
2.2.5	Die tema van <u>Speelgoed van glas</u>	44
2.2.6	Die bou van <u>Speelgoed van glas</u>	46
2.2.7	Die tragiese in <u>Speelgoed van glas</u>	51
2.2.8	Die biografiese in <u>Speelgoed van glas</u>	55
2.2.9	Enkele ander aspekte in <u>Speelgoed van glas</u>	59

HOOFSTUK 3 KARAKTERBEELDING

3.1	Karakterbeelding	63
3.1.1	Amanda Wingfield - die moeder	63
3.1.2	Laura Wingfield - haar dogter	66
3.1.3	Jim O'Conner - die besoeker	70
3.1,4	Tom Wingfield - die verteller en seun	74

DEEL 2 AANBIEDING EN ENSCÈNERING

2.1	Dekor	78
2.2	Beligting	89
2.3	Musiek	98
2.4	Kostumering	106
2.5	Grimering	125
2.6	Rekwisiete	127
2.7	Fotobeeld	130
2.8	Repetisies	138
2.9	Begroting	140
2.10	Resensies	143
2.11	Opvoerrechte	146
2.12	Regisseurteks en Regieplan	147
2.13	Repetisieverslag	449

BRONNE HOOFSAAKLIK IN HOOFSTUK 1 GEBRUIK

- DONAHUE, F. 1964. The dramatic world of Tennessee Williams. New York, Ungar.
- FALK, Signi. 1961. Tennessee Williams. New Haven, College and University Press.
- JACKSON, Esther M. 1965. The broken world of Tennessee Williams. Madison, University of Wisconsin Press.
- NELSON, B. 1961. Tennessee Williams, his life and work. London, Peter Owen.
- RATHBUN, G.L. 1965. Tennessee Williams' The glass menagerie a critical commentary.: New York, distributed by Monarch Press.
- SHROYER, F.B. & GARDEMAL, L.G. 1970. Types of drama. New York, Scott, Foresman.
- WAGER, W., red. 1969. The playwrights speak. London Longmans, Green.
- WEALES, G. 1965. Tennessee Williams. Minneapolis, University of Minnesota Press. (University of Minnesota Pamphlet on American Writers, no. 53).
- WILLIAMS, T. 1962b. The glass menagerie. Middlesex, Penguin Books.
- WILLIAMS, T. 1976. Memoirs. London, Allen.

HOOFSTUK 1

TENNESSEE WILLIAMS - 'N BIOGRAFIE

1.1 Die belangrikste datums in die lewe van Tennessee Williams.

1.2 Gebeurtenisse in die lewe van Tennessee Williams wat aanleiding gegee het tot die skrywe van The Glass Menagerie (Speelgoed van glas).

1.1 Belangrikste datums in die lewe van Tennessee Williams

1911

Op 26 Maart word Thomas Lanier Williams in Columbus, Mississippi, gebore. (Jauslin 1969:7; Rathbun 1965:68).

Aanvanklik is algemeen aanvaar dat Williams in 1914 gebore is. Die rede hiervoor is dat Williams in 1939 aan 'n wedstryd deelgeneem het wat deur die Group Theatre uitgeskryf is. Omdat die leeftydsgrens 25 jaar was en hy op daardie tydstip 28 jaar oud was, het hy sy geboortejaar as 1914 opgegegee.

1914

Hy verhuis saam met oupa en ouma Dakin na Nashville. Thomas woon die eerste keer 'n kleuterskool by.

1916

Hy verhuis saam met sy grootouers na Canton.

1917

In hierdie jaar verhuis hy saam met sy grootouers na Clarksdale, Mississippi. Thomas en sy suster Rose is onafskeidbaar van mekaar en het geen behoefte aan maats nie.

Hy kry difterie en woon 'n jaar lank nie die skool by nie en word deur veral sy ouma en sy ma baie opgepiep.

1918

Cornelius Coffin Williams, Thomas se vader, word bestuurder van die International Shoe Co. en die gesin verhuis na St. Louis (Rathbun 1965:68).

1926-27

Die gesin Williams verhuis na St. Louis (Falk 1961:15; Jauslin 1969:7).

1919

Dakin Williams, die derde kind en tweede seun, word gebore. Thomas word vir 'n jaar na Clarksdale teruggestuur. Hier maak hy kennis met die werke van Dickens, Walter Scott en Shakespeare.

1922

Thomas se moeder gee aan hom 'n tikmasjien as geskenk.

1925 - 1928

Thomas wen 'n derde prys van vyf dollar van die tydskrif Smart Set vir 'n opstel oor die onderwerp "Can a Good Wife be a Good Sport". Hy wen ook vyf-en-dertig dollar van Weird Tales vir die publikasie van 'n kortverhaal, "The Vengeance of Nitocris", asook tien dollar van die Loew's State Theatre vir 'n oorsig wat hy geskryf het van die film Stella Dallas. Thomas was 'n getroue bioskoopganger.

1929

Thomas matrikuleer aan die Ben Blewitt-Hoërskool in St. Louis.

1931-1934

Hy skryf by die Universiteit van Missouri in. Hy kwalifiseer nie om 'n of-fisierskool by te woon nie. Hier, aan die Universiteit, wen hy pryse vir poësie en prosa en kom onder die invloed van die wonder van die teater toe hy Alla Nazimowa in Ibsen se Spoke sien.

1934

As gevolg van die depressie staak hy sy universiteitsopleiding en gaan werk as pakhuis-klerk vir die International Shoe Co.

1935

Sy hoërskool-liefde, Hazel Kramer, trou en Thomas kry 'n senuwee-ineenstorting. As gefrustreerde pakhuis-klerk skryf hy snags, en dit dra verder by tot sy ineenstorting.

Hy besoek sy oupa in Memphis, waar lg. afgetree het, en sterk 'n jaar lank aan.

Hier skryf hy met die hulp van Dorothy Shapiro vir 'n plaaslike teatergroep 'n eenbedryf, Cairo, Shanghai, Bombay.

1936

Hy keer terug na St. Louis en skryf in as student aan die Washingtonse Universiteit.

Met die stuk The Magic Tower wen hy die eerste prys in 'n kompetisie wat deur die Theatre Guild of Webster Groves, Missouri, uitgeskryf is.

Hy word lid van 'n halfprofessionele groep, "The Mummers", onder leiding van Willard Holland. Hulle was juis besig met Irwin Shaw se Bury the Dead. Omdat hierdie stuk te kort was, vra Holland vir Williams om 'n eenbedryf oor anti-militarisme te skryf. Headlines volg.

1937

Junie. As gevolg van 'n brief aan die Dekaan oor sekere administratiewe wanpraktyke word hy uit die Universiteit verban. Candles in the Sun en Fugitive Kind word deur die Mummers opgevoer.

1938 - 1940

Hy behaal die BA-graad aan die Universiteit van Iowa. Hy verwerk Fugitive Kind tot Not about Nightingales en skryf Spring Storm vir prof. E.C. Mabie se seminaar in toneelskryfkuns.

1939

Williams publiseer "Field of Blue Children" in Story vir die eerste keer onder sy skrywersnaam "Tennessee".

Hy verhuis na Chicago, waar hy werk soek, gaan terug na St. Louis en toe na Nieu-Orleans, waar hy in die Franse deel gaan woon. Daarna besoek hy in Kalifornië, Los Angeles, Frieda Lawrence in Taos, en New Mexico.

Hy wen honderd dollar vir sy eenbedrywe American Blues van die Group Theatre en keer terug na St. Louis, waar hy Battle of Angels voltooi (Falk 1961:16).

1940

Met behulp van sy agent Audrey Wood verwerf hy 'n Rockefellerbeurs van duisend dollar, loop 'n kursus in toneelskryfkuns onder John Gassner en Theresa Helburn en het ook Erwin Piscator as leermeester (Jauslin 1969:5).

1940 - 1942

Williams herskrywe Battle of Angels, en dit word deur die Theatre Guild aangeneem en in Boston opgevoer. Dit is 'n groot mislukking. Hy ondergaan een van vier oogoperasies en werk die tyd as kelner, hysbakoperateur en plekaanwyser. Hy werk saam met Donald Windham aan 'n drama gebaseer op die verhaal van D.H. Lawrence You touched me. Ook werk hy aan Stairs to the Roof, wat hy in Januarie 1942 voltooi en aan Audrey Wood oorhandig.

1942

Hy kry 'n kontrak van tweehonderd dollar per week by MGM as draaiboekskrywer.

Hy skryf vir Lana Turner en die kinderster Margaret O'Brien. Sy werk word afgewys, maar hy voltooi sy kontrak. Hy gee ook aan MGM die teks van The Gentleman Caller, wat hulle afwys. Hy verwerk dit tot The Glass Menagerie (Speelgoed van glas) en stuur dit aan sy agent in New York, Audrey Wood.

1943

Hy kry 'n benoeming van die National Institute of Arts and Letters.

1944

Hy kry 'n beloning van duisend dollar van die American Academy of Arts en Letters. Van sy gedigte word opgeneem in Five American Poets (Falk 1961:17).
26 Desember: Speelgoed van glas open in Chicago met Eddie Dowling as regisseur.

1945

31 Maart: Broadwaypremiere van Speelgoed van glas. Dit word vir 651 maal opgevoer en sluit op 3 Augustus 1946. Hy wen die New York Critics' Circle Award en die Sidney Howard Memorial Award van \$1500, en Speelgoed van glas word deur Random House gepubliseer.

25 September: You Touched Me open in New York en beleef 100 opvoerings. Hy vlug na Mexiko, waar hy The Poker Night skryf, wat later Streetcar named Desire word (Falk 1961:17; Jauslin 1969:9).

1946

Stairs to the Roof word in die Pasadena Community Playhouse opgevoer. Hy verwerk dit later tot Camino Real.

1947

Op 3 Desember open Streetcar named Desire in New York, en dit beleef 855 opvoerings tot 19 September 1949. Hy ontvang sy tweede New York Critics' Circle Award, die Pulitzerprys vir 1947-48, en New Directions publiseer die drama. Samuel French, New York, publiseer You touched me.

1948

Hy besoek Londen, Parys en Rome. Op 6 Oktober open Summer and Smoke in New York vir 100 opvoerings. Dit is vroeër (Somer 1947) reeds in Dallas, Texas, onder regie van Margo Jones opgevoer.

1949

Nadat Speelgoed van glas in 1946 - 47 in Londen opgevoer is, volg Streetcar named Desire in Londen onder regie van Laurence Olivier met Vivien Leigh in die hoofrol en in Parys soos verwerk deur Jean Cocteau, asook in Zürich en Stockholm.

1950

Hy verkry Anna Magnani in Rome vir The Rose Tattoo en skryf ook The Roman Spring of Mrs Stone.

1951

3 Februarie: New York-première van The Rose Tattoo. Die speelvak duur tot 27 Oktober, met 307 opvoerings en met Maureen Stapleton en Eli Wallach in die hoofrolle. Anna Magnani het in die filmweergawe gespeel. Die stuk word deur New Directions uitgegee.

New Directions gee ook I Rise in Flame, Cried the Phoenix (oor D.H. Lawrence) uit.

1952

Hy word gekies tot lid van die National Institute of Arts and Letters.

Summer and Smoke herlewe off-Broadway met Jose Quintero as regisseur en Geraldine Page as Alma Winemiller.

1953

19 Maart: Camino Real open in New York vir 60 opvoerings. Die speelvak eindig 9 Mei 1953. Camino Real word deur New Directions uitgegee.

Die derde druk van Twenty-Seven Wagons full of Cotton verskyn, waarby Talk to me like the Rain, Let me Listen en Something Unspoken gevoeg word.

Hy hersien ook Battle of Angels en is vasberade om dit op Broadway aangebied te kry.

1954

Hard Candy en ander vertellings verskyn by New Directions.

1955

24 Maart: Cat on a Hot Tin Roof word onder regie van Elia Kazan opgevoer. Barbara Bel Geddes vertolk die rol van Maggie, Ben Gazzara die van Brick, Mildred Dunnock die van die ma en Burl Ives die van Big Daddy.

Die stuk open in die Morascoteater in New York en belewe ongeveer 700 opvoerings.

Die derde keer verower hy die prys van die New York Drama Critics' Circle, die tweede keer die Pulitzerprys, en Cat on a Hot Tin Roof verskyn by New Directions.

27 Wagons Full of Cotton word as All in One in New York opgevoer. Hy voltooi Battle of Angels, wat hy Orpheus Descending noem, en The Enemy: Time, wat hy Sweet Bird of Youth noem. Oupa Dakin kom tot sterwe - 98 jaar oud.

1956

18 Desember: Baby Doll, die film, open in New York.

21 November: Speelgoed van glas open in die New York City Centre met Helen Hays, James Daly, Lois Smith en Lonny Chapman as spelers.

Speelgoed van glas, Streetcar named Desire, Summer and Smoke en Camino Real word in Londen deur Warburg en Secker uitgegee.

1957

Orpheus Descending open in die Martin Beck-teater in New York met Cliff Robertson as Val Xavier.

Summer and Smoke word "off-Broadway" opgevoer.

Cornelius Coffin Williams, sy vader, sterf.

1958

Garden District (Something Unspoke, Suddenly Last Summer) open "off-Broadway."

Moony's Kid Don't Cry, The Last of the solid Gold Watches en This Property is Condemned word deur Kraft Television Theatre opgevoer.

Cat on a Hot Tin Roof word verfilm met Paul Newman as Brick en Elizabeth Taylor as Maggie.

1959

Sweet Bird of Youth open in New York in die Martin Beck-teater vir 95 opvoerings. Die regisseur is Elia Kazan, met Geraldine Page as die Prinses Alexandra del Lago en Paul Newman as Chance Wayne.

The Fugitive Kind, filmweergawe van Orpheus Descending, open in New York. Portrait of a Madonna open "off-Broadway".

Garden District word in Londen deur Warburg en Secker uitgegee.

The Purification word "off-Broadway" opgevoer.

Period of Adjustment open "off-Broadway".

1960

Three Players of a Summer Game word in Londen deur Warburg en Secker uitgegee.
10 November: Period of Adjustment open in die Helen Hayes-teater in New York.
Dit word deur New Directions uitgegee.

1961

Desember: Night of the Iguana open in New York City en beleef die beste ontvangs sedert Streetcar named Desire.

1962

The Milk Train Doesn't Stop Here Anymore is 'n volslae mislukking. Hy skryf dit heeltemal oor.

1963

The Milk Train Doesn't Stop Here Anymore heropgevoer onder spelleiding van Tony Richardson.

1964

The Night of the Iguana verskyn as rolprent.

The Milk Train Doesn't Stop Here Anymore word deur New Directions uitgegee.

1965

22 Februarie: Slapstick Tragedy word opgevoer; dit bestaan uit The Mutilated en The Gnädiges Fräulein.

4 Mei: Speelgoed van glas open in New York City om die twintigste herdenking van die openingsaand in Maart 1945 te vier.

1968

27 Maart: The Seven Descents of Myrtle open in New York; later is dit onder die titel Kingdom of Earth opgevoer.

Desember: Tennessee Williams word lidmaat van die Rooms-Katolieke Kerk.

1969

In the Bar of a Tokyo Hotel open in New York City met Anne Meacham en John Lee.

Tennessee Williams bevind hom in 'n inrigting vir sielsiekes, waar hy drie senuwee-ineenstortings en twee hartaanvalle oorleef het (Reed 1971:105).

1971

The Two Character Play word as Out Cry in die Ivanhoeteater in Chicago opgevoer. Spelers was Donald Madden en Eileen Herlie.

1972

Small Craft Warnings open in New York City in die New Theatre en laat die ou Williamsglorie herlewe. Hy tree self daarin op, nl. in die rol van Doc.

1972 - 75

Williams is met twee stukke besig: The Red Devil Battery Sign en This Is. Hy werk ook aan sy Memoirs, wat in 1975 in die VSA uitgegee is.

1976

Sy Memoirs verskyn in Groot-Brittanje, uitgegee deur W.H. Allen.

1.2 Gebeurtenisse in sy lewe wat aanleiding gegee het tot die skrywe van Speelgoed van glas.

1.2.1 Eerste Lewensjare

Toe die gordyn op 31 Maart 1945 voor sy Speelgoed van glas toeskuif, was die applous daverend en die uitroep: "Author, author!" so aanhoudend dat Tennessee Williams nie anders kon as om op die verhoog te verskyn nie.

Op 10 April 1945 het die New York Drame Critics' Circle Speelgoed van glas as die beste stuk van die seisoen aangewys. Na altesaam 651 opvoerings van hierdie stuk het die Amerikaanse publiek eenvoudig toegestroom.

Tennessee Williams, die vier-en-dertigjarige skrywer van Speelgoed van glas, 'n gegradueerde van die State University of Iowa is op 26 Maart 1911 in Columbus, Mississippi, gebore. Sy vader was Cornelius Coffin Williams van Tennessee en sy moeder Edwina Dakin, die enigste dogter van 'n Episkopalese predikant.

"I was christened Thomas Lanier Williams. It is a nice enough name, perhaps a little too nice. It sounds like it might belong to the sort of writer who turns out sonnet sequences to Spring. As a matter of fact, my first literary award was \$25.00 from a Woman's Club for doing exactly that, three sonnets dedicated to Spring. I hasten to add that I was still pretty young. Under that name I published a good deal of lyric poetry which was a bad imitation

of Edna Milay. When I grew up I realized this poetry wasn't much good and I felt the name had been compromised, so I changed it to Tennessee Williams, the justification being, mainly, that the Williamses had fought the Indians for Tennessee and I had already discovered that the life of a young writer was going to be something similar to the defence of a stockade against a band of savages." (Donahue 1964:2.)

1.2.1.1 Die Afwesige Vader

Thomas se vader, C.C., soos hy deur sy vriende genoem is, was 'n dominerende mens en is baie deur sy suster Ella Williams wat hom grootgemaak het, bederf. As volwassene kon hy nie sonder sterk drank en aardse grappe klaarkom nie, dit het vereistes van sy lewe geword. Alles het net om homself gedraai, "and he used profanity with the ease of a man who knew and insisted upon his place in the centre of the universe" (Nelson 1961:15).

In haar boek Remember me to Tom het Edwina haar man geskilder as 'n "... anti-intellectual, burly, six-foot businessman who 'meant well', but couldn't communicate tenderness or much else to his family - and who was away a lot as a travelling salesman." (Wager 1969:170).

Digter Gilbert Maxwell haal Williams aan: "He was a hard man to live with, but I know now that he loved us and that he was deeply in love with Mother" (Wager 1969:170).

Nadat sy vader "die pad" vaarwel toegeroep het om bestuurder van International Shoe Company in St. Louis te word, was hy diep ongelukkig. Hy, wat verlief was op lang afstande, was nou beperk tot St. Louis. Die kompensasie daarvoor was drank, poker en waardering vir verkoopsmanne wat onder hom gewerk het. Een van sy berugte pokernagte het Tennessee op die idee van sy The Poker Night gebring, waarvoor hy in 1947 met die Pulitzerprys bekroon is (Streetcar Named Desire).

Dat die Wingfield-vader in Speelgoed van glas 'n telefoonbeampte was, is ook nie blote toeval nie. Voordat C.C. Williams reisiger vir die International Shoe Company geword het, was hy bestuurder van 'n telefoonsentrale in Gulfport, Mississippi. Hy is ontslaan sonder dat sy familie ooit die rede geweet het.

Omdat sy vader met en na sy geboorte gereeld op reis was, het sy oupa, ds. Dakin, vir hom 'n tweede vader geword. Hierdie hegte band wat ontstaan het, het voortgeduur totdat sy grootvader in 1955 op 98-jarige leeftyd sterf.

1.2.1.2 Die Beskermde Suide

In die rustige landelike atmosfeer van die Suide en die sekuriteit wat die pastorie hulle gebied het, het hy en sy suster Rose, wat twee jaar ouer as hy was, 'n afgesonderde lewe gelei. In die ruim agterplaas van die pastorie in Clarksdale het die twee grootgeword sonder behoefte aan vriende. Die Mississippidelta, waar hy en sy suster grootgeword het, was "pleasant, gracious, and full of imaginings, recalls Williams. Home is where you hang your childhood and Mississippi to me is the beauty spot of creation, a dark, wide spacious land that you can breathe in" (Donahue 1964:3). Hierdie isolasie van kindsbeen af het hom later duur te staan gekom.

Dit was hier in Clarksdale - Williams se latere "Blue Mountains" dat die vyfjarige seun tydens een van sy vader se reise amper aan difterie gesterf het. In die twee jaar wat hy in die bed moes deurbring, is hy baie deur sy moeder, ouma, suster en die negerbediende Ozzie gepamperleng.

As gevolg van sy siekte het hy later jare moeilik met seuns omgegaan. Dit het hom in St. Louis die skeldnaam "sissy" besorg, en selfs sy pa het hom "Miss Nancy" genoem.

Dit was dus te verstane dat hy vroeg in sy lewe hom na iets gewend het wat hy alleen kon doen - skryf.

Vir sy suster Rose het hy groot bewondering gehad. "He considered her the epitome of everything beautiful and desirable in life" (Donahue 1964:3).

Sy belangstelling in lees en skryf het vroeg gekom. In Clarksdale het hy kennis gemaak met die Waverlynovelles en die werke van Dickens en Shakespeare. "I didn't appreciate the beauty of the language, but I loved the violence" (Ibid.:3).

'n Gebeurtenis in sy lewe wat seer sekerlik in verband met Speelgoed van glas gebring kan word, wil ek graag hier noem.

Williams het gereeld sy oupa vergesel as dié met huisbesoek besig was. John Jacob Enck haal Williams aan: "I remember a lady named Laura Young. She was dressed in checkered silk. She had a high, clear voice: a cataract of water. Something about her made me think of cherries and she was very beautiful. She was something cool and green in a sulphurous landscape. But there was a shadow upon her. There was something the matter with her. For that reason we called upon her more frequently than anyone else. She loved me. I adored her. She lived in a white house near an orchard and in an arch between two rooms were hung some pendants of glass that were a

thousand colors. 'This is a prism,' she said. She lifted me and told me to shake them. When I did they made a delicate music. This prism became a play," (Enck 1953:249, 250.)

Soos Laura Young het baie ander "Southern Gentlewoman" Tennessee se lewe gevul. Dis te verstane dat sy skeppende gees hulle later sou optower as hy gaan sit het om 'n nuwe stuk te begin.

1.2.1.3 Die Wrede St. Louis

En toe moes hulle die Suide verlaat: "And so we left the Rectory and moved North. It was a tragic move. Neither my sister nor I could adjust ourselves to life in a midwestern city. The school children made fun of our Southern speech and manners ... I remember gangs of kids following me home yelling 'Sissy!' and home was not a pleasant refuge. It was a perpetually dim little apartment in a wilderness of identical brick and concrete structures with no grass and no trees nearer than the park. In the South, we had never been conscious that we were economically less fortunate than others. We lived as well as anyone else --- If we walked far enough west, we came into a region of fine residences, set in beautiful lawns. But where we lived, to which we must always return, were ugly rows of apartment buildings the color of dried blood and mustard. If I had been born to the situation, I might not have resented it deeply. But it was forced upon my consciousness at the most sensitive age of childhood." (Donahue 1964: 4.)

Sy swak gesondheid, die verlange na sy oupa en ouma se sekuriteit, sy vrese vir sy pa en die ruwe seuns by die Eugene Field Elementary School en later by die Ben Blewitt High School het hom na sy suster Rose se geselskap gedryf.

Geen wonder dat sy simpatie en belangstelling by "the lonely, the rejected, the maladjusted, the different, the outcast - even the freak ..." (Wager 1969:173) lê nie.

Om iets te doen aan die morbiede toestand van hulle woonstel, wat soos "dried blood and mustard" gelyk het, was vir hom en Rose 'n groot vreugde. Omdat haar kamer 'n venster na buite gehad het, het hulle dit geplak en begin wit verf - alles, die mure en ook die meubels en die rakke.

Voor die venster het hulle wit gordyne gehang om die "death ally" daarbuite, waar menige kat om die lewe gekom het, uit te sluit.

Op die rakke het hulle Rose se speelgoed van glas uitgestal en sodoende 'n wit kristalpaleis in 'n moeras opgerig. Hierdie witkamer en speelgoed

van glas het vir Williams 'n poëtiese simbool geword van "all the softest emotions that belong to recollections of things past. They stood for all the tender things that relieve the austere pattern of life and make it enduring to the sensitive" (Donahue 1964:5).

Op hoërskool het dit met hom nie beter gegaan nie. Alhoewel hy gereeld 'n B behaal het, kon hy eenvoudig nie aanpas nie. Sy Engelse onderwyser sê van hom: "Not socially inclined toward the group ... his grades were average, there was no evidence of brilliance in his work. I fear he was not well adjusted ... Tommy belonged to another world" (Ibid.:5).

Omdat sy vader nou 'n kantoorwerk gehad het, was hy gereeld by die huis. As gevolg van swak verhouding tussen hom en sy vader het Williams hom na sy tikmasjien gewend wat sy moeder hom toe hy 11-12 jaar oud was, present gegee het.

Uit die prentjie wat hier van C.C. Williams geskilder word, kan 'n mens aflei dat hy die prototipe was van die vyfde persoon in Speelgoed van glas, wat in die vorm van 'n lewensgroot portret teen die muur gehang het. Nes sy prototipe het die Wingfieldvader in sy afwesigheid geskitter maar tog die hele huishouding gedomineer.

Later, na sy vader se dood, het Williams hom nie meer verwyte nie. Hy het in hom 'n eerlike, hardwerkende man gesien. Omdat hy in 'n ander harde werklikheid gelewe het, is dit te verstane dat misverstand hulle verhouding sou kenmerk. "Maybe I hated him once, but I certainly don't anymore. He gave me some valuable things: he gave me fighting blood, which I needed, and now he has given me, through the revelations of my psychoanalysis, a sense of the necessity of forgive your father in order to forgive the world that he brought you into: in my opinion, an important lesson which I hope I have really learned. Forgiving, of course, does not mean accepting and condoning, it does not even mean an end to the battle. As for his being devoted to money, as my younger brother is quoted as having said of him, all American businessmen seem to have that devotion, more or less, mostly more, and I think it is a sort of reverse sublimation. Disappointed in their longing for other things, such as tenderness, they turn to the pursuit of wealth because that is more easily obtainable in the world. My father got little of either " (Wager 1969:171).

1.2.1.4 Die Simpatieke Moeder

Gelukkig vir Williams was sy moeder die teenoorgestelde van sy vader. Van Germaanse afkoms was sy 'n kwaker in murg en been. Mooi, klein van goeie

afkoms was sy 'n tipiese voorbeeld van 'n "Southern Gentlewoman". Prof. Signi Falk (1961:71) som hulle soos volg op: "these women are several degrees superior to the domesticated housewives. ... Along with the gentlewomen's refinement seems to go a kind of prissy affectation, that is sometimes only a mask for passionate but frustrated nature. There is either much talk about beaux or unladylike aggressiveness toward unattached men. They are all out of touch with the world around them, and they live in worlds of their own making: one of soft sentimental dreams about their own charm, or one about own past and successes with men. In some cases, because of the conflict within themselves, they are unaware of their own unseemly behavior." Williams self (Regisseurteks: 198) beskryf hulle soos volg: "... wat die idees van damesjoernaliste sublimeer - dames wat dink in terme van mooi borsies; slanke lyfies; ryk, lustige heupe; wasige oë soos rook in die herfs vingers wat streel en paai soos sagte musiek; fris liggame soos ou Etruskiese beeldhouwerk".

Sy aanmoediging en self vir sy wonde het hy van haar gekry. Sy kunsaanvoeling, sensitiewe gees, fyn waarnemingsvermoë en sin vir die skone het in die atmosfeer van suidelike grootsheid en die opletende toesig van moederskant ten volle gedy.

Ook het sy moeder aan hom 'n uitnemende voorbeeld gebied van wat met "Southern Gentlewomen" gebeur as hulle in 'n lewe van harde werklikheid gegooi word.

Met sy suster Rose se bereiking van die puberteitsjare het daar 'n verwydering in hulle verhouding gekom. Vir Williams was dit die donkerste jare in sy lewe. Met die skoolkinders teen hom, min simpatie van die kant van sy vader, sy moeder wat sieklik was na die geboorte van sy jongste broer, Dakin, in 1919 en gevolglik min aandag aan Williams kon skenk en sy oupa en ouma etlike honderde kilometer verwyder, was sy lewe geheel en al gedisorganiseer. Almal wat hy liefgehad het, was òf nie beskikbaar nie òf het hom die rug toegekeer. "All my life I have been haunted by the obsession that to desire a thing or to love a thing intensely, is to place yourself in a vulnerable position, to be a possible, if not probable loser of what you most want" (The Resemblance Between a Violin Case and a Coffin - soos aangehaal deur Nelson 1961:25).

1.2.2 Die Adolessentjare

1.2.2.1 Die Gedwonge Skrywer

Hierdie lewenspatroon van 'n veertienjarige seun het die gevolg gehad dat hy hom in sy skrywe tot 'n atmosfeer van histerie en geweld gewend het. Volgens Nelson het hy in opstand gekom teen die werklikheid om hom, wat hy gehaat het. Donahue (1964:6) sê: "At the age of fourteen, Williams relates, I discovered writing as an escape from the world of reality in which I felt acutely uncomfortable. It immediately became my place of retreat, my cave, my refuge. From what? From being called a sissy by the neighborhood kids and 'Miss Nancy' by my father, because I would rather read books in my grandfather's large and classical library than play marbles and baseball, and other normal kid games, a result of a severe childhood illness and of excessive attachment to the female members of my family who had coaxed me back into life ..".

Toe hy veertien was, het die baie tyd wat hy aan skryf gewy het, begin vrugte afwerp. Hy het naamlik ingeskryf vir die tydskrif Smart Set se opstelwedstryd oor "Can a Good Wife be a Good Sport?" Vir sy poging het hy 'n derde prys van \$5 ontvang.

April 8, 1927

Mr. Thos. Lanier Williams
6254 Enright Avenue
St. Louis, Missouri

My Dear Mr. Williams:

Enclosed herewith you will find check No. 7040 in the amount of \$5.00, representing the Third Prize in the Contest entitled "Can a Good Wife be a Good Sport?"

Your interest as a reader of SMART SET is greatly appreciated and we trust you will continue to support the Magazine. Mr. Lengel (William C. Lengel, then Editor) sends his best wishes and congratulations with this letter. Try again, won't you?

Very truly yours
M. McIntosh
Secretary to Mr. Lengel

(Williams 1964:46).

Sy moeder was in haar noppies, maar sy vader het geglo dat dit 'n verdere bewys was van sy seun se verwyfdheid.

In 1928, toe hy sestien was, het hy sy eerste verhaal vir \$35 verkoop. In die Augustusuitgawe van Weird Tales is sy storie "The Vengeance of Nitocris" geplaas. "His first paragraph read: Hushed were the streets of many-peopled Thebes. Those few who passed through them moved with the shadowy fleetness of bats near dawn, and bent their faces from the sky as if fearful of seeing what in their fancies might be hovering there. Weird, high-noted incantations of a wailing sound were audible through the barred doors. On corners groups of naked and bleeding priests cast themselves repeatedly and with loud cries upon the rough stones of the walks. Even dogs and cats and oxen seemed impressed by some strange menace and foreboding and cowered and slunk dejectedly. All Thebes was in dread. And indeed there was cause for their dread and for their wails of lamentation. A terrible sacrilege had been committed. In all the annals of Egypt none more monstrous was recorded" (Williams 1964: 49).

Nog was sy vader weinig beïndruk en het nog steeds geraas oor die laatnagskrywery wat die elektriese rekening opjaag.

Na nog 'n eerste prys van \$10 vir die beste resensie oor die film Stella Dallas van die Loew's State Theater het sy vader met meer verdraagsaamheid sy seun se grille aanvaar.

Tipies skrywer het hy ook oor mense wat die naaste aan hom was, geskrywe. Vergelyk die volgende twee gedigte wat sy moeder in Remember me to Tom ingesluit het.

Oor sy vader: I walk the path that
leads me straight
Beyond the town's bustling
estate -
Till in some silent, secret wood
I find that perfect fatherhood
Where all is known and understood.

En oor sy moeder: Look Both Ways Crossing Streets
Every school day of the year
I used unfailingly to hear
My mother's anxious voice repeat,
"Now, Tom, look both ways crossing streets!"

With perfect filial subjection
I would glance in each direction,

Ere with conscientious feet
I braved the hazards of the street.

By virtue of this cautious habit
 I grew to be a model Babbitt,
 With a wifey and a kiddie,
 And a home just out of city.
 Lost of shrewd wit beneath my hat,
 Behind my belt, a little fat.
 Oddly, beneath this deep contentment,
 Now and then, with dull resentment -
 With a weary, baffled sigh -
 I hear my heart enquiring why
 Every school day of the year
 Mother's voice I used to hear
 With such acute concern repeat,
 "Now, Tom, look both ways crossing streets!"
 (Williams 1964: 40-41).

(Hier vind ons al die prototipe van sy latere Amanda Wingfield).

1.2.2.2 Die Ywerige Student

In sy laaste jaar op hoërskool beplan hy en sy jeugliefde, Hazel Kramer, om saam in te skryf aan die Universiteit van Missouri in Columbia. Omdat sy vader geglo het dat daar onder sulke omstandighede min van sy studies tereg sal kom, het hy met Hazel se oupa en voog, wat een van die werknemers van die International Shoe Co. was, onderhandel. As gevolg van sy vader se inmenging skryf Hazel toe die volgende jaar by die Universiteit van Wisconsin in. Hier het die finale breuk tussen vader en seun plaasgevind.

Om almal te wys waartoe hy in staat was, het hy hard gewerk en selfs op die akademiese ererol beland. Hy sluit ook by die Alpha Tau Omega-stoei-klub aan en stoei so met oorgawe dat almal hom "Tiger" noem. Sy medestudente noem hom egter "Tennessee" as gevolg van sy diep suidelike aksent.

Hier in Columbia het hy die eerste keer met die "magic" van die teater te doen gekry. 'n Reisende groep onder Alla Nazimova het Ibsen se Spoke opgevoer. So onder die indruk was hy dat hy daarin begin belangstel het om vir die teater te skryf.

Afgesien van rook en drink kom hy ook in aanraking met die werke van Hart Crane, Edna Millay, Rimbaud en Rilke, wat 'n ontsaglike indruk op hom maak.

Sy punte in die drie jaar wat hy aan die universiteit was, het nooit so laag gedaal dat hy gedruip het nie. Toe hy egter in sy militêre opleiding druip, was dit vir sy vader wat self 'n luitenant in die Amerikaans-Spaanse oorlog was, te erg. Omdat die depressie ook sy invloed laat geld het, het Tom, nadat hy 'n spoedkursus in kopieerwerk geloop het, 'n werk as pakhuisklerk in sy vader se firma gekry.

1.2.3 Die Onwillige Klerk

Die drie jaar wat hy in die International Shoe Company se pakhuise deurgebring het, was 'n "indescribable torment to me as an individual but of immense value to me as a writer, for they gave me first hand knowledge of what it means to be a small wage earner in a hopelessly routine job" (Jackson 1961:38).

Om sy frustrasie te bowe te kom het hy saans, gewapen met sterk swart koffie en sigarette om wakker te bly, na sy kamer gegaan, waar hy gedigte en stories uit sy tikmasjien laat vloei het wat hy oor die lengte en breedte van die land aan tydskrifte gestuur het. Hy het self bedags gedigte op skoendose geskryf. So min was sy belangstelling in sy werk dat hy weke lank met 'n bestelling van \$50 000 in sy sak rondgeloop het. Omdat sy vader bestuurder was, kon hy nie ontslaan word nie.

In 1935, toe hy hoor dat Hazel op troue staan, het die laat nagte en die frustrasie van 'n pakhuisklerk hulle tol geëis. Hy het 'n senu-ineenstorting gehad. Hy het geglo dat hy aan sy hart ly en dat sy laaste oomblik binnekort gaan aanbreek. As 'n volslae hipochondris het hy die hospitaal verlaat. Om alles te kroon het Rose tekens begin toon van haar emosionele ineenstorting.

Volgens doktersvoorskrif het hy nie na die Shoe Company teruggegaan nie maar sy grootouers in Memphis, Texas, besoek. So eindig sy "season in hell" (Nelson 1961:30).

Die drie jaar in die International Shoe Company was sy "contact with reality" (Jackson 1965:38). Dit het die basis gevorm vir Speelgoed van glas en aan hom grondbegrippe verskaf vir karakters soos Jim O'Connor in "Speelgoed" en Mitch in "Street-car". Sy haat vir routinewerkies en vir die masjiene waarvan die mense slawe geword het, is duidelik sigbaar in Speelgoed van glas: Tom verafsku sy eentonige werk in die pakhuis, en Laura kan eenvoudig nie met haar tikmasjien regkom nie.

1.2.4 Die Energieke Dramaturg

Sy besoek aan sy grootouers in Memphis was deurslaggewend. Hier het hy sy literêre genre ontdek.

Gedurende hierdie tyd raak hy bevriend met Dorothy Shapiro, 'n lid van die Rose Arbor-teater, en sy haal hom oor om 'n stuk vir hulle te skryf. Hy flans 'n stuk, Cairo! Shanghai! Bombay!, aanmekaar. Dit handel oor twee matrose met tuisverlof wat twee meisies raakgeloop het. Alhoewel hy nooit 'n matroos geken het nie, het hy sy verbeelding vrye teuels gegee. Die sensasie wat hy ondervind het toe mense reageer op wat hy geskryf het, het sonder dat hy daarvan bewus was sy literêre pad vir hom gebaan.

Terug in St. Louis skryf hy, met geldelike hulp van sy ouma Dakin, in aan die Washingtonse Universiteit aldaar.

Aanhoudend het gedigte, stories en dramas uit sy tikmasjien gevloei, wat sonder uitsondering deur koerante en tydskrifte aan hom teruggestuur is.

1.2.5 Ander Skrywers se Invloed

Hy kom veral onder die invloed van D.H. Lawrence en begin werk aan 'n drama wat later die titel I Rise in Flame Cried the Phoenix sou dra. Hy verdiep hom in Sons and Lovers, Lady Chatterley's Lover en The Virgin and the Gypsy en verslind ook die Huxleyversameling van Lawrencebriewe. "Although prevailing ideological trends might have provided Williams with his major themes, it is principally through the influence of D.H. Lawrence that he has received them" (Fedder 1966: 11).

Behalwe twee dramas wat oor Lawrence se lewe handel - I Rise in Flame Cried the Phoenix - en oor Lawrence se werk - You Touched Me -, verskyn Lawrenci-aanse situasies, "... the marvel of being alive in the flesh, and the life-destroying tendencies of bourgeois civilization" (Ibid.: 12), herhaaldelik in sy werk.

Sowel hy as Lawrence was produkte van mislukte huwelike. Albei het groot kindersiektes gehad: hy witseerkeel / difterie en Lawrence longontsteking.

Albei se vaders was tipes van "being alive in the flesh". Dit lei tot haat en die ontstaan van Oedipusgevoelens op 'n vroeë leeftyd.

Sowel hy as Lawrence het hipersensitiewe vroulike liefdes gehad: Williams sy suster, Rose, en Lawrence se eerste liefde, Jessie Chambers. Albei hierdie liefdes was prototipes vir Laura in Speelgoed van glas en Miriam in Sons and Lovers.

Albei het in digbevolkte industriële gebiede opgegroeï: Williams in St. Louis en Lawrence by die steenkoolmyne van Engeland. "It produced a shock and rebellion that have grown into an inherent part of my work". (Barnett 1948:118). Teen hierdie agtergrond het albei 'n intense reaksie teen bourgeoisbeskawing en Christelike Puritanisme ontwikkel.

Soos Sons and Lovers vir Lawrence het die biografiese Speelgoed van glas vir Williams roem gebring.

Soos Lawrence kry Williams sy karakters uit prototipes in sy vroeëre werke. So kom die delikate Laura, die viriele Jim, kunstenaarsbroer Tom, simpatieke dog hulpelose moeder en die wanderlustige vader uit Portrait of a Girl in Glass, The Resemblance between a Violin Case and a Coffin, gedigte soos "Cortege", "Orpheus Descending" en die eenakter The long Goodbye.

Speelgoed van glas bevat soos Sons and Lovers, 'n dominerende moeder, 'n swak vader, 'n artistieke seun en 'n doodgebore verhouding tussen 'n maagdelike meisie en 'n viriele jongman.

So kom Amanda Wingfield ooreen met Gertrude Morel: albei raak verlief op 'n man van laer sosiale stand.

Tom toon ooreenkomste met Paul Morel. Albei het neurotiese verhoudings met hulle moeders, en albei het artistieke neigings wat onderdruk moet word omdat hulle in fabrieke en pakhuisse werk.

Laura besit haar speelgoed van glas en Miriam haar blomme.

Lawrence teken sy pa as 'n totale dronklap, terwyl Williams sy pa in Speelgoed van glas minder kras skets. Hier word hy 'n prototipe van 'n onverantwoordelike bohémien, iemand wat Tom idealiseer en hom laat begeer om "... in die voetspore van my vader te volg in 'n poging om in beweging te vind wat ek in ruimte nie kon vind nie " (Regisseurteks: 443).

Waar Lawrence se Sons and Lovers 'n gevoel van onvoltooidheid laat, word die volle tragedie van die Wingfields egter vasgevang.

Behalwe die van D.H. Lawrence kom Tennessee ook onder invloed van dramaturge soos A. Tsjechow, A. Strindberg, F.G. Lorca, W. Faulkner en W. Saroyan en van digters soos T.S. Eliot, A. Rimbaud, R. Rilke en veral Hart Crane. "... He (Williams) ... reportedly stole a collection of Crane's poems from the Washington University Library" (Donahue 1964:9).

Die bywoning van Tsjechow se Die kersieboord het hom so beïndruk dat hy in styl en tema 'n dissipel van hierdie dramaturg geword het.

1.2.6 Jare van Opstand

In hierdie jare het hy sy opstandige gees met goedkoop alkohol probeer kalmeer. Sy belangstelling in vet meisies lei tot die ontstaan van 'n eenakter Twenty-seven Wagons Full of Cotton. Later is dit as Baby Doll verwerk en verfilm.

Williams raak ook nou bevriend met 'n groep digters in St. Louis onder Clark Mills McBurney. Onder hulle aansporing skryf hy in vir 'n eenakterkompetisie soos uitgeskryf deur die Theatre Guild of Webster Groves, Missouri. Dat hy welslae behaal het, blyk duidelik uit die volgende brief:

April 21st, '36

The Book Shelf
Webster Groves, Mo.

My Dear Mr. Williams:

It gives me great pleasure to tell you that your play "The Magic Tower" has been awarded the prize in the Webster Groves Theatre Guild Contest. The decision of the judges was unanimous. My warmest congratulations to you, and may your pen continue to flow freely!

Very truly yours,
Mary Gaylord Cobb
Contest Chairman
Webster Groves Theatre
Guild.

(Williams 1964:73).

As lid van McBurney se "literary factory" skryf Williams sy eerste twee vol-lengtestukke: Candles in the Sun oor opstand in die steenkoolmyne en The Fugitive Kind oor mense in 'n gevangenis.

Met sy belangstelling in die teater nou baie lewendig maak hy kontak met 'n langhaarteatergroep, die "Mummers" onder leiding van Willard Holland. Dinamies was hulle, en baie van Williams se latere welslae is aan hulle te danke. "Willard Holland always wore a blue suit which was not only baggy but shiny. This was not what made him a great director, but a great director he was" (Donahue 1964:9).

Hier leer Williams die gebruik van lig en klank. Hier leer hy dat hy realisme kan aanbied deur illusies, deur simboliek en deur poësie.

Die "Mummers" was in hierdie dae juis besig met Irwin Shaw se Bury the Dead. Omdat dit te kort was vir 'n vollengtestuk, vra Holland vir Williams om 'n "curtain raiser" oor anti-militarisme te skryf. "He said, 'I hear you go

to college and I hear you can write! I admitted some justice to both of these charges. Then he asked me: 'How do you feel about compulsory military training?' I then assured him that I had left the University of Missouri because I could not get a passing grade in the ROTC. 'Swell!' said Holland. 'You are just the guy I am looking for. How would you like to write something against militarism?' So I did." (Williams 1964:10).

Headlines was die gevolg hiervan.

In 1936 neem hy deel aan 'n dramakompetisie wat deur die Dramadepartement van die Washingtonse Universiteit uitgeskryf is. Toe hy nie wen nie, het hy in 'n brief aan die dekaan sekere administratiewe gebruike gekritiseer. As gevolg van hierdie optrede word hy in Junie 1937 deur die Universiteit weggestuur. In 1937 skryf hy by die Universiteit van Iowa in. Nie alleen het sy ouma Dakin hom geldelik gehelp nie, maar hy het ook in die universiteitskafeteria bedien, kaartjies vir universiteitsopvoerings verkoop en buitelanders Engels geleer.

'n Ander rede hoekom hy die Universiteit van Iowa besoek het, was hulle goeie Dramadepartement onder prof. E.C. Mabie.

Vir 'n seminaar moes hy 'n eenakter Spring Storm, wat hy daarvoor geskryf het, voorlees. "When I had finished reading", Williams recalls, 'the good professor's eyes had a glassy look as though he had drifted into a state of trance. There was a long and all but unendurable silence. Everyone seemed more or less embarrassed. At last the professor pushed back his chair, thus dismissing the seminar, and remarked casually and kindly, 'Well, we all have to paint our nudes!'" (Donahue 1964:10).

In die lente van 1938 het die 27-jarige Tennessee Williams sy BA-graad ontvang.

Van Iowa is hy na Chicago, waar hy probeer het om op die Works Progress Administration (WPA) se "Writers Project" te kom. "I couldn't prove that my family was destitute and I still had, in those days, a touch of refinement in my social behavior which made me seem frivolous and decadent to the conscientiously roughhewn pillars of the Chicago Project" (Donahue 1964:11).

Van Chicago keer Williams terug na St. Louis, waar hy sy vierde vollengtestuk, Not About Nightingales, skryf. Ongelukkig kon die "Mummers" as gevolg van geldelike druk die stuk nie opvoer nie.

1.2.7 New Orleans

In die winter van 1938-39 beland hy in New Orleans. Hier probeer hy weer om deel van 'n "Writers Project" te word, en weer slaag hy nie. Hy gaan woon toe in die Franse kwartier, waar hy in 'n restaurant in Bourbonstraat werk kry. Hy was verantwoordelik vir die Restaurant se leuse: "A meal for a Quarter in the Quarter". Hier maak hy ook kennis met trems "Desire" en "Cemetery".

In New Orleans stuur hy vier vollengtestukke en 'n paar eenakters onder die titel American Blues na New York vir 'n kompetisie wat deur die New York Group Theater uitgeskryf is.

Saans na werk as hy nie kon skryf nie, het hy in die strate van New Orleans rondgedwaal. "There was a sampling of all who were too brave or too frightened, too pure or too corrupt, too angry or too gentle, too clear or too confused, to accept the peace and comfort of respectability" (Donahue 1964: 12). Met diesulkes het hy eensaamheid en rusteloosheid gedeel.

Sy werke tydens die winter in New Orleans het oor die mens se ewige maar futiele soeke na vryheid gehandel. Hierin lê die krag van Williams se werk: dat hy voortgaan met sy soeke al weet hy dat dit vrugtelos is.

1.2.8 Williams, die Swerwer

In die somer van 1939 het hy en 'n vriend, 'n klarinetspeler, met 'n ou Ford koers gekies na Kalifornië. Na baie ontberings - op 'n nag het 'n Indiaanse vrou op hulle geskiet toe hulle wou wegsluip sonder om te betaal en by 'n ander geleentheid het Williams brandstof gesteel - het hulle Kalifornië bereik.

In Los Angeles het hulle op 'n duiweplaas gewerk, en later het hy in Culver City in 'n skoenwinkel werk gekry. Met 'n trapfiets wat hy vir vyf dollar gekoop het, het hy Los Angeles toe en terug gery.

In hierdie tyd is The Field of Blue Children deur Story aanvaar. Dit is die eerste stuk wat uitgegee is onder die naam Tennessee Williams.

'n Meervallertjie van \$100 van die Group Theater in New York, onderteken deur Harold Clurman, Irwin Shaw en Molly Day Thatcher (mev. E. Kazan), het aan hom en die klarinetspeler van die lekkerste dae van hulle lewe besorg.

Met 'n \$10-noot wat sy ouma Dakin aan 'n brief vasgespeld het, kon hy later vir hom 'n buskaartjie huis toe koop.

1.2.8.1 Audrey Wood

Deur bemiddeling van Molly Day Thatcher, wat baie van American Blues gehou het, word Audrey Wood Williams se agent. Dit was miskien een van die beste dinge wat met hom kon gebeur het.

Op 20 Desember 1939 het hy 'n oproep ontvang van Audrey Wood, wat hom meegedeel het dat hy van die Rockefellerstigting 'n beurs van \$1000 ontvang het en dat hy dadelik New York toe moes gaan. "Needless to say, I now understand how Lazarus must have felt when he sat up and saw daylight again. My happiness has sort of numbed me. I am warm all through my very bones with gratitude" (Williams' Letters to Audrey Wood - December 1949, in: Nelson 1961: 55).

In New York het hy lid geword van die New School for Social Research, waar hy gevorderde dramaskryfkuns onder John Gassner en Theresa Helburn geloop het. Een van sy leermeesters hier was die Duitser Erwin Piscator.

'n Stuk waar hy al in Kalifornië aan begin het en nou oorgeskrywe het, Battle of Angels, het hy aan John Gassner gegee, wat dit as die beste stuk in die afgelope vyf jaar beskou het. Deur bemiddeling van Gassner het die invloedrykste teatergroep in Amerika, Theater Guild, 'n opsie geneem om die stuk op te voer.

Met die geld wat Audrey Wood hom weekliks voorgeskiet en wat die Theater Guild periodiek as opsiegeld op "Battle" aan hom gestuur het, het hy hom onderhou. Toe die geld egter nie meer kom nie, het hy geglo dat hulle nie meer belangstel nie. Min wetende dat adresverandering die skuld moes dra, keer hy na New York terug, en groot was sy verbasing toe hy hoor dat die Theatre Guild "Battle" vir die 1940-seisoen beplan.

1.2.8.2 Eerste Fiasko

Op 30 Desember 1940 het die stuk in Boston vir 'n proefspeelvak geopen. Margaret Webster was die regisseuse, met Miriam Hopkins in die hoofrol.

Die openingsaand was 'n fiasko. Omdat die rookmasjien die vorige aand te min rook geproduseer het, is dit hoër gestel. Teen die einde van die stuk is die mense wat toe nog nie geloop het nie, deur die rook daartoe gedwing.

Omdat die toeskouers so ontsteld geraak het oor die stuk, was die Theatre Guild genoodsaak om die speelvak net daar te laat eindig. Selfs Williams het erken: "You can't mix up sex and religion, as I did" (Donahue 1964:15).

Die teaterpubliek van Amerika in die vroeë veertigerjare kon hierdie Lawrence-aanse tema nie mooi verwerk nie. Williams se Val Xavier van wie Law-

rence se The Fox 'n prototipe was, het dieselfde reaksie van die New Yorkse toeskouers gekry as 'n jakkals in 'n hoenderhok.

1.2.8.3 Key West

Met \$200 in sy sak wat hy met "Battle" verdien het, het hy eerstens 'n katarak uit sy oog laat verwyder en toe na Key West vertrek om die stuk oor te skryf: "This first failure was the supreme test of Williams' courage and devotion to the theater. His difficulty was that he was the author, not merely of a first failure - a number of young dramatists have surmounted such an obstacle with distinction - but of a spectacular flop!" (Donahue 1964: 15).

Die jare 1941 - 1943 was jare van verydeling en neerslagtigheid. Van New York in die Ooste tot Los Angeles in die Weste het hy getoer en in beweging gesoek wat hy in ruimte nie kon vind nie.

Nadat hy Battle of Angels in Key West oorgeskryf het, is hy in 1941 terug New York toe, waar hy dit aan die Theatre Guild oorhandig het. Omdat hulle nog steeds bang was vir die vorige reaksie wat die stuk uitgelok het, het hulle aanbeveel dat daar voorlopig met die opvoering daarvan gewag word.

Saam met Donald Windham werk hy in die YMCA (waar Williams elke dag 10-12 lengtes in die klub se swembad swem - iets wat hy dwarsdeur sy lewe volgehou het) aan twee kortverhale van D.H. Lawrence, nl. The Fox en You Touched Me. Hulle noem dit You Touched Me.

Hy werk ook aan 'n halfbiografiese fantasie getitel Stairs to the Roof, 'n stuk wat oor die stryd teen 'n gemeganiseerde lewe handel.

1.2.8.4 Die Reis duur voort

In Junie 1941 bevind hy hom in Provincetown Massachusetts, waar hy sy werk aan "Stairs" voortsit. Hy onderhandel ook met Frieda Lawrence oor die stuk waaraan hy al begin het: I Rise in Flame Cried the Phoenix, en wat oor die laaste dae van D.H. Lawrence handel.

Na 'n kort toer deur die Gulf Coast hoor hy dat sy ouma Dakin op sterwe lê, en hy keer terug na St. Louis.

Daarvandaan keer hy terug na sy geliefde New Orleans, waar hy die Lawrence-stuk en "Stairs" voltooi. In Januarie 1942 oorhandig hy "Stairs" aan Audrey Wood. In die voorwoord van Stairs to the Roof dra hy die werk op aan almal wat in skoenpakhuse moet werk.

In New Orleans het hy gehoor van die Japannese aanval op Pearl Harbor. Hy

het homself aangemeld maar op grond van sy fisieke toestand 'n 4F-klassifikasie ontvang. Vir hom was die oorlog verby voor dit begin het.

Gedurende 1942 het Williams 'n ruk lank as telegraafoperateur op Jacksonville, Florida, gewerk. "All this time Williams wrote stories and poems and worked on ideas for plays. He wrote and rewrote, and destroyed much of his 'inspiration'" (Donahue 1964: 16).

Terug in New York raak hy bevriend met Jo Healy, wat vir die Theatre Guild gewerk het. Mej. Healy het uit hoofde van haar pos gereeld komplimentêre kaartjies ontvang. As gevolg daarvan het Williams gereeld Broadway-opvoerings bygewoon.

Bedags het hy as hysbakoperateur gewerk en was hy ook kelner by "The Beggar Boy", waar hy met 'n oogklap waarop 'n oop oog geverf was, van sy gedigte voorgedra het.

In die lente van 1942 voltooi hy You Touched Me en gaan kuier by 'n vriend in Georgia. Hier begin hy werk aan 'n tweede You Touched Me en kom veral onder die indruk van Tsjechow se Die Seemeeu. Veral die poëtiese beïndruk hom baie.

In Augustus 1942 bevind hy hom weer in New York, waar hy vasstel hoe dit met Stairs to the Roof gaan. Daar was geen belangstelling nie - slegs 'n klein groepie in Pasadena het dit opgevoer. Hy kry egter \$200 van Hume Cronyn, wat in sekere eenakters in American Blues belangstel.

In hierdie tyd skryf hy eenbedrywe oor Don Quixote, Ten Blocks on the Camino Real, wat later die stuk Camino Real word. Ook bly hy steeds werk aan You Touched Me.

1.2.8.5 Hollywood

Terug in New York werk hy by die Strand Theater as plekaanwyser. Weer kom Audrey Wood tot sy redding en kry vir hom 'n kontrak van \$250 per week as draaiboekskrywer vir MGM.

Sy eerste taak in Hollywood was om 'n draaiboek te skryf vir Marriage is a Private Affair, waarin Lana Turner die hoofrol gespeel het. Alhoewel die filmbase Williams se draaiboek goed gevind het, was dit nie vir Lana Turner geskik nie. Op eie houtjie het hy toe aan hulle 'n teks The Gentleman Caller voorgelê. Hulle het dit verwerp met die argument dat Gone with the Wind reeds verfilm is (Donahue 1964: 17).

Daarna moes hy vir die kinderaktrise Margaret O'Brien 'n rol skryf. Hy het dit geweier: "Child stars make me sick" (Williams 1964: 142).

Toe hy van MGM verlof vra om New York toe te gaan om na een van sy stukke te gaan kyk, het hulle dit toegelaat op een voorwaarde, nl. dat hy nie weer terugkom nie. Omdat sy kontrak toe nog nie verstreke was nie, het hy end-uit, sonder om 'n steek werk vir hulle te doen, sy geld ontvang. Met die geld veilig in Audrey Wood se hande en genoeg om aan die lewe te bly, het hy in Malibu 'n huisie gehuur. Hier het hy aan The Gentleman Caller gewerk, dit voltooi en dit as Speelgoed van glas na Audrey Wood gestuur.

Tydens hierdie skryfery van sy eerste suksesstuk in Malibu het hy die nuus ontvang dat sy ouma Dakin op sterwe lê. Dit was asof sy aan die lewe vasgeklou het totdat hy opgedaag het. In sy arms het sy gesterf. Na die begrafnis is hy terug Malibu toe, waar hy sy nuwe stuk voltooi het.

1.2.9 Sukses

Wat daarna gebeur het, lees soos 'n sprokie:

Audrey Wood het dadelik besef dat sy met kwaliteit te doen het. Sy het dit aan Eddie Dowling, wat pas vantevore met W. Saroyan's The Time of Your Life, groot welslae behaal het gegee om dit te lees. Dowling het dadelik 'n opsie verkry, en die soektog na akteurs het begin.

In hierdie tyd ontvang Williams \$1 000 van die National Academy of Arts and Letters vir sy poëtiese verbeeldingskrag en sy uitmuntende karakteriserings. Battle of Angels, Stairs to the Roof, wat hy later in Camino Real verwerk het, en al sy eenakters was dus nie tevergeefs nie. Die oorhandingsgeskrif het soos volg gelui: "To Tennessee Williams, born in Mississippi, in recognition of his dramatic works, which reveal a poetic imagination and a gift for characterization that are rare in the contemporary theatre" (Williams 1964:143).

Asof sy beker nie al vol genoeg was nie, hoor hy dat sy eenakter Moony's Kid Don't Cry ingesluit is in The Best One-Act Plays of 1940, saamgestel deur Margaret Mayorga. Ook van sy gedigte is opgeneem, en dit sou deur New Directions gepubliseer word.

Na twee weke se gesoek na 'n borg, het Eddie Dowling vir Louis J. Singer, 'n bankier, oorreed om \$75,000 in die stuk te belê.

Daarna het Dowling en Audrey Wood besluit dat hy self die rol van die verteller cum broer (Tom Wingfield) sou vertolk. Julie Haydon, wat ook in The Time of Your Life opgetree het, sou Laura Wingfield wees en Anthony Ross die "Gentleman Caller", Jim O'Connor. Oor Amanda Wingfield het hulle lank gewik en geweeg. Eindelik het hulle besluit op 'n briljante oud-aktrise, Laurette Taylor, wat die pad effens byster geraak het en geleent-

heid gesoek het om weer op die verhoog te verskyn. Min het hulle geweet dat dit by verre hulle beste keuse sou wees. Alhoewel Dowling en Taylor nie kon stryk oor laasgenoemde se onvermoë om haar woorde te memoriseer nie, het die repetisies gevlot. Ook moes Williams by geleentheid Eddie Dowling soebat om nie Tom se dronktooneel aan die begin van die vierde toneel as snaaks te laat vertolk nie. Gelukkig kon hy hom oorreed.

Ook die probleme met Amanda se partytjierok onder Jo Mielzener se ligte is opgelos toe Julie, Eddie en Tom hand in die sak gesteek het om vir Amanda 'n ligbestande rok te koop.

Dat Louis J. Singer end-uit borg gebly het, is ook 'n wonderwerk.

1.2.9.1 Chicago

Die burgerlike teater van Chicago is gekies as die off-Broadway-teater.

Die middag van 26 Desember 1944, nadat daar vir 24 uur ononderbroke aan die dekor gebou is, omdat die man wat daarvoor verantwoordelik was in 'n te groot feestelike stemming was, is Laurette Taylor ontdek waar sy besig was om haar japon wat sy moet dra, te kleur.

Toe die gordyn voor 'n klein klompie toeskouers oopgaan, het die wonder van Tennessee Williams se teater begin werk. Niemand was beter as Laurette Taylor nie, en die applous van die toeskouers is opgevolg deur die prysliedere van Chicago se resensente.

Alhoewel Eddie Dowling die borg met mooi woorde moes oorhaal om die speelvak met nog 'n week te verleng, het die reaksie van Chicago se inwoners al hoe groter geword. Lang toue het buite die kaartjiekantore gevorm om hierdie nuwe lokettreffer te sien.

Die reaksie word die beste opgesom deur Ashton Steven van die Chicago Journal American nadat hy dit ses keer gesien het: "From neighboring seats I heard William Saroyan mentioned, and Paul Vincent Carroll and Sean O'Casey, and even a playwright named Barrie. But the only author's name I could think of was Tennessee Williams, whose magic is all his own". (Donahue 1964:19).

1.2.9.2 Broadway

Nadat Speelgoed van glas drie maande lank voor vol sale in Chicago opgevoer is, het hulle na New York getrek. Op 31 Maart 1945 het die stuk Speelgoed van glas in die Playhouse Theatre in Broadway geopen.

Niemand, allermens Tennessee Williams, het kon droom dat dit die New Yorkers 18 maande lank na die teater toe sou laat stroom nie. Daarvoor het ook

die kritici gesorg.

Stark Young: "... both appalling and human, cold and loving. No role could be more realistically written than this ... it has variety, suddenness, passion and freedom, almost unconscious freedom perhaps, of true realism ... The part Miss Taylor plays... is the best-written role in a play that I have seen for years. All the language and all the motifs are free and true; I recognize them inch by inch, and I should know, for I came from the same part of the country, the same locality and life, that Mr Williams does."

Joseph Wood Krutch: "But there is no use failing to mention that his weaknesses are as patent as his gifts ... It (the play) has a hard substantial core of shrewd observation and deft economical characterization. But this hard core is enveloped in a fuzzy haze of pretentious, sentimental, pseudo-poetic verbiage."

Brooks Atkinson: "In form it is the essence of simplicity. A narrator, who also plays one of the four characters, sets the story in time and locale. Then all four of the characters proceed to transfigure some mournful facts of life into a moving poem. The material is also pure and simple. Nothing happens except that a mother makes an unsuccessful attempt to find a suitor for her daughter. But the writing is so tender, the sympathies are so merciful, the insight into characters is so penetrating, the indifference of the great world outside is so skillfully suggested in the background that "The Glass Menagerie" mirrors human experience in depth and clarity. Although it is as fragile as the glass toys that the lonely daughter consoles herself with, it has the supple strenght of truth. Nothing about it is false or contrived; nothing is obscure or irrelevant." (Donahue 1964: 21.)

Tennessee Williams het die toneel van Amerikaanse en wêrelddramaturge betree.

Speelgoed van glas was maar die begin. Alhoewel dit sy eerste groot welslae was, het groter welslae daarna gevolg.

Met reg kan gesê word dat hy 'n teaterrenaissance in Amerika begin het.

BRONNE HOOFSAAKLIK IN HOOFSTUK 2 GEBRUIK

- BARNETT, L. 1948. Tennessee Williams. Life, 24:113-118, 121-122, 124, 127, 16 Feb.
- BLOOMFIELD, M.W. & ELLIOT, R.C., reds. 1965. Great plays: Sophokles to Brecht. New York, Holt, Rinehart and Winston.
- BOUWER, J.S. 1972. Vroue persone in die dramas van Tennessee Williams. (Ongepubliseerde M.A.-Verhandeling - Universiteit van Pretoria).
- BRINK, A.P.. 1964. Aspekte van die nuwe drama. Kaapstad, Academica.
- DIETRICH, R.F., CARPENTER, W.E. & KERRANE, K. 1969. The art of drama. New York, Holt, Rinehart and Winston.
- DONAHUE, F. 1964. The dramatic world of Tennessee Williams. New York, Ungar.
- ENCK, J.J. 1953. Memory and desires and Tennessee Williams' plays. Wisconsin academy of science, arts and letters, 43:249-256.
- FALK, Signi. 1961. Tennessee Williams. New Haven, College and University Press.
- GOROWARA, K. 1967. The fire symbol in Tennessee Williams. Literary half-yearly, 8:57-73, Jan./Jul.
- HEILMAN, R.B. 1965. Tennessee Williams; approach to tragedy. Southern review 1:770-790.
- JACKSON, Esther M. 1965. The broken world of Tennessee Williams. Madison, University of Wisconsin Press.
- JOVEN, Nilda G. 1966. Illusion and reality in Tennessee Williams' The glass menagerie. Dillman review, 14:81-89,
- NELSON, B. 1961. Tennessee Williams, his life and work. London, Peter Owen.
- PERRINE, L., red. 1973. Dimensions of drama. New York, Harcourt Brace Jovanovich.
- POPKIN, H. 1964. Williams Osborne or Beckett? (In:Freedman, M., red. Essays in the modern drama. Boston, Heath p. 235-245).
- PRESLEY, Delma & SINGH, H. 1970. Epigraphs to plays of Tennessee Williams. Notes on Mississippi writers. 3:2-12, Spring.
- SHROYER, F.B. & GARDEMAL, L.G. 1970. Types of drama. New York, Scott, Foresman.
- STEIN, R.B. 1964. The glass menagerie revisited; catastrophe without violence. Western humanities review, 18:141-153, Spring.
- VOWLES, R.B. 1958. Tennessee Williams; the world of his imager. Drama Review, 3:51-56, Des.

WILLIAMS, T. 1962 b. The glass menagerie. Middlesex,
Penguin Books.

WILLIAMS, T. 1976. Memoirs. London, Allen.

HOOFSTUK 2 SPEELGOED VAN GLAS

2.1 Enkele hoogtepunte in die geskiedenis van Speelgoed van glas

Behalwe die vermelde welslae wat "Speelgoed" in 1944-1945 in Chicago en in 1945-1946 in New York behaal het, lees die verdere suksesverhaal soos 'n sprokie.

Die volgende professionele opvoering van "Speelgoed" het in 1952 plaasgevind, toe dit deur 'n professionele toergroep op die planke gebring is. Die spelers was Dana Andrews, Mary Todd, June Walker en Walter Matthau.

In 1956 het die geroemde opvoering in die New York City Centre plaasgevind, met Helen Hayes, James Daly, Lois Smith en Lonny Chapman in die hoofrolle. Shroyer (1970:679) haal Henry Hewes aan oor hierdie produksie: "The current revival of the 'Glass Menagerie' is a glorious reminder of our growing theatre heritage ... And instead of seeming outdated, Tennessee Williams' words about America and the world in the late Thirties have more force when spoken with ten more years distance between them and the events".

Brooks Atkinson was veral vol lof vir Helen Hayes maar sê van Speelgoed van glas: "Although Mr. Williams has written some overwhelming dramas since 1945 he has not written anything so delicate and perceptive. 'The Glass Menagerie' inhabits a half-world between comedy and tragedy where some wounding things occur" (Ibid.:680).

In 1965 het Speelgoed van glas 'n volgende herlewing geniet in die Paper Mill Playhouse in New Jersey. Die spelers was Maureen Stapleton, George Grizzard, Piper Laurie en Pat Hingle. Na vyf weke in New Jersey het hulle New York toe geskuif, waar dit 176 opvoerings beleef het.

Shroyer (1970:680) haal John McClain van die New York Journal American aan:

"This seems to be Tennessee Williams at the top of his game. The play has pathos, humor, and unostentatious power; it has the compulsion of his poetic dialogue; it has a beginning, middle, and ending and, in short, it makes a mockery of the army of mental dropouts who have since attempted to ape his efforts ... Everybody, especially young playwrights, should hurry to see it."

In 1967-1968 is Speelgoed van glas opgevoer in Cleveland Playhouse, in die Long Wharf Theatre.

Veral opvoedkundige sentra het van Speelgoed van glas die stuk in Amerika

gemaak wat van die meeste opvoerings belewe het. Tussen die jare 1950-1968 het "Speelgoed" die volgende indrukwekkende geskiedenis:

- 1950 - 1955 - Derde plek met 46 aanbiedings
- 1956 - 1960 - Eerste plek met 103 aanbiedings
- 1960 - 1965 - Eerste plek met 127 aanbiedings
- 1965 - 1966 - Eerste plek met 35 aanbiedings
- 1966 - 1967 - Eerste plek met 24 aanbiedings
- 1967 - 1968 - Negende plek met 21 aanbiedings (Shroyer 1976: 30).

2.2 Die binnebou van Speelgoed van glas

2.2.1 Die storie

Na die fiasko met Battle of Angels en die hoeveelheid werk en tyd wat Williams daaraan bestee het, het hy Speelgoed van glas so maklik geskryf dat hy dit as minderwaardig beskou het. Volgens Nancy Tischler (1965:93) lê die toets van waarheid en natuurlikheid juis daarin. "To anyone but the writer himself the fact that 'The Glass Menagerie' was so easy to write suggests something of its truth, its naturalness, and its artistry."

Williams aanvaar na "Battle" dat dit sy onvermoë was wat die stuk laat misluk het. Tog is hy 'n deur aanleg gedwonge skrywer wat glo dat hy vir die mensdom iets te sê het: "I have never for a moment doubted that there are people - millions, to say things to. We come to each other gradually but with love. It is the short reach of my arms that hinders, not length, and multiplicity of theirs " (Gassner 1948: 1).

En toe, met Speelgoed van glas, sonder baie inspanning, met slegs 'n objektiewe en natuurlike weergee van die waarheid, is sy arms lank genoeg om die massas te bereik. "Tennessee Williams found that he had finally embraced the 'Bitch Goddess Success'" (Tischler 1961:116).

Selfs na die welslae van Speelgoed van glas het hy vas geglo dat "Battle" 'n beter stuk is: "That play was of course a much better play, than this one. The thing is, you can't mix up sex and religion, as I did in "Battle of Angels", but you can always write safely about mothers" (Ibid.:93).

En oor 'n moeder het hy geskryf. Die moeder wat hy gekies het om in Speelgoed van glas oor te skryf, was volgens Tischler (1961:93) "naturally his own". Tog het sy moeder dit ten sterkste ontken. Na die openingsaand van Speelgoed van glas het Edwina Williams, Williams se moeder, agtertoe gegaan om veral Laurette Taylor geluk te wens. Groot was haar verbasing.

toe Laurette vir haar vra: "Well, how did you like yourself, Miz' Williams?" (Williams 1964:148). Aan Lucy Freeman vertel sy: "I think it high time the ghost of Amanda was laid. I am not Amanda, I'm sure if Tom stops to think, he realizes I am not. The only resemblance I have to Amanda is that we both like jonquils" (1964:149).

Dat die prototipes van Amanda, Laura en Tom na alle waarskynlikheid sy moeder sy suster en hyself was, is nie weg te redeneer nie. So gekondisioneer het hy geword in die St. Louis-agterbuurtes, dat sy onderbewuste in die proses van skepping mense opgetower het wat saam met hom die stryd teen die onmoontlike moes stry.

Nancy Tischler kom tot die slotsom: "... how intensely personal Williams' art is. Writing for him, is a means of objectifying and universalizing the subjective, individual experience. Out of his milieu - the contemporary South - he constructs a microcosm crystallizing all human experiences; he projects his life as a pattern for the frustration and satisfaction of modern man. ... Most of his themes ... have grown emotionally organically, dynamically from his own experience" (1961:15).

2.2.2 Die Inhoud

Die opset van Speelgoed van glas kan soos volg saamgevat word: "The Glass Menagerie" is a study of frustration, told through a boy's recollection of his family. Its characters are the mother Amanda Wingfield, a fading Southern belle whose husband abandoned her and the family years ago; daughter Laura who is crippled in body and withdrawn from the world in spirit; son Tom, an aspiring poet who is frustrated in his routine job at the factory; and the Gentleman Caller" (Donahue 1964:22).

Die verhaal gaan, kort saamgevat, oor sy - Williams of dan te wel Tom Wingfield se laaste dae in St. Louis. In hierdie dae het hy by die International Shoe Co. gewerk om sy moeder, Amanda, en sy suster Laura aan die lewe te hou. Die nagte het hy òf agter sy tikmasjien òf in bioskope deurbring.

Die vader van die verhaal, wat net in 'n lewensgroot portret teen die muur teenwoordig is, het sy gesin al lankal verlaat. As telefoonbeampte het hy op lang afstande verlief geraak en sy gesin daarvoor verruil.

Tom besef aan die een kant hoe afhanklik sy moeder en suster van hom is, maar besef ook andersyds dat hy uit St. Louis moet padgee om werklike vryheid te vind. "His nature is not remorseless, but to escape from a trap

he has to act without pity" (Williams 1962b:228).

Die moeder Amanda Wingfield lewe in twee wêreldes: een wat bestaan uit die Blue Mountains (Clarksdale), Moon Lake Casino en die herinneringe aan sewentien vryers en 'n vervelige, veeleisende lewe om haar twee kinders en gesin bymekaar te hou en haar kinders in praktieser rigtings te stuur as wat sy gevolg het, "for she is a disillusioned romantic turned evangelical realist" (Jackson 1965:94).

Haar seun Tom "a poet with a job in a warehouse" (Williams 1962b:228) onderlig sy in die noodsaaklikheid van aandklasse en die voordele vanselfopheffing.

Haar dogter, Laura, wat haar in 'n eie wêreld met glasdiertjies en victrolas terugtrek en "like a piece of her own glass collection, too exquisitely fragile to move from the shelf" is (Ibid.:228), probeer sy, deur intekenare op tydskrifte te werf, op 'n handelskool hou.

Toe sy agterkom dat Laura slegs die eerste paar klasse bygewoon het, het sy besef dat aan Laura geen salf te smeer is nie. 'n Ander plan moes bedink word. Laura moes trou, sodat sy iemand kon hê wat na haar kan omsien en verhoed dat sy word soos, "wyfievoëltjies sonder 'n nes - wat genadebrood eet hulle lewe deur." (Regisseurteks:186).

As gevolg van sy moeder se aanhoudende guns vraery en omdat hy homself dan as van sy pligte onthef beskou, nooi Tom vir Jim O'Connor uit om by hulle te kom eet.

Soos gewoonlik oordryf Amanda die voorbereidings vir die "Gentleman Caller" se koms in so 'n mate dat almal in die Wingfieldwoonstel met 'n soort angs die besoek af wag - "'n gevoel soos 'n oordeel wat oor die Wingfields gevel is (Regisseurteks:198).

Tom, Jim en Laura was al drie saam op dieselfde hoërskool. Jim het sowel vir Tom as vir Laura geken sonder dat hy geweet het dat hulle broer en suster is. Toe Tom hom dus vir ete uitnooi, het hy eerstens nie geweet dat Tom 'n gesin het nie, en tweedens dat hy 'n suster het wat saam met hom op hoërskool was nie.

Laura, op haar beurt, wat Jim sedert hulle hoërskool dae, as held aanbid het het nie geweet dat Tom 'n kollega het nie en nog minder dat die kollega wat hy vir ete uitgenooi het, haar held, Jim O'Connor, is nie.

Jim het Amanda dadelik beïndruk. Joviaal en natuurlik het hy help sorg dat die aand baie geslaagd was. Ongelukkig was daar egter 'n kragonder-

breking omdat Tom die geld vir iets anders gebruik het. Kerslig is egter 'n goeie en romantiese plaasvervanger.

Na die ete sorg Amanda dat sy en Tom skottelgoed was terwyl Jim na Laura moes omsien, wat flou geword het toe sy ontdek wie die besoeker is.

Wat vir haar 'n nagmerrie moes geword het, ontaard in 'n vir Laura lewewende aand.

Van ditjies en datjies tot koorsang in die saal, Emily Meisenbach, elektrodinamika en haar glasdiertjies gaan die geselsery. Selfs oorreed Jim haar, haar kruppel voet ten spyt, om met hom te dans. Hy, lomperd, struikel en breek haar glaseenhoring. As hy, net so lomp, probeer om haar weer selfvertroue te gee deur haar te soen, snap hy skielik wat dit vir haar kon beteken en blaker lomp uit dat hy aan Betty verloof is.

Laura, wat op die drumpel van vryheid gestaan het, amper verlos van haar glasdiertjies, val weer terug in hulle midde. Gelate staan sy dan op en oorhandig aan Jim die gebreekte eenhoring as 'n aandenking.

Soos wat sy een bly met haar speelgoed van glas, so bly Jim 'n gevangene van 'n droom dat elektrodinamika hom na vryheid sal lei.

Hierna beskuldig Amanda Tom dat hy hulle willens en wetens in hierdie gemors gedompel het. Hy verlaat St. Louis in die voetspore van sy wonderlustige vader. Dan kom hy agter dat die vryheid waar hy so na gesmag het, ook nie in afstand te kry is nie. Terwyl hy uit hulle wêreld vlug, trek Laura haar in haar wêreld terug toe sy vir oulaas haar kerse doodblaas.

"This simple story, turning on a dinner party given by a Southern family, for an outsider, whom they hope to match with their unmarried daughter and the character revelations that occur in its course, constitutes Tennessee Williams' most fragile and lovely play" (Jackson 1965:95).

2.2.3 Die tyd en agtergrond waarteen Speelgoed van glas afspeel

Relevant is hier dalk wat Williams omtrent die Suide te sê het: "It is a world of yesterday and today, practically never of tomorrow" (Jones 1959: 212).

Ook Speelgoed van glas speel in "gister en vandag" of dan die hede en die verlede af.

2.2.3.1 Die Hede

So universeel en tydloos het Williams sy Speelgoed van glas geskrywe dat die datum van opvoering altyd die hede sal wees.

Die enigste plek in die stuk wat dit moontlik tydgebonde kan maak, is in toneel 6 waar Tom vir Jim van die opstand in sy hart vertel en hoe siek en sat hy is vir die avontuur wat mens in bioskope vind." Ja, totdat daar oorlog kom." (Regisseurteks: 336).

Die oorlog waarvan Tom praat of wat hy voorspel, is die Tweede Wêreldoorlog. Aangesien hy egter self aan die begin erken het dat hy 'n towenaar is en omdat hy as digter graag van simbole gebruik maak kan sy "Ja, totdat daar oorlog kom" op elke tyd van opvoering oorgedra word.

2.2.3.2 Die Verlede

Baie duidelik word die verlede egter omskryf.

Enersyds deel Tom, wat as verteller in die hede optree, sy gehoor mee dat hy hulle na die dertigerjare terugvoer: "Ek begin dan ook deur u terug te voer na die verlede. Ek voer u na daardie snaakse periode, die jare dertig, toe die groot middelklas van Amerika gematrikuleer het in 'n skool vir blindes. Hulle oë het hulle in die steek gelaat; of, hulle het hul oë in die steek gelaat, en hulle het toe met hulle vingers gedruk op die vuurwarm Brailleskrif van 'n ontbindende ekonomie. In Spanje was 'n rewolusie aan die gang. Hier was net luide gesteel en verwarring. In Spanje was daar oorlog. Hier was arbeidsonrus, (soms geweldig) in die andersins rustige stede; Chicago, Cleveland, en St. Louis ...

Dit is die sosiale agtergrond van hierdie spel." (Regisseurteks: 150).

Andersyds word dit algemeen aanvaar dat die digter Tom Wingfield, wat 'n pakhuis-klerk vir die International Shoe Co. was uit die prototipe Tom Williams voortkom, wat na drie jaar aan die Universiteit van Colombia pakhuis-klerk van die International Shoe Co. geword het.

Met sekerheid weet ons dat die verlede in die dertigerjare afspeel. Met redelike sekerheid kan ons dan aflei dat Tom in 1934-1935 by die International Shoe Co. gewerk het. Hy het in 1929 sy matriek aan die Ben Blewitt-Hoërskool afgelê, en van 1930 tot 1933 was hy student aan die Universiteit van Colombia. Die verlede moes dus ongeveer in 1935 geplaas word.

2.2.3.2.1 Guernica

Neem mens daarenteen in aanmerking dat hy van die Spaanse dorpie Guernica praat, moes die "verlede" ná 27 April 1937 plaasgevind het. Want op die

datum het genl. Franco se troepe met die hulp van Duitse lugdekking die klein dorpie Guernica aan die Golf van Biskaje aangeval en vernietig.

Praat hy van Guernica - en hy doen dit twee keer, terwyl dit op 'n keer ook in 'n koerantopskrif onder die gehoor se aandag gebring word - dink hy ook aan die monumentale skildery van Pablo Picasso wat op die Paryse wêreldtentoonstelling in 1937 in die Spaanse paviljoen uitgestal is.

(Jauslin 1969:48).

2.2.3.2.2 Berchtesgaden

Williams se verlede waarna sy herinnering hom terugvoer, moes dus na 1937 wees. Avontuur en verandering het daardie jaar gedreig. Hulle het net om die hoek gewag vir al daardie jeugdiges. Hulle het gehang in die miswolke oor Berchtesgaden of is vasgevang in die voue van Chamberlain se sambreel ... In Spanje was oorlog! Maar hier was net vinnige dansmusiek en drank, danssale, kroë en bioskope, en seks wat in die halfdonker soos 'n kandelaar gehang het en die wêreld verlig het met kort, vals reënboë ... Die hele wêreld het gewag vir die kanongebulder! (Regisseurteks: 264).

Hier kry ons twee aanduidings dat Williams se verlede so laat as 1938 moes afgespeel het. Berchtesgaden laat mens dink aan Hitler en die Oostenrykse kanselier Schuschnig, wat op 12 Februarie 1938 in Berchtesgaden oor die "Anschluss" van Oostenryk by Duitsland beraadslaag het.

Dink mens aan die voue van Chamberlain se sambreel, dan vertel die geskiedenis jou wat op 29 September 1938 in München, Duitsland, gebeur het. Hier het Hitler, Mussolini, Chamberlain en Daladier byeengekom, en Chamberlain en Daladier het sonder om 'n vinger te verroer Sudetenland aan Duitsland afgestaan. Chamberlain se diplomاسie was dat hy op so 'n manier van Hitler ontslae sou raak en dat Hitler verder nie sou wou uitbrei nie. Sy diplomاسie was egter so oneffektief as sy toegeslane sambreel. (Joubert 1974:69).

Ek wil dus beweer dat die "verlede" waarheen Tom die toeskouers voer, einde 1938 begin 1939 was, kort voor die groot oorlog begin het. Dis daarom dat sy kunstenaarstemperament hom tot handeling gedryf het. Soos die hele wêreld daarbuite het hy moëg geword vir die aksie van filmsterre. Soos die hele wêreld het ook hy aangevoel dat iets dreigends die lug vul.

Tom se verwysings na sekere geskiedkundige gebeurtenisse gebruik hy myns insiens nie om sy storie histories te verifieer nie. Omdat hy 'n kunstenaar is, gebruik hy dit eerder as 'n simbool, 'n voor die hand liggende

simbool van aktiewe betrokkenheid aan die een kant en 'n laakbare passifisme aan die ander kant. Terwyl Europa Geurnica, Berchtesgaden en Chamberlain se sambreel belewe, verbrand Amerikaners slegs hulle vingers finansieel en hou hulle besig met, vinnige dansmusiek en drank, danssale, kroeë en bioskope en seks wat in die halfdonker soos 'n kandelaar gehang het en die wêreld verlig het met kort vals reënboë (Regisseurteks:264).

Williams se afkeer van Amerika se nie-deelneming word hier duidelik sigbaar.

Alhoewel hy anti-militaristies was soos mens kan aflei uit die gebrek aan welslae wat hy met sy offisiersopleiding behaal het, en met Headlines wat hy vir die "Mummers" geskryf het, het hy hom tog dadelik na Pearl Harbour vir aktiewe diens gaan aanmeld. As gevolg van sy swak gesondheid en 'n katarak in een oog het hy 'n 4F-klassifikasie ontvang, wat hom uit die oorlog gehou het. Ten spyte hiervan het hy later as telegraafoperateur vir die weermag in Jacksonville diens gedoen.

Behalwe dat Tom se herinnerings hom na die jare dertig terugvoer, voer Amanda Wingfield se herinnerings haar in die jare dertig nog verder terug die verlede in. Dit voer haar terug na die dae toe sy as jongmeisie sewentien vryers op een Sondagmiddag onthaal het, dit wil sê na die jare voor haar troue. As mens nou in aanmerking neem dat haar oudste dogter, Rose, in 1909 gebore is, moet sy in 1907 getrou het. Haar "verlede" is dus voor 1907.

Ook voer dit haar terug na die "Blue Mountains" en "Moon Lake Casino", dit wil sê Clarksdale in die Mississippidelta in die heerlike Suide. Van heerlike kinderdae met baie bediendes en talle besoekers het egter niks oorgebly nie. Sy het getrou met 'n laggende, ridderlike heer wat vir 'n telefoonmaatskappy gewerk het en op langafstande verlief geraak het.

As verteller in die hede kom Tom teen die einde van die stuk agter dat die vryheid waarna hy gesoek het, waarvoor hy sy vader so bewonder het, slegs illusie is. So verskil hy dus van 'n werklike towenaar: hy het bewys dat die waarheid nie illusionêr kan wees nie. "Tom meets the effects of time - the past and the present - by breaking loose, only to realize that one cannot really break free. The very existence of the play testifies to the incompleteness of his break." (Bloomfield 1965:483).

Samevattend kan gesê word dat Speelgoed van glas in die hede en in die laat dertigerjare afspeel en dat dit afspeel teen 'n agtergrond van finansiële - die New Yorkse Effektebeurs het in 1929 in duie gestort, en die

grootste depressie in menseheugenis het gevolg - en politieke onrus en onstabiliteit wat op die Tweede Wêreldoorlog uitgeloop het.

2.2.4 Speelgoed van glas as herinneringspel

"Being a 'memory play' 'The Glass Menagerie' can be presented with unusual freedom from convention. Because of its considerable delicate or tenuous material, atmospheric touches and subtleties of direction play a particularly important part. Expressionism and all other unconventional techniques in drama have only one valid aim, and that is a closer approach to truth." (Williams 1962b:229.)

Hierdie patroon van 'n herinneringspel aan die een kant met relatiewe vryhede rakende die enscènering, die gebruik van 'n sinspeling, vaag en indirek aan die ander kant, maak Speelgoed van glas uit. Voeg daarby sy poëtiese gebruik van woorde, liriese situasies, en mens kry 'n transformasie van 'n patetiese storie na 'n uiters geslaagde toneelstuk.

Sy knap hantering van 'n klomp herinnerings georganiseer deur Tom as verteller, het die herinnerings in 'n sinvolle geheel in plaas van 'n paar losstaande toneeltjies saamgeweef.

In sy voorwoord van Sweet Bird of Youth skryf Williams die volgende: "In fact, I can't expose a human weakness on the stage unless I know it through having it myself. I have exposed a good many human weaknesses and brutalities and consequently I have them." (Williams 1962e:12.)

Dit is die rede waarom sy herinnerings relevant is: hy het dit belewe en dit is waaroor sy stukke handel.

Maar 'n herinneringspel is nie realisties nie - of dit hoef nie realisties te wees nie. Alhoewel dit volgens Williams konvensieloos is, moet dit egter een wettige mikpunt hê: die waarheid.

Om die waarheid egter weer te gee soos dit is, is geen kuns nie. "Everyone should know nowadays the unimportance of the photographic in art: that truth, life, or reality is an organic thing which the poetic imagination can represent or suggest in essence, only through transformation, through changing into other forms than those which were merely present in appearance" (Williams 1962b:229).

Dit is dan ook juis hierdie transformasie wat Speelgoed van glas as herinneringspel laat slaag.

Herinnering wyk van realisme af omdat dit 'n prentjie inkleur, anders laat voorkom as wat dit werklik was. Herinnerings het gewoonlik 'n aangename konnotasie, want hoe sleg die herinnering ook al is, daar is altyd die hoop dat die afloop sal verander, dat die waarheid een keer anders sal lyk.

2.2.4.1 Herinneringsdekor

In 'n herinneringstuk moet die dekor in elk geval van so 'n aard wees dat binne en buite ewe sigbaar kan wees. Die toeskouer moet dus nie alleen deur die sogenaamde vierde muur alleen kan sien nie, maar hulle moet ook deur die eerste, tweede en derde kan sien. Nie dat daar nie mure is nie - hulle is net deursigtig. Want soos Tom die afloop van sy verhaal ken en geen muur iets vir hom meer kan verberg nie, so moet die toeskouers sonder dat hulle die afloop van die verhaal ken, wel Tom se perspektief met hom deel.

Herinnering is fragmentaries, en alhoewel mens in detail onthou, onthou jy net dit wat indruk gemaak het: die res is swart asof daar geen lig op skyn nie.

Herinnering bring ook in fokus, terwyl die res 'n dowwe niksseggende agtergrond bly.

2.2.4.2 Herinneringsbeligting

"The lighting in the play is not realistic. In keeping with the atmosphere of memory, the stage is dim. Shafts of light are focussed on selected areas or actors, sometimes in contradistinction to what is the apparent centre. For instance in the quarrel scene between Tom and Amanda in which Laura has no active part the clearest pool of light is on her figure. This is also true of the supper scene, when her silent figure on the sofa should remain the visual centre." (Ibid.:231).

Dit is 'n logiese en sinvolle motivering vir enige beligtingsontwerper.

Alhoewel Tom in detail sal onthou dat hy en sy moeder woorde gehad het, sal Laura se verskrikte houding en uitdrukking by haar glasdiertjies vir altyd in sy onderbewuste afgeëts wees.

Ook sal Tom moeilik die ete met Jim O'Connor vergeet, maar onuitwisbaar in sy geheue sal Laura se verwese figuur op die sofa wees.

"Tom's memory lights the past as the lamp does the bits of colored glass in the window of the shop where perfume is sold. Seen through the poet's eye, scenes from his past take on the charm of bits of shattered rainbow"

(Joven 1966:86).

Dis hoekom Tom se vryheid gebonde is. In sy geheue sien hy Laura steeds in lig - teen kerse - daarom smee hy haar: "Blaas dood jou kerse, Laura." (Regisseurteks: 446.)

"Memory surrounds Laura with a delicate glow, an almost ethereal beauty" (Joven 1966:86).

Van die eerste toneel af, waar sy erken dat sy nie so gewild is soos haar moeder in die "Blue Mountains" nie, deur die derde toneel, waar sy pateties verskrik vertroosting by haar glasdiertjies soek, in die vuurhoutjelig van die vierde toneel, waar sy vir Tom die deur oopsluit en die ontblote ang in die lig van die ganglamp toe sy vir Tom en Jim die voordeur oopgemaak het, tot en met die kerstonele aan die begin en einde van die sewende toneel, is sy in Tom se herinnerings afgeëts.

"Finally, Tom remembers Laura as framed in candlelight. There is reference to Jim's smile lighting Laura inwardly with altar candles. The candles sustained the Madonna imagery. They also serve to strengthen the word imagery of Laura's life being snuffed out, which is the effect the scene leaves on us." (Ibid.:87.)

So fokus Tom ook sy herinnering soos 'n lig op Amanda. Hy onthou haar in drie basiese omstandighede: die lig in haar gesig as sy droom van die heerlike dae in die Suide en "Blue Mountains", as hulle baklei en as sy besig is met planne en voorsorg. Afgeëts in sy onderbewuste is sy moeder 'n dromer wat om 'n bestaan veg.

2.2.4.3 Herinneringsmusiek

In herinnering geskied alles skynbaar op die maat van musiek. Dit verklaar die musiek in die agtergrond" (Regisseurteks: 155).

Alhoewel dit na 'n flou verskoning klink om musiek in die herinneringspel by die hare in te sleep, is dit juis musiek wat sekere assosiasies na vore bring.

"Dit het my altyd onverwags oorval - heeltemal soos 'n verassing. Soms was dit 'n bekende liedjie. Soms net 'n stukkies deurskynende glas". (Regisseurteks: 446.)

Dat Tom se dagdromery dus met musiek gepaard gaan, is te verstane. Soos Laura haar met haar glasdiertjies besig gehou het, het sy net so gereeld ou uitgediende plate oor en oor gespeel. (Williams 1962b:245.)

En hierdie wysies het in die onderbewuste bly steek. As Tom se verlange in sy soeke na vryheid in die vreemde te groot word, is dit logies dat 'n stukkie glas of 'n bekende wysie dromery tot gevolg sal hê.

Teenoor die Wingfieldwoonstel was die Paradise Dance Hall, waarvandaan gereeld meesleurende wysies gekom het. Alhoewel alle besonderhede met die jare sou vervaag het, sou so 'n bekende wysie dadelik sekere assosiasies tot gevolg gehad het.

Tom het as digter in sy drome Laura met stukkies gekleurde glas en sekere wysies geassosieer. So ook het hy die wêreld waarin hulle in St. Louis geleef het, met wysies soortgelyk aan die van die "Paradise" geassosieer. In sy drome kom juis deur musiek hierdie ironiese kontras na vore: vir Laura en Amanda is die temasiek 'n weergawe van verwagtings en vooruitsigte op 'n "Gentleman Caller". Daarteenoor kondig die "Paradise" se musiek die "Gentleman" endie harde realiteit van 'n wêreld daarbuite aan.

Dis om hierdie kontras dat Tom sy vertelling weef. Droom en illusie aan die een kant en harde werklikheid aan die ander kant.

Om die droomeffek te bevorder, die romantiese van herinnerings aan die verlede te onderstreep skryf Williams die digter musiek voor. "A single recurring tune is used to give emotional emphasis to suitable passages. This tune is like circus music, not when you are on the grounds or in the immediate vicinity of the parade, but when you are at some distance and very likely thinking of something else." It seems under those circumstances to continue almost interminably and it weaves in and out of your preoccupied consciousness, then it is the highest, most delicate music in the world and perhaps the saddest. It expresses the surface vivacity of life with the underlying strain of immutable and inexpressible sorrow. When you look at a piece of delicately spun glass you think of two things: how beautiful it is and how easily it can be broken. Both of those ideas should be woven into the recurring tune, which dips in and out of the play as if it were carried on a wind that changes. It serves as a thread of connexion and allusion between the narrator with his separate point in time and space and the subject of his story. Between each episode it returns as reference to the emotion, nostalgia which is the first condition of the play. It is primarily Laura's music and therefore comes out most clearly when the play focuses upon her and the lovely fragility of glass which is her image". (Ibid.: 230-1).

John Enck (1953:252-3) som Speelgoed van glas as "dream play" miskien die

beste op: "Memory, perhaps more accurately reverie, implies for Williams that small events, of no intrinsic importance, are resurrected and treasured because through their theatrical magic they illuminate basic experiences. In the introduction to "The Glass Menagerie" he says that originally a number of nonrealistic motifs scored the tones of reminiscence, but a scattered few of these were retained, notably a narrator, Amanda's son, who introduces, then joins, the action. Touches of the cut whimsey now and then intrude: the father's flickering picture. Laura's final pantomime, the scrims, and the music. In the main their full impact cannot be divorced from that of realistic drama. Through this manner he claims a double effect. He can drag out his eclectic devices from old experiments in expressionism and constructionism, which destroy the stage as a representation of life, but he does not have to beg the predisposed tolerance which imaginative drama frequently asks."

Dat hierdie patroon soos dit deur Williams in Speelgoed van glas gebruik is, vir hom 'n gelukkige keuse was, blyk uit die gesogtheid daarvan as repertoriumstuk.

Hilda Joven (1966:89) onderstreep hierdie sukses: " 'The Glass Menagerie' the memory play device provides a happy medium for William's talents. Each scene of the play is a poetic statement about the glass menagerie which was the Wingfield household. Framed as the scenes are in memory and unified by the statement they make about the menagerie, they constitute an organic wholeness which is not achieved in other plays of Williams".

En waar Tom as verteller die toeskouers aan die einde vaarwel toewens, word daar in sekere tekste na 1945 'n reëltjie bygevoeg: "And there my memory ends and your imagination begins" (Enck 1966: 252).

2.2.5 Die tema van Speelgoed van glas

In 'n onderhoud met Lincoln Barnett van Life het Williams (1948: 116) die tema en sy doel met Speelgoed van glas soos volg omskrywe: "... the need for understanding and tenderness and fortitude among individuals trapped by circumstance."

In Speelgoed van glas kry ons vier wesens vasgevang deur omstandighede en elk se begeerte na verlossing en vryheid.

Tom se begeerte en verwagtings: "om 'n toekoms te betree wat nie die pakhuis insluit nie" (Regisseurteks: 332) en "... my help om uit hierdie 2 by 4-toestand te ontsnap" (Regisseurteks: 224).

Amanda wat gedurige planne en voorsorg tref om 'n beter toekoms vir haar en kinders te verseker. So is daar haar pogings om Tom aandklasse te laat loop om Laura 'n tikkursus te laat slaag, en om vir Laura 'n man te seek. Koppel hieraan haar ewige drome van "Blue Mountains" en "Moon Lake Casinos", en haar hoop op verlossing staan duidelik uitgespel.

Laura se aksies wat haar na verlossing moet lei, is nie so ooglopend nie. Tog kom mens dit agter uit haar op die oog af onskuldige doen en late. In plaas van na Rubicam se Handelskool te gaan, besoek sy die hut ... waar hulle tropiese plante kweek (Regisseurteks:186). Sy vertroetel 'n ou jaarblad waar 'n foto van 'n eertydse hoërskoolheld in is wat haar die bynaam "Blue Roses" gegee het.¹ Sy speel afgeleefde plate en versorg sinelose glasdiertjies - enigiets om die harde werklikheid uit haar kamer te hou. "The brooding, shy, withdrawn Laura waits for this nameless something with more dread than hope" (Presley and Singh 1970:3).

Selfs Jim O'Connor, afkomstig uit 'n wêreld van werklikheid waarby ons skynbaar nie inpas nie (Regisseurteks:155) is teleurgesteld maar nie moedeloos nie (Regisseurteks: 391).

Presley en Singh (1970:2),beweer dat die opskrif van Speelgoed van glas: "Nobody, not even the rain, has such small hands" betekenisvol is vir die begrip van die tema van "Speelgoed".

Die opskrif is die laaste reël van die laaste strofe van 'n gedig, "Somewhere I have never travelled," van E.E. Cummings (1926:nr 225).

Die hoofgedagte in Cummings se gedig is die blomknoppie wat wag vir die lente sodat sy blaartjies tot volle blom kan ontvou. "A similar waiting for fulfillment is the theme of "The Glass Menagerie" in which fragile dreams and dimly understood possibilities afford a sense of hope to life, diminish its pain, and make it tolerable and purposive" (Presley and Singh 1970:3).

Om hierdie tema van hoop en verwagting ontwikkel die vier karakters in Speelgoed van glas. Selfs die lewensgroot portret van die ontroue vader teen die muur "dominates the stage and whose memory is a challenge to the family. His leap into the unknown future and his dramatic break with the

1. Op 'n vraag van die eertydse hoërskoolheld wat haar makeer het, het Laura geantwoord dat sy borsvliesontsteking (pleuritis) gehad het. Die Engelse "pleurosis" klink in die mond van 'n Amerikaner wat uit die Suide kom, nes "Blue roses". Vandaar die naam.

past, make him a symbol of the future - orientation of the play" (Ibid.: 4).

En as die ontknoping van die stuk bereik word, blyk dit dat die verwagtings en hoop onvoldoende was en dat almal se drome maar net drome was. Dan kry die woorde van Amanda aan Tom betekenis: "dat die toekoms die teenwoordige word, die teenwoordige die verlede en die verlede 'n ewigduerende selfverwyt, as jy nie beplan nie" (Regisseurteks: 283).

2.2.6 Die bou van Speelgoed van glas.

Behalwe dat Williams die stuk in die hede en die verlede laat afspeel, deel hy dit in twee dele. Deel een handel oor die voorbereiding van die besoeker en deel twee oor die aankoms van die besoeker. Deel een word verder in vyf tonele verdeel en deel twee in twee.

Alhoewel deel een uit vyf los tonele bestaan, loop die handelingslyn van die bekendstelling deur Tom in toneel een, 'n eksposisie van die situasie en die probleemstelling na die futiele van die situasie in toneel twee en begrip van Amanda vir die oplossing van die probleem.

In toneel drie volg die vinnige styging van die spanningslyn om weer die nutteloosheid van die situasie te skilder, die opstand teen die omstandighede en Laura wat as magtelose arbiter optree.

In toneel vier kom 'n vredesverklaring en die afwagting wat daarop volg, die benutting van die stilte na 'n storm om tot aksie oor te gaan en die daarop volgende luide reaksie.

Die aankondiging in toneel vyf laat die eerste deel tot 'n klimaks ontwikkel wat opgevolg word deur die onderspeelde slottoneel op die brandtrap.

Deel twee begin vol afwagting met die rituele aantrektoneel. Toneel ses werk op na 'n klimaks met die aankoms van die besoeker. Dan volg 'n insinking wat met Amanda se verskyning weer begin bou en die klimaks bereik word met die ete, Laura wat struikel, die weerligstraal en die reën wat daarop volg.

Toneel sewe bou stadig van 'n onsekere begin na 'n swaaiende hoogtepunt met die dans, die breek van die eenhoring en die omhelsing. Die spanningslyn word gehou en styg nog hoër tot die klimaks van die stuk waar Jim van sy verloofde, Betty, vertel. Wat hierna gebeur, die algehele verslaenheid wat simpatie wek, het 'n negatiewe spanningslyn. Hiermee bedoel ek dat die spanning 'n oomblik opvlam as Tom die woonstel verlaat maar intensiteit behou en terugkeer na die hede en na Tom as verteller met Amanda en

Laura besig met 'n pantomime in die skemer.

In sy toneelaanwysings het Williams voorgestel dat 'n skerm gebruik word waarop skuifies met afbeeldings of opskrifte geprojekteer word. Volgens Christian Jauslin (1969:46) was dit die invloed van Erwin Piscator toe Williams dramaskryfkuns aan die New School for Social Research onder John Gassner en Theresa Helburn geloop het. Hier het hy ook kennis gemaak met die Duitse dramaturg cum teoretikus wat veral bekend gestaan het vir sy politieke teater en idees van vervreemding.

Met die projeksies wat tydens die verloop van die stuk vertoon moet word, het Williams (1962b:230) die volgende in gedagte gehad: "The purpose of this will probably be apparent. It is to give accent to certain values in each scene. Each scene contains a particular point (or several) which is structurally the most important. In an episodic play, such as this, the basic structure or narrative line may be obscured from the audience; the effect may seem fragmentary rather than architectural. This may not be the fault of the play so much as a lack of attention in the audience. The legend or image upon the screen will strengthen the effect of what is merely illusion in the writing, and allow the primary point to be made more simply and lightly than if the entire responsibility were on the spoken lines. Aside from this structural value, I think the screen will have a definite emotional appeal, less definable but just as important ..."

So ver my kennis strek, het ek nêrens in my navorsing op 'n produksie afgekom wat van hierdie simultaan-teatermetode gebruik gemaak het nie. Williams het blykbaar as gevolg van mislukking van Battle of Angels 'n vrees gehad dat dit met "Speelgoed" ook sou gebeur. Veral omdat hy Speelgoed van glas in sewe tonele geskryf het, was hy bang dat die stuk fragmentaries sou voorkom. Sy vrees was ongegrond, want wat gebeur het, is vandag geskiedenis. Eddie Dowling se eerste opvoering sonder hierdie "effekte" was 'n groot sukses. Struktureel was Speelgoed van glas goed genoeg ontwerp om sonder enige van die truuks te slaag.

Wat vir my egter belangrik is en wat ek tydens die enscènering met vrug gebruik het, was die tematiese aard van die afbeeldings en opskrifte.

2.2.6.1 Die Projeksies

Die eerste sodanige projeksie: "Où sont les neiges", moet aan die begin van die eerste toneel nadat Tom as verteller opgetree het en die tyd na die jare dertig gedraai word, op die skerm geflits word. Terselfdertyd word dit lig in die eetkamer, waar Tom, Amanda en Laura met aandete besig is.

Die toeskouers sal dus terselfdertyd die begin van die herinneringspel en die beeld op die skerm sien.

Tematies is egter betekenisvol wat Williams met die beeld wil sê. Sover ek kon vasstel, is dit 'n uitdrukking wat dateer uit die vroeg-Renaissance, en dit kom uit 'n ballade van die Franse digter Francois Villon (1431-1485): "Balade des Dames du Temps Jadis" (Bozman 1965: 451), soos Uys Krige dit vry vertaal het: "Die Ballade van die dames van weleer".

"Où sont les neiges", d.w.s. "waar is die sneeu" (van voorverlede jaar), is in hierdie konteks 'n aanduiding van die tema van die eerste toneel. Amanda som dit self raak op in toneel ses as sy aan Jim O'Connor sê: "Vervloë, vervloë, vervloë. Alle oorblyfsels van 'n deftige leefwyse" (Regisseur-tekst: 345).

Nadat Tom en Amanda 'n uitbarsting oor Tom se eetmaniere gehad het, ontwikkel die gesprek in die rigting van moontlike besoekers, en dadelik raak Amanda aan't drome oor sewentien jong vryers wat op 'n Sondagmiddag by haar in die "Blue Mountains", kom kuier het. As Amanda in haar droomwêreld verlore raak, stel Williams 'n tweede projeksie voor: "Image: Amanda as a girl on a porch, greeting caller." (Williams 1962b:238).

Tematies dui dit op wat Amanda vir haar dogter Laura beplan. As Amanda skaars twee spreekbeurte verder vertel wie almal kom kuier het, stel Williams die derde skuifie voor. Saam met 'n kollig wat Amanda se gesig verhelder, verskyn die opskrif "Où sont les neiges" weer op die skerm. Dit is 'n duidelike aanduiding dat alhoewel Amanda besig is om te droom, almal besef dat die "sneeu van voorverlede jaar" lankal gesmelt het.

Deur slegs na Williams se voorgestelde projeksies te kyk lei mens dus dadelik af dat die tema sowel van toneel 1 as van die stuk "Où sont les neiges" is.

"On the dark stage the screen is lighted with the image of blue roses" (Ibid.: 241). Behalwe die ooreenkoms wat blou rose ("blue roses") met "pleurisy" borsvliesontsteking het (Laura se held het haar Blourosie genoem nadat sy hom vertel het dat sy "pleurisy" gehad het), toon Williams daardeur aan dat Laura, nes haar eenhoring (unicorn), nêrens inpas nie. Soos blou nie 'n kleur is wat by rose pas nie, so pas Laura nie by die wêreld nie. Met die opskrif, "Laura, Haven't you Ever Liked Some Boy" (Ibid.:241), begin toneel twee.

Hoe dit ook al gaan gebeur, die toeskouer kan dus te wagte wees dat die kwessie van 'n seunvriend in die toneel geopper gaan word.

In die verloop van toneel 2 ontdek die gehoor die rede vir die moeder se bekommernis oor Laura: haar onvermoë om haar plek in die buitewêreld vol te staan en haar kruppel voet maak hulp essensieel.

So maak Williams met sy volgende skuifie aan die gehoor bekend hoe Amanda moes gevoel het nadat sy ontdek het dat Laura haar die afgelope ses maande bedrieg het en glad nie die kursus by "Rubicam" bygewoon het nie: "Legend: The Crust of Humility" (Ibid.: 245).

Waar Laura in toneel 2 vir haar moeder van haar hoërskoolheld vertel, vra Williams om: "Image: Jim as Highschool hero bearing a silver cup", en 'n bietjie later: "Image: Blue Roses" (Ibid.: 246).

Volgens die projeksies is die tema vernedering, heldeverering en die moontlikheid wat dit vir die toekoms inhou.

So kondig Williams deur middel van hierdie projeksies die gedagtes en motiverings in die karakters aan.

Toneel 3 word aangekondig met "After the fiasco, Image: Young man at door with flowers", "Image: Glamour magazine cover" en "You think I'm in love with Continental Shoemakers" (Ibid.: 248-249).

Die toeskouers kan dus deur die dialoog te volg onmiddellik weet dat Tom se betoog gaan oor wat gebeur het na die fiasko by Rubicam oor Amanda se planne vir 'n "Gentleman Caller", oor hoe Amanda probeer intekenare werf vir 'n tydskrif en duidelik besef hoe Tom oor sy werk voel. Tematies is dit dit waaroor toneel 3 handel. In toneel 4 vertel die eerste projeksie: "Laura" (Ibid.: 259), waaroor Tom en Amanda se gesprek gaan. "Image: Sailing vessel with jolly Roger" (Ibid.: 260) deel Tom se geheimenisse mee.

Die volgende, "Plans and Provisions" (Ibid.: 261), vertel van Amanda se planne en voorsorg.

Aan die einde van toneel 4 weer die "Glamour Magazine Cover" terwyl Amanda op die telefoon besig is.

Toneel 5, stel Williams voor, moet begin met die dramatiese: "Annunciation" (Ibid.: 264). In hierdie atmosfeer wag die gehoor op die aankondiging van die koms van 'n moontlike verlosser.

Dit word opgevolg met: "Image: Caller with Bouquet" (Ibid.: 266), en in die gees van afwagting breek die pouse aan.

Deel 2, toneel 6 begin met: "Image: High School Hero" (Ibid.: 273). Dit

aksentueer veral die onkundigheid van Laura oor wat vir haar beplan word, en verhoog so die spanningslyn. Almal behalwe sy weet wat gaan gebeur. Die skuifie word vinnig opgevolg deur "Image: Clerk" en "The accent of a coming foot". In verband met dit wat Tom besig is om aan die gehoor te vertel, kan dit die spanning verhoog (Ibid.: 273-274).

Om Laura in haar partytjierok te aksentueer volg twee skuifies: "A pretty trap" en "This is my sister: Celebrate her with strings" (Ibid.: 275-276). As Amanda dan die besoeker se naam noem verskyn eers: "Not, Jim!" en dan: "Terror" (Ibid.: 277-278), op die doek.

As hierdie hoogtepunt verby is, verskyn 'n meer besadigde "Executive at Desk" op die doek om Jim en Tom se dialoog aan te stu (Ibid.: 281).

Om Tom se ongeduld te onderstreep, word "Image: Sailing vessel with jolly Roger again" (Ibid.: 282), geprojekteer.

En dan, as Amanda en Jim ontmoet, verskyn "Image: Amanda as a girl" (Ibid.: 284), op die doek.

Dan as Laura gedwing word om aan tafel te verskyn twee skuifies te wete: "Terror" en as Laura flou val, "Ah." (Ibid.: 286).

Toneel 7 word aangekondig met "A souvenir". Betekenisvol word dit as die toeskouers aan die einde van die stuk alles in perspektief sien (Ibid.: 288).

Daarna, as die ligte doodgaan word: "Suspension of a public service" en "Ah" geprojekteer as dit blyk dat Tom die geld vir iets anders aangewend het (Ibid.: 288-289).

Dramaties volg: "I don't suppose you remember me at all" (Ibid.: 291) as Jim en Laura alleen agterbly.

Na kennismaking en die kalmte wat herstel is, volg: "What have you done, since High School" (Ibid.: 297). Hier kondig Williams effektief aan wat die toeskouer te wagte kan wees. Laura het nie eers haar hoërskoolloopbaan voltooi nie, wat staan nog - ná hoërskool?

En as Jim en Laura omhels, volg "Image: Blue Roses" (Ibid.: 304).

Dan vertel Jim aan Laura van Betty en Williams vra dat "Love" (Ibid.: 306), geprojekteer word.

As Laura die eenhoring as 'n aandenking aan Jim oorhandig, flits "Things have a way of turning out so badly, or Image: Gentleman caller waving goodbye! - Gaily" (Ibid.: 310).

As Amanda van Betty te hore kom, flits "The sky falls" (Ibid.: 310).

Dit is die atmosfeer as Tom by die deur uitstorm en op die skerm "And so, goodbye" (Ibid.: 312) geflits word.

Behalwe dat dit tematiese aanduidings is vir die dele waarby hulle geflits word, is baie projeksies irrelevant en afbrekend van aard. Williams se dialoog is buitendien so duidelik dat baie skuifies slegs oorvleuelend skyn te wees.

Tegnies vereis Speelgoed van glas nie dekorverskuiwings - dus verdragings - nie, en die een toneel kan in die ander oorloop deur slegs ligverskuiwings. Dat Williams dit dus kon oorweeg het om die oorgange te vergemaklik, het geen sin nie.

Esther M. Jackson (1965: xvi-xvii) is die mening toegedaan dat "... the achievement of Williams is based on the relevance of his drama to the major concerns of our time, and that his marked success as a popular dramatist may be traced to his ability to translate profound meanings into simple and effective theatrical language. It follows that his use of theme, character myth, language, and scene is not accidental but is the result of a specific purpose: the creation of a new and relevant mode of contemporary dramatic expression".

Williams het 'n kontemporêre teater geskep sonder die gebruik van die truuks wat hy in sy toneelaanwysings aanvaar.

2.2.7 Die tragiese in Speelgoed van glas

Synde 'n herinneringspel laat "Speelgoed" die regisseur baie vryhede toe. (Vgl. Williams 1962b:229).

Die vraag ontstaan dan dadelik of Speelgoed van glas in die lig hiervan 'n tragedie is of nie. "A tragedy", volgens Aristoteles, "is the imitation in dramatic form of an action that is serious and complete, with incidents arousing pity and fear wherewith it effects a catharsis of such emotions" (Perrine 1973: 178).

Wat handeling betref, meen ek dat "Speelgoed" moeilik aan die vereiste kan voldoen. Soos reeds aangehaal het Williams aan Lincoln Barnett erken dat die hoofdoel van sy skrywe nie aksie is nie maar insig en simpatie vir diegene wat deur omstandighede vasgevang is (Barnett 1948: 116).

Ester Jackson (1965:42) huldig dieselfde mening: "In The Glass Menagerie, then there is little, if any action in the Aristotelian Sense; that is; there is in this vision no strict pattern of causal development, from beginning to end. For in the lyric moment, action is aesthetic; it is the

growth of understanding".

Aristoteles gaan verder: "The chief characters are noble personages, and the actions they perform are noble actions. The plot involves a change in the protagonists fortune in which he falls from happiness to misery. ... Though the tragic hero is preeminently great, he is not perfect. This flaw in his character leads to his downfall. The hero's misfortune is not wholly deserved. The punishment exceeds the downfall. Yet the fall is not pure loss. Though it arouses solemn emotions - pity and fear ... when well performed, does not leave its audience in a state of depression. ... tragedy emphasizes human greatness ..." (Perrine 1973: 179-180).

Gesien in hierdie lig besit Speelgoed van glas 'n tragiese situasie en tragiese karakters. Hulle drome en aspirasies, wat dan eventueel tot vernietiging lei, gee aan hulle 'n kwaliteit van belangrikheid - al is dit dan bloot denkbeeldig.

Maar "... the play is not a tragedy. The universe of The Glass Menagerie, does not allow tragedy. ... Their struggle is ... a continuous retreat" (Nelson 1961: 104).

Waar in die ou drama die tragiese figuur - die protagonis - 'n held was, gebruik Williams in Speelgoed van glas, wat tot die nuwe drama kan behoort, 'n nie-held as protagonis.

Jackson (1965:55) sien die protagonis in Speelgoed van glas as iemand wat " ... articulates a proposition which reserves the normal order of reality by positing the stage as the ground of ultimate truth".

Sy beskou hierdie gebruik van 'n nie-heldefiguur as die prototipe van die mens as 'n middel om die lyding van die 20ste eeu te ontbloot.

As nie-held word geeneen van die karakters die kans gegun om te oorwin nie.

2.2.7.1 Amanda as tragiese figuur

Volgens Elmo Howell (1970:86) is Amanda die enigste karakter wat aan die tragik-vereiste voldoen: "The tragic dimensions of the play is centered in Amanda, for neither of her children is capable of seeing, as the mother sees, their starved present in the light of a larger past".

Alhoewel sy haar verlede te hoog aanskryf, is haar siening van 'n ander lewe werklik. Waar Tom en Laura die werklikheid wil ontvlug, probeer sy op haar manier haar werklikheid aanvaar of aanvaarbaar maak. So byvoorbeeld wil sy Tom oorreed om aandklasse te loop om meer te verdien, en

van Laura verwag sy welslae by Rubicam se handelsskollege. "The Gentleman Callers are not designed to reflect her popularity so much as to suggest her children the larger possibilities that life has to offer which they from limited experience are unable to see" (Howell 1970:86).

Waar die "gentleman callers" dus vir familie en toeskouers in 'n grappige situasie ontaard en gevolglik ook Amanda met haar pogings om hulle te lok, slaag Williams "to transmute the silly mother and her dreams into something which is noble and true. In it's larger meaning, Amanda's tragedy becomes a parable of the inadequacy of modern life" (Ibid.: 89).

2.2.7.2 Die Nuwe Drama

In sy milieu van die twintigste-eeuse nywerheidstad is dit moeilik om "Speelgoed" te kategoriseer as tragedie of nie. Dit is dalk onregverdig om hierdie stuk aan 'n norm wat eeue oud is te wil meet. Juis omdat die mens so verander het, is dit te verstane dat die drama, wat vir mense oor mense handel, saam sal verander. Waar die tragedies van die Klassieke, die Renaissance en tot en met die negentiende eeu oor adellike situasie gehandel het, gaan dit in die sogenaamde nuwe drama juis oor die situasie van die gewone mens - die nie-held. So dra die toeskouer met hom saam huis toe die visuele beeld van Laura, wat in 'n 20ste-eeuse wêreld wat deur weerlig verlig word, aan die einde van die stuk haar twee kerse uitblaas.

Williams sal hom dus as romantiese realis, as "rebellious puritan" (Tichler) wat die behoefte het om die prosesse wat in hom aan die gang is, te ontbloot, kwalik steur aan die voorskrifte van teoretici wat sy kuns wil bind.

Brink (1964:9) haal George Devine aan, wat oor Beckett die volgende te sê het: "When we first see a new kind of music we realize that we have to make an adjustment in ourselves and our attitude if we are to get the best out of the experience".

So behoort die leser en die toeskouer van hierdie Williams-skepping ook aanpassings te maak en dit nie met maatstawwe wat daargestel is in 'n tyd wat lank reeds verby is, te wil meet nie.

Dit wat anders is as wat die kritici wil voorskryf, is ook nie net anders om te wil skok of leer nie: dit is juis die aanwesigheid van hierdie "andersheid" wat van 'n drama soos Speelgoed van glas 'n hoogs geslaagde toneelstuk maak.

Waar die ou drama bloot situasies wil bevestig, kom die nuwe drama, waarvan

Speelgoed van glas 'n goeie voorbeeld is, om objektief te ontleed en te bevraagteken.

In die proses van ontleding begin by Speelgoed van glas die kunswerk. Die eerlikheid en opregtheid betrek die toeskouer in die kunservaring.

In die nuwe drama geld nuwe reëls. So is Williams se opstand teen of dan simpatie vir diegene vasgevang deur omstandighede 'n eksistensiële opstand, omdat dit handel oor die lewenspatroon en lewenswyse, die toestand van die 20ste-eeu se mens.

Volgens Brink (1964:18) sou Beethoven gesê het: "Ek wil al die reëls onder die knie kry sodat ek kan agterkom op watter manier ek hulle die beste kan verbreek ..."

Die grootste vereiste van "Speelgoed" gesien uit die oogpunt van hierdie verhandeling is of dit toneelmatig slaag. Die feit dat dit een van die mees opgevoerde stukke in die Westerse teaterwêreld is, is die antwoord. Alle ander dramatiese vereistes is vir hierdie doel dus nie relevant nie. Tog is dit vir 'n toneelmatige aanbieding nodig om sowel die stuk as die skrywer aan sekere dramatiese vereistes te onderwerp.

2.2.7.3 Williams as Tragikus

"... It should be admitted I think, that Williams is a writer of tragedy, that is, he is seriously concerned with man's attempt to solve conflicts (psychological, emotional, and intellectual) within him. The particular conflict that most concerns Williams is the struggle between what man feels he is or ought to be and what society says he is or ought to be" (Sharp 1962: 160).

Hierdie stryd van die mens waaroor dit by Williams gaan en wat hom laat kwalifiseer as tragedieskrywer, word deur hom in 'n persoonlike liriese patroon gehul. Dit maak van "Speelgoed" die sukses wat dit die afgelope drie dekades was.

Jackson (1965:41) meen dat "one of the most effective illustrations of Williams' concept of personal lyricism is 'The Glass Menagerie'". Wat dus uit sy pen vloei, belewe hy of het hy belewe. "It is an illusion projected by an imaginery camera eye, turned inward upon the self and backward upon the memory" (Ibid: 41).

As tragedieskrywer kwalifiseer hy omdat hy die mens sien "as something unique, special in the universe. The problem in his plays is how the human being can realize this uniqueness. In this he is like Sophocles or

Shakespeare (though one more immediately thinks of Torneur and Ford) who show us the sensitive man of our age trying to realize some kind of meaning in life with as much dignity and intelligence as he possesses. It is the dignity and intelligence of his protagonists that most adverse critics insist is non-existent in Williams, and if they insist on comparing them to the protagonists of Sophocles or Shakespeare, Aeschylus or Marlowe, they are right " (Sharp 1962: 170).

Maar soos reeds met Amanda Wingfield as voorbeeld aangetoon, is veral sy heldinne "confused, they are naïve, they fear the grave. Their intelligence is limited, their goals are unsure; but their struggle for meaning in life is a real struggle that has its parallels in our own living experience" (Ibid.: 171).

Ten slotte sê William Sharp (1962:171) van Tennessee Williams: "He is not in the tradition of Odets Hellman, and Miller. They are concerned with social problems, with how man gets along with the world around him. Williams is worried, as is O'Neill, with how man gets on with the world inside him". En verder ook: "Williams is not a great tragedian. To be that, one must have some mature convictions about what constitutes dignified noble behavior, and no dramatist in the twentieth century has as yet been able to dramatize such a conviction; but Tennessee Williams is the only American dramatist who, at present, even shows us a serious attempt. At the very least, it seems to me, he shows us how difficult an honest attempt is. If one is moved by nothing else, perhaps he should be moved by that".

2.2.8 Die biografiese in Speelgoed van glas

Allereers moet onthou word dat in 'n kunswerk illusie tot 'n eie soort werklikheid gevorm word. Sou iemand poog om sekere gebeurtenisse op die verhoog fotografies weer te gee, sou dit as kunswerk nie slaag nie en sou dit toneelmatig min dramatiese trefkrag hê.

Alhoewel ek in hierdie onderafdeling wil aantoon dat Speelgoed van glas uit die ervaringswêreld van Williams gebore is, stel ek dit duidelik dat by Williams die kunstenaar 'n vindingrykheid en ryke verbeeldingskrag aan die werk was om saai ervarings tot 'n eie werklikheid op die verhoog te transformeer.

Gelouter deur behoeftes en begeertes van die oomblik klee hy sy herinnerings in. Voeg daarby 'n kunstenaarstemperament wat teen die onmag van die enkeling teen die voorskrifte van die maatskappy in opstand kom, en mens

kry reaksionêre dramatisering.

Sy doel is dus nie primêr om sy eie lewensverhaal weer te gee nie. Allermens. As deur aanleg gedwonge skrywer kom hy in opstand, wil hy 'n katarsis van gevoelens tot gevolg hê.

So gesien is die saak van ooreenkomste tussen outeur en karakter nie so enkelvoudig nie.

Dat die milieu van sy kinderdae egter vir hom onderwerpe verskaf het val nie te betwyfel nie. Dat dit hom vir sy taak as dramaturg voorberei en gelouter het is net so waar.

So word Kenneth Tynan byvoorbeeld aangehaal oor sy vroeëre jare: "It was in St. Louis, in a stuffy backstreet apartment, that his world split amoeba-like, into two irreconcilable halves - the soft, feminine world of the room that he and his sister filled with little glass animals, and the cruel, male world of the alley outside where cats fought and coupled to a persistent screaming" (Dietrich 1969: 454).

Teen presies dieselfde St. Louis-agtergrond laat hy sy Speelgoed van glas plaasvind. Trouens hy gaan verder en gee aan die klein glasdiertjies wat in sy suster se kamer versamel is, die titelrol in hierdie stuk.

Op grond hiervan ag ek dit noodsaaklik om die vernaamste parallele tussen Speelgoed van glas en Williams se lewe aan te toon.

Algemeen word aanvaar dat Amanda Wingfield se prototipe Edwina Dakin Williams, Tennessee se moeder, was. Die ooreenkomste is voor die hand liggend. Soos mev. Williams gedurig van Clarkesdale in die Suide gedroom het, het Amanda gepoog om haar lewe in St. Louis aangenaam te maak deur tydlig en ontydig te droom van "Blue Mountain, Moon Lake Casinos" en sewentien vryers op een Sondag. So kan sowel Amanda as Edwina beskryf word as vitale maar effens verlore vrouens wat naarstiglik aan 'n ander plek en tyd vasklem. Volgens Williams was die ooreenkoms so groot dat hy onseker was oor hoe sy moeder dit sou opvat: "My mother and sister will never forgive me for that." (Williams 1964:149). Tog het mev. Williams toe sy Speelgoed van glas die eerste keer gesien het, haarself nie in Amanda herken nie.

Volgens mev. Williams was Williams self nie seker of Amanda wel sy ma was nie. Sy haal hom aan: "My mother and sister will never forgive me for that", en by 'n latere geleentheid: "It was derived from years of living, a dream or a fantasy play" (Williams 1964:49).

Dat daar ooreenkomste is, is nie weg te redeneer nie, en daar moet onthou word dat hy deur sy skrywe subjektiewe ervarings objektief beleef (Tischler 1965: 15).

Daar is 'n vyfde deelnemer aan die spel, wat egter nie in sy persoon verskyn nie, maar in die vorm van 'n lewensgroot portret teen die muur. Dit is ons vader, wat ons lank gelede verlaat het. Hy was in die telefoondiens en het op langafstandoprope verlief geraak. (Regisseurteks: 155).

Alhoewel Williams se vader bestuurder van die International Shoe Co. in St. Louis was, onthou Williams as jong seun hom net as die iemand wat gereeld op reis was. Toe hy 'n vader broodnodig gehad het, was daar slegs sy ouma, moeder en suster wat na hom kon omsien. Hierdie afwesigheid van sy vader was die oorsaak dat, later toe hy wel tuis was, hy die geaardheid van sy seun nie begryp het nie en sy seun "Miss Nancy" gedoop het. Soos reeds aangetoon is die telefoonbeampte ook nie toevallig nie. Voordat sy vader in die skoenonderneming beland het, het hy by 'n telefoonmaatskappy in Gulf Port, Mississippi, gewerk.

Interessant is dat Williams, wat uiters gekant was teen die fotografiese in die kuns, sy vader voorstel as 'n "larger-than-life-size photograph". (Williams 1962b:235). By implikasie het Tom Wingfield sy vader net so min geken as wat Tennessee Williams sy vader geken het. In albei gevalle was die vaders 'n harde werklikheid.

Falk (1961:76) beskryf Laura: "The morbidly shy, overdelicate sister who is as fragile as the little glass ornaments and phonograph records which are her escape".

Williams se prototipe vir Laura is sonder twyfel sy twee jaar ouer suster Rose. As gevolg van die verhuising van die gasvrye Suide na die morbiede St. Louis en haar onvermoë om haar by haar nuwe omstandighede aan te pas het Rose sielkundig al hoe meer onstabiel geraak. Haar empatie met haar broer in sy stryd teen die Shoe Co. en 'n robuuste vader het haar heeltemal in haarself laat keer totdat sy naderhand geheel en al van balans was. Nancy Tischler sê (1965:99) "Laura's early surrender is explained at the opening of the play by an allusion to an illness in childhood which left

her crippled, one leg slightly shorter than the other and held in a brace (a physical parallel to Rose's mental affliction)".

Tennessee se betrokkenheid by Rose en sy onvermoë om hom van haar los te maak vind uiting in Tom se slottoespraak: "Dan skielik raak my suster my skouer aan. Ek draai om en kyk vas in haar oë ... O, Laura, Laura, ek het probeer om jou agter te laat ... te vergeet, maar ek is getrouer aan jou as wat ek bedoel het om te wees". (Regisseurteks:446.)

Interessant is die feit dat hy haar Laura en nie Rose noem nie, heelwaarskynlik na 'n Laura Young wat hy as seun ontmoet het terwyl hy saam met oupa Dakin op huisbesoek was. Volgens Vowles (1958: 53) "Williams professed a haunting recollection of a lady named Laura Young who had a high clear voice 'like a cataract of water.' She was, in some measure we may guess, the prototype for the fragile Laura of Glass Menagerie".

Soos Williams self is Tom "... a poet who is desperately unhappy in his warehouse job, and, as yet, frustrated in his poetry. Since Tennessee Williams knows something of this not very tender trap, (hy het ongeveer drie jaar in die International Shoe Co. gewerk) he speaks with feeling about the afflictions of the machine age. Believing that many like himself, are poetic rather than mechanistic, he considers surrender to the machine a perversion of man's nature. His escape, heartless though it may seem, is a necessary and wholesome measure of self-preservation." (Tischler 1961: 98.)

Aan Paul Bigelow skryf Tennessee Williams in 1950: " ... God only knows when I will be galloping off again. Its a disease and a progressive one too" (Nelson 1961: 76).

So laat Williams ook vir Tom 'n oplossing soek in afstand wat hy nie in ruimte kon kry nie. "Ek het toe nie maan toe gegaan nie, maar baie verder want tyd is die langste afstand tussen twee plekke" (Regisseurteks:443).

Die enigste karakter wat Williams skynbaar uit sy verbeelding geskep het, is Jim O'Connor. Tog het Jim 'n deel van sy herinneringswêreld uitgemaak. In die drie jaar wat hy by die International Shoe Co. werksaam was, het hy baie prototipes van Jim O'Connor gesien, tipes in diens van die masjien. Vergelyk Jim se kursusse wat hy saans in elektrodinamika en openbare redevoering loop om as televisie begin funksioneer, die vrugte te kan pluk.

Hierdie biografiese in "Speelgoed" dien bloot as agtergrond om begrip en insig te verkry by die instudering van die stuk. Te gener tyd was dit die bedoeling om die artistieke vermoëns van Williams in twyfel te trek nie. Veral by die karakterisering van sy vier karakters het hierdie feite goe te pas gekom.

Ten slotte beweer Williams (1962a:9) oor hierdie saak: "Of course it is a pity that so much of all creative work is so closely related to the personality of the one who does it."

2.2.9 Enkele ander aspekte in Speelgoed van Glas

Speelgoed van glas is 'n stuk wat gekenmerk word deur sulke positiewe eienskappe soos insig, simpatie, eerlikheid, patos en humor.

Na Speelgoed van glas en selfs voor die tyd was geweld die tema waarmee hy sy toeskouers gekonfronteer het. In die reeds aangehaalde onderhoud met Barnett (1965:118) in Life het hy die rede daarvoor verskaf: "If I had been born to this situation I might have resented it deeply ... It produced a shock and rebellion that have grown into an inherent part of my work". Van kleins af was hy dus vatbaar en ingestel op "horror". So haal Tischler (1965:18), Brooks Atkinson aan: "I think Tennessee Williams is our finest writer, although he sometimes gives me the horrors".

Na Speelgoed van glas het hy self erken dat geweld groot dele van sy werk uitmaak. Stein (1964:141) beweer: "... he marvelled at his audiences' capacity to accept the violence he was dealing out to them, and by this time violence - of rape, castration and cannibalism - had become the hallmark of the Williams mode, his way of resolving, or avoiding, the real resolution of, the conflicts between his lonely haunted characters".

Gemeet aan hierdie standaarde kan Speelgoed van glas nie in dieselfde asem as sy geweldstukke genoem word nie. Hierdie "Catastrophe of success" soos Williams "Speelgoed" self noem, word deur Stein as moontlik die geslaagdeste van al sy stukke beskou. Daarom bepleit Stein (1964:144) "to examine not just the surface of frustration but the fullness of its catastrophic vision, a vision not only of individuals who fail to communicate with one another, nor of a society temporarily adrift in a depression, but of man abandoned in the universe.

The means which Williams has used to give form to this vision are symbolic rather than literal. His play about the man who came to dinner and failed to satisfy the expectations of two neurotic women depends not so much upon

plot or characterization as upon an undercurrent of allusion, the range of secondary associations which instead of being in the foreground of dramatic action, serve as a background of ironic commentary on the essentially static surface of this 'memory play'."

Alhoewel Williams swaar op simbole leun, is Speelgoed van glas vir sy wel-slae nie net daarvan afhanklik nie. "But again like Ibsen (Wild Duck) Williams does not hang the entire play upon his title symbol; instead he gives to the play as a whole a poetic texture and a wealth of ironic allusion" (Stein 1964: 145).

2.2.9.1 Water as simbool

'n Ander simbool behalwe die diertjies van glas is volgens Richard Vowles (1958:52) dat "... the drama of Tennessee Williams may be said to operate on a kind of liquid principle. Water, or the absence of it is frequently the symbolic key to what is going on".

Hou mens die vloeiende kwaliteit van water in gedagte, kan dit help om wat dalk fragmentaries aangebied kan word, tot 'n geheel aaneen te skakel. "Williams has described 'Glass Menagerie' as a memory play. As such, it is reasonable to think that the dominant image in Williams' mind accounts to some degree for the subtle, fluid movement of the play. One scene dissolves into another. There is, indeed, almost a submarine quality about the play, the kind of poetic slow motion that becomes ballet, and a breathless repression of feeling that belongs to everyone but Amanda. The very symbolic glass of the play is aqueous - arrested water. Form and content are thus fused with striking felicity". (Ibid.: 53).

2.2.9.2 Vuur as simbool

As water 'n rol sou speel terwyl dit dan slegs vaagweg gesuggereer word, hoeveel te meer nie vuur, wat as simbool in die dekorstel ingebou word nie. Die brandtrappe wat in die stuk 'n belangrike fokuspunt uitmaak, word deur Williams (1962b:233) soos volg beskryf: "... entered by a fire-escape, a structure whose name is a touch of accidental poetic truth, for all of these huge buildings are always burning with the slow and implacable fires of human desperation".

Dis waaroor Williams skryf: "The slow and implacable fires of human desperation." Die vuur, waarvoor hy brandtrappe skep, is nie in 'n wêreld buite die mense nie - daarvoor sou hulle die brandtrappe nie benodig het nie- maar vir die vuur binne-in hulle.

Al vier die karakters is "aan die brand". Al vier word deur 'n desperaatheid gedryf wat die gebruik van brandtrappe noodsaaklik maak. Die ironie wat vaagweg gesuggereer word, is dat nie een van die karakters slaag om die vuur in hom te blus nie.

Telkens in die stuk word daar na vuur verwys. Amanda praat van aartappels wat in die oond verbrand. Sy vra vuurhoutjies om kerse aan te steek omdat een van die sekerings dalk uitgebrand het.

Die belangrikste suggestie oor die rol van vuur is die kandelaar wat Amanda aan Jim oorhandig. Oor die kandelaar, wat draer sou word van die kerse wat Laura se wêreld verlig, word die volgende gesê: "Ek sal vir julle hierdie pragtige ou kandelaar gee wat vroeër op die altaar van 'n kerk gestaan het. Dit is so bietjie misvorm deur die hitte toe die kerk afgebrand het. Die weerlig het die kerk aan die brand geslaan. Gypsy Jones het destyds spesiale evangeliedienste gehou, en hy het te kenne gegee dat die weerlig het die kerk getref omdat die lidmate te veel kaart gespeel het." (Regisseurteks: 365).

Veral die "misvorm deur die hitte" is insiggewend. Almal van hulle is misvorm deur die hitte - Christene wat uitkomkans soek in 'n dreigende wêreld. Vir Williams lê die ondergang juis daarin dat hulle almal afstammelingen van 'n Suidelike Christelike tradisie is en dat hy, sy moeder en sy suster selfs uit 'n pastorie kom. Stein (1964:149) sê dat hierdie "Christian imagery becomes a mean of denying Christian belief".

Dis egter 'n hele afsonderlike nuwe studieterrein en hoort nie in hierdie opset tuis nie. In die karakteriserings sal in 'n mindere mate daaraan aandag geskenk word.

Behalwe dat water en vuur as simbole van vloeibaarheid en desperaatheid gebruik word, moet dit ook gesien word as 'n middel tot katarsis.

Ongelukkig word die karakters geen kans gegun nie en gaan hulle in die proses onder.

- FALK, Signi. 1961. Tennessee Williams. New Haven, College and University Press.
- HOWELL, E. 1970. The function of gentleman callers; a note on Tennessee Williams' Glass menagerie. Notes on Mississippi writers. 2:83-90, Winter.
- JOVEN, Nilda G. 1966. Illusion and reality in Tennessee Williams' The glass menagerie. Dillman review, 14:81-89, Jan.
- NELSON, B. 1961. Tennessee Williams, his life and work. London, Peter Owen.
- ROWLAND, J.R. 1967. Tennessee's two Amandas. Research studies. 35:331-340, Des.
- STEIN, R.B. 1964. The glass menagerie revisited; catastrophe without violence. Western humanities review, 18:141-153, Spring.
- TISCHLER, Nancy M. 1961. Tennessee Williams; rebellious puritan. New York, The Citadel Press.

HOOFSTUK 3

3.1 Karakterbeelding in Speelgoed van glas

Tennessee Williams het sy Speelgoed van glas om vier karakters asook 'n vyfde deelnemer, wat as portret teen die muur hang, geweeft.

Hierdie vier karakters het hy met insig, simpatie, eerlikheid en humor geskilder. Hy het hulle nie alleen lewende wesens met lewende probleme gemaak nie maar hulle ook universeel laat lewe deur aan hulle 'n plek en 'n tyd te gun.

Omdat die handeling en intrige vir hom so bekend was en omdat hy self elke oomblik daarvan intens deurlewe het, kon hy met amper fotografiese noukeurigheid sy karakters skep. As transformasie van die fotografiese na die kuns - die werklikheid na die nie-werklikheid - het hy die droomspel as medium gebruik. In herinnering het hy dus die lief en leed van sy mense, vasgevang deur omstandighede, weer laat lewe.

Deur die tyd verwyder kon hy dus afstand kry, en oor wat eens subjektief belewe is, kan hy nou objektief verslag doen.

Omdat hy skrywer asook deelnemer is en hy in sy kuns na objektiwiteit gestreef het, moes hy 'n manier vind om dit wat hy wou oordra, objektief te doen. Daarom die vindingryke hantering om self die storie te begin vertel en dan die tyd terug te draai en self aan die handeling deel te hê. So ontstaan Tom die verteller teenoor Tom die karakter - werklikheid teenoor nie-werklikheid. Tom die verteller kan dus objektief staan en kyk wat met Tom die karakter gebeur.

As verteller stel Tom die vier karakters aan die toeskouers voor.

3.1.1 Amanda Wingfield - die moeder

"A little woman of great but confused vitality clinging frantically to another time and place. Her characterization must be carefully created, not copied from type. She is not paranoiac, but her life is paranoia. There is much to admire in Amanda, and as much to love and pity as there is to laugh at. Certainly she has endurance and a kind of heroism and though her foolishness makes her unwittingly cruel at times, there is tenderness in her slight person" (Williams 1962b:228).

So het Tennessee Williams hierdie karakter, wat volgens Signi Falk een van sy bestes is, geskep.

In die "Acting Version" het hy Amanda Wingfield net as die moeder aangekondig en moes regisseur, speler en toeskouer haar deur haar handelinge leer ken.

In my benadering het ek Amanda primêr as die moeder gesien en die "tenderness in her slight person" geaksentueer. Saam met James Rowland (1967:335) wou ek aan Tom en Laura eerder 'n moeder as 'n verhoogmaat gee. Natuurlik het ons haar volgens voorskrif "unwittingly cruel" gemaak en sodoende gepoog om 'n vol karakter te skep. Want juis in hierdie omvang van Amanda se karakter is die tragiese van "Speelgoed" gesentreer.

Sou mens na al die beskrywings van Amanda 'n opinie probeer vorm, kan dit dalk tot 'n wanindruk lei! So sê Signi Falk (1961:72) van haar: "... garrulous and silly, narrow and spinsterish in her attitude toward life." Met hierdie kenmerke, wat myns insiens in haar geval eerder 'n uitsondering as die reël is, kan Amanda maklik in 'n karikatuur ontaard.

Tischler (1965: 97) beweer dat Amanda "an exceedingly complex personality" besit. Dit is seker so, maar ek stem eerder saam met Elmo Howell (1970: 87): "Amanda is an ordinary woman who is somehow transfigured by the memory of her early life in Mississippi and who tries to pass the influence on to her children. She exaggerates her glories, like the number of gentlemen callers, but the idea of a very different way of life is real, and this is enough to establish her as the dominant interest in die play".

Waar al drie die ander karakters poog om van die werklikheid weg te kom, is juis sy besig om haar werklikheid te aanvaar. Al probeer sy om haar teenswoordige met drome van die verlede te verfraai, moedig sy Tom aan om minder te rook, om aandklasse te loop. Ook verdien sy geld deur 'n tydskrif die Homemakers Companion te verkoop, sodat Laura 'n handelskursus by Rubicam kan loop. Eersgenoemde maak haar "garrulous", nie laasgenoemde nie.

Haar pogings om haar kinders en dus haar gesin bymekaar te hou is prysenswaardig.

Alhoewel sy in toneel 1 Tom die harnas injaag met haar aanhoudende ge-neul, is die positiewe vir my eerder waar. Neem byvoorbeeld haar hantering van Laura toe sy die tafel wou afdek. 'n Moederlike besorgdheid en 'n vermaning: "Sit weer kleinding- ek wil hê jy moet fris en mooi bly vir jou vryers". (Regisseurteks:160).

Sy slaag ook, ten spyte van Tom se sarkastiese aanmerkings, om 'n gesins-

lewe aan die gang te hou. Alhoewel mens die indruk kry dat sy dalk net kan droom is dit ver van die waarheid. Miskien is dit Tom en Laura se nie-deelname aan die gesprek wat haar aan die droom sit en wat haar nadenkend laat sê: "Die meisies van daardie dae het geweet hoe om te gesels" (Ibid.: 165.)

Signi Falk (1961: 72) skilder Amanda ook positief: "She refuses to admit Laura's shyness and her crippled leg and forces her to attend church socials where she might meet men".

Terwyl sy baie positief is oor Laura se fisieke en psigiese toestand en weier om te aanvaar dat Laura anders as ander meisies is, besef sy terdeë wat met Laura kan gebeur as daar nie voorsorg getref word nie "Wat is oor behalwe lewenslange afhanklikheid? Ek weet maar te goed wat met ongetroude vrouens gebeur wat nie bereid is om te werk nie. Daar in die Suide het ek hulle dikwels gesien -oujongnooiens vir wie niemand iets oor het nie, en onvriendelik geduld word deur hulle suster se man of hulle broer se vrou - weggesteek in 'n agterkamertjie - aangemoedig deur die swaer of skoonsuster om nou weer elders te gaan kuier" (Regisseurteks: 186).

As sy halsoorkop in die mansoekpetalje indons en Laura as 'n pragtige lokval voorberei - teen Tom en Laura se raad -, heilig haar doel die middele. As sy egter nie in haar doel slaag nie, tuimel haar hele wêreld inmekaar, en onregverdig en ontaktfvol beskuldig sy Tom van alles. Hier kom sy dan beslis die sjarme, waarvan sy so dikwels praat, kort.

Waar Amanda teenoor Laura simpatiek gesind is, kom sy by tye teen Tom gevoelloos voor. Aanhoudend neul sy oor sy gewoontes en sy gedrag. Sy het min of geen insig in sy vervelige pakhuiswerk nie, en sy kan begeertes en behoeftes nie na waarde skat nie. Sy neul by hom omdat hy rook, omdat hy skryf, omdat hy verkeerd eet, omdat hy te veel bioskoop toe gaan en omdat hy verkeerde boeke lees.

Hier ontstaan dan nie net 'n konflik tussen karakters nie maar tussen die vleeslike en die geestelike. Vir Tom is die man instinktief 'n jagter (Williams 1962b:260).

Tog is Amanda nie konsekwent nie. As sy besig is om Laura as 'n lokval voor te berei, stop sy haar borste met "Gay Deceivers" op, omdat elke meisie 'n lokval is en elke man van haar verwag om een te wees. Amanda maak dus staat op die man as instinktiewe jagter (Ibid.: 275).

Omdat sy egter die instinktiewe haat, hou sy haar gereeld doenig met iets Christeliks. In die "Acting Version" vertel sy vir Tom dat toe sy die vorige Sondag kerk toe was, 'n dame haar gevra het om elders te gaan sit, want die betrokke sitplek was verhuur. Sy praat gereeld daarvan dat daar nie gebid kan word voordat almal aan tafel is nie. Williams skryf haar musiek as die "Ave Maria" voor, en sy skree gereeld aan Tom: "Rise and shine". Ook praat sy van haar intekenaars as Christen-martelaresse, en Laura sê van haar, "as u teleurgestel is, kry u so 'n vreeslike lydingsuitdrukking, net soos die van Jesus se moeder daarin die museum" (Regisseurteks: 186). So poog sy om haar huidige lewe op dieselfde vlak te hou as die een waaraan sy in die Suide gewoond was.

Oor Williams (1962b:228) se beskrywing van Amanda: "Clinging frantically to another time ...", moet ons nie 'n eensydige opinie vorm nie. Dat die tyd waaraan sy vasklem, die verlede is, is waar. Maar ewe waar is die feit dat sy net so desperaat aan die hede vasklem. Dis juis hierdie heroïese vasklem aan die hede en nie die romantiese vasklem aan die verlede nie wat die kern van haar karakter uitmaak. Ten spyte van die feit dat haar verlede en haar hede twee verskillende wêreldes is, aanvaar sy haar hede en maak die beste daarvan.

Alhoewel tot mislukking gedoem, hou sy nogtans aan met neul by Tom. As aan die einde van die stuk haar hele wêreld ineen tuimel en sy Tom maan toe verwys omdat hy 'n selfsugtige dromer is, verstaan sy hom beter as enigiemand anders, omdat sy sy drome deel. (vgl. Tischler 1965: 98.)

Aan die einde van die stuk, nadat Tom hulle verlaat het en Amanda probeer om Laura te troos, beskryf Williams (1962b:312) haar soos volg: "She has dignity and tragic beauty". Dan, beweer Tischler (1965: 98), besef die toeskouers dat Amanda meer simpatie as Laura nodig het.

Die werklikheid het haar droom vernietig. Soos sy sukkel om intekenare vir die tydskrif Homemaker Companion te werf, is 'n "Homemaker Companion" vir haar nie beskore nie. Al wat oorbly, is haar herinneringe.

3.1.2 Laura Wingfield - haar dogter.

"Amanda, having failed to establish contact with reality, continues to live vitally in her illusions, but Laura's situation is even graver. A childhood illness has left her crippled, one leg slightly shorter than the other, and held in a brace. This defect need not be more than suggested on the stage. Stemming from this, Laura's separation increases till

she like a piece of her own glass collection, too exquisitely fragile to move from the shelf" (Williams 1962b:228).

Dit is soos haar skepper, Williams, haar beskryf. Omdat dit egter net 'n raamwerk van haar karakter suggereer, kan uit die teks en subteks meer besonderhede oor haar bekom word.

Wat in die eerste plek onthou moet word, is dat Laura 'n fisieke gebrek het as gevolg van een of ander kindersiekte. 'n Duidelike fisieke karaktereienskap is dus 'n kruppel linkervoet.

Hier ontstaan dadelik vir Laura haar eerste probleem. Van meet af is sy nie soos ander kinders nie. Behalwe dat sy fisiek nie aan hulle speletjies kan meedoen nie, trek haar stut en opgeboude skoene onnodig aandag. Haar andersheid is dus dadelik so opvallend soos die horing van haar glas-eenhoring. Soos 'n perd met 'n horing op sy neus nie tussen al die ander perde pas nie, net so min pas sy met haar kruppel linkerbeen by die ander kinders.

Alhoewel Amanda nie wil aanvaar dat haar dogter 'n kreupele is en dus anders as ander meisies is nie, vestig sy juis die aandag op Laura deur haar gereelde bewerings dat Laura nie anders is nie.

Later is dit uiters moeilik te bepaal of Laura kruppel is as gevolg van haar voet of as gevolg van haar skugterheid en haar onvermoë om die wêreld in die gesig te kyk.

As Amanda van trou praat, is Laura dadelik lam geslaan van pure skrik, omdat sy glo: "Ek is - kruppel". (Regisseurteks: 195).

Hierdie fisieke gebrek word dan later 'n psigiese gebrek. Minderwaardigheidsgevoel, gebrek aan selfvertroue en angs word naderhand groter struikelblokke as 'n enkele kruppel voet, wat volgens Amanda (Ibid.: 195) en volgens Jim (Ibid.:399), amper nie eers raakgesien word nie. Maar dit glo sy nie, omdat sy nie soos haar broer Tom die durf het om bioskoop toe te vlug, om in alkohol bevryding te soek of aan 't skrywe te gaan nie.

Dan bly die enigste uitweg vir Laura om haar van die werklikheid te onttrek. Dan speel sy ou afgeleefde plate of poleer tot vervelens toe haar glasdiertjies. En met die tyd kom die kondisionering, totdat sy net so breekbaar soos hulle is.

Tischler (1965: 99) beweer van Laura: "Unable to adapt to the modern scene of electro-dynamics, she lives in a world of candlelight and fantasy". Daarom vind sy ontvlugting nadat sy by Rubicam se handelskollege opgegooi

het deur in die geboue rond te dwaal of bioskoop toe te gaan.

Maar anders as Tom kom sy nie in opstand teen die doelloosheid en beperkende lewe wat hulle lei nie. Sy stel nie in konfrontasie belang nie, slegs in algehele isolasie, omdat sy bang is dat sy die uitdagings nie sal kan aanvaar nie. Dan besef sy dat sy nes die eenhoring en die blou rosie nêrens pas nie. Hierin word sy indirek deur Amanda en selfs Tom gesteun. Omdat hulle albei in 'n droomwêreld lewe, skep hulle 'n sodanige klimaat - een van nie-werklikheid, en daarin floreer Laura.

Omdat Amanda nie die omvang van Laura se probleem besef nie, tree sy soms ontaktvol op. Om Laura by Rubicam in te skryf is goed, maar dan moet daar aanpassings gemaak en hulp verleen word. Om haar aan haar lot oor te laat is om haar vir ewig kopsku te maak. "This flaw, a symbol of the crippling of a sensitive person thrust into a world unwilling to make allowances for sensitivity, becomes the cause of her separation from reality" (Tischler 1965: 100).

In haar slottoneel met die "Gentleman Caller" kom fasette in Laura se lewe na vore waarop haar moeder gereken het. Tydens haar en Jim se omhelsing staan sy op die drumpel van vryheid. Met 'n bietjie hulp sou sy oor hierdie drumpel kon stap. Maar Jim, wat tot dusver so behulpsaam was, is heeltemal magteloos om haar in hierdie groot oomblik te help. "Unaware that

he is destroying all the self-confidence he had so casually built up, he indulges his own egotism. He talks of what love had done for him and the power of love which made a man of him" (Falk 1961: 79).

"Her brief joy is snuffed out and her loneliness is only intensified. It is obvious that she will never allow a Jim O'Connor to happen to her again" (Nelson 1961: 97).

Tennessee Williams (1962b:307) beskryf haar debakel die beste: "The holy candles in the altar of Laura's face have been snuffed out. There is a look of almost infinite desolation". Dan gaan hy verder asof hy sout in haar wonde wil vryf: "She bites her lip which was trembling and then bravely smiles. She opens her hand again on the broken glass ornament. Then she gently takes his hand and raises it level with her own. She carefully places the unicorn in the palm of his hand, then pushes his finger closed upon it" (Ibid.: 307).

Dit lyk asof sy besef dat sy en haar eenhoring, wat nou nes al die ander perde lyk, nie meer in dieselfde huis hoort nie.

Dit is die beeld van Laura. Om hierdie prentjie te verlig het Williams (Ibid.: 231) voorgestel dat "the light upon Laura should be distinct from the others, having a peculiar pristine clarity such as light used in early religious portraits of female saints or madonnas".

Toe Williams voorgestel het dat die stuk nie realisties is nie maar " ... is intended to be a sentimental, evocative piece, he must be thinking of Laura the morbidly shy, overduplicate sister who is as fragile as the little glass ornaments and phonograph records which are her escape" (Falk 1961:76).

Haar doen en late is te veel op simpatie gebaseer en miskien effens te subjektief geskilder.

"But if the character of Laura is never fully realized, her plight is given luminous expression. For Williams, the beauty of the ideal is far too delicate to survive long in a world where beauty and delicacy have become little more than petty catchwords. The beauty and gentility of Laura and Rose only make them anachronisms who must either retreat into the ideal beauty of unreality or break in the face of the meaningless harshness of the world outside the glass menagerie. Their plight is symbolized in a poem Williams calls Lament for the Mother.

A plague has stricken the moths, the moths are dying,
their bodies are flakes of bronze on the carpets lying.
Enemies of the delicate everywhere
have breathed a pestilant mist into the air.

Lament for the velvety moths, for moths were lovely.
Often their tender thoughts, for they thought of me,
eased the neurotic ills that haunt the day.
Now an invisible evil takes them away.

I move through the shadowy rooms, I cannot be still,
I must find where the treacherous killer is concealed.
Feverishly I search and still they fall
as fragile as ashes broken against a wall.

Now that the plague has taken the moths away,
who will be cooler than curtains against the day,
who will come early and softly to ease my lot as I move
through the shadowy rooms with a troubled heart?
Give them, O mother of mother and mother of men,
strength to enter the heavy world again,

for delicate were the moths and badly wanted here in
a world by mammoth figures haunted". (Nelson 1961: 95-96).

Laura word egter as simbool gebruik. Vir mense soos sy is daar in die wêreld nie plek nie.

"In Williams' moral system the rejection of life is the greatest crime, and those guilty of it are visited by the kind of punishment that falls upon Blance in 'Streetcar'" (Ganz 1965: 206).

Net soos haar moeder het die nie-werklikheid oor die werklikheid geseëvier. En net soos haar moeder sal ook sy nooit 'n "Homemaker Companion" besit nie.

3.1.3 Jim O'Connor - die besoeker

"A nice ordinary young man" (Williams 1962b:228).

By monde van Tom Wingfield word die "Gentleman Caller" soos volg beskryf:
"Hy is die mees realistiese karakter in die stuk. Maar daar ek 'n digterlike swakheid het om simbole te gebruik, wend ek sy karakter aan as 'n simbool; hy is die langverwagte maar erg vertraagde IETS waarvoor ons almal lewe". (Regisseurteks: 155).

Dit is een van die twee kante van Jim se persoonlikheid wat aan ons voor-gehou word. Maar dit beteken nie dat hy 'n dubbele of gesplete persoonlikheid besit nie.

Aan die een kant is Jim die nuwe wêreld waarvoor almal wag. Hy het wat hulle betref, 'n Messiaanse taak, om hulle te verlos van die verskriklike omstandighede waarin hulle vasgevang is.

Sy besoek op die betrokke Vrydagaand word dus met groot verlange afgewag. Interessant is dat sy besoek op 'n Vrydag val - 'n dag toe die grootste van alle offerandes geoffer is. Betekenisvol is ook die feit dat die aand as gevolg van sy kerklike verband 'n visgereg die hoofdis uitgemaak het - 'n vis was juis die simbool van die Christene.

Stein (1964:152) wys ook op die toeval dat hy met sy koms reën gebring het, wat hoewel van korte duur, tog baie verfrissend is.

Die kragonderbreking - duisternis in die wêreld, en Amanda se onskuldige vraag: "Waar was Moses toe die ligte dood was" (Regisseurteks:357) is ook 'n suggestie van 'n verlosser wat sy volk moes verlos. Insiggewend beantwoord sy dan self die vraag: "In die duisternis". (Ibid.: 357).

Hier verskaf Amanda onwetend die antwoord op almal se vraag of die verlosser geslaagd gaan wees.

Alleen saam met Laura probeer Jim weer eens om 'n verlosser te wees. Hy bied haar eers wyn aan, en later vra hy haar of sy aan 'n "Lifesaver" wil suig (Ibid.: 424). Maar aan die einde, as Laura haar kerse doodblaas, sit sy en Amanda albei in die donker.

Hulle verlosser na wie hulle so uitgesien het, kon hom kwalik self verlos. Tog was die "nuwe wêreld" waarna almal uitgesien het, goed vir sy verlossingswerk gekwalifiseer.

"Op hoërskool het ons reeds kennis gemaak. Daar was hy 'n held wat op elke gebied uitblink het. Hy het 'n groot hoeveelheid Ierse goedaardigheid gehad, met die afgeronde voorkoms van wit porselein. Hy was voortdurend in die kalklig. Hy was 'n uitbinker op sportgebied, voorsitter van die debatsvereniging, hoofseun in sy klas en het die leidende seunsrol gespeel in die jaarlikse ligte opera. Hy was altyd op die draf - het byna nooit geloop nie. Dit het gelyk of hy enige oomblik die wet van die swaartekrag sou verbreek." (Regisseurteks:300).

In sy eerste ontmoeting met Amanda en later met Laura kwalifiseer hy dadelik. Hoe meer Amanda gesels, hoe lekkerder gesels hy saam. Saam beoefen hulle op meesterlike wyse die kommunikasiekuns.

Later stel hy ook vir Laura op haar gemak, dryf selfs met haar die spot en oorreed haar om haar minderwaardigheidsgevoel te bowe te kom.

So vasgevang is Laura later in sy joviale en warme optrede dat sy selfs met hom dans.

Niemand kan Laura en Amanda kwalik neem as hulle by monde van Amanda hulle waardering uitspreek nie: "Hemel mnr. O'Connor, niemand, niemand het my soveel genot verskaf gedurende die afgelope jare, soos jy vanaand nie". (Ibid.:365).

Maar dan, terwyl Laura en Jim dans - Laura op pad na werklike vryheid - kom die lomperd Jim en hy stamp teen die tafel waarop die eenhoring staan. Van hieraf begin die kleivoete van die verlosser verkrummel.

Dit bring ons by die tweede beskouing van Jim O'Connor se persoonlikheid. Ongelukkig vir Jim het Tom se beskrywing van hom nie by die vorige aanhaling opgehou nie. "Hy het met so 'n spoed en stukrag deur sy adolessente jare geskiet dat dit byna logies was om te verwag dat hy teen dertig jaar president van Amerika sou wees.

Maar skynbaar het Jim meer struikelblokke teengekom na hy skool verlaat het. Ses jaar daarna was sy posisie nie veel beter as myne nie."

(Regisseurteks:300).

Miskien is Jim se vertraging te wyte aan sy verslawing deur die masjien in die International Shoe Co. Of is hy dalk dieselfde dromer as sy Wingfield-kollega wat nog nie mooi met die werklikheid op dreef kon kom nie?

Hoor wat sê hy van homself: "Jy en ek is nie die pakhuistipe nie." (Ibid.: 332). Hier sien ons 'n duidelike gebrek by hom om die werklikheid te aanvaar. Net soos Tom, Amanda en Laura soek ook hy na ontvlugting.

Aan Laura beken hy joviaal sy onvermoë: "Om myself as voorbeeld te neem ... toe ek hoërskool verlaat het, het ek gedink ek sou vandag, na ses jaar, baie verder gevorder het." (Ibid.:387).

En "My belangstelling lê in elektrodinamika. Ek loop 'n kursus in elektriese ingenieurswese in die aand, nieteenstaande my redelik verantwoordelike pos in die pakhuis. Ek loop die kursus en bestudeer openbare spreekkuns. (Ibid.:402).

Self erken hy dat hy nog 'n lang pad moet aflê. Hierin sien ons ook die rede vir sy teleurstellings tot op daardie tydstip. Hy droom van die toekoms van televisie en word sodoende die segsman van die Amerikaanse droom: "... daarom beplan ek nou om van die begin af daarvan te leer. Om die waarheid te sê, ek het alreeds die regte konneksies gemaak en al wat oorbly, is dat hierdie nuwe nywerheid self op dreef moet kom. Tot sy uiterste ... KennisZzzzzzp! GeldZzzzzzp! MAG! Dit is die siklus waarop demokrasie gegrondves is." (Ibid.:402).

Maar filosofeer en planne maak bring nog nie sukses nie, en hier word Jim die simbool in "Speelgoed" van "The Catastrophe of Success", waarvan Williams sê: "The Cinderella story is our favourite national myth, the cornerstone of the film industry if not of the Democracy itself" (Stein 1964: 148).

Juis hierin lê ook Jim se katastrofe. Net so min as wat Laura Cinderella is, net so min is Jim "Prince Charming" (Stein 1964:149), en of hy dit wil glo of nie, die liefde wat hy gevind het wat die hele wêreld kwansuis sou verander, sou hom niks baat, want dieselfde wêreld het op die drumpel van die Tweede Wêreldoorlog gestaan.

In sy droomwêreld het Jim nog nooit met die werklikheid gekonfronteer geraak nie. Klasse loop en belangstelling in spraakkuns was deel van sy

Amerikaanse droom. Om 'n meisietjie te help om haar selfvertroue te herwin is net so deel van die droom. Maar om fisieke kontak en liefdesbetuigings te verwesenlik soos deur haar te soen, is die harde werklikheid, waarvoor hy nie kans sien nie.

"Laura is not the only person awakened in their moments together; Jim is awakened to a part of himself that he has not quite successfully suppressed: the unsure, uncertain frightened Jim O'Connor" (Nelson 1961: 98).

Alhoewel Jim se droom van homself in die harde werklikheid platval, is hy die enigste karakter in die stuk wat die huis kan verlaat en na 'n lewe van "werklikheid" kan terugkeer (Tischler 1961: 101).

Jim O'Connor is nie die volledig getipeerde karakter soos byvoorbeeld Amanda nie. Omdat Williams min simpatie met sy soort het, naamlik die wat in pakhuise werk en van geldelike welslae droom, is hy tog empaties by hulle betrokke, omdat hy dit proefondervindelik beleef het. Sy skets van Jim O'Connor is satiries dog simpatiek en broodnodig vir die intrige van Speelgoed van glas.

Dit het dus 'n verteenwoordiger van die wêreld van werklikheid gekos om Wingfield se drome van "'n wêreld van werklikheid" te verydel. Jim, die Wingfields se "Homemaker's Companion", is nog nie "gepubliseer" nie.

3.1.4 Tom Wingfield - Die Verteller en Seun

"In this delicate work Williams retains a highly objective attitude toward his picture of a life of failure. He locates his story in the context of the larger world, which demands a wide-awake attitude toward a society that, ailing and torn with the conflict of a Second World War, challenges our intelligence and capacity for action. Although the play is written in a mood of tenderly rueful reminiscences, Williams exhibits much strength of mind and objectivity. Sympathize though he does with his failures, he recognizes, that one cannot accept their quiescence and bumbling ... "The Glass Menagerie" is ... a 'mood'. But it is a mood not mistaken by either the author or the narrator (and they are actually the same person ...) for the whole of reality. The author was attached to his characters to such a degree that he could make them move us deeply, but he was also detached enough to locate them in time, place and necessity." (Nelson 1961: 101).

Dit bring ons by die vierde karakter en vierde protagonis in die stuk: "Tom is caught in the web of his family and is fully aware of his plight. He knows that his job in the shoe company will stifle him and the anguish he feels in the presence of his mother will soon tear him apart. He knows that one day he will have to commit the cruellest act of his life: the abandonment of his family. As Gassner noted, he may love and sympathize with these people but he cannot accept their failure. The world will not accept them and Tom must make his stand in the world, 'for nowadays the world is lit by lightning. Blow out your candles, Laura - and so good-bye ...' So Tom leaves 'with a wide-awake attitude toward a society that ... challenges our intelligence and capacity for action.' He cuts the silver cord and like Paul Morel in "Son and Lovers" walks out of the darkness toward the challenging and shimmering unknown." (Nelson 1962: 102).

Van Tom Wingfield skryf Tennessee Williams (1962b: 228) soos volg: "A poet with a job in a warehouse. His nature is not remorseless, but to escape from a trap he has to act without pity".

Insiggewend is "a poet with a job in a warehouse".

Vir iemand met 'n kunsaanvoeling en met min of glad geen meganiese aanleg nie was elke oomblik in die International Shoe Co. 'n marteling. Hier was hy 'n tipiese voorbeeld van een van sy persone vasgevang deur omstandighede (vgl. Barnett 1948: 116).

Uit die aard van die saak wil hy begin smag na ontvlugting. Eers het hy dit kunsmatig begin stimuleer deur op skoendose gedigte te skryf, bioskoop toe te gaan en hom aan alkohol te buite te gaan. Later het hy tot die daad oorgegaan en sy vader sy wanderlust in so 'n mate begin beny dat hy die geld vir die water en elektrisiteit gebruik het om vir hom lidmaatskap van die unie van handelsmatrose te koop.

Hier toon Tom ooreenkoms met Laura. Net soos sy weier hy om die bestaan as werklikheid te aanvaar. Anders as sy doen hy iets daaraan.

As gevolg van sy doen en late hoort hy nêrens tuis nie. In die woonstel het hy gedurig moeilikheid met sy moeder. In die pakhuis glimlag hulle vir hom, "glimlaggies soos 'n mens sien as 'n snaakse hond op 'n afstand oor die pad sou loop" (Regisseurteks: 304).

Tog is dit sy geduld met sy moeder en sy liefde vir sy suster wat hom 'n heroïese karakter maak: hy is opgewonde as hy sy moeder meedeel dat hy 'n besoeker vir ete uitgenooi het; hy geniet dit besonder as Amanda sy hare kam.

Maar hy is net so gefrustreerd soos hulle en net so onmagtig om van sy 2 by 4-posisie ontslae te raak.

Om as Amanda en Laura se verlosser op te tree kan hy nie. Hy is bloot die broodwinner wat met 'n salaris van \$65 per maand en 'n paar klein bedraggies vir poësie die huishoudelike pot aan die kook hou.

Tog is hy die aankondiger van 'n moontlike verlosser wat kom. Hy ontken dit egter voor die tyd deur homself as "El Diablo" voor te doen.

Aan die ander kant dien hy as simbool van verlossing. Toe hy een aand na middernag tuis kom, vertel hy van 'n towenaar, ene Malvolio, 'n simbool van haat, wat die rol van 'n moderne Messias gespeel het. Eers verander hy water in wyn maar tree dan so godslasterlik op dat hy die wyn toe eers in bier en daarna in whiskey verander.

Daarna toor hy 'n kanariekoutjie om in 'n bak goue vissies - simbool van Christelikheid maar besmet met die materiële (Stein 1964: 152) - en daarna weer na kanaries wat wegvlieg.

Vir hom was die grootste bevryding die ontsnapping uit die doodkis. Vir Tom is sy vader bewonderenswaardig omdat hy geslaag het om uit so 'n 2 by 4-toestand te ontsnap.

Maar Tom is nie alleen deelnemer nie, hy is ook verteller. Hy is nie-werklikheid as deelnemer en werklikheid as verteller.

As verteller kan hy bekend maak dat sy ontvlugting nie die moeite werd was nie. As verteller het hy ontdek dat vlug impliseer dat jy vir iemand vlug en dat iemand jou dus agtervolg en eindelik sal inhaal. Die een vir wie hy gevlug het, was hy self, en van jouself kan jy onmoontlik vlug. Hy het ook agtergekom dat daar meer as een manier van ontvlugting is, bv. om langs die pad te rus - soos hy nou doen.

In die lewe van werklikheid waarin hy gevlug het, kom hy agter dat hy nie vir die werklikheid gekondisioneer was nie. Daar is te veel dinge wat hom aan sy droom herinner.

Samevattend Signi Falk (1961: 75) oor Tom: "Tom Wingfield trapped by two woman and his own indolence, he is narrator who sets the scene as taking place in the thirties. He describes Americans as going their blind way, dancing, making love, and being wildly disturbed by labour troubles at the time that the Spaniards were being methodically slaughtered at Guernica. He is evidently a lonely soul, ignored and slightly ridiculed by his fellow workers at the plant until the big Irishman Jim O'Connor paid attention to him. There is considerable talk about his writing poetry but it seems to be a kind of escape from a very trying life. It is not Tom's poetry nor his world view but his patience with his mother and his sensitiveness and deep affection for his sister, Laura, that give him a certain stature. He is about as frustrated as they. Fired for writing poetry on the boss's time he takes off as did his father, to find escape. But in every city there is a reminder of his sister. 'Oh Laura, Laura, I tried to leave you behind me, but I am more faithfull than I intend to be. I reach for a cigarette, I cross the street, I run into the movies or a bar, I buy a drink, I speak to the nearest stranger - anything to blow your candles out - for nowadays the world is lit by lightning! Blow out your candles Laura - and so good-bye!'"

Morton Bloomfield (1965: 483) som Tom se dubbel rol soos volg op: "He appears as the point of view as the personal creator of the action and as commentator and chorus.

He is not, however, a detached persona or chorus but one intensely concerned with the action, indeed the very entry into the action, in which he has been heavily involved in the recent past."

DEEL 2 AANBIEDING EN ENSCENERING

1. Dekor
2. Beligting
3. Musiek
4. Kostumering
5. Grimering
6. Rekwisiete
7. Fotobeeld
8. Repetisies
9. Begroting
10. Resensies
11. Opvoerrechte
12. Regisseurteks en Regieplan
13. Repetisieverslag

1. Dekor

1.1 Inleiding

Met die beplanning van die dekor is veral die volgende in gedagte gehou:

- Dit is 'n herinneringspel.
- Dit moet prakties uitvoerbaar wees.

Omdat dit 'n herinneringspel is, hoef dit nie realisties te wees nie, kan dit selfs ekspressionisties wees.

In herinnering vervaag die algemene en net sekere belangrike dinge word in detail onthou. Daarom word net sekere dinge in die dekor in detail weergegee. Die res vervaag in die algehele prentjie. So sal byvoorbeeld in die koskas net die vier funksionele borde uitgestal word. Ander borde is nie belangrik nie en word dus nie onthou nie. Die werklikheid word dus net gesuggereer.

Om die droomeffek verder te onderstreep is dit essensieel dat die dekor deursigtig moet wees. Daarmee word bedoel dat sowel binne as buite gesien kan word. Alhoewel die handeling hoofsaaklik binnenshuis afspeel, is die woonstelopset in die St. Louis-milieu van kardinale belang. Mure wat met gaas oorgetrek word, is dan deursigtig en kan 'n tweeledige doel dien: dit ommuur 'n woonarea maar slaag nie daarin om die verderflike buitewêreld uit te hou nie.

Die dekorbeplanning moet egter ook prakties moontlik wees. Veral moet die beperkte ruimte wat die Kamertoneel se verhoog bied, in gedagte gehou word. So moet in die beplanningstadium nie alleen die artistieke nie maar veral ook die praktiese oorweging geld. Die dekorstel moet dus nie alleen mooi vertoon nie; dit moet veral funksioneel ook wees.

1.2 Voorstelling deur die Dramaturg

In sy toneelbeskrywing doen Tennessee Williams die volgende aan die hand: "The Wingfield apartment is in the rear of the building, one of those vast hive-like conglomerations of cellular living-units that flower as warty growths in overcrowded urban centres of lower-middle-class population and are symptomatic of the impulse of this largest and fundamentally enslaved section of American Society to avoid fluidity and differentiation and to exist and function as one interfused mass of automatism.

The apartment faces an alley and is entered by a fire-escape, a structure whose name is a touch of accidental poetic truth, for all of these huge buildings are always burning with the slow and implacable fires of human desperation. The fire-escape is included in the set - that is, the landing of it and steps descending from it.

The scene is memory and is therefore non-realistic. It omits some details; others are exaggerated, according to the emotional value of the articles in touches, for memory is predominantly seated in the heart. The interior is rather dim and poetic.

At the rise of the curtain, the audience is faced with the dark, grim rear wall of the Wingfield tenement. This building, which runs parallel to the footlights, is flanked on both sides by dark, narrow alleys which run into smurky canyons of tangled clothes-lines, garbage cans, and the sinister lattice-work of neighbouring fire-escapes. It is up and down these side alleys that exterior entrances and exits are made, during the play. At the end of Tom's opening commentary the dark tenement wall slowly reveals (by means of transparency) the interior of the ground floor of the Wingfield apartment.

Downstage is the living-room, which also serves as a sleeping-room for Laura, the sofa unfolding to make her bed. Upstage, centre, and divided by a wide arch or second proscenium with transparent faded portieres (or second curtain), is the diningroom. In an old fashioned what-not in the livingroom are seen scores of transparent glass animals. A blownup photograph of the father hangs on the wall of the livingroom, facing the audience, to the left of the archway.

The audience hears and sees the opening scene in the diningroom through both the transparent fourth wall of the building and the transparent portieres of the dining-room arch. It is during this revealing scene that the fourth wall slowly ascends out of sight. This transparent exterior

wall is not brought down again until the very end of the play, during Tom's final speech". (Williams 1962b:233-234.)

1.3 Voorstelle deur die Regisseur

Met bogenoemde in gedagte en denkende aan die praktiese beperkings van die verhoog van die Kamertoneel is die volgende aan die ontwerper voorgelê:

1.3.1 Rondom die dekorstel moet 'n gang gelaat word wat 'n steeg kan voorstel. Dis essensieel dat die spelers hierdie gang moet gebruik, omdat hulle vir die gehoor sigbaar moet wees. Die speelgebied sluit dus nie net die sigbare binneruim in nie maar ook die "onsigbare" gang.

1.3.2 Die gang se eindpunt moet die brandtrap wees. Hierdie brandtrap vorm een van die belangrikste dele van die stel. Daarom moet dit so geplaas word dat dit deurgaans 'n fokuspunt kan wees. Die trap lei dan na die verskillende vlakke van hierdie besondere woonstelgebou. Op een van hierdie vlakke maak die Wingfieldwoonstel se voordeur oop. Dit maak nie saak op watter vlak die Wingfieldtuiste is nie. Dit moet egter verkieslik hoër as grondvlak wees, sodat die indruk geskep kan word dat die akteurs op en af moet klim om die voordeur te bereik.

1.3.3 Die voordeur moet ewewydig met die prosceniumopening wees en na die coulissekant oopmaak - weg van die speelruimte. Die vlak waarop die akteur die voordeur nader, moet hoër wees as die gewone speelruimte, so dat dit 'n muur suggereer. So kan die toeskouer dan deur die "buitemuur" van die woonvertrek sien wie by die voordeur opdaag.

1.3.4.1 Die binnenshuise speelruimte moet eerstens 'n eetkamer voorstel wat 'n eettafel, koskas en moontlik 'n divan kan huisves.

1.3.4.2 Dit moet ook 'n woon- en sitkamer voorstel wat denkbeeldig van die eetkamer geskei word. In die woonkamer moet voorkom 'n vertoonkassie met Laura se "speelgoed", 'n sofa, 'n buffet waarop die victrola kan staan, 'n portret van die vader en 'n venster en / of deur wat op die gang uitkyk en oopmaak. Aan die anderkant van die gang moet die "Paradise Music Hall" sigbaar wees. Dis baie belangrik, omdat dit 'n groot rol in die verloop van die stuk speel.

1.3.5 Die mure moet heeltemal of gedeeltelik deursigtig wees om tot die suggestie van 'n droomspel by te dra. Omdat dit in elk geval 'n herinne-

ringspel is, hoef dit nie realisties te wees nie - dit moet eerder, as dit kan, 'n soort simboliese realisme suggereer - die deursigtige moet as simbool kan dien vir die doen en late van die moeder Amanda.

1.3.6 Op die siklorama moet die woonstelgebied van St. Louis geskilder word. Hoë geboue met smal, donker gange en veral brandtrappe moet die belangrikste deel van die uitsig wees. Waar moontlik moet hierdie brandtrappe die visuele fikseer om as simbool te dien vir wat Williams (1962b: 233) sê: "... a structure whose name is a touch of accidental poetic truth for all of these huge buildings are always burning with the slow and implacable fires of human desperation".

Verhoogregs, teenoor die voordeur, m.a.w. aan die ander kant van die fisisiese brandtrap, moet 'n venster wees wat op die "Paradise" uitkyk. As dit moontlik is, moet die naambord van die "Paradise" baie realisties voorgestel word. Die rede hiervoor is dat in die herinneringswêreld van die Wingfields die "Paradise" baie duidelik uitstaan, meer as byvoorbeeld aangrensende geboue waarvan hulle die name nie meer kan onthou nie.

1.3.7 Die hele stel hoef nie slegs een styl te verteenwoordig nie. Omdat dit 'n droomspel is, is dit konvensieloos en kan realisme met ekspressionisme afgewissel word. Soos reeds opgemerk sal dit help om die droomspelidee na vore te bring.

1.3.8 In gedagte moet gehou word dat die tyd die hede en die verlede is. Kleur moet dus sodanig aangewend word dat dit die waarheid as illusie kan weergee. Vergelyk Tom se openingstoespraak: "Ek toon die waarheid onder die aangename dekmantel van illusie". (Regisseurteks: 150).

1.3.9 Ten slotte kan saamgevat word: Alhoewel die speelruimte drie ruimtes suggereer, te wete woonkamer, eetkamer en brandtrap met aanloop, moet alles vir almal sigbaar wees. Een akteur moet byvoorbeeld deur 'n gesuggereerde "muur" kan kyk - as hy sou wil - na 'n ander akteur in 'n ander vertrek.

Ofskoon die stel deursigtig moet wees, moet dit stewig wees. Veral die brandtrap moet so stewig moontlik wees en so na aan die werklikheid as kan. Die trap moet by voorkeur van staal gemaak word om die oudiovisuele te bevredig.

Die dekorstel moet die atmosfeer van 'n droomspel so na moontlik weergee

Verder moet die ontwerper by die beplanning van die dekor die volgende ont-hou: Dekor is belangrik vir die daarstelling van die milieu waarteen die stuk afspeel.

Dekor moet die gees waarin die stuk geskryf is, beklemtoon en oorbring. Dekor moet funksioneel wees en stewig vertoon.

Omdat die dekor 'n deel uitmaak van die teater as samegestelde kunsvorm, moet dit in lyn en in kleur die spel, beweging, kostumering, beligting en klank komplementeer.

Alhoewel ameublement nie die taak van die dekorkunstenaar is nie, word 'n lys van ameublement wat benodig word, ingesluit. Sodoende kan die dekor-ontwerper in sy beplanning, die ruimte vir en die plasing van die meubels in gedagte hou.

1.3.10 Ameublement

Die volgende stukke ameublement word funksioneel benodig, en in die be-planning moet dit in ag geneem word:

1.3.10.1 Eetkamer

Divan: Dit hoef nie in sy geheel sigbaar te wees nie.

Kombuiskas: Van die tipe met 'n toe onderste gedeelte, twee laaie met 'n blad en dan 'n oop bodeel wat as vertoonkas gebruik kan word. Die kas moet verkieslik oud vertoon en lyk asof die hout al baie geskrop is.

Eetkamertafel: 'n Tafel waarby vier persone kan aansit, verkieslik ovaal of rond.

Kapstok met minstens vier hake; plaasvervangende hake teen 'n muur sal moontlik ook toereikend wees.

1.3.10.2 Woonkamer

Vertoonkas: 'n Kleinerige kas waarop glasornamente uitgestal kan word.

Sofa met rug- en kopleuning.

Buffet met laaie en deurtjies. Op die buffet moet 'n victrola kan staan. 'n Krukkie of stoeltjie voor die buffet, as daarvoor plek beskikbaar is sal gewaardeer word.

Mat: 'n Mat om onder en voor die sofa te gooi.

Spieël.

Portret wat sou pas in die tydperk van die Tweede Wêreldoorlog. Die por-tret moet wees van 'n man in sy twintigerjare.

Meer ameublement word nie benodig nie en is nie noodsaaklik nie.

Slegs bogenoemdes word in die herinneringspel na vore geroep.

1.4 Ontwerp voorgelê deur dekorkunstenaar

1.4.1 Die voorgordyne moet vir die duur van die stuk oopbly en selfs weggebind word om ruimte te verskaf.

1.4.2 Die brandtrap word verhoogregs om die prosceniumpilaar aangebring. Die eerste trappie van straatvlak is dus in die ouditorium en loop ewewydig met die symuur waarin die teaterdeur voorkom. Hierna volg drie trappies tot 'n vlak wat 0,45 m hoog en 0,75 m breed is en gemaak word van 8 mm staalplaat. Aan die agterkant van die prosceniumpilaar en van dié vlak af loop drie trappies boontoe om die brandtrap verder te suggereer. Hier loop dit dood op 'n vlak buite die gesigsveld van die toeskouer. Houttrappe bring spelers na hierdie vlak, wat 0,65 m hoog is.

Op die eerste vlak wat vir die gehoor sigbaar is, word 'n 0,80 m breë deur effens skuins geplaas vir sigdoeleindes. Hierdie deur skarnier aan die coulissekant van die verhoog en maak na binne oop. Die brandtrap word beskerm deur 'n reling van 1,50 m hoog wat op sparre rus wat ± 15 cm uitmekaar is. Die reling is ook aan die verhoogkant en kan dus 'n buitemuur van die woonstel suggereer.

Van hierdie vlak af lei drie houttrappe na die speelruimte daaronder. Hierdie trappe is vir die toeskouers onsigbaar. Om die binnekoms van spelers te verberg en ietwat van ruimte te suggereer, word 'n 0,50 m-vlak met 'n hoek van 120° met die brandtrap geplaas.

1.4.3 As gevolg van ruimteprobleme pas 'n gang rondom die stel moeilik in. Daarom word aanbeveel dat die gang slegs agter die eetkamergedeelte ingerig word. Dit bied die geleentheid dat die woonkamergedeelte dan dieper kan inloop en 'n interessanter lyn tot gevolg kan hê.

Verhoogregs, aan die "Paradisekant", kan daar 'n nie-funksionele gang wees. Die indruk word dan geskep dat die gang rondom die gebou loop. Spelers wat die gang gebruik, is egter slegs agter die eetkamergedeelte sigbaar. Dan verdwyn hulle agter die coulisse om weer op die brandtrap te verskyn. Van persone wat die gang gebruik, sal slegs die boonste gedeelte van die liggaam sigbaar wees. Dit kan moontlik help om in die beknopte ruimte, ruimte te skep. Die gang sal 0,60 m wyd wees.

1.4.4 Die siklorama moet verleng word om met prosceniumpilaar, verhooglinks, 'n eenheid te vorm. Daar moet egter slegs op die siklorama agter

die eetkamer en dié links van die woonkamer (die verlengde deel) geskilder word, met ander woorde op alle dele wat vir die gehoor sigbaar is. Ontwerpe van woonstelgeboue word voorgelê. Die klem val veral op brandtrappe.

1.4.5 Die "Paradise Music Hall" moet in die boog van die siklorama (verhooglinksagter) aangebring word. Dit moet bestaan uit 'n rooi neonteken. Hierdie teken sal slegs gedeeltelik vir die gehoor sigbaar wees. Die indruk wat met die "Paradise" en woonsteluitsig geskep wil word, is dat dié van 'n hoogte af gesien word.

1.4.6 Die mure van die woonstel moet uit 'n raamwerk bestaan waarvan die onderste 1 m solied is. Die boonste 2 m moet met gaas oorgetrek word. Slegs die agterste muur van die woonkamer sal solied wees.

Agter die deursigtige gedeeltes moet die gang en woonstelgebiede sigbaar wees. Die 1 m-soliede deel is 'n praktiese oorweging om spelers uit die sig van die gehoor hulle stellings te laat inneem.

1.4.7 Tussen die eet- en woonkamer moet 'n 2 m-deursigtige muur opgerig word, met slegs 'n deuropening daarin. Hierdie muur wat met die agtermuur verbind is, sal die verhoog in twee gelyke dele verdeel.

1.4.8 Twee swaaideure, wat slegs uit raamwerk moet bestaan, word verhooglinksagter geplaas, sodat dit uitkyk op die "Paradise", wat in die siklorama aangebring moet word.

1.4.9 In die woonkamer se linkermuur (links is speler se linkerkant as hy na die gehoor kyk) word 'n nis gebou - slegs die raamwerk, wat ook met gaas oorgetrek moet word, waarin die buffet moet staan.

1.4.10 Die volgende ameublement word voorgestel, met aanduiding van waar hulle geplaas behoort te word:

1.4.10.1 Eetkamer:

Divan: 2 m x 0,80 m - teen agtermuur met koppenent gelyk met punt van muur (met ander woorde agter die coulisse). Slegs die onderpunt is dus sigbaar. Tussen die divan en die voordeur is daar dus 'n spasie van 0,50 m.

Kombuiskas: 1,20 m x 0,40 m in die hoek wat deur die tussenmuur en die

agterbuite muur gevorm word.

Eetkamertafel: 1,20m deursnee - dus 'n ronde tafel. Die tafel word 1,40m van die tussenmuur en 0,60m van die voorgordyn af geplaas.

Stoele: Vier stoele, wat nie noodwendig eenders hoef te lyk nie, word om die ronde tafel geplaas, een met sy rugkant na die gehoor.

Kapstok: Kapstokhake word aan die skuinsvlak by die voordeur en teen die sykant van die kombuis kas aangebring. Oor die getal sal besluit word.

1.4.10.2 Woonkamer:

Vertoonkas: Nie groter as 0,50m in deursnee nie en moet teen tussenmuur in lyn met die eetkamertafel geplaas word.

Sofa: 1,80 x 0,70m. Moet 0,90m van die tussenmuur en 0,70m van die buffet af geplaas word. (Vir die plasing van sofa kyk sketse.)

Buffet: Mag nie groter as 1,50m x 0,50m wees nie en word in die nis geplaas, wat daarvoor ontwerp is.

Draaistoel: Enige tipe waarvan die hoogte verstelbaar is en wat naastenby by die buffet sal aanpas. Die stoeltjie word reg voor die buffet geplaas.

Mat: Mag nie groter as 2,50m x 2m wees nie. Dit moet taamlik oud wees en hoef nie by die sofa te pas nie. Die mat word so geplaas dat die sofa op die agterste deel daarvan staan.

Spieël: Verkieslik 'n vollengtespieël met 'n fraai raamwerk. Die spieël word teen die skuinsmuur, wat die gang afskerm, geplaas.

Portret: Dit moet 'n portret in 'n ovaalraam wees. Die portret word in die middel van die agtermuur geplaas.

Staanlamp: vir gebruik in tonele 6 en 7. Vir verdere besonderhede aangaande die dekor kyk na die bygaande sketse (vloerplan en vooraansig).

1.5 Finale ontwerp

Na samesprekings tussen die regisseur, dekorkunstenaar en beligtingskunstenaar is die ontwerp in sy geheel aanvaar, met slegs 'n paar aanpassings wat om praktiese redes gedoen is. (Kyk skets p. 87, 88)

1.6 Aanpassings

1.6.1 Brandtrap:

1.6.1.1 Die pilaartjies waarop die relings rus, word op die relinghoogte afgesny om die sig te verbeter.

1.6.1.2 Teen die trappies wat van die voordeurvlak af hoër lei, word 'n skermvlak aangebring waarop 'n baksteenmotief geskilder gaan word.


1.6.1.3 Teen die baksteenmuur wat 'n skerm vir die spelers is, word 'n lampie aangebring wat die trappies verlig.

1.6.2 Tussenmuur:


Omdat die muur tussen die woon- en eetkamer baie van die ruimte in beslag neem en veral ruimte 'n probleem is, word die tussenmuur weggelaat. Die skeiding tussen die eet- en woonkamer word gesuggereer deur die kante van die kombuiskas en vertoonkas. Spel sal dan aangepas word om die suggestie te verstewig.

1.6.3 Gaas: Die muurrame sal nie met wit gaasdoek oorgetrek word nie, maar met gordynmateriaal wat 'n blompatroon het en 'n neutrale kleur. Met behulp van die beligting sal dit daartoe bydra om 'n diepte-effek te skep.

1.6.4 Kleur: Die stel - veral die beeld op die siklorama - gaan 'n groen-blou ondertoon hê om koue, diepte en isolasie te suggereer. In ooreenstemming hiermee sal die gange en sikloramas belig word. In teenstelling daarmee sal die binneruim meer warm en leefbaar voorkom. Dit moet lyk asof iemand 'n poqing aanwend om dit leefbaarder te maak. Daardeur word die indruk geskep van 'n relatiewe warm hawe binne teenoor 'n koue woonstelsee daarbuite. Omdat die mure met gaasmateriaal bedek word, kan die gehoor sowel binne as buite die vertrek sien. Die kleur van die mure wissel van room tot oranje, met donkeroranje blompatrone om muurpapier te suggereer.



Vloerplan



- Sleutel: a,b - Gang tussen woonstelmuur en siklorama
 c, d, e, f, g - Brandtrap
 f - Melkkassie
 h - Voordeur
 i - Divan
 j - Koskas met klerehake aan
 k, l, m, n - Stoele en ronde tafel
 o - Laura se vertoonkassie
 p, q - Sofa
 r - Mat
 s - Koffietafel
 tt - Draaistoeltjie
 v - Victrola op die buffet
 u - Tikmasjien op die buffet
 w. - Venster wat op die "Paradise" uitkyk
 x - Portret van die vader
 y - Vollengtespieël
 z - Staanlamp
 aa - "Paradise Music Hall"

2. Die beligting

"Hierdie toneelstuk is herinnering.

Aangesien dit 'n herinneringspel is, is dit dof verlig; is dit sentimenteel; is dit onrealisties." (Regisseurteks:155.)

Met hierdie woorde, wat Tom Wingfield in sy openingstoespraak besig, in gedagte, is die beligting beplan en ontwerp. Ook moet met die ontwerp van beligting deeglik in gedagte gehou word wat die fisiese beperkings van die apparaat en die beskikbare ruimte is. Veral in die Kamertoneel, waar daar ontsettend baie praktiese probleme is, is beligting vir enige ontwerper 'n kwellend en 'n uitdagend.

Ek noem enkele van die probleme wat die ontwerper in gedagte moet hou: Die speling met betrekking tot die hoogte van die ouditoriumlatte (FOH lighting) is uiters beperk. Word hulle te hoog gelig val die straal teen die lugversorgingskanaal. Word hulle te laag laat sak, stamp die toeskouers hulle koppe daarteen. Daar is basies dus net een posisie met $\pm$ 30mm speling na beide kante. Die hoogtehoek van elke lamp kan vir alle praktiese doeleindes dus nie verander word nie.

- Omdat die lamp op die ouditoriumlat dus omtrent geen hoogte het nie, gooi dit 'n plat straal wat diep trek en 'n lang skaduwee tot gevolg het. Sou die dekorstel 'n agtermuur hê, weerkaats dit direkte lig van die ouditoriumlampe.

- Dieselfde probleem geld vir die lampe aan die verhooglatte (FX-latte). Omdat die latte hoogstens 3m bokant die speelvlak is, kan slegs van skuinsbo af belig word. Sodra die beligtingshoek groter gemaak word, word die ligstraal plat en die skaduwees al hoe langer.

- Omdat dekorstelle gewoonlik 2,50m hoog is, is die ligbron vir praktiese oorwegings op dieselfde hoogte. Die nadeel hiervan is ooglopend en hoef nie eers omskrywe te word nie.

Bogenoemde probleme is egter nie onoorkombaar nie en hoef nie as verskoning aangebied te word nie. Die beperkings moet egter deur veral die dekorontwerper, die regisseur en die beligtingontwerper in gedagte gehou word.

2.1 Beplanning van regisseur

Uit die woorde van Tom Wingfield het die regisseur die volgende in gedagte gehou:

- 2.1.1 Dis 'n herinneringspel.
- 2.1.2 Daarom is dit dof belig.
- 2.1.3 Dis sentimenteel.
- 2.1.4 Dis onrealisties.

Verder moet enige ontwerper by beligting die volgende onthou:

2.1.5 Die handeling vind op 'n donker verhoog plaas, waar die lig nul is. Sonder beligting en voldoende beligting daarby sal daar geen visuele verhouding tussen akteur en toeskouer bestaan nie. Die primêre doel van enige beligting is dus om te kan sien.

2.1.6 Sonder beligting kan geendekorstel tot sy reg kom nie. Beligting is vir die dekor wat grimering vir die karakter is. Die atmosfeer en milieu wat 'n dekorontwerper dus wil skep, kan hy alleen met die hulp van beligting bereik.

Die doel van beligting in hierdie geval is dus tweërlei:

- om die regte atmosfeer te help skep,
- sodat die toeskouers kan sien wat op die verhoog aangaan.

Omdat die stuk nie realisties is nie, is daar van die punt uitgegaan dat daar geen ligbron is nie. Die sonlig het, met ander woorde, nie by 'n seker venster ingekom en die hele vertrek verlig nie. Daar is slegs belig om te kan sien en om atmosfeer te skep. Met die oog hierop is die stel in verskillende ruimtes verdeel, wat afsonderlik belig is.

Die brandtrap - ruimte A

Die eetkamer - ruimte B

Die woonkamer - ruimte C

Die siklorama - ruimte D

Die ruimtes moet so belig word dat so min moontlik lig na een van die ander ruimtes verspil word.

Behalwe die ruimtebeligting moet daar vir spesiale effekte voorsiening gemaak word.

'n Kollig op die bopunt van die tafel in die eetkamer.

'n Kollig op die vertoonkas in die middel van die verhoog.

'n Kollig met rooi-effek presies op die voerpunt van die sofa in die woonkamer.

'n Kollig wat slegs die portret teen die agtermuur van die woonkamer verlig.

'n Kristalbal wat bokant die "Paradise Music Hall", verhooglinks-agter moet hang.

'n Kollig op die ouditoriumlat, wat die maan moet voorstel.

Omdat die toneel in die dag en in die aand afspeel; word voorgestel dat die verskil gesuggereer word deur slegs die intensiteit van die sikloramaligte te verminder of vermeerder na gelang van die geval.

2.2 Verslag van die ontwerper

Daar word beplan om die ruimtes soos volg te belig (kyk beligtingskaart).

2.2.1 Die brandtrap - ruimte A

Die brandtrap word slegs deur lampe vanaf die ouditoriumlat belig. Lampe 1 en 3 kruis mekaar op die brandtrap, wat voor die prosceniumboog is.

Lamp 7 belig die brandtrap van verhooglinksvoor af en kan as die maan gebruik word.

2.2.2 Die eetkamer - ruimte B

Hierdie ruimte word met drie lampe vanaf die ouditoriumlat belig.

Lampe 2 en 6 kruis mekaar op die tafel en lamp 4 skyn reg van voor om skaduwees uit te wis. Op die eerste verhooglat kruis lampe 12 en 14 mekaar op die agterste stoel, terwyl lamp 13 in die middel invul. Genoemde lampe belig ook die kombuiskas en divan wat op die grens van ruimte B lê. Ook op die eerste verhooglat belig lamp 15 die ingang deur die voordeur. Die sikloramabeligting, wat ook die gang verlig, sal genoeg lig verskaf vir die agterste gedeeltes van ruimte B.

2.2.3 Die woonkamer - ruimte C

Ook hierdie ruimte word met drie lampe vanaf die ouditoriumlat belig. Lampe 5 en 10 kruis mekaar voor die sofa, terwyl lamp 8 die skaduwees invul.

Vanaf die eerste verhooglat kruis lampe 17 en 20 mekaar agter die sofa en lampe 18 en 19 voor die sofa.

Vanaf die tweede verhooglat belig lamp 25 die swaaideure en lamp 27 die spieël.

2.2.4 Die siklorama - ruimte D

Die siklorama agter die eetkamer word belig vanaf kontakpunte 22, 23 en 24 op die tweede verhooglat. Die lampe is egter op die derde lat vasgemaak, soos op die skets aangetoon.

Die siklorama verhooglinks langs die woonkamer word belig deur lamp 21 op die eerste verhooglat en lamp 29 op die tweede verhooglat.

2.2.5 Spesiale effekte

Lamp 13 op die eerste verhooglat kan as spesiale effek op die bopunt van die tafel dien.

Lamp 16 op die eerste verhooglat kan as spesiale effek op die vertoonkas dien.

Lamp 9 op die ouditoriumlat met 'n rooi gelatienkleurfilter kan dien as spesiale effek op die voerpunt van die sofa.

Lamp 26 op die tweede verhooglat kan as spesiale effek op die portret teen die agtermuur van die woonkamer dien.

Kontakpunt 28 op die tweede verhooglat kan dien as kragbron vir die kristalbal wat op die derde verhooglat vasgemaak kan word.

Lamp 7 op die ouditoriumlat kan ook dien as maanskyn op die brandtrap-ruimte A.

Nadat kleurfilters aangebring is, is die intensiteit van elke lamp afsonderlik bepaal. Elke groep lampe is op verskillende submeesters geplaas om implementering te vergemaklik. Die finale beligtingskaart sien soos volg daaruit:


2.2.6 Beligtingskaart

No.	Lat	Sub-meester	Inten-siteit	Kleur	Lamp	Ruimte	Lokasie	Doel
1	FOH	A1	$\frac{3}{10}$	17	Verw. 23 Mk Profielkol- lig	A	Brand- trap	Sig/atmosfeer
3	do	A1	$\frac{3}{10}$	3	do	A	do	do
7	do	A1	$\frac{4\frac{1}{2}}{10}$	18	do	A	do	Maan/atmosfeer
2	do	B1	$\frac{3}{10}$	-	do	B	Voor en tafel	Sig/afmosfeer
4	do	B1	$\frac{3}{10}$	2	do	B	do	do
6	do	B1	$\frac{3}{10}$	-	do	B	do	do
12	1 ^e FX	B1	$\frac{3}{10}$	17	Verw. 123 "Fresnel"- kollig	B	Agter en tafel	Sig/atmosfeer
13	1 ^e FX	B1	$\frac{3}{10}$	-	do	B	do	do
14	1 ^e FX	B1	$\frac{3}{10}$	2	do	B	do	do
15	1 ^e FX	B1	$\frac{3}{10}$	-	do	B	Voordeur en divan	do
5	FOH	C1	$\frac{3}{10}$	17	Verw. 23Mk. Profielkol- lig	C	Voor en en sofa	Sig/atmosfeer
8	FOH	C1	$\frac{3\frac{1}{2}}{10}$	-	do	C	do	do
10	FOH	C1	$\frac{3\frac{1}{2}}{10}$	2	do	C	do	do
17	1 ^e FX	C1	$\frac{3\frac{1}{2}}{10}$	17	Verw. 123 "Fresnell"- kollig	C	Agter en sofa	Sig/afmosfeer
18	1 ^e FX	C1	$\frac{3\frac{1}{2}}{10}$	-	do	C	do	do
19	1 ^e FX	C1	$\frac{3}{10}$	-	do	C	do	do

No.	Lat	Sub meester	Inten- siteit	Kleur	Lamp	Ruim- te	Lokasie	Doel
20	1 ^e FX	C1	$\frac{2\frac{1}{2}}{10}$	2	do	C	do	do
25	2 ^e FX	C1	$\frac{3}{10}$	17	do	C	Deure	do
27	2 ^e FX	C1	$\frac{2}{10}$	2	do	C	Spieel	do
21	1 ^e FX	A2	$\frac{3\frac{1}{2}}{10}$	18	Verw. 243 "Fresnell" - kollig	D	Siklorama links	Effek/ Koud
11	1 ^e FX	A2	$\frac{3}{10}$	-	250v. gloei- lamp	D	Brandtrap	Sig
22	2 ^e FX	A2	$\frac{3\frac{1}{2}}{10}$	18	"Scoop"	D	Siklorama agter	do
23	2 ^e FX	A2	$\frac{4}{10}$	18	do	D	Siklorama agter	do
24	2 ^e FX	A2	$\frac{4\frac{1}{2}}{10}$	18	do	D	Siklorama agter	do
29	2 ^e FX	A2	$\frac{4\frac{1}{2}}{10}$	18	Verw. 243 "Fresnell"- kollig	D	Siklorama links	do
9	FOH	D2	$\frac{10}{10}$	6	Verw. 23 Mk, Pro- fielkollig	C	Sofa links	Effek
13	1 ^e FX	B1	$\frac{6}{10}$	- -	Verw. 123 "Fresnel"- kollig	B	Tafel agter	Effek
16	1 ^e FX	C2	$\frac{5}{10}$	2	do	C	Vertoonkas	Effek
26	2 ^e FX	D1	$\frac{5}{10}$	4	do	C	Portret	Effek
28	2 ^e FX	B2	$\frac{10}{10}$	Kleur-	Kristalbol	B+C	Oral	Effek

2.2.7 Kleurjellies

1.



No. 17 Steel blue (Staalblou)

2.



No. 18 Middel Blue (Middelblou)

3.



No. 2 Light Amber (Ligte amber)

4.



No. 3 Straw (Strooi)

5.




No. 4 Medium Amber (Medium amber)

6.



No. 6 Primary Red (Primêre rooi)

2.2.8 Beligtingsplan



le Ouditoriumlat



3. Musiek

Hierdie toneelstuk is herinnering.

"In memory everything seems to happen to music. That explains the fiddle in the wings" (Williams 1962b: 235).

In die Afrikaanse vertaling wat gemaak is, is die "fiddle in the wings" vertaal met - "musiek in die agtergrond" (Regisseurteks: 155).

Bogenoemde aanhaling van die verteller van die stuk, Tom Wingfield, is genoeg motivering vir die musiek wat in die stuk voorkom. Die musiek word nie alleen gebruik as medium om te help met die tydsoorgang van die hede na die verlede nie, dit word ook as leitmotiv by elke karakter gebruik, om dit wat episodies en fragmentaries is, tot 'n eenheid te bind. Ook is die musiek in die herinneringswêreld 'n sterk realiteit. Die "Paradise" se dansmusiek het byvoorbeeld so 'n diep en blywende indruk op die Wingfields gemaak dat hulle nie aan die "Paradise" kon dink sonder om die bekende wysies te hoor nie.

Nie alleen het Tennessee Williams die dialoog, handeling en karakters in Speelgoed van glas geskep nie - hy het hulle in en met musiek geskep.

Omdat dit 'n "memory play" is, is dit "reasonable to think that the dominant image in Williams' mind accounts to some degree for the subtle, fluid movement of the play. One scene dissolves into another. There is, indeed, almost a submarine quality about the play, the kind of poetic slow-motion that becomes ballet, and a breathless repression of feeling that belongs to everyone but Amanda. The very symbolic glass of the play is aqueous - arrested water. Form and content are thus fused with striking felicity (Vowles 1958: 53).

Hierdie sogenaamde ballet vra eenvoudig musiekbegeleiding.

Self het Tennessee Williams die volgende musiek voorgeskryf:

- Die "Ave-Maria" (Williams 1962b: 257).
- "All the world is waiting for the sunrise" in toneel 5 (Ibid.: 265);
- Die "Dardanella" in toneel 6 (Ibid.: 280);
- "La Golondrina" (die Swaeltjie) in toneel 7 (Ibid.: 301).

Van hierdie musiek het ek slegs "All the world is waiting for the sunrise" gebruik.

3.1 Beplanning van die regisseur

In die gees van die stuk, soos deur die dramaturg gesien, vind die herinneringsaksie met musiek in die agtergrond plaas.

Behalwe om bg. rede moet musiek gebruik word:

3.1.1 As leitmotiv: elke karakter het 'n kenwysie gekry om hom of haar te help dink, atmosfeer skep en kontak met die gehoor te vergemaklik;

3.1.2 om die korrekte atmosfeer vir elke toneel te skep;

3.1.3 om die tonele, wat episodies van aard is, aanmekaar te skakel;

3.1.4 om die regte toonaard van elke karakter te help bevestig.

Eie smaak speel by hierdie beplanning 'n groot rol. So wou ek eerder W. A. Mozart se "Adagio vir Glasharmonika in C majeur, Kegel 617a" hê as die oorspronklike musiek gekomponeer deur Paul Bowles vir die opening van Speelgoed van glas in Maart 1945, op Broadway.¹

So het ek gepoog om musiek te kies wat by die aard en toon van die stuk pas en wat my oor bevredig. As 'n wals dus byvoorbeeld voorgeskryf word, soos "La Golondrina" sou ek lievers iets minder eiesoortigs wil hê, iets wat meer outentiek Amerikaans is.

Om die rede kan selfs musiek van latere komponiste of kunstenaars gekies word.

1. Mozart se "Adagio" is deur Mario Schiess van Pretoria gebruik toe hy

Speelgoed van glas vir Volksteater in Pretoria opgevoer het.

3.2 Voorstelle van die Regisseur

3.2.1 As openingsmusiek, kontinuïteitsmusiek tussen bedrywe en as leitmotiv vir Laura die voorgestelde Mozartstuk.

Die byna eentonigheid van die glasharmonika onderstreep die eentonige alledaagse van die Wingfields en by uitstrek van Laura se bestaan. Tog is die klanke subtiel en vloeiend, harmonieus en gedefinieerd, glashelder en melodieus, ontstellend mooi.

Reeds by die aanhoor van die stuk kan die indruk van deursigtigheid verkry word. Die musiek stimuleer en moedig dromery aan. Tog is daar ook in die eenvoud 'n oorweldigende patos. Dis juis hierdie kwalifikasies wat ek as leitmotiv by Laura wou uitbuit. Soos Laura na haar eenhoring gryp as die wêreld te nou word, so moet die gehoor ouditief na hierdie klanke seek as hulle empaties haar gemoedstoestand deel.

Laura se verlange lê dus nie alleen in die simbool van die stuk (glas) opgesluit nie maar ook in die glasheldere musiek. Simbool-glas en simbool-musiek komplementeer mekaar, trou met mekaar.¹

3.2.2 As leitmotiv vir Amanda, "Swing Low Sweet Chariot".

Hierdie egte "negro-spiritual" is so volledig uit die Suide soos Amanda nie kan droom om te wees nie.

Soos hulle sing:

"Swing low, sweet Chariot,

Coming forth to carry me home",

wens en droom sy saam met hulle van iets wat moet kom of gebeur om haar na die Suide huis toe te dra.

In die nostalgiese opregtheid van hierdie gebed wil ek graag die persoon van Amanda sien. Sonder skaamtegevoel, kinderlik opreg is haar hele lewe een groot hoop - 'n hoop dat vir haar 'n lewe in die Suide weer sal aanbreek.

1. Wolfgang Amadeus Mozart

Adagio for Glassharmonica in C maj. Kegel 617a (356)

Archive Production ARC 3044 (1956)

Mannheim & Vienna. Bruno Hoffmann-glassharmonica.

In die tenoorsolis word Amanda met die ander lede van haar gesin gepersonifiseer as die laer stemme wat móët harmonieer. Haar vasberadenheid en deursettingsvermoë maak van haar onwillekeurig 'n solis.

Belangrik is dat die klankproduk hiervan ook fyn en hooggeplaas is soos die sentrale hoofleitmotiv.

Dit skakel dus in by Mozart, dekor, beligting, kostumering en, les bes, karakterisering.¹

3.2.2 Sentrale hoofleitmotiv vir Tom "All the world is Waiting for the Sunrise".

Die hele prentjie wat Tom van homself voorhou, is een van wag dat die son oor sy vryheid moet opkom.

Soos hierdie musiek in verhouding met die ander musiek is Tom in verhouding met die ander lede van sy familie byderwets.

Nie dat "All the World ..." wanklankig is nie; soos Tom is dit dalk net in 'n mineursleutel geskryf, is die aard daarvan ietwat anders.²

3.2.4 As leitmotiv vir Jim O'Conner, die "Gentleman Caller": Die "Tennesseeewals".

Hierdie plaat is bloot uit oorwegings van smaak gekies. Soos Jim "afkomstig uit 'n wêreld van werklikheid waarby ons skynbaar nie inpas nie" (Registreurteks:155), is hierdie musiek sy leitmotiv - iets wat van die "Paradise Music Hall" deur die vensters van die Wingfieldwoonstel gewaai kom, ook iets wat m.i. nie hoef te pas nie.

Tog pas die musiek melodieus en harmonieus soos Jim pragtig in. Maar 'n mens kan aanvoel dat die karakter nie dieselfde is nie. Die hartseer en snik wat die hoofkenmerk van hierdie vertolking van die "Tennesseeewals" is, is basies wat die koms van die "Gentleman Caller" vir die Wingfields ingehou het.

1. "Swing Low Sweet Chariot".

The mariners sing Spirituals.

HA-A12007 London Records kant 2, snit 2.

2. "All the World is Waiting for the Sunrise".

Die Mike Sammes-Mannekoor M70P. 4520 - RDM 31.

Popular Music that will live for ever. RCA vir Readers Digest

Plaat 10, kant 2, snit 3.

Die eentonige getrom van die baskitaar is, soos Jim, verbeeldingloos. Daar-
teenoor is die saksofoon se unieke solodeel 'n tydelike lafenis - skril
maar tog afwisselend - soos Jim se besoek, 'n gewone afleiding sonder stand-
houdende betekenis. ^{1.}

3.3 Verslag van die ontwerper

Nadat die tegnikus die musiek opgeneem het, is die intensiteite en lokali-
teite van die klank bepaal.

Daarna is daar met die akteurs gerepeteer om die sinchronisering van aksie,
dialoog en musiek te bepaal. Hierna is die volgende skedulekaart opgestel.
Daarmee saam verskyn ook die byklanke soos deur die regisseur aangevra is,
nl.:

Kerkklok - 3 slae

Kerkklok - 6 slae

Veraf donderweer met weerlig

Sagte reën.

(Vir die gebruik van klank kyk regisseurteks)


1. "The Tennessee Walz"

Connie Francis sings Great Country Hits

2353 048 MGM - 76/77

kant 2, snit 3.

3.4 Luidsprekerplan



- v1: Verhoogluidspreker regs
- v2: Verhoogluidspreker links
- o1: Ouditoriumluidspreker regsvoor
- o2: Ouditoriumluidspreker linksvoor
- o3: Ouditoriumluidspreker regsmiddel
- o4: Ouditoriumluidspreker linksmiddel
- o5: Ouditoriumluidspreker regsagter
- o6: Ouditoriumluidspreker linksagter

3.5 Musiek- en Klankkaart

	MUSIEK	BLADSY	SPREEK- BEURT	MASJEN	KANAAL	I N T E N S I T E I T				LUID- SPREKER	SPOED o.p.m.	STEREO
						BAND	MENG- TAFEL	UIT- GANG				
1.	MOZART	150	-	1	1,2,3,4	25	5	10-10-40-10	ALMAL	7½	JA	
2.	SWING LOW	165	2	4	1,2,3,4	20	5	10	V1,V2	7½	JA	
3.	MOZART	169	9	1	1,2,3,4	25	5	10-10-40-10	ALMAL	7½	JA	
4.	MOZART	190	2	1	1,2,3,4	25	5	10-10-40-10	ALMAL	7½	JA	
5.	SWING LOW	193	2	4	1,2,3,4	30	5	10	V1,V2	7½	JA	
6.	MOZART	215	1	1	1,2,3,4	25	5	10-10-40-10	ALMAL	7½	JA	
7.	KERKKLOK	219	-	3	3,4	12	5	10	V1	7½	JA	
8.	KERKKLOK	224	5	3	3,4	12	5	10	V1	7½	JA	
9.	MOZART	244	18	1	1,2,3,4	25	5	10-10-40-10	ALMAL	7½	JA	
10.	SWING LOW	251	16	4	1,2,3,4	30	5	10	V1,V2	7½	JA	
11.	ALL THE WORLD	259	9	3	3,4	25	5	10-10-40-10	ALMAL	7½	JA	
12.	TENNESSEEWALS	269	16	3	3,4	25	5	10	V2	7½	JA	
13.	SWING LOW	287	2	4	1,2,3,4	30	5	10	V1,V2	7½	JA	
14.	MOZART	291	10	1	1,2,3,4	20	5	10-10-40-10	ALMAL	7½	JA	
15.	MOZART	300	-	1	1,2,3,4	25	5	10-10-40-10	ALMAL	7½	JA	
16.	SWING LOW	308	10	4	1,2,3,4	30	5	10	V1,V2	7½	JA	

	MUSIEK	BLADSY	SPREK- BEURT	MASJIE	KANAAL	I N T E N S I T E I T				LUID- SPREKER	SPOED o.p.m.	STEREO
						BAND	MENG- TAFEL	UIT- GANG				
17.	SWING LOW	345	7	4	1,2,3,4	30	5	10	V1,V2	7½	JA	
18.	DONDERWEER	349	11	1	1,2,3,4	15	5	10	V1,V2	7½	JA	
19.	REËN	349	11	1	1,2,3,4	0-15	5	10	V1,V2	7½	JA	
20.	MOZART	402	5	1	1,2,3,4	25	5	10-10-40-10	ALMAL	7½	JA	
21.	TENNESSEWALS	406	18	3	3,4	10	5	10	V2	7½	JA	
22.	MOZART	446	1	1	1,2,3,4	25	5	10-10-40-10	ALMAL	7½	JA	

4. Kostumering

Omdat van 'n ontwerpster gebruik gemaak is wat in Durban woonagtig is, is alle besprekings rakende die kostumering per pos afgehandel. Van die korrespondensie word ingevoeg.

Daar is van die ontwerpster verwag om die stuk te lees, sodat sy 'n positiwiese skeppingsbydrae kon lewer en nie slegs opdragte uitvoer nie.

Eienskappe van elke karakter, hulle ouderdom, voorkoms en bou is aan die ontwerpster voorgelê.

4.1 Karakters en spelers

4.1.1 Algemeen

Dit moet in gedagte gehou word dat die stuk nou en in die verlede afspeel. Die verlede is die tydperk onmiddellik voor die Tweede Wêreldoorlog (1939 - 1945). In die verlede voer die herinnering die spelers nog verder terug die verlede in - na ongeveer 1910-1920. Kostuums moet dus in die styl van 1910 en 1939 ontwerp word. Ook moet onthou word dat daar met 'n droomspel gewerk word. Kostumering moet dus in die gees van die droomspel wees.

Soos die dekor lig en deursigtig ontwerp word, so moet die kostumering ook wees om beide dekor en speler te komplementeer. 'n Kort samevatting van wat met die dekor beoog word, is aan die ontwerpster gepos.

Voorstelle wat die gebruik van materiaalkleure betref, is aangevra om toe te sien dat kostumering met alle ander aspekte van die aanbieding, soos grimering, rekwisiete, beligting en musiek, sal rym.

Vir die ontwerp is 'n maksimum van R150 gestel, wat nie oorskry mag word nie.

Dit het op R25 per kostuum te staan gekom.

4.1.2 Amanda Wingfield, die Moeder

Van haar sê Tennessee Williams (1962b:228). "A little woman of great but confused vitality clinging frantically to another time and place. Her characterization must be carefully created, not copied from type. She is not paranoiac, but her life is paranoia. There is much to admire in Amanda and as much to love and pity as there is to laugh at. Certainly

she has endurance and a kind of heroism, and though her foolishness makes her unwittingly cruel at times there is tenderness in her slight person."

[En sê Signi Falk (1961: 72): "She is a middle-aged Southern belle, garrulous and silly, narrow and spinterish in her attitudes towards life. Wrapped up in delusions of her girlhood conquests, she is often unaware of the realities of the world around her. The picture is as caustic as a "Daumier print".] Hou ook in gedagte dat sy gedurig in 'n droomwêreld lewe, en sy doen dit om die vervelige en alledaagse stryd in die betonoerwoud van St. Louis aanvaarbaar te maak. Sy droom van dae in die Suide toe jong dames niks anders te doen gehad het as om mooi aan te trek en te wag dat die jong vryers moet opdaag nie. As hulle sou opdaag, sou hulle in statige verewaentjies deur die strate ry en almal se bewondering afdwing. Vergelyk Williams (1962b:238) se toneelaanwysings: "Image: Amanda as a girl on a porch, greeting callers".

In toneel 6 en 7, met die koms van die "Gentleman Caller", haal sy dan ook uit die kis 'n ou rok wat sy een Sondagmiddag gedra het toe sewentien kêrels opgedaag het.

Amanda benodig dus vir alle praktiese doeleindes twee stelle kostuums.

Die een is vir gewone huisgebruik. Een vir alledaagse gebruik in die huis. Dit kan moontlik 'n romp en bloese met 'n voorskoot wees. Hieroor kan sy 'n baadjie aantrek wat by die romp pas, en nog 'n jas bo-oor vir wanneer sy uitgaan, bv. na haar vroueverenigings: "She has one of those cheap or imitation velvety-looking cloth coats with imitation fur collar. Her hat is five or six years old, one of those dreadful cloche hats that were worn in the late twenties and she is clasping an enormous black patent-leather pocketbook with nickel clasps and initials. This is her full dress outfit, the one she usually wears to the D.A.R." (Williams 1962b:241).

'n Ander kledingstuk, wat as volledige kostuum kan deurgaen, is 'n "housecoat", 'n kamerjapon wat sy oor ander klere kan dra vir moontlike vinnige verkledings. Hiermee sien ek haar ook in 'n kopdoekie - van die soort wat dames dra om ingedraaide hare te verberg:

"Amanda's hair is in metal curlers and she wears a very old bothrobe, much too large for her slight figure, a relic of the faithless Mr. Wingfield" (Ibid.: 250).

Die ander kostuum is die een wat sy ± 20 jaar tevore vir die sewentien jongkêrels gedra het.

"She wears a girlish frock of yellowed viole with a blue silk sash. She carries a bunch of jonquils - the legend of her youth is nearly revived" (Ibid.: 276).

Opsommend kan gesê word dat Amanda basies twee kostuums benodig: een vir huis- en algemene gebruik en een vir wanneer die "Gentleman Caller" kom. Voeg daarby 'n jas, hoed, kamerjas, voorskoot, skoene, pantoffels, kopdoek, en haar uitrusting is toereikend.

Soos reeds opgemerk is sy in haar middeljare en klein van postuur.

Die aktrise wat die rol beset het is Enone van den Bergh, en is in haar middeljare, klein van postuur en het blonderige hare.

4.1.3 Laura Wingfield, die dogter

Van haar sê Tennessee Williams (1962b:228). "Amanda having failed to establish contact with reality, continues to live vitally in her illusions, but Laura's situation is even graver. A childhood illness has left her crippled, one leg slightly shorter than the other, and held in a brace. This defect need not be more than suggested, on the stage. Stemming from this, Laura's separation increases till she is like a piece of her own glass collection, too exquisitely fragile to move from the shelf."

Let ook op na wat Signi Falk (1961: 76) van haar sê:

"When Williams says the play is not realistic, but is intended to be a sentimental, evocative piece, he must be thinking of Laura, the morbidly shy, overduplicate sister who is as fragile as the little glass ornaments and phonograph records which are her escape. It is upon Laura that Williams has not only spent sentiment but pathos and tears; he has oppressed the girl with much more sad biography than was included in the short story which first presented her in fiction; the pathos is not needed in the play. For, through her timidity, her suffering from the friction between Tom and Amanda, and her retreat into the world of dreams, Laura evokes genuine sympathy; she is the appealing one of those who must be cared for, loved, and understood. Her charm and delicacy win the audience - just as they won her brother Tom."

Hou hiermee saam ook in gedagte die feit dat sy as gevolg van haar gebrek 'n minderwaardigheidskompleks ontwikkel het. Sy vertel self vir Jim dat sy gedink het dat almal in die skoolsaal omkyk as sy met 'n gestamp binnekom. As gevolg van hierdie vrees het sy die skool verlaat voordat sy haar

kursus voltooi het. By 'n handelskollege was haar dieselfde lot beskore.

Ek skat Laura tussen 24 en 26 jaar oud. Sy is skraal gebou en het bruine-rige oë en hare.

Betsie Coetzee, wat die rol beset het, is skralerig maar effens langerig. Sy het donkerbruin hare en bruin oë.

Uit die stuk kom ons die volgende aangaande Laura se kostuums agter:

"She wears a dress of soft violet material for a kimono - her hair tied back from her forehead with a ribbon" (Williams 1962b:241).

"She pulls on a shapeless felt hat ... the coat is one of Amanda's, inaccurately made over, the sleeves too short for Laura" (Ibid.: 256).

"Laura in light-coloured dress" (Ibid.: 264).

"Laura stands in the middle with lifted arms while Amanda crouches before her, adjusting the hem of the new dress, devout and ritualistic. The dress is coloured and designed by memory. An unearthly prettiness has come out of Laura. She is like a piece of translucent glass touched by light, given a momentary radiance, not actual, not lasting" (Ibid.: 274). As dit alles in aanmerking geneem word, benodig Laura die volgende:

'n Romp en bloese wat sy kan gebruik as sy die handelskollege bywoon;

'n geblomde rok van sagte materiaal, wat sy by die huis kan dra;

haar rok wat vir die "Gentleman Caller" gemaak word.

Voeg hierby 'n jas, 'n hoed, stewels wat sy met en sonder 'n beenstut kan dra, handskoene en dalk 'n voorskoot en haar kostumering is afgerond.

Hier kan bygevoeg word dat daar by die Klerksdorpse Ortopediese Hospitaal stewels vir haar laat maak is - een opgebou en met 'n beenstut toegerus. Sy het voor die opvoering daagliks daarmee geloop.

4.1.4 Tom Wingfield, die broer.

Kort maar kragtig sê Tennessee Williams(1962b:228). van hom: "A poet with a job in a warehouse. His nature is, not remorseless but to escape from a trap he has to act without pity".

Omdat hy as digter in 'n pakkamer werk verdien hy daarvoor slegs \$65 per maand. Hiermee moet hy sy ma en sy suster versorg, sigarette koop en bioskoop toe gaan. Vir klere sou daar nie geld oorbly nie.

Williams (1962b:234) se toneelaanwysings vir Tom se klere is die volgende:

"Tom enters dressed as a merchant sailor form the alley".

"The coat ... it is ugly and bulky. He pulls on a cap with earmuffs" (Ibid.:262).

"Tom, in white shirt and trousers, ..." (Ibid.: 265).

As in gedagte gehou word dat Tom Tennessee Williams is, dan moet hy ongeveer 2 jaar jonger as sy suster wees, met ander woorde tussen 23 en 25 jaar oud.

Hy is van middelmatige lengte, stewig gebou met bruinerige hare en blou of bruin oë.

Henk Wijbenga, wat die rol beset, is 30 jaar oud, middelmatig van lengte en stewig gebou. Hy het bruinerige hare en bruin oë.

4.5.1 Jim O'Conner, die "Gentleman Caller"

Van hom sê Williams (1962b:228): "A nice ordinary, young man".

Signi Falk (1961:77) sê van hom: "Jim seems to represent the average, unimaginative American - a contrast to the more perceptive Tom."

Met die bepaling van sy kostuum is veral belangrik om te onthou dat hy "an emisary from the world of reality" is. (Williams 1962b: 235).

Met \$85 per maand en as alleenloper met baie ambisie sal hy smaakvoller geklee gaan as Tom.

Een smaakvolle pak klere met hoed en jas sal dus voldoende wees.

Hy is 23 jaar oud (Williams (1962b: 297), lank en atleties gebou, "star in the basket-ball" (Ibid.: 271), met swart hare en blou oë - hy is tewens van Ierse afkoms: "Irish on both sides" (Ibid.: 269).

Die akteur wat die rol beset het, Dawie du Toit, is lank en atleties gebou met blonde hare en blou oë. Vir die stuk het hy sy hare swart gekleur.

4.2 Verslag van die kostuumontwerpster

Ek haal aan uit die brief van die ontwerpster gedateer 15 April 1976.

"Scene 1. Here Tom is introducing the action from some time in the future. He is now free. I thought this could be symbolized quite simply by him wearing a seaman's cap (see design). Also no tie or coat."

Tom het toe 'n pet gedra soos voorgestel met 'n oortrektrui sonder das.

"The lights then come up on the interior. Amanda is seen in her skirt and blouse, Laura in her 1st dress. Tom now with cap discarded."

Dit is so uitgevoer, behalwe dat Tom sy trui uitgetrek en 'n baadjie aange-trek het - sonder pet of das.

Scene 2. "Amanda is wearing a hat, coat, black patent leather bag, skirt and blouse. Laura is still in her first dress."

Dit is so aanvaar en uitgevoer.

Scene 3. "Amanda should change into a house coat for this scene, with her hair tied up in a scarf. Amanda doesn't strike me as the sort of person that would stay day in and day out in the same outfit, of course visually it would be more interesting, if she changes to the house coat. Tom puts his coat on at the end of the scene."

Dit is so aanvaar en uitgevoer. Amanda het oor haar romp en bloes 'n kamer-jas aangetrek.

Scene 4. "In the first part of this scene Laura is in a dressing-gown, this should be floor length with perhaps a Peter Pan collar and belt. (The high neck will hide her costume underneath.)

Tom is dishevelled, still wearing his coat.

For the second part of this scene I think Laura should change into a skirt and blouse (budget allowing.) Amanda is still in her house coat. Tom should look as though he has put a clean shirt on."

Laura is nie in 'n japon geklee nie; sy het haar kostuum l aangehou en later in die toneel net haar jas aangetrek toe sy uitgegaan het. Verder is die voorstelle aanvaar en uitgevoer.

Scene 5. "Amanda is wearing her skirt and blouse. Laura, her skirt, blouse and an apron. Tom no tie."

Dit is so aanvaar en uitgevoer.

Scene 6. "Amanda is in her housecoat to begin with, then her "Blue Mountain's dress: Amanda's dress is early 20s, as obviously she had it before Laura was born. The opaque material is for the bodice and skirt and the voile is for the over bodice and skirt, this applies to Laura's dress as well. Laura is wearing her new dress. Tom is looking his smartest, jacket and tie. Jim is wearing a grey pin-striped suit."

Dit is so aanvaar en uitgevoer.

Scene 7. "The Same".

Hierna is die kostuumsketse met materiaalmonsters aan die garderobemeesteres oorhandig.

Omdat die monsters in Durban aangeskaf is, kon daar nie presies by dieselfde materiaal gehou word nie. Daar is egter gepoog om veral wat kleur betref, by die ontwerp te hou. Wat vorm en patroon betref, is egter by die ontwerp gehou - vergelyk die foto's in die fotobeeld en die ontwerpe wat hierna volg.

1



a




b



2



1


















4.3 Samevattend

Tom Wingfield dra deurentyd dieselfde hemp en broek. Om afwisseling te kry sit hy 'n das aan, trek sy baadjie aan of uit, trek sy trui aan of uit en trek sy jas aan of uit. (kyk teks vir aanduidings).

Amanda Wingfield kan in tonele 1 - 5 haar romp en bloese aanhou en net in tonele 3 en 4 haar japon oor hierdie klere aantrek.

In toneel 6 moet sy die japon slegs oor haar onderklere aanhê, omdat sy binne $\pm$ 5 minute haar kostuum 4 moet aantrek (kyk teks vir aanduidings).

Laura verwissel van kostuum soos in die teks aangedui. Jim O'Connor dra slegs een kostuum en trek net sy baadjie aan en uit, soos in die teks aangedui.

4.4 Kostuumkaart

KARAKTER	TONEEL	SKETS NR.	KOSTUUM	MATERIAAL	KLEUR	TOEBEHORE
Tom	1	1	hemp broek baadjie	katoen sajet wol	wit grys bruin	swart skoene pet b
Amanda	1	1	bloes romp	nylon (barathea) wol	appelgroen groen strepe	borspeld swart skoene
Laura	1	2	bloes romp	katoen wol (barathea)	wit blou	swart stewels
Amanda	2	2	jas bloes romp	wol nylon (barathea) wol	"herring-bone" bruin Appelgroen groen strepe	halssnoer, borspeld bruin filthoed, swart skoene, swart blinkleer handsak
Laura	2	2	bloes romp	katoen wol (barathea)	wit blou	swart stewels
Amanda	3	1	bloes romp	nylon (barathea) wol	appelgroen groen strepe	borspeld swart skoene
Tom	3	2	oortrektrui hemp broek (jas)	wol (fair isle) katoen sajet (nylon)	bont wit grys	do
Laura	3	1	rok	gekrinkelde sy (crepe)	pruim (maroen)	swart stewels
Amanda	4	3	japon	wol	blou	krullers, kopdoek bruin pantoffels.

KARAKTER	TONEEL	SKETS NR.	KOSTUUM	MATERIAAL	KLEUR	TOEBEHORE
Tom	7	1	hemp broek baadjie	katoen sajet wol	wit grys bruin	swart skoene
Jim	7	1	hemp pak das	katoen wol nylon	hemp grys strepe rooi, wit	swart skoene

5. Grimering

"One of the basic purposes of most makeup is, by making suitable changes in the actor's physical appearance, to assist him in the creation of a character" (Corson 1975: 5).

Bogenoemde aanhaling van 'n groot deskundige op sy gebied wil ek gebruik om te wys hoekom ek nie die spelers laat grimeer het nie. Hiermee bedoel ek nie dat daar glad geen grimering was nie - slegs dat die dames net straat-grimering in plaas van byvoorbeeld karaktergrimering gebruik het.

Die redes hiervoor is tweërlei.

5.1.1 Omdat al vier die spelers die werklike ouderdom was van die karakters wat hulle vertolk het, was dit dus nie nodig om hulle ouer of jonger te "grimeer" nie.

5.1.2 Omdat die Kamertoneel so intiem klein is, val grimering maklik op. As dit dus nie nodig skyn te wees nie vermy mens dit liever.

Die volgende beplanning is tog gedoen.

5.2 Hare

5.2.1 Tom se natuurlike hare word net so gebruik, en hy hou sy haarstyl soos in die alledaagse lewe. Van toneel tot toneel sal slegs die netheid van sy hare wissel.

5.2.2 Omdat Jim O'Connor 'n Ier is en dus moontlik swart hare sou gehad het, het die betrokke speler sy blonde hare swart gekleur. Dit sou hom ook help om van vorige karakterrolle wat hy beset het, los te kom.

Hy moes dus net elke aand sy ooghare swart kleur.

5.2.3 Amanda se hare moes grysblond vertoon, netjies met tog 'n blyk van verwaarlosing. Om dit te suggereer en volgens die toneelaanwysing:

"Amanda's hair is in metal curlers"... (Williams 1962b:251), dra sy in tonele 3 en 4 'n kopdoek om die krullers weg te steek. In die ander tonele is haar hare slegs netjies gekam sonder om "gekap" te lyk.

5.2.4 Laura se hare is eenvoudig en natuurlik gehou met slegs 'n lint-strikkie of 'n Aliceband vir afwisseling.

5.3 Gesigte

5.3.1 Die twee mans het geen grimering gebruik nie behalwe waar dit genoem word. Poeier is slegs gebruik om blink gesigte te voorkom.

5.3.2 Die twee dames het slegs gewone straatgrimering gebruik, d.i. 'n effense rooi aan lippe en wange en in Laura se geval ooggrimering om die indruk van groter oë te skep.

6. Rekwisiete

Ook hier moet onthou word dat die stuk 'n droomspel is - dinge word dus in die herinnering teruggeroep. Rekwisiete is gevolglik slegs tot die absoluut funksionele beperk. Geen rekwisiete sal uitgestal word slegs vanweë hulle vertoonwaarde nie. In gedagte moet gehou word dat die rekwisiete in die gees van die produksie moet pas. Rekwisiete, dekor, kostumering ens. moet 'n eenheid vorm.

Hier volg 'n lys van die rekwisiete wat in elke toneel gebruik is:

6.1 Melkkasie op die brandtrap

Tom se sigarette (Chesterfields)

Tom se vuurhoutjies

Drie borde met 3 messe en 3 vurke op die tafel. 'n Asbakkie.

'n Melkpot op die tafel

'n Blompot op die tafel

'n Tafeldoek (kyk fotobeeld)

'n Kombers en kussing op die divan

Een bord, koppies en nageregbordjies, koekblik, kersblaker en kandelaar op die koskas

'n Telefoon met 'n lang tou op die koskas

'n Kassie vir messe en vurke op die kas

'n Asbakkie op die koffietafel langs die sofa

'n Victrola met ou plate op die buffet

'n Draagbare tikmasjien met 'n tikkaart en tikpapier

Speelgoed van glas op verootafel (die speelgoed bestaan uit glasdiertjies soos, eende, hase, olifante, beeste, perde, en baie belangrik 'n eenhoring)

6.2 Beker, blompot en asbak op die eetkamertafel

Tafeldoek op die tafel

Borde en eetgerei van toneel 1 nou in die kas

Tikmasjien, tikkaart en tikpapier

Victrola en plate

Stoflap om glasspeelgoed op te vrywe

Hoed en handskoene vir Amanda - ook handsak en sakdoek

'n Jaarblad

6.3 'n Telefoon met sakboekie op die koskas

'n Melkrakkie op die brandtrap

Tikmasjien, tikpapier en twee boeke op die eetkamertafel
'n Stoflap vir die glasspeelgoed

6.4 Sleutels vir Tom

Kaartjies, vuurhoutjies in Tom se jassak - ook sigarette
'n Syserp in Tom se broeksak
'n Koppie en piering in die coulisse
'n Melkbeker op die tafel
'n Beskuitblik op die tafel
'n Hoed en jas vir Laura aan die haak
'n Beursie vir Laura
'n Serp en jas vir Tom aan die haak
Telefoon en sakboekie op die koskas

6.5 Drie koppies en pierings op die tafel

'n Asbak op die tafel
'n Blompot op die tafel
'n Koerant op die koskas
'n Borsel en kam op die divan
Sigarette en vuurhoutjies
'n Vadoek vir Laura in die coulisse

6.6 'n Naaldwerkmandjie met inhoud

'n Naald en garing
Twee poeierpoffies
Glasspeelgoed - 'n eenhoring op die vertoonkassie
'n Bossie blomme - wat ook al beskikbaar is, verkieslik narsings
'n Tafeldoek op die tafel - die feesmaaltafeldek
'n Kandelaar met twee kerse
Vier borde, messe, vurke en lepels
Vier wynglase
'n Asbakkie op die tafel
'n Kersblaker in die coulisse
Die telefoon op die koskas
Die kassie vir die messe en vurke op die koskas
Die victrola en plate op die buffet
Die tikmasjien en tikkaart op die buffet
Sigarette en vuurhoutjies vir Tom en Jim
'n Jaarblad

'n Sertifikaat vir Tom

Kougom en pepermente vir Jim

6.7 Dieselfde as toneel 6

Die sogenaamde eenhorings is spesiaal vir ons geblaas deur glasblasers van die Departement Industriële Chemie, PU vir CHO (kyk fotobeeld vir voorbeeld).

Die victrola wat uit die tydperk voor die Tweede Wêreldoorlog gedateer het, is aan ons geleen en deur die Tegniese Departement van die PU vir CHO in 'n werkende toestand gebring.

Ander rekvisiete is uit die Departement se rekvisietekamer gekry en aangekoop of geleen.

7. Fotobeeld



7.1

T. 1

Tom: "Ek het towerkunsies in my mag; ek het iets wat^{ek} versteek; maar ek is die teenoorgestelde van 'n toorkunstenaar."

(Regisseurteks: 150).

7.2

T. 3

Tom: "Ma sal op en op gaan op 'n besemstok dwarsoor Blue Mountains ... soos 'n lelike babbelende ou Heks".

(Regisseurteks: 215).





7.3

T. 4

Tom: "Hy het hierdie vir my gegee. Dit is sy to-werserp."

(Regisseurteks: 224).



7.4

T. 5

Amanda:

"Ja waarlik. So 'n klein sekelmaan. Het jy al gewens."

(Regisseurteks: 264).

7.5

T. 5

Amanda:

"Hy kan hê, kan hy nie?
Een of ander tyd in die
toekoms."

(Regisseurteks: 283).



7.6

T. 5

Amanda:

"Kyk oor jou linkerskouer,
Laura, en wens!"

(Regisseurteks: 295).



7.7

T. 6

Amanda:

"Stop! Stop, ek sien
narsings!"

(Resisseurteks: 313).



7.8 T. 6 Tom: "Ek is soos my pa. Die onverantwoordelike seun, van 'n on-
verantwoordelike vader!" (Regisseurteks: 340).





7.9

T. 6 Amanda: "Vervloë, vervloë, vervloë! Alle oorblyfsels van 'n deftige leefwyse!"


(Regisseurteks: 345).



7.10

T.7 Jim: "Op hoërskool was ek baie bederf."

(Regisseurteks; 391).



7.11 T. 7 Laura: "Pas op - as jy te hard asemhaal, breek hulle."
(Regisseurteks: 406).

7.12 T. 7 Laura: "Sien jy hoe die lig deur hom skyn". (Regisseurteks: 406)



7.13 T. 7 Jim: "I
teen het ons gestamp
(Regisseurteks: 416)




7.14

T. 7

Laura: "'n Aandenking".


(Regisseurteks: 427).



7.15 T. 7

Amanda: "Jy doen:
nerens kennis op
nie! Jy leef in
'n droom, jy fabri-
seer illusies!"

(Regisseurteks: 439).



7.16

T. 7 Tom: "Goed ek sal loop! Hoe meer ma tekere gaan oor my selfsug-
tigheid, hoe gouer sal ek loop, en nie bioskoop toe nie".

(Ibid.: 443).

8. Repetisies

Op Maandagaand 10 Mei 1976 om 19h00 het Amanda, Laura en Jim saam met die regisseur en assistent-regisseuse vergader. Aangesien Tom nog met 'n ander stuk besig was, het hy eers die volgende week by ons aangesluit (vgl. repetisieverslag).

8.1 Repetisierooster

Uit ondervinding weet ek dat repetisieroosters selde uitwerk. Tog is die volgende rooster saamgestel om as vorderingshandleiding te dien. Ook in hierdie geval het die rooster nie uitgewerk soos beplan nie. Aanpassing is gemaak na gelang van die vordering wat gemaak is.

17 Mei	Maandag	- T2	Amanda en Laura
18 Mei	Dinsdag	- T1,3	Tom, Amanda en Laura
19 Mei	Woensdag	- T4	Tom, Amanda en Laura
20 Mei	Donderdag	- T5	Tom, Amanda en Laura
21 Mei	Vrydag	- T6	Tom, Amanda, Laura en Jim
22 Mei	Saterdag	- T7	Tom, Amanda, Laura en Jim
24 Mei	Maandag	- T1,2	Tom, Amanda en Laura
25 Mei	Dinsdag	- T3,4	Tom, Amanda en Laura
26 Mei	Woensdag	- T5,6	Tom, Amanda Laura en Jim
27 Mei	Donderdag	- T7	Tom, Amanda, Laura en Jim
28 Mei	Vrydag	- T1-7	Almal
29 Mei	Saterdag	- T1-7	Almal
31 Mei	Maandag	- T1-7	Almal
1 Junie	Dinsdag	- T1-7	Tom, Amanda en Laura
2 Junie	Woensdag	- T5-7	Almal
3 Junie	Donderdag	- T1-5	Tom, Amanda en Laura
4 Junie	Vrydag	- T6-7	Almal
5 Junie	Saterdag	- T1-7	Almal
7 Junie	Maandag	- T1-7	Almal met tegnici
8 Junie	Dinsdag	- T1-7	Almal met tegnici
9 Junie	Woensdag	- T1-7	Almal met tegnici
10 Junie	Donderdag	- T1-7	Kleedrepetisie
11 Junie	Vrydag	- T1-7	Keuring
12 Junie	Saterdag	- T1-7	Deurloop
14 Junie	Maandag	- T1-7	Deurloop
15 Junie	Dinsdag	- T1-7	Deurloop
16 Junie	Woensdag		Openingsaand

8.2 Toneel- en spraakontleding

TONEEL	SPELERS	BLADSYE	SPREEKBEURTE
1	Tom	150 - 172	13
	Amanda		18
	Laura		8 (39)
2	Amanda	172 - 195	26
	Laura		25 (40)
3	Tom	198 - 215	19
	Amanda		19
	Laura		2 (40)
4	Tom	219 - 256	50
	Amanda		47
	Laura		14 (111)
5	Tom	259 - 295	67
	Amanda		71
	Laura		3 (141)
6	Tom	300 - 354	36
	Amanda		40
	Laura		28
	Jim		27 (131)
7	Tom	357 - 446	14
	Amanda		44
	Laura		113
	Jim		143 (314)

Totaal Tom: 199, Amanda: 265, Laura: 193, Jim: 170, Totaal: 827.

9.1	<u>Begroting</u>	
1.	Opvoerrechte	R156,00
2.	Programme	250,00
3.	Toegangskaartjies	30,00
4.	Biljette	30,00
5.	Dekor	500,00
6.	Rekwisiete	50,00
7.	Kostuums	450,00
8.	Klank	50,00
9.	Vervoer	20,00
10.	Foto's	44,00
11.	Blomme	30,00
	Totaal	R1610,00
12.	Honorarium	500,00
		<u>R2110,00</u>

9.2 Inkomste-en-uitgawerekening

Inkomste:

1.	Advertensies	R300,00
2.	Programme	80,00
3.	Opvoerings:	
a.	Pro Rege	435,00
b.	Seisoenkaartjies	338,50
c.	Studente	298,50
d.	Deurverkope	<u>35,50</u>
		R1487,50

Uitgawes:

1.	Drukwerk	R310,96
2.	Dekor	342,28
3.	Kostuums	462,99
4.	Honorarium	560,00
5.	Rekwisiete	41,06
6.	Hare kap	7,50
7.	Vervoer	12,00
8.	Onthaal	164,56
9.	Diverse	28,44
10.	Klank	<u>12,69</u>
		R1942,48
	Verlies	<u>454,98</u>
		<u>R1487,50</u>

9.3 Bywoning

Die speelvak het Woensdag 16 Junie 1976 geopen en het geduur tot Saterdag 26 Junie 1976.

803 mense het die 13 opvoerings bygewoon - 'n gemiddeld van 61,76 mense per aand.

Uit 'n moontlike bywoning van 1040 gee dit 'n bywoningspersentasie van 77,21%

As in aanmerking geneem word dat dit winter was en dat televisie nog 'n nuutjie was, was die bywoningsyfer bevredigend.

9.4 Besprekingskaart

Junie	16	17	18	18	19	19	22	23	24	25	25	26	26
9	11	16	36	25	69	D	16	24	7	17	8	24	2
10	15	16	40	30	70	N	22	24	8	17	8	28	2
11	21	16	52	31	77	A	27	24	9	17	8	30	2
14	33	29	52	43	79	A	31	30	9	17	6	28	5
15	40	43	65	45	79		41	40	15	19	6	34	9
16	43	49	70	53	79	I	52	47	15	22	9	34	9
17		53	78	59	80		60	51	15	22	9	36	9
18			79	80	80	E	77	70	17	39	11	36	11
21						T	80	74	34	45	13	45	14
22						S	80	78	44	44	19	47	15
23						A		78	66	56	24	47	15
24						G			68	58	25	47	15
25										61	30	54	17

9.5 Sleutel tot Besprekingskaart

Dwarstoon die opvoeringsdatums aan.

Speelgoed van glas is van 16 Junie tot 26 Junie 1976 opgevoer met 2 sessies op 18, 19, 25 en 26 Junie.

Af toon die besprekings op die betrokke dae aan.

Die besprekings het op die 9de Junie 1976 vir die publiek geopen.

Drama, akteurs 'n gelukkige keuse

POTCHEFSTROOM — 'n Drama het lanklaas so goed gepas in die landige teater-tjie van die PU vir CHIO se dramadepartement as die **GOED VAN GLAS**, van Tennessee Williams. Dit is 'n vertaling van sy outobiografiese **THE GLASS MENAGERIE**.

'n Aangename verrassing was die gas van Pretoria, Enone van den Bergh, in die rol van Amanda Wingfield, die oorangestige moeder, wie se herinneringe en onvervulde verwagtinge haar hele bestaan oorheers. Sy vertolk die rol met 'n lewendige sprankel, wat die simpatie van die gehoor wen, hoewel sy 'n uitputtende, byna neurotiese vrou vertolk, wat haar dae vul met herinneringe uit haar vrolike verlede.

Kinders

Sy pas met stem en gestalte pragtig in die atmosfeer van rinkelende

glas en wasige lig, wat die terugbeeld in die verkleed versinnebeeld. Die dekor en beligting is hiervoor baie suksesvol beplan.

Haar twee kinders, Tom en Laura, wat gespeel deur Henk Wijngaarde en Betsie Coetzee. Daar is iets in die karakter, Laura, wat ooreenkomstig die rol wat Betsie ook vertolk het in Zindel se Gammastrale vroeër vanjaar, en sy kan weer grootoog en half verwonderd speel as iemand wat haar rug keer op die werklikheid en in iets anders, dié keer die glasornamentjies, 'n grutter, sulwender skoenheid vind.

Henk Wijngaarde speel weer sterk en oortuigend. Hy is tegelykertyd verteller en gefrustreerde jong man, wat probeer wegkom uit die Posisie wat hy verafsku, en telkens te ruggehou word deur lojaliteit, of is dit onmag? Sy spel wissel van woedende uitbarstings tot tere toegeneetheid, en selfs onverskilligheid en hy leef hom maklik in al die fasette in.

As hy op sy moeder se versoek om vir Laura 'n kereel te kry, reageer, ver-skyn Dawie du Toit as galante, ambisieuse Jim O'Connor op die toneel, oëblik Laura se jeugheid. Ondanks dié minsame korektheid, slaag hy tog daarin om ook 'n senuagtig en onkame vang te speel, soos wat 'n mens sal verwag van 'n verloofde kereel wat geenool word vir 'n ander meisie!

Kleivoete

En Laura! Haar gehele me hoop al die jare realiseer in die oomblik, en sy maak haar wêreld oop vir lenard anders behalwe haar broer, maar wanneer ook hierdie droomheid sy kleivoete begin wys, vorm d e speelgoed weer haar lewe, kontrasterend met alles wat anders en onaanvaarbaar vir haar is.

Aldo Behrens het met hierdie stuk sy suksesvolle tradisie as regisseur konstant gehou. Die kombinasie van drama en akteurs was 'n gelukkige keuse! Willemien le Roux.

10.2 Resensent: Prof. T.T. Cloete

Uitgesaai deur die SAUK oor die program "In die Voorportaal", Donderdag 24 Junie 1976.

Vanaf die helfte van Junie vanjaar word Tennessee Williams se Speelgoed van glas, of soos dit in die oorspronklike heet: "The Glass Menagerie" in die Kamertoneel van die P.U. aangebied deur die dept. Spraakleer en Drama.

Dit is 'n drama met heelwat autobiografiese materiaal uit Williams se eie lewe, vol skrynende ironie, en dit herinner mens baie sterk aan Paul Zindel se drama "The effect of gamma rays on man in the moon marigolds", wat vroeër vanjaar deur dieselfde departement opgevoer is -- dit is dieselfde situasie van 'n ma met haar twee kinders wat deur die vader in die steek gelaat is en nou in volkome sosiale isolement leef. Trouens, Betsie Coetzee, wat in Zindel se drama die rol van die gevoelige dogter in sulke ellendige huislike en maatskaplike omstandighede vertolk het, speel weer dieselfde soort rol in die opvoering van Williams se drama. Mens voel goed aan dat haar spel vroeër vanjaar in Zindel se drama, waaroor ook reeds in hierdie program gepraat is, haar goed geoefen het vir haar huidige rol as Laura in Speelgoed van glas. Dit is onberispelik afgeronde spel. Die rol van haar broer Tom word gespeel deur Henk Wybenga, wat nie meer student is nie maar dosent. Hy is 'n ervare speler, en ek meen dat dit een van die spontaanste rolle is wat hy ooit vertolk het. Hy het 'n natuurlike aanleg vir humor en ironie, soos mens dit ook vroeër kon sien in sy vertolking van 'n rol in Ibsen se Poppehuis. Dan was daar die ma van die gesin, Amara, gespeel deur die bekende verhoogspersoonlikheid Enone van den Bergh. Dit het nou al instelling geword dat die Kamertoneel van die PU bekende toneeltalent van buite se dienste gebruik, en altyd, soos nou weer, het dit sy verdienste bewys. Die Kamertoneel van die Universiteit is trouens 'n leerskool vir jonger talent -- en hulle kan nie beter leer nie as al spelende saam met ervare mense, o.a. ook hulle eie dosente. Daar is ten slotte die enigste besoeker aan die familie, Jim O'Conner, gespeel deur Dawie du Toit, wat daarvoor gesorg het dat 'n smeulende ellendigheid in die huis uiteindelik in sy volle gloed ontvlam. As die spel afgeloop is, voel mens dat Williams sy eie stuk goed gekarakteriseer het toe hy gesê het: In 'n groot stad herinner al daardie brandtrappe jou aan die pogings van mense om te ontsnap aan die vure van wanhoop wat daar binne in die geboue brand. En dit is merkwaardig hoe die dekor van hierdie opvoering, versorg deur Crystelle Smuts onder leiding van Joe Coetzee, die illusie van die massale Amerikaanse grootstad geskep het, agter die klein kamertjie van ellende op die

verhoog waarin die familiegeskiedenis hom afspeel.

Daar is baie poësie naas al die dramatiese beroering in hierdie stuk, en dit is mooi uitgespeel deur die spelers. Die regisseur, Aldo Behrens, se vertolking van die stuk is korrek. Uiteindelik word alles wat mooi en teer was vernietig deur 'n brute, onverskillige werklikheid. Die ellende triomfeer -- dit is sterker as alles. Die aangrypendste stuk ironie van die drama is dat die ma, 'n ydele dromende figuur (net op haarself en haar ydele drome ingestel) die ellende vererger juis as sy probeer om die gesin daarvan te verlos. Haar pogings om die saaie werklikheid fleurig te maak, is die ware oorsaak van die ellende waarin die gesin bestaan. As sy uiteindelik probeer om die gesin uit sy absolute afsondering te red deur 'n gas te nooi, beklemtoon dié insident juis die maatskaplike isolement van die gesin, en die laaste moontlike geselskap vir die afgesonderde dogter word verdryf. Die grootste gebrek van die ma is dat sy volkome blind is vir haar gebreke. En dit het Enone van der Bergh met 'n blinde naiwiteit oortuigend vertolk.

11. Opvoerrege

Nadat ons by DALRO (Dramatiese, Artistieke en Letterkundige Regte Organisasie (Edms.) Beperk) onvoerrege aangevra het, het hulle via Samuel French Ltd. met Tennessee Williams se Amerikaanse agente onderhandel.

Omdat Williams by vorige geleenthede opvoerrege geweier het tensy dit voor gemengde gehore aangebied word, het die benouende gevoel ontstaan dat opvoerrege geweier kan word. Gelukkig is dit aan ons toegestaan. (Vergelyk bygaande brief).

Dramatiese, Artistieke en Letterkundige Regte Organisasie (Edms.) Beperk.

(DALRO)

Posbus 8292 Johannesburg.
Telefoon: 725-1425 / 88 / 81
Kabel en Telegrafiese Adres:
„LITTERA.“



SAMRO - HUIS.
(voorheen DE DEER - HUIS)
DE DEER - op JUTASTRAAT.
BRAMFONTEIN.
JOHANNESBURG

U VERW.
ONS VERW. D/3

2 Junie 1976

Die Hoof
Departement Spraakleer en Drama
Universiteit van Potchefstroom
POTCHEFSTROOM
2520

AANDAG Mnr. Aldo Behrens

Geagte mnr. Behrens

"THE GLASS MENAGERIE"

Soos my sekretaresse u seker tydens my afwesigheid in Mei meegedeel het, het Mnr. Tennessee Williams se Amerikaanse agente via Samuel French Ltd. toestemming verleen vir die Afrikaanse aanbieding van die bogemelde werk deur u Departement.

Ons bevestig dus graag dat u kan voortgaan met die beoogde reeks opvoerings teen 'n tantieme van R12,00 per opvoering. Die nodige aansoek kan op een van die aangehegte vorms gedoen word.

Ons verneem graag binnekort weer van u in hierdie verband.

Vriendelik die uwe


MRS. BESTORENDE DIREKTEUR
BSR/MDP
Byles


12. Regisseurteks

Regie: Beweging, verhoogaktiwiteit, tekslewering en spelmotiverin

SLEUTEL TOT SPELBEPLANNING

1. Spreekbeurt word per bladsy van 1 tot .. genommer.
2. Woorde wat as sleutel tot 'n beweging of verhoogaktiwiteit dien, word aangedui deur 'n syfer in 'n sirkel bo die betrokke woord te plaas, b

2.TOM! ^② "Ek het niks van die kos geniet nie, omdat u voortdurend aanwys hoe daar geëet moet word. ^③ Dit is u wat my noodsaak om my kos heel in te sluk....."

Tom is met die tweede spreekbeurt van die betrokke bladsy besig. Op 2 ^② sit hy sy vurk en mes neer. Op 2 ^③ stoot hy sy stoel agteruit en stap weg van die tafel af. ^③ 

3. Die beweging word ook op die dekorvloerplan aangetoon deur dieselfde syfer op die plek aan te bring waar die beweging begin, en met 'n streep en 'n pyltjie die rigting en afstand van die beweging aan te toon.
4. Die pouses wat die ritme van tekslewing bepaal, word deur middel van regafstrepies aangetoon, bv.

/- kort pouse,

//- langer pouse,

///- lang pouse,

////- baie lang pouse.

Omdat 'n strepie egter nie die presiese duur van 'n pouse kan aandui nie omdat pouses op die verhoog intuïtief aangevoel word, is die ritmepouse-rings relatief.

5. Ander sleutels van tekslewing:

— Stygende infleksie.

\ Dalende infleksie.

— Klem.

⤿ Assimilasie.

c² Een sin loop oor in die volgende (enjambement).

Aangesien ook hierdie vertolking op die verhoog aangevoel word, het ek slegs voorskriftelik geraak as ek iets wou oorbring. Die res het ek gelaat om uit die repetisies te ontwikkel.

6. Die regisseurteks is op die wit bladsye gedruk.

Beweging en verhoogaktiwiteit is op die blou bladsye gedruk.

Tekslewing en spelmotivering is op die pienk bladsye gedruk.

7. Taalverandering is op die teks aangebring.

7.1 Voorbeelde van veranderings sluit die volgende in.

Ek noem eers die oorspronklike woord of term en dan die verandering soos on
dit op die verhoog gebruik het.

Jaarboek----jaarblad

pleurosis---pleurosie

gehoor sing---hoor sing

nou toe, nou toe, nou toe---wel, wel, wel,

besigheidskursus---handelskursus

byvoorbeeld daardie gestamp wat jy gedink het so vreeslik te wees---byvoor-
beeld daardie gestamp wat jy gedink het wat so vreeslik was

openbare spreekkuns---openbare redevoering

elkeen is nie mal oor avontuur nie---almal is nie mal oor avontuur nie

hulle gaan daarsonder---hulle kom daarsonder klaar

opwekkers---foppertjies

laat jou siel rus---toe maar

koorsagtig---koorsig

nou ja ek het towerkunsies in my mag---ja ek het towerkunsies in my mag

ongelooflik---ongelowig

fooie---ledegeld

vat---duur

aangaan---betref

Jesus se moeder in die museum---moeder Maria in die museum

in Godsnaam---in hemelsnaam.

igting.

Klank

S P E E L G O E D V A N G L A S

nd.-12
gte.

TENNESSEE WILLIAMS

Mozart

VERHOOG

'n Agterstraatjie in die groot stad ST. LOUIS in Amerika

KARAKTERS

AMANDA

'n Bejaarde moeder

LAURA

Haar dogter

TOM

Haar seun

JIM

'n Vryerskêrel


EERSTE TONEEL

af - sikloramalligte doof in.

imte-A - Vol
imte-B - half.

Nouja! // Ek het towerkunsies in my mag; // ek het
iets wat ek versteek; // maar ek is die teenoorge-
stelde van 'n toorkunstenaar. // Hy wek illusies
wat eg voorkom. // Ek toon die waarheid onder
die aangename dekmantel van illusies. // Ek begin
dan ook/deur u terug te voer na die verlede. //
Ek voer u na daardie snaakse periode, /die jare
dertig, /toe die groot middelklas van Amerika
gematrikuleer het in 'n skool vir blindes. // Hulle
oë het hulle in die steek gelaat; // of, /hulle
het hul oë in die steek gelaat, en hulle het toe
met hulle vingers gedruk op die vuurwarm Braille-
skrif van 'n ontbindende ekonomie. // In Spanje
was 'n rewolusie aan die gang. // Hier was net luide
gesteel en verwarring. / In Spanje was daar oorlog. //
Hier was arbeidsonrus, (soms gewelddadig) in die
andersins rustige stede; // Chicago, /Cleveland, /en
St. Louis //....
Dit /is die sosiale agtergrond van hierdie spel //

MUSIEK



Bewegingskets: toneel 1

Hier moet eers genoem word dat die voorgordyn glad nie gebruik is nie. Toneelwisseling is ten aanskoue van die gehoor gedoen. Verdonkerings toon die einde en oorgange van tonele aan.

Toneel 1


Beweging en verhoogactiviteit:

Met die begin van die stuk is slegs die brandtrap verlig. In die verdonkering wat die begin voorafgegaan het, het Tom, Amanda en Laura hulle plekke ingeneem.

Tom het met sy seemanspet op die kop, met sy regtervoet op trappie (g) en linkervoet op die onderste trappie en met sy elmboë op die reling stelling ingeneem (foto a). Amanda sit op stoel (k) en Laura op stoel (n). Gedurende Tom se openingstoespraak bly hulle roerloos sit. Vir die toeskouers is hulle dofweg sigbaar vanweë lig wat van die brandtrap en siklorama af mors.

1. ① As die lig op die brandtrap en siklorama tot volle sterkte gegroei het, haal Tom 'n sigaret uit, steek dit aan, en al rokende en met sy elmboë op die reling spreek hy die denkkeeldige toeskouers toe.
1. ② Hier kom Tom regop uit sy leunende posisie en druk met sy hande aan weerskante van hom. Nou staan hy met albei sy voete op trappie (g).

1. ② Hier kom Tom regop uit sy leunende posisie en druk met sy hande aan weerskante van hom. Nou staan hy met albei sy voete op trappie (g).



- 1.③ Hy draai nou frontaal met sy hande op die reling voor hom.
- 1.④ Maak hom gereed om verder met die brandtrap op te klim. Hy rook.

Tekslewing en spelmotivering

Tom, die enigste deelnemer wat in die hede verskyn, neem saam met sy moeder, Amanda Wingfield, sy suster, Laura Wingfield, en sy kollega en die „Gentleman Caller“, Jim O'Connor, in herinnering deel aan die verlede.

Sodra Tom in die hede optree, verloor hy sy fisieke betrokkenheid by die aksie van die stuk en tree slegs as verteller op van wat in die verlede sou gebeur het. Hy roep dus beelde in herinnering wat hom na aan die hart lê. As verteller verloor hy sy subjektiewe betrokkenheid en kan hy objektief meedeel wat gebeur het. Hierdie objektiwiteit is egter tydgebonde, aan die hede gekoppel. Sy verlede, dus sy herinnerings, kan hy egter nie afskud nie, en telkens het iets hom aan sy verlede laat terugdink.

1.① Alhoewel daar baie poësie in sy spreekbeurt voorkom, moet hy dit nie poëties sê nie. Hy vertel bloot wat in die verlede gebeur het. Sodoende kan hy kontras tussen die hede en die verlede verkry. In hierdie spreekbeurt hoef hy geen illusie te wek nie.

Die waarheid waarvan hy melding maak, is die storieplan van die stuk, dit wat in die verlede afspeel. Van hierdie verlede kan hy droom en dit sodoende in 'n aangename dekmantel van illusie klee. Aangenaam is Tom se droom beslis, veral vir die toeskouers, want in die droom bestaan daar die moontlikheid dat die probleme opgelos kan word. Selfs Tom vergeet in die droom van die hede en dus van die afloop van die gebeurtenisse.

Maar gesien in die konteks van Tom se laaste vertelling in die stuk (Regisseurteks: 445) waarsku hy sy toehoorders dat towerkunsies nie regtig bestaan nie. Aangesien die toeskouers die laaste spreekbeurt eers laaste hoor, droom hulle saam met Tom en hoop hulle saam met hom op 'n gunstige uitslag.

Die waarde van Tom as verteller lê daarin dat omdat hy die
verlede /

verlede ken, hy hom in die hede vervreem van dit wat hy vertel. Hy is dus as verteller objektief, en dit verhoed dat die toeskouers hulle van meet af met hom identifiseer. Hulle kan gevolglik die droom belewe sonder om die afloop te ken.

1.② Die tydperk waarvan Tom sy toehoorders vertel, is die tydperk wat gevolg het op die ineenstorting van die New Yorkse aandelebeurs in 1929, en Franklin D. Roosevelt se „New Deal for the American people“. Die Amerikaners van die dertiger jare, van wie hy en sy ma en suster deel was, se oë het hulle in die steek gelaat, of - en dít is die waarheid - hulle het hulle oë in die steek gelaat. Hulle sien dus slegs wat hulle wil sien, en sien dus alle illusies aan as die egte, as die waarheid.

Hier berei hy sy gehoor dus voor vir sy moeder se eensydige siening van sake. Vergelyk Amanda se weiering om Laura as eienaardig te aanvaar (Ibid 291). Ook hierdie deel word op 'n natuurlike verteltrant aangepak.

1.③ In Spanje was daar burgeroorlog aan die gang en verskeie Europese lande was daarin betrokke. In teenstelling daarmee was daar in Amerika slegs arbeidsonrus. In hierdie milieu van onsekere tye waar oorloë en gerugte van oorloë hoogty gevier het, het die droomspel afgespeel.

1.④ „dit is die sosiale agtergrond van hierdie spel“. (Ibid 150). .

1. TOM

① Hierdie toneelstuk / is herinnering. //

② Aangesien dit 'n herinneringspel is, / is dit dof
verlig; / is dit sentimenteel; / is dit onrealisties //

③ In herinnering geskied alles skynbaar op die
maat van musiek. //

Dit verklaar die musiek in die agtergrond. //

④ Ek vertel nie alleen wat gebeur nie, maar is
ook een van die deelnemers. // Die ander deelnemers
is my moeder, / Amanda, my suster, / Laura, / en 'n
besoeker wat in die eindtonele verskyn. // Hy
is die mees realistiese karakter in die stuk, /
aangesien hy afkomstig is uit 'n wêreld van
werklikheid waarby ons skynbaar nie inpas nie. //

Maar daar ek 'n digterlike swakheid het om
simbole te gebruik, / wend ek sy karakter aan / as
'n simbool; / hy is die langverwagte / maar erg
vertraagde / IETS / waarvoor ons almal lewe. //

⑤ Daar is 'n vyfde deelnemer aan die spel, / wat
egter nie in sy persoon verskyn nie, / maar in
die vorm van 'n lewensgroot portret teen die muur. //

Dit is ons vader, / wat ons lank gelede verlaat het. //

Hy was in die telefoondiens en het verlief
geraak op lang afstandoproepe. //

Aan die oproepe / het hy gehoor gegee en in ligter
verbeeldingstemming / gemaak dat hy wegkom. // Die
laaste berig van hom was van 'n dorp Mazatlan, /
aan die Stille Oseaankus van Meksiko. // Die berig
het net uit twee woorde bestaan /:

"Hullo - Vaarwel!" / sonder adres. //

⑥ Ek dink die res van die stuk is selfopenbarend. ///

doof
Mozart
tot
af.

af
ruimte-A af
ruimte-B aan


2. AMANDA (ROEP) Tom!

3. TOM Ja, Ma.

4. AMANDA Ons kan nie bid voor jy aan tafel is nie.

5. TOM Ek kom, Ma (Hy ~~BUIC EFFE~~ EN VERDWYN, OM 'N
PAAR OOMBLIKKE LATER SY PLEK AAN DIE TAFEL
IN TE NEEM) ⑦

6. AMANDA (AAN HAAR SEUN) ⑩ Ou broer, / moenie die kos met jou
vingers stoot nie. / As jy dan moet stoot, gebruik
liewer 'n broodkorsie. En kou-kou! / Diere
het dele in hulle ingewande wat




Bewegingskets: Toneel 1

Beweging en verhoogaktiwiteit

- 1.① Nadat Tom die agtergrond geskets het, klim hy nou die laaste trappie op tot op die vlak (f). Hy sit sy een voet op die melkkassie wat in die hoek van die vlak staan, en plaas sy hande op die reling wat die hoek van die brandtrap vorm. Tussendeur is hy nog steeds besig om te rook.
- 1.② Hy beduie met sy linkerhand na die verhoog aan sy linkerkant.
- 1.③ Hy beduie met sy kop in die rigting van waar die musiek kom - m.a.w. die luidsprekers op die verhoog.
- 1.④ Hy haal sy voet van die melkkassie af en staan frontaal met sy hande op die reling wat naaste aan die toeskouers is. Hy rook.
- 1.⑤ Hy draai met sy profiel na die gehoor, met sy hande op die reling wat tot teen die voordeur loop. As die lig op die vader teen die agterste muur aangeskakel word, is Tom nie bewus daarvan nie - altans nie sigbaar nie.
- 1.⑥ Hy draai frontaal na die gehoor. Hy rook.
- 2.⑦ Die lig op die eetkamertafel word aangeskakel - ruimte B. Sodra lig op volsterkte is, roep Amanda.

5.8 Tom /



- 5.⑧ Tom trap sy sigaret op die brandtrap dood en gaan by die voordeur in. As die deur toe is en Tom uit die gesigsveld van die gehoor is, haal hy sy seemanspet af en hang dit aan die haak agter die deur en trek sy baadjie aan, wat verhoogbestuur vir hom gereed hou. Daarna gaan neem hy sy plek in op stoel (l). Hulle bid nie.
- 5.⑨ Alhoewel hulle eetgereedskap het, het hulle nie kos nie en die ete word mimeer. Tom het slegs 'n vurk in sy regterhand terwyl hy met sy linkerhand mimeer dat hy kos op sy vurk stoot.
- 6.⑩ Amanda sit haar eetgerei neer en laat haar hande moedeloos op haar skoot val.

Tekslewing en spelmotivering

1.① Tom stel dit baie duidelik dat dit 'n herinneringspel is. Juis om hierdie rede kan die stuk met „unusual freedom of convention" (Williams 1962b:229) aangebied word. Maar „unconventional techniques in drama have only one valid aim, and that is a closer approach to truth" (Ibid. 229).

Hierdie waarheid kleur Tom met die verbeeldingskrag van 'n kunstenaar, en dit lei tot:

1.② die verklaring van sentimentaliteit, die dowwe beligting en die nie-realisme en

1.③ die teenwoordigheid van musiek in die agtergrond.

1.④ Hier skets Tom die kontras tussen hom, sy ma en suster aan die een kant en die besoeker aan die ander kant. In dié sosiale, ekonomiese agtergrond waarin hulle geleef het, het hulle gewag dat „iets" moet gebeur wat hulle van die tragiese in hulle alledaagse stryd sou verlos. Hierdie besoeker was toe die „iets" waarvoor hulle gewag het, dit was ook slegs 'n illusie wat alles behalwe eg was.


1.⑤ Vanaf sy ereposisie teen die sitkamermuur het die vader steeds die lewenspatroon van die Wingfields voorgeskryf - nie met sy teenwoordigheid nie maar juis met sy afwesigheid en die invloede wat dit op sy agtergeblewe gesinslede gehad het. Sy laaste berig was vir Tom soos 'n wortel voor 'n donkie se neus, want blykbaar het Tom se pa in beweging gevind wat hy nooit in ruimte kon vind nie. Die proloog word op gewone geselstrant gelewer. Dit lewer die bewys dat Amanda nog steeds aan die gebruike van die verlede vasklem - 'n bewonderenswaardige volhou van tradisie wat tipies van haar karakter is. Dit is egter ook deur selfsug geïnspireer. Met die krampagtige vasklem aan die verlede maak sy haar eie lewe draagliker.

6.⑩ Alhoewel Tom die broodwinner van die huis is, word hy nog steeds deur sy ma as 'n opgroeiende minderjarige

beskou/

beskou. Heelwaarskynlik was hierdie aanhoudende getorring die rede dat haar man liewer geraak het vir lang afstande as vir sy huislike verpligtinge. Dat dit ook tot Tom se ontvlugtings kan gelei het, word in hierdie vroeë stadium al beseef.

1. AMANDA hulle in staat stel om die kos af te sluk sonder om dit te kou, / maar mense moet dit deeglik kou. // Eet tydszaam, my seun, en geniet die kos. / 'n Goedvoorbereide maaltyd het delikate geure wat in die mond gehou moet word vir volle waardering. // ^① Kou dus jou kos en gee jou speekselkliere geleentheid om te funksioneer. /// (TOM SIT SY ~~DENKBEELDIGE EETGEREI~~ NEER EN STOOT SY STOEL TERUG VAN DIE TAFEL)
2. TOM ^② Ek het niks van die kos geniet nie, omdat u voortdurend aanwys hoe geëet moet word. / ^③ Dit is u wat my noodsaak om my kos heel in te sluk omdat daar voortdurend aanmerkings is oor elke stukkie wat ek in my mond sit. // Dit bederf 'n mens se eetlus / - laat jou naer voel / - al die dierlike afskeidings - speekselkliere -- kouery. ^④
3. AMANDA (SAG) Temperamenteel soos 'n filmster. ^⑤ (HY STAAN OP EN LOOP NA VORE) ^⑥ Jy is nie van tafel verskoon
4. TOM Ek kry net 'n sigaret. ^⑦
5. AMANDA Jy rook te veel ^⑧
(LAURA STAAN OP)
6. LAURA Ek gaan die nagereg haal.
(TOM STAAN MET SY SIGARET BY ~~DIE GORDYNE~~ GEDURENDE DIE VOLGENDE)
7. AMANDA (WIL OPSTAAN) ^⑨ Nee, suster, / nee, suster // wees jy mooi, / die keer is ek die bediende.
8. LAURA ^⑩ Ek is alreeds op.
9. AMANDA Sit weer, kleinding / - ek wil hê jy moet fris en mobly / - vir jou vryers! ^⑪
10. LAURA Ek verwag geen vryers nie.
11. AMANDA (OP PAD NA KOMBUIS - BETEKENISVOL) ^⑫ Hulle kom soms as jy hulle die minste verwag! // ^⑬ Ek onthou een Sondagmiddag in Blue Mountains (LOOP DIE KOMBUIS BINNE) ^⑭
12. TOM Ek weet wat nou kom!
13. LAURA Ja, / maar laat haar voortgaan
14. TOM Al weer?



Bewegingskets: toneel 1

Beweging en verhoogaktiwiteit

- 1.① Neem vurk en mes op en berei haar voor om verder te eet.
- 2.② Tom sit sy eetgerei neer.
- 2.③ Hy stoot sy stoel driftig terug.
- 2.④ Hy staan op en loop na die voerpunt van die brandtrap. Amanda en Laura het intussen opgehou met eet en staar hom verbaas aan, met die eetgerei nog in hulle hande. Terwyl Tom vorentoe stap, haal hy 'n sigaret en vuurhoutjies uit.
- 2.⑤ Terwyl Amanda met Laura praat, sit sy haar eetgerei neer.
- 2.⑥ Sy sit regop en spreek Tom streng aan.
- 4.⑦ Tom steek uitdagend sy sigaret aan.
- 5.⑧ Laura staan op terwyl sy die borde bymekaar maak.
- 7.⑨ Terwyl sy opstaan, vriendelik aan Laura.
- 9.⑩ Sy loop na Laura en laat haar sit.
- 10.⑪ Gelate terwyl sy gaan sit - weer op stoel (n).
- 11.⑫ Sy maak die eetgerei bymekaar en,

Tekslewing en spelmotivering

1.① Amanda se besorgdheid oor Tom se spysvertering is maar nog 'n manier om dit wat sy as jongmeisie in die Suide belewe het, te laat herlewe. Haar aanslag kom egter nie ooreen met die van haar tydgenote van jare gelede nie, aangesien die tye in die Suide vir goed verby is en haar omstandighede van haar 'n klaende vrou gemaak het.

2.② Tom se opstand word al hoe duideliker. Vir hom is die oorheersing wat hy nie alleen van sy ma ontvang nie maar ook in sy werkomstandighede belewe, 'n al hoe groter rede om die voetspore van sy vader te volg. Interessant dat hy sy ma vir haar ewige herhaling van dierlike afskeiding verwyd - sy wat 'n hekel het aan instinktiewe handelings wat by diere tuis hoort.

3.⑤ Haar verwysing na filmsterre spruit heel waarskynlik uit Tom se groot liefde vir die bioskoop.

3.⑥ Koppig gaan sy voort om haar sin te kry en af te druk. Aan die een kant is dit 'n teken van belangstelling en trots wat 'n moeder vir haar seun het. Aan die ander kant neul Amanda ook nie net uit gewoonte nie. In haar vermanings is daar 'n poging om 'n gesprek aan die gang te kry, iets waarna sy met haar hele wese smag.

6. Hierdie patroon, wat hom waarskynlik aand vir aand herhaal, is vir Laura te veel. Daarom dat sy aanbied om die nagereg te gaan haal. Slefs die feit dat daar nagereg is, is 'n aanduiding van Amanda se pogings om hulle lewe op die lees van die idilliese Suide te skoei.

7.⑨ Ook hier 'n herlewing van gebruike van die Suide, nl. dat elke nooi 'n bediende gehad het wat na dinge omgesien het. Laura se pogings is egter nie opgewasse teen haar ma se flinke optrede nie.

9.⑩ Weer eens die ou gebruike van dametjies wat slegs die tyd verwyd totdat die jongkêrels opdaag.

10.⑪ Soos Tom het Laura geen illusies van wat dalk kan gebeur nie. Te goed is sy bewus van die feit dat sy haar kanse verspeel het en dat sy, as 'n kreupele, moeilik jongkêrels sal lok. Dis hierdie wete wat Laura al dieper in haar dop laat kruip en wat Tom motiveer om sy suster teen die buitewêreld te beskerm. Dit is vanselfsprekend dat daar 'n pragtige verhouding tussen broer en suster bestaan. Dit is dan ook na haar en haar speelgoed van glas dat hy terug verlang nadat hy die huis verlaat het.

11.⑫⑬ Die ma se positiewe houding is bewonderenswaardig. Om hierdie neerdrukkende, morbiede toestande vir haarself leefbaar te maak gryp sy in haar drome die "Blue Mountains" as simbool van sorgvrye kinderdae in die Suide.

12.⑭ Wat Tom hier sê en die manier waarop hy dit sê, is 'n duidelike bewys dat Amanda gereeld aan 't drome gaan oor die gelukkige lewe van die Suide. Interessant is dat ook Tom aangename herinnerings het van gelukkige kinderdae in die Suide. Vir hom is dit egter iets van die verre verlede en hy vind elders vertroosting.

13. Omdat Laura haar huisgenote beter begryp as wat hulle dink, aanvaar sy haar ma se dagdromery en oorreed sy haar broer om geduldig te wees.

14. Tom aanvaar dit gelate.

1. LAURA Sy hou daarvan.

(AMANDA KOM IN MET DIE NAGEREG)

2. AMANDA ¹Een Sondagmiddag in Blue Mountains/- het jou moeder
sewentien vryers gehad!// Daar was soms nie genoeg
stoele vir almal nie./ Ons moes die bediende stuur
om stoele by die pastorie te leen//

3. TOM (NOG BY DIE GORDYNE) ²Hoe het u die klomp vryers
onthaal?

4. AMANDA Ek het die kuns om te gesels/³verstaan.

5. TOM Ja,/u kon ongetwyfeld praat.

6. AMANDA Die meisies van daardie dae het geweet hoe om te
gesels - dit kan ek jou sê!

7. TOM Ja?

(BEELD:

(AMANDA AS JONG MEISIE OP 'N STOEP WAT DIE VRYERS
VERWELKOM)


8. AMANDA Hulle het geweet hoe om hulle kêrels te onthaal//
Dit was nie genoeg om net 'n mooi gesig en 'n
elegante figuur te hê nie/- hoewel ek in elke
opsig nie juis kort geskiet het nie.// Sy moes
ook 'n blitsige brein/en 'n gladde tong gehad het.

9. TOM Waaroor het u gepraat?

10. AMANDA Belangrike wêreldgebeure!/ Nooit iets grofs,/gemeens/
of vulgêrs nie. (SY SPREEK TOM AAN ASOF HY NOG OP
DIE LEË STOEL BY DIE TAFEL SIT) My kêrels was here/-
almal van hulle!// Van hulle was van die belangrikste
katoenboere van die Mississippidelta/- boere en
boerseuns!

(TOM GEE 'N TEKEN VIR MUSIEK EN 'N SOEKLIG OP AMANDA.
HAAR OË SLAAN OP, HAAR GESIG IS BEGLANS, HAAR STEM
KLINK VOL VERVOERING)

11. AMANDA ⁴Daar was die jong Champ Laughlin,/wat later onder-
president van die Delta-Boerebond geword het.///
Hadley Stevenson,/wat in Moon Lake verdrink het/en
sy weduwee honderd-en-vyftig duisend in Staats=
effekte nagelaat het./// Daar was die Cutrerebroers,/
Wesley en Bates./ Bates was een van my spog-/uitsoek-
kêrels!/ Hy het rusie gekry met daardie wilde/
Wainwrightkêrel,/en hulle het dit met pistole
besleg in die Moon Lake Casino!//



Bewegingskets: toneel 1

Bewegings en verhoogaktiwiteit

- 1.① Amanda kom binne met 'n skinkbord met die nagereg. Sy gee vir elkeen 'n bordjie. Die bakkies is leeg, en die eetaksie word slegs gemimeer.
- 2.② Terwyl sy by haar stoel (k) staan, kyk sy die verte in, sigbaar verheug met dit wat sy vertel.
- 3.③ Tom kom na die tafel en gaan sit op sy stoel (k) terwyl hy sy nagereg begin eet. Hy druk sy sigaret in die asbakkie dood.
- 4.④ Amanda gaan sit op stoel (k) en eet tussen haar dialoog deur. In spreekbeurte 6, 8 en 10 praat sy met Tom.
- 11.⑤ Sy slaan haar oë op terwyl sy terugsit in haar stoel - duidelik in vervoering. Om die effek aan te help skyn lamp 13 op die le verhooglat helderder op Amanda se gesig.
Amanda se hande is roerloos voor haar op die tafel. Die twee kinders het dit al talle kere gehoor en gaan rustig voort met hulle ete.

Tekslewing en spelmotivering

1. Laura weet dat die dagdromery 'n tonikum vir haar moeder is, en daarom laat sy haar begaan.

2.② Amanda het 'n gedaantewisseling ondergaan. In haar drome is sy 'n aanvallige dame wat op sewentien jong vryers wag. Interessant is die belang wat sy aan die feit heg dat hulle langs 'n pastorie gewoon het.

Vir Williams lê hulle ondergang in hierdie Suidelike Christelike tradisie. Hulle heg soveel waarde aan die uiterlike skyn dat hulle daardeur die praktiese Christelike geloof verloën. (Stein 1964: 149).

3.③ In die industriestad, waarvan St. Louis 'n goeie voorbeeld was, het die kuns om te gesels gekwyn. Elkeen was maar net 'n voëltjie in 'n kou - saam met ander maar tog ontsettend eensaam in gevangenskap.

Hier blyk duidelik die soort lewe wat die Wingfields gelei het. Omring deur miljoene mense en tot sterwens toe eensaam - omdat Amanda die enigste een is wat poog om 'n geselskap aan die gang te hou. Hieruit blyk dit ook dat Tom twyfel aan die waarheid van sy ma se storie en dat hy bloot saamspeel omdat die aksent dan verskuif van die aaklige woonstelgebied waarin hulle lewe, na een van ruimtes, plantasies, berge en mere.

4.④ Die kuns om te gesels was deel van die daaglikse bestaan. Die landadel van die Suide het blykbaar niks anders te doen gehad nie. Hier val die kontras ook duidelik op. In die Suide van haar droomwêreld was daar baie om oor te gesels; in die woonstel van haar werklikheid was die onderwerpe so min soos wat die woonstel klein was.

5. Hiermee kan Tom uit ondervinding, nie anders as om saam te stem nie, en doen hy dit ook ietwat sarkasties.


8. In die beeld van haar drome sien sy haarself as nie net 'n /

net 'n aantreklike meisie nie maar ook een met 'n blitsige brein en gladde tog. Van die gladde tong kan haar kinders getuig en van die blitsige brein die feit dat hulle met \$65 per maand kan uitkom.

10. Amanda is verbaas dat Tom kan wonder waarom hulle gepraat het. Sy laat haar egter nie van stryk bring nie, en nou bereik haar droom eers sy hoogtepunt.

11.⑤ Sy raak in vervoering as sy droom wie haar vryers was en hoe skatryk sy kon gewees het; oor die suggestie dat haar kêrels moontlik oor haar kon baklei het.

1. AMANDA Bates is in die maag geskiet.// In die ambulans oorlede op pad na die hospitaal.// Sy weduwee is ook goed nagelaat/- so agt- tot tienduisend grond/- dis al!// Sy het hom ook maar so met die opslag getrou- hy het haar nooit liefgehad nie// my portret was in sy sak toe hy gesterf het.// En dan was daar die kêrel/agter wie elke meisie in die Deltagebied getrou het!// Daardie mooi,/brijlante jong Fitzhugh/van Greene County?
2. TOM Wat het hy vir sy weduwee nagelaat?
3. AMANDA Hy het nooit getroue nie!// Magtie, jy praat asof al my ou kêrels lepel in die dak gesteek het!
4. TOM Is dit dan nie die eerste een wat u genoem het,/ wat nog alles oorleef het nie?
5. AMANDA Daardie Fitzhugh-kêrel/het Noord getrek en 'n fortuin vergader// hy was bekend as die Wolf van Wall Street.// Hy was 'n ware Midas/- alles wat hy aangeraak het,/het in goud verander!// En EK kon mev/ Duncan J. Fitzhugh gewees het.// Maar// ek het met jou PA getrou.
6. LAURA (STAAN OP) Ma,/laat ek die tafel afdek.
7. AMANDA Nee, kind/gaan sit daar voor/en bestudeer jou tikkaart.// Of oefen snelskrif.// Bly fris en mooi!// Dit is haas tyd vir die kêrels om op te daag.// SY BEWEEG JEUGDIG NA DIE KOMBUIS) Hoeveel, dink jy, gaan ons vanmiddag onthaal? (TOM GOOI DIE KOERANT NEER EN SPRING KREUNEND OP)
8. LAURA (ALLEEN IN DIE EETKAMER) Ek glo nie daar sal iemand kom nie,/Moeder.
9. AMANDA (KOM WEER TEVOORSKYN) Wat? //Niemand/- nie eers een nie?/ Jy maak seker maar net 'n grap!// (LAURA LAG HAAR SENUAGTIG NA.) SY CLY STILLETJIES DEUR DIE HALF-OOP GORDYNE-EN-TREK HULLE AGTER HAAR TOE. IN HELDER LIG SKYN OP HAAR GESIG TEEN DIE VERBLEIKTE GORDYNE MUSIEK "Speelgoed van Glas")
- Stadig doof
ruimte - B Nie een kêrel nie?/ Dit kan nie wees nie!/
Daar moes 'n vloed=



Bewegingskets: toneel 1

- 1.① Tom en Laura het klaar geëet, hulle lepels neergesit en glimlag skalks vir mekaar. Amanda is daar salig onbewus van.
- 2.② Terwyl hy sy mond afvee. Laura effens ongemaklik omdat Tom met hulle ma spot.
- 3.③ Amanda uit haar droom en nou weer bewus van haar omgewing spreek sy Tom aan.
- 5.④ Nou heeltemal bewus van die werklikheid staan sy op en begin die tafel afdek.
- 6.⑤ Laura staan op en begin haar ma help.
- 7.⑥ Amanda beweeg met die skinkbord na die kombuis. Laura bly staan by haar stoel - verlate.
- 7.⑦ Amanda praat uit die kombuis. Laura en Tom staar mekaar magtelos aan.
- 8.⑧ Laura draai om en stap na haar vertoonkas, waar sy die eenhoring optel en afwesig streel. Tom bly sit en reik outomaties na sy sigarette.
- 9.⑨ Amanda kom vinnig en vrolik die vertrek binne en stap halfpad na Laura - met verwondering.

Tekslewing en spelmotivering

1.① In die illusie van die droomwêreld kan Amanda nog spottenderwys vertel van hoe die jong Bates nooit sy vrou liefgehad het nie, want h  ar foto was dan in sy sak toe hy gestorf het. Met die koms van die jare het sy die illusie as werklikheid aanvaar.

1.② Tom praat spottend en sarkasties - tog teer.

4. Amanda is seergemaak, want die droom begin vervaag.

5.④ Amanda, gekrenk met aanvaarding en humor.

6.⑤ Laura is hulpvaardig - ook met 'n gevoel van jammerte en veral baie bewus van die situasie.

7.⑦ Tom en Laura verkeer beslis nie op die selfde golflengte as hulle ma nie. Tom is dadelik weer ge rriteerd en beskermend ingestel teenoor sy suster, terwyl Laura verle  en alte bewus van haar gebrek haar speelgoed opsoek: die eenhoring, 'n uitgeworpene in 'n land van perde sonder horings.

9.⑨ Nog steeds in die gees van haar droom poog Amanda om haar kinders gelukkig te maak. Sy probeer te hard en slaag juis daarom nie daarin nie.

1. AMANDA golf gewees het! / Daar moes 'n stormloop gewees het!
2. LAURA Daar is geen stormloop of vloedgolf nie, / Moeder! // Ek is nou eenmaal nie so beroemd soos u in die Blue Mountains was nie. // (TOM KREUN WEER. LAURA KYK NA HOM MET 'N APOLOGETIESE GLIMLAG.) Ma is bang ek gaan 'n oujongnoot word!


ruimte-B
y donker
sikloramalligte
bly brand.
GORDYN

TWEEDE TONEEL

MUSIEK

ruimte - C
ruimte - B def

3. LAURA ^{(4) + (5)} Hullo Ma, / ek is. // (SY WYS SENUAGTIG NA DIE TIKKAART OP DIE MUUR. AMANDA LEUN TEEN DIE TOE DEUR EN STAAR NA LAURA MET 'N MARTELAARSUITDRUKKING.)
4. AMANDA ⁽⁷⁾ Bedrog? // Bedrog? // (SY VERWYDER HAAR HOED EN HANDSKOENE TYDSAAM, MET DIESELFDE UITDRUKKING IN HAAR OË. SY LAAT HAAR HOED EN HANDSKOENE EFFENS DRAMATIES OP DIE TAFEL VAL)
5. LAURA ⁽⁸⁾ (HALF BEWEND) Hoe was die vergadering toe? // (AMANDA MAAK STADIG HAAR HANDSAKKIE OOP, HAAL 'N FYN WIT SAKDOEKIE UIT EN RAAK HAAR LIPPE EN NEUS FYNTJIES AAN) ⁽⁹⁾ Was ma toe nie by die vergadering nie? //
6. AMANDA ^{na} (BY ONHOORBAAR) Nee - nee / (DAN MET MEER KRAG) Ek het nie die krag gehad nie // - om die waarheid te sê // - ek het nie die moed gehad nie! // Ek wou eerder 'n skeur in die grond soek, / waarin ek kon wegkruip vir altyd // (SY LOOP STADIG NA DIE MUUR EN VERWYDER DIE TIKKAART. SY KYK VIR 'N SEKONDE DAARNA MET 'N SAGTE EN TREURIGE UITDRUKKING, BYT HAAR LIP VAS EN SKEUR DIE KAART IN TWEE)
7. LAURA (SAG) Waarom doen ma dit? // (AMANDA DOEN DIESELFDE MET DIE ALFABETKAART) ⁽¹²⁾ Waarom. /Ma? //




Bewegingskets: toneel 1

Beweging en verhoogaktiwiteit

- 2.① Laura praat met haar rug na haar moeder en Tom. Sy is doenig met die eenhoring.
- 2.② Amanda af.
- 2.③ Laura draai op Tom se kreun om; sy glimlag verleë. Die ligte op haar en Tom word afgeskakel - hy staar sigaret in die hand na haar en sy eensaam met haar glasdiertjie na hom. Die sikloramaligte bly deurentyd brand.

Tekslewering en spelmotivering

1. Amanda kan nie glo dat haar kinders nie haar geesdrif kan deel nie.
- 2.② Sy verlaat die vertrek sonder dat sy regtig hoor wat Laura sê.
- 2.③ Hier vat Laura die kern van die saak raak. Juis dit is waaroor haar moeder se planne en voorsorg gaan: om toe te sien dat "Gentleman Callers" vir Laura kom kuier, anders word sy 'n "wyfievoëltjie sonder nes".
(Regisseurteks:186.)



Bewegingskets: toneel 2

Beweging en verhoogaktiwiteit


Tydens die verdonkeringsperiode tussen toneel 1 en 2 word die verhoog vir toneel 2 in gereedheid gebring. Laura neem plek in by haar vertoonkassie (o) en Amanda aan die onderpunt van die gang by (a). Gedurende hierdie periode speel die musiek wat aan die einde van toneel 1 begin het, nog steeds.

Amanda is geklee in haar kostuum (2) en Laura ook in kostuum (2).

As verhoogbestuur die teken gee, doof die musiek uit.

Dit is die sleutel dat die lig om aan te kom, aangeskakel moet word soos in regisseurteks bepaal.

4. Amanda begin beweeg as die ligte op volle sterkte gekom het. Sy is duidelik uit die veld geslaan.
5. As Amanda by die voordeur kom en dit begin oopsluit, spring Laura verskrik op waar sy knielend gesit het by (o). Sy sit haar glasspeelgoed terug, kyk vinnig na die voordeur en stap haastig na stoeltjie (t) en begin tik op die tikmasjien wat by (u) staan.
- 3.6 As Amanda die kamer binnekom, gaan sy staan en kyk Laura aan. Laura hou op met tik en groet haar ma duidelik skuldig.



Amanda loop tot by die tafel tussen stoele (k) en (n), trek haar jas uit, haal haar hoed af en

4.⑦ trek haar handskoene uit.

5.⑧ Laura kyk na die muur en speel met die tikmasjien.

5.⑨ Terwyl sy nog sit, draai sy sodat sy haar ma kan sien.

6.⑩ Amanda leun vooroor terwyl sy haar met haar hande op die tafel stut.

6.⑪ Sy loop voor die sofa verby na die tikmasjien (u), trek die papier uit die rolstel en saam met die tikkaart wat op die buffet langs (u) lê skeur sy dit stukkend en gooi dit weer op die buffet.

7.⑫ Laura staan op.

Tekslewing en spelmotivering

Toneel 2 handel oor die konfrontasie tussen Amanda en Laura. Amanda ontdek tot haar ontsteltenis dat Laura nie die tik-kursus loop waarvoor sy by Rubicam se Besigheidskollege ingeskryf is nie. Amanda kom ook agter dat Laura op 'n hoërskoolseun verlief was en nog is. Nou neem Amanda die besluit dat ten alle koste vir Laura 'n man gesoek moet word, want wyfievoëltjies sonder 'n nes is iets ondenkbaars. Amanda weier om te aanvaar dat Laura 'n kreupele en daarom anders as ander meisies is.

4. Amanda het haar weeklikse vrouevergadering, die DAR, gaan bywoon. Op pad soontoe het sy besluit om by die Rubicam Handelskollege aan te gaan om te hoor hoe Laura vorder. Daar het sy vasgestel dat die kollege nie so 'n persoon op hulle klaslyste het nie. 'n Onderwyseres het onthou dat daar aan die begin van die seisoen so 'n skaam meisie was wat na die eerste toets nooit weer opgedaag het nie.

Omdat alles om Amanda in duie gestort het, keer sy huis toe sonder om haar vrouevergadering - 'n oorblyfsel uit die Suide - by te woon.

As sy dus haar verskyning maak, is sy terneergedruk en ontsteld.

Uit die dramatiese gebaar as sy haar hoed en handskoene op die tafel laat val, kan haar geestestoestand duidelik afgelei word.

3.⑥ Laura se hele houding spreek van skuld. In die eerste plek moes sy haar tik geoefen het, en in die tweede plek lei sy haar ma en broer al 'n geruime tyd om die bos. Sy is dus reeds met haar ma se verskyning bewus van die feit dat sy iets agtergekom het.

5.⑧⑨ Laura se vraag is dus enersyds uit belangstelling maar andersyds by gebrek aan iets om te sê - en dat sy

op daardie/.....

op daardie oomblik behoefte het om te praat, is logies.


6. Amanda se dapperheid is bewonderenswaardig. Om haar gesin in sulke moeilike tye man-alleen aan die gang te hou vra baie.

6.⑩ As sy dus hier in 'n skeur wil wegkruip, het sy werklik na aan die einde van haar kragte gekom. Haar herstelvermoë is egter bewonderenswaardig.

6.⑪ Met die opskeur van die tikkaart besef sy egter finaal dat ook hierdie poging, soos die hoërskoolepisode en die kerkjeugverenigingpetalje, op 'n fiasko uitgeloop het. Sy sit opgeskeep met 'n volwasse kind - dalk vir die res van haar lewe.

7.⑫ Dat Laura nie sulke drastiese optrede van haar ma gewoond is nie, spreek duidelik uit die manier waarop sy dit sê.

1. AMANDA ~~Waarom?~~ ~~Waarom?~~ // Hoe oud is jy Laura?
 2. LAURA Ma weet hoe oud ek is
 3. AMANDA Ek het gereken jy is volwasse, // maar dit blyk dat ek 'n fout begaan het. // (SY LOOP NA DIE SOFA, SYG NEER EN STAAR LAURA AAN)
 4. LAURA Moet asseblief nie so na my staar nie, Moeder // (LAURA LAAT SAK HAAR KOP EN OË) - ~~(TEL TIEN)~~
 5. AMANDA Wat gaan ons doen? / Wat gaan van ons word? / Watter toekoms is daar? // ~~(TEL TIEN)~~
 6. LAURA ⁴Het daar iets gebeur, / Moeder? // (AMANDA HAAL DIEP ASEM EN HAAL WEER HAAR SAKDOEK UIT.) Moeder, / wat het gebeur? /
 7. AMANDA Ek sal netnou beter voel, / - ek is net dronkgeslaan // ⁵~~(TEL VYF)~~ - deur die lewe!
 8. LAURA Moeder, ek sal bly wees as u my vertel wat gebeur het! //
 9. AMANDA ⁶Jy weet ek MOËS vandag die vergadering bygewoon het, / maar ek het eers by Rubicam se besigheidskollege aangegaan om met jou dosent te gaan praat oor jou siekte / en te verneem / hoe jy vorder.
 10. LAURA O! ⁷.....
 11. AMANDA Ek is eers na die tik-instruktrise en het myself voor= gestel as jou moeder. // Sy het nie geweet wie jy is nie // "Wingfield?" / het sy gesê, / "ons het nie so 'n student hi nie." // Ek het haar verseker dat daar een is / en dat jy in Januarie al ingeskryf het. // "Ek wonder," / sê sy toe, / "of u miskien dink aan daardie vreeslike skaam meisie wat net na 'n paar dae hier weg is?" // "Nee," / sê ek toe, // "Laura, / my dogter, / was elke dag in d skool vir die laaste ses weke!" //
- "Verskoon my 'n oomblik," / sê sy toe, / en haal die bywoning register uit. / Daar was jou naam toe, / sonder enige twyfel, / met al die dae wat jy afwesig was / totdat hulle sluit het dat jy seker nie weer kom nie, / en jou naam ge



Bewegingskets: toneel 2

Beweging en verhoogaktiwiteit

- 2.① Laura en Amanda staan tenoor mekaar. Laura laat haar kop sak met hⁿ_xade voor haar inmekaar gevou.
- 3.② Amanda loop en gaan sit in die middel van die sofa by (q) met haar knieë teen mekaar en half in die rigting van Laura met haar hande passief in haar skoot terwyl sy Laura aanstaar.
- 4.③ Laura gaan sit op stoeltjie (t) met haar rug na haar moeder en profiel na die gehoor, oë neergeslaan.
- 6.④ Laura draai om op die stoel en kyk haar moeder aan.
- 7.⑤ Amanda bly net so sit en laat val net haar kop moedeloos oor haar regterskouer.
- 9.⑥ Amanda kyk voor haar in die niet.
- 10.⑦ Laura draai om met haar rug na haar moeder en kop wat hang.
- 11 Amanda sit tydens hierdie hele spreekbeurt verwese voor haar en uitstaar.

Tekslewing en spelmotivering

1. Amanda is uit die veld geslaan.
- 2.① Laura voel skuldig.
- 3.② Amanda is oneindig moedeloos.
- 4.③ Omdat Laura skuldig is, kan sy nie verdra dat haar moeder haar so beskuldigend aanstaar nie.
- 6.④ Laura is bekommerd. Alhoewel sy skuldig voel, twyfel sy nog oor die rede vir haar moeder se ontsteltenis.
- 7.⑤ Amanda is verwese.
8. Laura praat pleitend.
- 9.⑥ Amanda handel asof in 'n droom. Sy begin om haar verskriklike ondervinding in woorde om te sit.
- 10.⑦ Laura is skuldig. Sy is heeltemal verwese en kan niks anders doen as om maar net te sit en luister nie.
11. Vir Amanda is die verhaal van die gebeurtenis by Rubicam net so onaangenaam as die gebeurtenis self. Vir haar is dit onverstaanbaar dat haar dogter haar dit kon aandoen. Dit gaan vir haar nie slegs om die geld wat in die water gegooi is nie; dit gaan in hoofsaak daarom dat sy in haar eer aangetas is, dat sy voor wildvreemde mense hierdie teleurstelling moes beleef het.

Haar hantering van die situasie is egter in 'n mate kompensasie, enersyds omdat sy van haar frustrasie ontslae kon raak en andersyds omdat sy die skuldgevoel van die skuldige kon uitbuit.

Dit is slegs momenteel. In Amanda se karaktersamestelling bestaan daar nie ruimte vir haat en griewe nie. In haar onderbewuste is sy reeds besig om planne vir die toekoms te maak. Dit is hierdie karaktereienskap wat van Amanda 'n heroïese figuur maak.

AMANDA skrap het. // Ek sê toe nog: / "Nee, / daar moet iewers 'n fout wees!" / En sy sê toe: / "Nee, / ek onthou nou die geval goed. // Haar hande het so gebewe / dat sy nie die regte toetse kon raakslaan nie! // Die eerste keer toe ons ~~snelheid~~ ^{snelheid} ~~sy~~ ^{sy} getoets het, het sy heeltemal ingeggee // - sy het naer geword / en moes byna na die waskamer gedra word! // Daarna het sy nooit weer gekom nie. // Hulle het ons gebel, / maar nooit antwoord gekry nie // dit was seker die tyd toe ek by Famous en Barr gewerk het. // 0! // Ek het so snaaks gevoel dat ek skaars op my voete kon bly, Ek moes gaan sit / terwyl hulle vir my 'n glas water gaan haal het. // Vyftig dollars vir skoolgeld, al my planne en ideale vir jou / - alles net so in die water gegooi. // ② Sommer so in die water gegooi! ③ (LAURA TREK HAAR ASEM OP EN STAAN LOMP OP. SY GAAN NA DIE GRAMMOFOON EN WEN DIT OP.)

AMANDA Wat maak jy nou?

LAURA 0. // (SY LOS DIE HANDVATSEL EN GAAN WEER SIT.)

AMANDA Laura, / waar was jy toe jy elke dag hier uit is en voorgegee het jy gaan na die kollege toe?

LAURA Ek het net gaan stap

AMANDA Dis nie waar nie!

LAURA Dit is. / Ek het net rondgeloop.


AMANDA Rondgeloop? / Rondgeloop? / In die koue! / Om longontsteking te kry in daardie ligte jassie? / Waarheen het jy geloop, Laura?

LAURA Verskeie plekke. / Gewoonlik in die park.

AMANDA Selfs nadat jy koue gevat het?

LAURA Dit was beter as om terug te gaan. / Ek ⑥ KON nie. / Ek het daardie dag opgebring // op die vloer.

AMANDA Wil jy vir my sê dat jy elke dag van halfagt tot vyfuur in die park rondgeloop het, net dat ek moes dink jy was by die kollege?



Bewegingskets: toneel 2

Beweging en verhoogaktiwiteit

- 1.① Amanda sit heeltemal gebroke, met haar kop op haar bors.
- 1.② Kopskuddend.
- 1.③ Laura staan met 'n sug op en stap heeltemal verslae na die Victrola (v) en begin dit opwen.
- 3.④ Amanda kyk verbaas na Laura.
Laura los die handvatsel en gaan sit weer op die stoeltjie (t).
- 4.⑤ Amanda staan op en gaan staan agter Laura.
- 11.⑥ Laura spring vinnig op en loop na hoek van kamer.

Tekslewering en spelmotivering

1.① Dit is die hoogtepunt van Amanda se uitbarsting. Hier besef sy dat sy niksvermoedend by Famous en Barr gewerk het om geld bymekaar te maak om Laura op kollege te hou en dat dit juis tóé was dat Laura haar gekul het. Die trotse Amanda het inmekaar gesak en daar moes vir haar water gehaal word. Selfs toe haar man haar verlaat het, het sy nie sô gevoel nie. Dan, op die koop toe, die geld wat in die water gegooi is.

1.② Die vermorsing is vir haar eenmaal te erg. Dit is nie 'n uitbarsting in tranes nie, nie 'n hartseeremosie nie - nee, dis veel meer: dis 'n magteloosheid teen magte van buite wat vir haar eenvoudig te erg word.

1.③ Vir Laura raak dit ook te veel. Gekondisioneerde spring sy op en doen wat sy gewoonlik doen om aan die werklikheid te ontsnap: sy begin die victrola opwen om 'n plaat te speel wat haar na 'n wêreld van glas en musiek sal verplaas.

2. Amanda is verbaas dat Laura op hierdie oomblik plate wil speel.

3.④ Die manier van ontvlugting slaag nie, en Laura besef dat sy end-uit sal moet aanhoor wat haar moeder te sê het.

4.⑤ Amanda glo dit nie. Laura gaan haar nou vertel dat die hele affêre 'n nare droom is en dat daar vir alles 'n verduideliking is.

Laura pynig haar egter verder deur haar openhartige erkenning.

11.⑥ Laura se onvermoë om aan die eise van 'n kompeterende buitewêreld te voldoen klink hier op. Sy pleeg eerder bedrog as om dieselfde vernedering as by die hoërskool en die Jeugvereniging weer by die kollege te deurlewe. Dit is 'n algehele kapitulasie van Laura. Vir 'n lewe buite die woonstel sien sy nie kans nie.

12. Amanda kan dit nog nie glo nie. Dit is vir haar onmoontlik om te aanvaar dat Laura nou self finaal besluit het. Sy wat Amanda is, moet nou ander planne begin beraam.

LAURA Dit was nie so sleg soos dit lyk nie. / Ek het in die gebo-
gegaan om warm te word.

AMANDA Watter geboue?

LAURA In die kunsmuseum / en die voëlhokke in die dieretuin. /
Ek het elke dag die pikkewyne besoek! / Soms het ek
die geld vir my ete gebruik en bioskoop toe gegaan. //
In die laaste tyd het ek baie na die hut gegaan waar
hulle tropiese plante kweek.

AMANDA En jy het dit alles gedoen net om my te bedrieg?
(LAURA LAAT SAK HAAR KOP) Waarom?


LAURA Moeder, / as u teleurgesteld is, / kry u so 'n vreeslike
lydingsuitdrukking, // net soos moeder Maria daar in
die museum! // Ek kan dit nie uitstaan nie. >

AMANDA Hm

LAURA Ek kon dit nie verdra nie.

(POUSE - SAGTE MUSIEK)

AMANDA (HANTEER DIE NOTABOEK MET VERSLAENHEID) En wat gaan
ons nou vir die res van ons lewe doen? // By die huis sit
en die lewensparade sien verbygaan? // Ons vermaak met
die glasdiertjies, skat? // Ewigdurend daardie uitge-
diende plate speel wat jou vader as 'n onaangename
herinnering nagelaat het? //
Ons sal nie 'n besigheidssloopbaan volg nie! Dit het
ons opgegooi omdat dit slegte spysvertering veroorsaak //
('N MOEË LAGGIE) Wat is oor / behalwe lewenslange afhank-
likheid? // Ek weet maar te goed wat met ongetroude
vrouens gebeur wat nie bereid is om te werk nie. // Daar
in die Suide het ek hulle dikwels gesien / - oujongnoui-
ens vir wie niemand iets oor het nie / en onvriendelik
geduld word deur hulle suster se man of hulle broer se
vrou / - weggesteek in 'n agterkamertjie / - aangemoedig
deur die swaer of skoonsuster om nou weer / elders te
gaan kuier // soos wyfievoëltjies sonder 'n nes // - eet
genadebrood hulle hele lewe deur! // Is dit die toekoms
wat jy vir jouself beplan het? // Dit is al wat
ek voor jou sien! // Dit lyk nie baie rooskleurig nie / of
hoe? // Natuurlik, / baie meisies / trou darem! // (LAURA VRYF HAA



Bewegingskets: toneel 2

Beweging en verhoogaktiwiteit

- 2.① Amanda gaan tot voor stoeltjie (t). Kyk Laura verbaas aan.
- 3.② Laura kyk amper aanvallend op.
- 4.③ Amanda beweeg oorbluf na die bank en gaan sit.
- 4.④ Amanda kyk na Laura.
- 5.⑤ Laura kyk haar moeder aan.
- 7.⑥ Laura gaan moedeloos op stoeltjie (t) sit met haar rug na haar moeder.
- 8.⑦ Amanda staan op en loop na vertoonkassie (o) met haar rug na Laura en profiel na die gehoor.
- 8.⑧ Sy draai om na Laura en wys na die victrola by (v).
- 8.⑨ Amanda stap na die glasdeure by (w) terwyl sy deur hulle na buite staar.
- 8.⑩ Amanda draai by die deure (w) om sodat sy Laura kan sien.
- 8.⑪ Amanda loop tot agter Laura en sit haar hande op Laura se skouers.

Tekslewing en spelmotivering

1. Omdat Laura besef dat haar moeder onmiddellik die ergste sal bedink, stel sy haar op haar manier gerus.

2.① Tipies Amanda - sy is dadelik agterdogtig.

3. Laura se ontvlugting soek sy in beskermde plekke met 'n spesifieke atmosfeer soos kunsmuseums, voëlhokke en 'n hut waarin tropiese plante gekweek word.

4. Amanda is nog steeds in haar eer gekrenk en nie van plan om Laura so maklik te laat loskom nie.

5. Een ding wat Laura moeilik kan verdra, is haar moeder wat teleurgesteld is; veral die uitdrukking op haar moeder se gesig is iets wat sy slegs op beelde in die museum verwag en wat nie daarbuite tuis hoort nie.

7.⑥ Sy het weggevlug uit die kamer in die museum waarin moeder Maria met dié uitdrukking uitgestal word.

Dit kan ook dui op die moles wat sy by die handelskollege gemaak het. Sy kon dit nie regkry om na die kollege terug te keer en haar medestudente in die gesig te kyk nie - dan eerder na die museum en moeder Maria ervaar.

8.⑦.⑧ Amanda praat uit ondervinding, en juis daarom tref die besef haar met felheid: sy het in die Suide geen voorbereiding en opleiding vir haar lewe van vandag ontvang nie. Vir haar dogter Laura wil sy met alles wat in haar is, so 'n ondervinding voorkom.


8.⑨ Amanda word in haar teleurstelling weer die beplanner: 'n oujongnooti durf haar Laura nie word nie. Sy moet dus 'n man kry, en as Laura dit nie so beplan nie, sy (Amanda) doen dit beslis.

8.⑪ Nou begin die voorbereiding vir die eerste „Gentleman Caller" in alle erns. Amanda se plan is nie net in haar kop nie - sy het dit so pas geformuleer. As ander

meisies /

meisies kan trou, haar Laura ook.


- AMANDA HANDE SENUAGTIG Het jy nog nooit baie van 'n seun gehou nie?
- LAURA ^①Ja, een keer! // (STAAN OP) Ek het onlangs nog weer 'n foto van hom gesien.
- AMANDA (BELANGSTELLEND) Het hy dit vir jou gegee?
- LAURA Nee, / dit is in die skool se jaarblad.
- AMANDA (TELEURGESTELD) O! / 'n Hoërskoolseun!
- LAURA Ja, / sy naam is JIM, // ^③(LAURA NEEM DIE JAARBLAD VAN DIE TAFELTJIE OP) Hier is hy in 'n operette waarin hy gespeel het - die "Seerowers van Penzance."
- AMANDA (AFGETROKKE) ^④Die wat?
- LAURA "n Operette wat die seniors opgevoer het. / Hy het 'n mooi stem gehad, en ons het aan weerskante van die paadjie gesit op Maandae, / Woensdae / en Vrydae in die skoolsaal. ^⑤Hier staan hy weer met 'n silwerbeker wat hy as redenaar verower het. / Kyk hoe glimlag hy.
- AMANDA (AFGETROKKE) ^⑥Hy lyk 'n baie opgewekte seun.
- LAURA Hy het my / Blou Rosie / genoem
- AMANDA ^⑦Waarom het hy jou so 'n bynaam gegee?
- LAURA ^⑧Toe ek eenkeer siek was, / het hy my gevra wat my makeer het. / Ek het gesê ek was siek aan pleurosie - en hy dag ek sê Blou Rosie! // Daarna het hy my die bynaam gegee. / Net as hy my sien roep hy my toe: / "Hullo, / Blou Rosie!" // Ek het nie van die meisie gehou met wie hy uitgegaan het nie - Emily Meisenbach. Sy was altyd die mooiste aangetrek in die skool. / Sy het my egter nie as eg voorgekom nie. // ^⑨Hier onder persoonlike beriggies staan dat hulle verloof is. / Dit was ses jaar gelede! / Hulle is seker nou al getroud. /
- AMANDA ^⑩Meisies wat nie in 'n handelsloopbaan pas nie, raak dikwels getroud met 'n gawe man. // (STAAN LEWENSLUSTIG OP) ^⑪Ou Sussie, dit is wat jy gaan doen! (LAURA LAG VERSKRİK - SENUWEEAGTIG. SY GRYP GOU VAN HAAR GLASDIERTJIES)
- LAURA ^⑫Maar / Moeder.....
- AMANDA Ja? (LOOP NA DIE PORTRET)



Bewegingskets: toneel 2

Beweging en verhoogaktiwiteit

- 2.① Laura draai op die stoeltjie sodat sy haar moeder kan sien.
- 5.② Amanda stap en gaan sit op die sofa tussen (p) en (q).
- 6.③ Nadat Laura die jaarblad uit 'n laai van die buffet gehaal het, staan sy op en gaan sit langs haar moeder met die doel om haar die jaarblad te wys.
- 7.④ Amanda kyk half skuins na die jaarblad op Laura se skoot.
- 8.⑤ Laura het verder geblaai en wys haar moeder 'n ander foto.
- 9.⑥ Amanda draai sodat sy beter en makliker na die foto's kan kyk.
- 11.⑦ Amanda sit nou so dat sy en Laura na mekaar kyk, met profiele half na die gehoor.
- 12.⑧ Laura kyk in die gehoor terwyl sy oor haar hoërskoolloopbaan droom.
- 12.⑨ Laura kyk af na die jaarblad en blaai verder.
- 13.⑩ Amanda praat reguit met Laura.
- 13.⑪ Amanda staan vinnig op.



14. (12) Laura staan op sodat sy en haar ma reg teenoor mekaar staan, met profiel na die gehoor.

Tekslewing en spelmotivering

1. Amanda is senuagtig en vol hoop.

2. Laura verkeer nog steeds onder die indruk van wat so pas gebeur het.

2.① Sy praat met 'n bietjie meer geesdrif.

Haar reaksie dui daarop dat sy heelwat waarde heg aan die foto's wat sy bewaar.

3. Amanda meen dat Laura reeds 'n verhouding het en dat dit al so ver ontwikkel het dat hulle al foto's uitgeruil het.

5.② Amanda baie teleurgesteld dat dit iets van die verlede is.

6. Laura is opgewonde. Sy weet dadelik waar die veel gelese jaarboek lê en is trots om dit vir haar ma te wys.

7.④ Amanda praat sonder werklike belangstelling.

8. Laura is vol geesdrif. Dis 'n deeltjie van haar lewe waaraan sy graag terugdink.

9.⑥ Amanda is nog steeds sonder werklike belangstelling. Sy is egter besig om planne te beraam.

10. Laura is baie trots en tog ook skaam.

11. Amanda is nuuskierig. Dit is deel van haar lewe om alles te wil weet.

12.⑧ Vir Laura is 'n kosbaarheid wat sy nooit sal vergeet nie, 'n herinnering wat sy vertroetel en nou die eerste keer aan iemand vertel.

• Dit is interessant dat juis sy 'n „Blou Rosie" is. Soos die eenhoring pas nòg die blou rosie nòg sy in haar omgewing.

12.⑨ Selfs sy verbintenis met 'n ander meisie demp nie haar geesdrif nie. Dit is egter nie van belang nie - wat wel is, is dat sy 'n gedagtenis het waaraan sy vasklem en wat sy koester.

13.⑩ Haar geesdrif is aansteeklik en kanaliseer Amanda se planne: hier is 'n gawe plaasvervanger vir 'n mislukte handelsloopbaan.

13.⑪ Sy verklaar dit met finaliteit en groot geesdrif.

14.⑮ Skielik is sy verskrik: haar held hoort net in haar drome tuis. Dit sou heiligskenis wees om hom werklik te wil maak. Dan sal sy die situasie nie kan hanteer nie - hieroor die absolute vertwyfeling.

LAURA (VERSKRIK - VERSKONEND) Ek is. /...kruppel.

AMANDA ② Bog! Laura, /ek het jou gesê om nooit daardie woord te gebruik nie. / Jy is geen kreupele nie / jy het net 'n klein gebrek / skaars merkbaar! // ③ As mense so 'n klein gebrek in een opsig het, / kweek hulle ander hoedanighede om daarvoor te vergoed /- hulle ontwikkel/bekoorlikheid /- lewenslus en sjarme! // Dit is al wat jy moet doen. // (SY KYK WEER NA DIE PORTRET.) ④ Dit is een ding waarvan jou vader volop gehad het! / sjarme! ///

af na (TOM GEE 'N TEKEN AAN DIE MUSIKANTE)

nte-B (TONEEL VERDONKER GELEIDELIK MET BEGELEIDENDE MUSIEK.)

C. kloramalgte bly brand.

JOYN

Mozart
hard

Y
Y
Y

Tekslewing en spelmotivering

1.① Laura praat verskrik en verskonend. Weer eens skuil sy agter haar gebrek. Hiermee vergroot sy ook haar gebrek uitermatig om sodoende haar verskoning aanvaarbaarder te maak. Soos haar eenhoring hoort sy andermaal tuis in 'n ander wêreld - tussen blou rose.

2.② Amanda is positief en selfversekerd. Sy slaag egter nie in haar poging om die situasie te verander nie. Sy soek plaasvervangers in 'n illusiewêreld wat die toets van die nugtere werklikheid nie sal deurstaan nie.

2.④ Haar droom laat haar nog steeds glo in haar man se sjarme. Daardie sjarme het hom egter nie by die huis gehou nie. Daardie sjarme oorheers ook in sy afwesigheid nog steeds hulle lewe, want soos sy immer teenwoordige portret is die verlede ook by hulle.

DERDE TONEEL

imite - A. aan.

1. TOM

(TOM PRAAT VANAF DIE BRANDTRAP) ^①
 Na die fiasko by Rubicam se besigheidskollege/^{handelskool}
 het die idee om vir Laura 'n kêrel te vind, 'n
 groter rol begin speel in moeder se planne.//
 Dit het later 'n obsessie geword.// Die idee van
 'n kêrel vir Laura/het soos 'n spook uit die onder=
 bewussyn sy teenwoordigheid swaar in ons woonstel
 laat voel.// Selde het 'n aand tuis verstryk
 sonder dat daar verwys is na hierdie vryerskêrel,/
 hierdie spookverskynsel, hierdie laaste hoop.//


^②
 Self as daar geen melding van gemaak is nie, is sy
 teenwoordigheid nog gevoel in moeder se afge=
 trokke houding/en in my suster se verskrikte
 en verskonende optrede/- gevoel soos 'n oordeel
 wat oor die Wingfields gevel is!//

^③
 Moeder was egter 'n vrou van daad sowel as woorde.//
 Sy het stappe begin doen om haar plan ten uitvoer
 te bring.//
 In die na-winter/en vroeë lente het sy 'n ywerige
 veldtog op tou gesit/om geld te verdien.// Sy het
 terdeë besef dat ekstra inkomste nodig is/om die
 nessie uit te rus/en aan die voëltjies spoggerige
 vere te gee, en dus oor die telefoon/intekenare
 vir sekere tydskrifte probeer werf.// Tydskrifte
 wat die idees van damejoernaliste sublimeer/-
 dames wat dink in terme van mooi borsies;/slanke
 lyfies;/ryk, lustige heupe;/wasige oë soos rook
 in die herfs;/vingers wat streel en paai soos
 sagte musiek;/fris liggame soos Ou Etruskiese
 beeldhouwer.//

A - doof uit
 B - doof aan.

2. AMANDA

(AMANDA KOM BINNE MET 'N TELEFOON AAN 'N LANG
 TOU. SY WORD OPGEMERK OP DIE DOFVERLIGTE VERHOOG)
^④
 Ida Scott.// Dit is Amanda Wingfield.// Waar was jy verlede
 Maandag met ons vergadering?// Ek het gedink/dit is seker
 weer sinus wat jou pla? Hoe is jou sinustoeestand nou?//
 Magtie! Ag nee!//...Jy is regtig 'n Christenmartelares, ja
 dit is wat jy is, 'n ware martelares! Man, ek het so pas



- 2.⑤ As die lig aankom, is Amanda besig om met die telefoon te praat. Sy leun-staan teen die koskas - frontaal na die gehoor. Laura is besig om haar glasdiertjies skoon te maak. Tom is besig om te dig. Af en toe tik hy 'n woord of twee. Om hom lê 'n paar papiere.

Tekslewing en spelmotivering

1.① Tom is weer in die hede en tree as verteller op. Uit sy herinneringe het hy die agtergrond geskets. Die gehoor het sy familie ontmoet en die situasie leer ken waarin hulle lewe. Die spel is onderbreek waar Amanda besluit het om vir Laura 'n man te soek.

Tom hervat die draad van die storie daar en vertel hoe die voorbereiding vir die koms van die „Gentleman Caller" verder afgeloop het. (Onthou moet word dat die stuk in twee dele verdeel is: deel 1 handel oor die voorbereiding vir die „Gentleman Caller" en deel 2 handel oor die koms van die "Caller").

1.② Belangrik uit hierdie vertelling is dat hierdie voorbereiding soos 'n swaard oor die Wingfieldwoonstel gehang het. Alles moes gedoen word om die poging te laat slaag. Dit het spanning meegebring, wat duidelik na vore kom in die tonele wat volg.

1.③ Ook in die vertelling kom Amanda se Suidelike verbondenheid duidelik na vore. In haar manier van geldmaak poog sy om 'n Suidelike lewenswyse te verkoop aan 'n mark wat bestaan uit vrouens soos sy. Al verwys Tom spottenderwys na hierdie pogings van sy moeder, is daar in sy vertelling tog respek en bewondering vir haar toegewydheid en deursettingsvermoë.

2.⑤ Sy is oordadig vriendelik en amper stroperig. Haar aanhef is meesterlik, maar sy faal tog in haar poging omdat dit wat sy aanbied, aan 'n tyd behoort wat vir ewig verby is.

1. AMANDA gemerk dat jou intekentydperk op ons vroueblad byna verstreke is! ^①Ja, die volgende uitgawe is jou laaste/ -nou dat daardie nuwe vervolggerhaal van Bessie May-Hopper begin interessant word. / Ag skat, dit is iets wat jy moet lees. Onthou jy nog watter storm "Gone with the Wind" veroorsaak het? / Jy kon nie waag om besoek af te lê as jy dit nie gelees het nie/ Dit is al waaroor almal gesels het. / Nou ja, die kritici vergelyk nou ^{Swi} reeds hierdie boek met "Gone with the wind". / Dit is die "Gone with the Wind" van die geslag na die Wêreldoorlog ¹⁶.....wat? ¹⁶...Verbrand.....Ag skat, moenie dat dit verbrand nie. / Gaan kyk gou in die oond en ek sal solank aanhou ¹⁶ ³ Maggies, dit lyk my sy het die telefoon neergeplak!


(LIG VERDOF)

(VOOR DIE VERHOOG VERLIG WORD, WORD DIE KWAAI STEMME VAN AMANDA EN TOM GEHOOR. ~~HULLE TWIS ACTER DIE GORDYNE.~~

~~VOORSTAAN LAURA MET GEKLEMDE HANDE EN 'N PANIEKERIGE~~

¹⁶UITDRUKKING. ('N HELDER VLOED ¹⁶LIG VAL OP HAAR DEUR DIE HELE TONEEL.) Tom, ek sê sy het die telefoon neergeplak.

2. TOM Wat ^⑤in hemelsnaam is ek,....
3. AMANDA (SKERP) Moenie daardie,.....
4. TOM ¹⁶Veronderstel om te doen /
5. AMANDA ¹⁶Uitdrukking gebruik in my.....
6. TOM O!
7. AMANDAteenwoordigheid nie! / Is jy van jou sinne beroof?
8. TOM Ja, / ek is - daarvan besteel!
9. AMANDA Wat makeer jou,jou....jou idioot.
10. TOM Ek het niks. / Absoluut niks! /
11. AMANDA ^⑥Prat sagter!
12. TOMhier wat ek my eie kan noem nie! / Alles is.....
13. AMANDA Hou op met skree!
14. TOM Gister het ma my boeke weggevat! En toe nog wragtie.....
15. AMANDA ^⑧Ek het daardie boeke teruggeneem na die biblioteek / ja!



Bewegingskets: toneel 3.

Beweging en verhoogaktiwiteit

- 1.① Amanda tel al pratende die foon op en loop en gaan sit op stoel (k) terwyl sy die foon voor haar op die tafel neersit. Tom gaan aan met sy tik en Laura met die skoonmaak van haar speelgoed.
- 1.② Sy kyk na die gehoorstuk en plaas dit terug.
- 1.③ Sy tel die telefoon op en gaan sit dit weer op kas (j). Tom en Laura is skynbaar onbewus van wat aangaan.
- 1.④ Amanda kom baie afgehaal na Tom tussen stoele (k) en (l). Laura kyk afwagend op - bang vir wat dalk gaan volg.
- 2.⑤ Tom laat staan sy tikkery met 'n dramatiese gebaar en kyk sy moeder geïrriteerd aan.
8. Tom leun agteroor in sy stoel; hy het groter beheer oor homself.
- 11.⑥ Terwyl sy ietwat terugbeweeg.
- 13.⑦ Terwyl sy om haar kyk en na bo wys asof ander mense dalk kan hoor.
- 15.⑧ Finaal terwyl sy in Laura se rigting loop.
- 15.⑨ Veglustig om na Tom.

Tekslewing en spelmotivering

1.① Seker van haarself rammel Amanda haar woorde af. Sy gun Ida Scott nie 'n kans om tussenin te praat nie - dis deel van Amanda se strategie: praat die opponent dood. Of dalk gee sy toe net om van Amanda ontslae te raak. Daarom is sy verbaas en trap sy in die lokval van aartappels wat brand.

1.② Dis vir Amanda ondenkbaar dat daar mense bestaan wat 'n telefoon in die middel van 'n gesprek kan neerplak.

1.③ Amanda is vernederd as sy die telefoon terugplaas.

1.④ Amanda soek by Tom simpatie. In hierdie toneel het die spel, om tyd te spaar, na die telefoongesprek voortgegaan, en Williams se toneelaanwysings is nie gevolg nie. Daarom het Tom en Laura saam met Amanda op die verhoog verskyn.

2.⑤ Amanda soek ongelukkig op 'n verkeerde tydstip by Tom simpatie. Omdat hy geen kamer het wat hy sy eie kan noem nie - sy divan staan in die eetkamer -, moet hy sy gedigte tussen die rumoer deur skryf. Ook is sy werkomstandighede van so 'n aard dat hy in 'n ledige uurtjie die toilet moet opsoek om aan sy gedigte te werk. Dis dus te verstane dat hy baie geïrriteerd is oor sy ma se gedurige rusteloosheid. Laura is bewus van hierdie spanning, en haar reaksie getuig baie duidelik daarvan.

Omdat hierdie uitbarstings tussen ma en broer al meermale voorgekom het, kan sy 'n situasie wat daarheen ontwikkel, dus beter aanvoel as die twee betrokkenes. In die oorspronklike teks (1962b : 249) laat Williams Tom hom baie sterker uitdruk, te wete: „What in Christ's name am I - supposed to do". Die vertaler het dit vertaal met 'in hemelsnaam', wat Tom se optrede heeltemal afgewater laat voorkom.

3-7 Vir Amanda, wat glad nie aanvallend ingestel was nie, eerder afgehaal en op die verdediging, is dit 'n klap
in haar /

in haar gesig, en die storm bars met mening los. Vir haar moet iemand wat die uitdrukking gebruik beslis van sy sinne beroof wees.

8. Tom se erkenning en implikasie is dat hy wel van sy sinne af gedryf is deur sy moeder se toedoen.

9. Amanda kan nie begryp waar hierdie skielike venyn vandaan kom nie.

10. By Tom is dit egter oor 'n lang tydperk opgekrop, en hy raak onredelik en selfbejammerend.


11.⑥ Amanda is bang dat die bure dalk sy geskree kan hoor.

12. Tom is bewus van die sinlose van sy bestaan. Hy swoeg hom dood en kry nie eers dank daarvoor nie.

14. Die gort is gaar as Tom van sy biblioteekboeke praat. Hier verwys hy na boeke van D.H. Lawrence. Dat sy ma sy boeke durf wegvat, is al tergend, maar dat sy dit terugvat biblioteek toe, is vir hom te erg.

15.⑧ Vir Amanda was daar geen ander uitweg nie - sulke gemors kan sy nie in haar huis toelaat nie.

1. AMANDA Daardie afskuwelike boek van daardie /kranksinnige Lawrence. // (TOM LAG LUIDRUGTIG) Ek kan nie die produk van sieklike breins kontroleer nie, // en ook nie die mense vir wie hulle skryf nie // (TOM LAG NOG HARDER) ^①Maar ek gaan nie sulke gemors in my huis toelaat nie!!!
2. TOM ^②Nee, Nee, Nee!
3. AMANDA (SKREE BYNA) ^③Gy sal nie WAAG om.)....
4. TOM Nee, ek mag niks sê nie. Ek moet net.)...
5. AMANDA Laat ek jou sê..)
6. TOM ^④Ek wil niks meer hoor nie!
- ~~(HY TREK DIE GORDYNE OOP. DIE ACTERSTE GEDEELTE IS VERLIC MET 'N DOWWE ROOKAGTIGE ROOI CLOED. AMANDA SE HARE IS INGEDRAAI. SY HET 'N KAMERJAS AAN WAT TE GROOT IS VIR HAAR TINGERIGE FIGUUR - 'N NALATENSKAP VAN DIE TROUELOSE MNR. WINGFIELD. 'N TIKMASJIE EN DEURMEKAAR KLOMP PAPIER IS OP DIE AFSLAANTAFEL. DIE RUSIE IS SKYNBAAR VOORAFGEGAAN DEUR AMANDA SE ONDERBREKING VAN TOM SE SKEPPINGSWERK. 'N STOEL HET OMGEVAL. HULLE GEBARE WORD IN DIE SKADU, OP DIE PLAFON WAARGENEEM.)~~
7. AMANDA ^⑤Jy sal nog meer hoor! / Jou.)....
8. TOM Nee, ek wil niks meer hoor nie. / Ek gaan uit, ^⑥
9. AMANDA (Kom terug!)
10. TOM Uit, uit, uit!!! / Want ek is, ^⑦....
11. AMANDA (Kom hier, Tom Wingfield! / Ek het nog nie klaar gepraat)
12. TOM Aag!... / ..Gaan... / ...
13. LAURA (DESPERAAT) Tom. ^⑧!!!!
14. AMANDA Jy gaan luister, / en ek wil niks meer van jou nukke hê n My geduld raak op! (HY KOM TERUG NA HAAR TOE.)
15. TOM ^⑨Dink ma myne is nie op nie? / Het ek nie geduld wat kan opraak nie? / Ek weet, / ek weet. / Alles wat EK doen. / Alles wat ek wil doen? / Lyk vir Ma onbelangrik. // Ma dink tog nie.....




Bewegingskets: toneel 3

Beweging en verhoogaktiwiteit

- 1.① Amanda loop na die tafel by stoel (n).
- 1.② Sy slaan met haar hande op die tafel.
- 2.③ Tom stoot sy stoel agteruit terwyl hy sy hande in die lug gooi.
- 6.④ Tom staan op om te loop.
- 7.⑤ Amanda stap na agter haar stoel (k).
- 8.⑥ Tom stap na die deur maar word deur sy moeder in die rede geval en daardeur voorgekeer.
- 10.⑦ Tom stap na die deur en steek sy hand uit om die deur oop te maak, maar sy moeder val hom weer in die rede.
- 12.⑧ Tom ruk die deur oop en verskyn vir die gehoor op die brand-trap. Amanda en Laura kyk nog steeds in die rigting van die deur waar Tom verdwyn het. Alhoewel hulle hom kan sien waar hy staan, is dit nie veronderstel nie, omdat daar tussen hulle 'n muur gesuggereer word.
- 13.⑨ Laura gil-roep na Tom terwyl sy probeer opstaan. Laura se gil keer Tom in die proses van verdwyn met die trappe af. Na 'n rukkie van absolute swye draai hy om en verskyn weer deur die voordeur in die kamer. Sodra sy ma hom sien, val

sy /



sy hom weer met mening aan.

15. ⑩ Tom loop tot voor sy ma waar sy by stoel (k) staan. Hy beduie kwaai met sy hande.

Tekslewing en spelmotivering

1. Amanda is afkeurend. Tom lag wild en uittartend. Amanda is die spreekbuis van duisende Puriteine in Amerika. Sy weier om met sulke mense en die wat met hulle geassosieer word, omgang te hê.

1.① Amanda se beslissing is finaal.

1.② Amanda is byna histories. Haar toorn en frustrasie, nie alleen deur Tom veroorsaak nie, haal sy met vuur op hom uit.

2.③ Tom reageer baie sarkasties en baie nydig. Sy ma het nie bedoel dat dit haar huis alleen is nie. Tom wil dit egter so interpreteer. Nou vryf hy sout in haar wonde en geniet dit.

3. Amanda skree - ongeag die bure. Dat haar seun dit durf waag om haar teë te gaan, is vir haar te erg. 4. Tom is baie bitter - weer die tema dat hy niks mag besit nie - 'n soort worstelheld, 'n lydensfiguur.

5. Amanda is gefrustreerd. Sy kry nie kans om haar sê te sê nie.

6.④ Tom praat baie veglustig. Hy is besig om alle konvensies oorboord te gooi - hy raak al hoe roekeloser.

7.⑤ Amanda poog nog steeds om haar sê gesê te kry. Sy is half bewus van die feit dat sy haar houvas op haar seun verloor het.

8.⑥ Tom se besluit om uit te gaan is nie om te vlug nie; hier gaan dit egter om die uitdagende in sy karakter om as 't ware die deur in sy ma se gesig toe te klap.

9. Amanda praat skerp maar tog smekend. Sy moet beseef dat sy verantwoordelik is vir haar seun se vlug na buite. Haar troos is egter dat hy nog elke keer teruggekom het.

10.7 Tom suggereer /

10.⑦ Tom suggereer net hoe hy voel: nooit gee Amanda hom die geleentheid om sy hart uit te praat nie. Hier lê juis die knoop. As elkeen die ander maar sou gun om sy hart uit te praat, sou die moeilikheid lankal opgelos gewees het.

11. Amanda is nou die moeder. Toe Tom kleiner was, sou die taktiek geslaag het. Ook dit is die probleem: vir Amanda is Tom nog klein en afhanklik en kry hy daarom nie 'n spreekbeurt nie.

12.⑧ Tom tree baie grof op terwyl hy die deur toeslaan. Wat hy wou sê en nie kon nie, sou sy hele gevoel mooi opgesom het. Gelukkig vir hulle almal kom Laura se desperate uitroep: „Tom”.


13.⑨ Laura kies kant - Tom se kant. Haar verhouding met hom is in elk geval van so 'n aard dat een enkele woord van haar kant - verwytend en desperaat - meer gewig dra as 'n hele betoog van sy ma. Tom se terugkoms in hierdie geval is slegs omdat hy wil voorkom wat Laura kan seermaak. Daarom draai hy om na die hel wat sy ma haar huis noem.

14. Amanda is half verlig en dus minder venynig.

15.⑩ Tom is nou kalmer maar nog baie geïrriteerd. Hy kry egter die geleentheid om sy saak te stel, of dan die inleiding van die saak wat hy wil stel.

Hy definieer sy ma se onvermoë om hom te verstaan.

1. AMANDA Ek dink jy het dinge gedoen waaroor jy skaam is. / Dit is daaroor dat jy die houding inneem. / Ek glo nie dat jy elke aand bioskoop toe gaan nie. / Niemand gaan aand na aand bioskoop toe nie. / Niemand by sy volle verstand gaan so dikwels bioskoop toe as wat jy voorgee nie. / Mense gaan nie om middernag bioskoop toe nie, en bioskope kom nie om twee-uur in die nag uit nie. / Kom hier val-val in. / Praat met jouself soos 'n kranksinnige! / Jy slaap slegs vir drie uur en dan gaan jy weer werk. / Ek kan omtrent dink hoe jy werk / alles word afgeskeep, / omdat jy nie in 'n goeie toestand verkeer nie!
2. TOM (LUID) Nêe, ek verkeer nie in 'n goeie toestand nie!
3. AMANDA Watter reg het jy om jou werk in gevaar te stel? / Om ons almal se veiligheidsgevoel te laat wankel? / Hoe sal ons deurkom as jy.....
4. TOM (3) Luister hier! / Ma dink ek is begaan oor die Pakhuis? / (HY BUIG KWAAI OOR NA HAAR.) Ma dink ek is versot op die Continental Shoemaker-Maatskappy! / Ma dink ek wil vyftig jaar lank daar onder tussen skoendose deurbring! / met.... buisligte! // Kyk, / ek sien liever dat iemand 'n stuk yster vat en my kop inslaan voordat ek smôrens werk toe gaan! // Maar ek gaan! / Elke keer as ma sing: / "Staan op en skitter!". / dan dink ek hoe gelukkig dooie mense is. / Maar ek gaan! / Vir vyf-en-sestig dollar per maand verbeur ek alles waaroor ek droom en graag wil wees! / En Ma sê ek dink net aan myself! / As ek net aan myself gedink het, sou ek gewees het waar HY is / weg! / Net sover as wat vervoermiddels my kan vat. (4) // (HY LOOP BY HAAR VERBY EN SY GRYP SY ARM.) Moenie my gryp nie, Moeder!
5. AMANDA Waarheen gaan jy?
6. TOM Na die bioskoop!
7. AMANDA Dis 'n leuen!
8. TOM (5) Ek gaan na opiumselle! // Ja, / opiumselle. // Selle van onhe-



Bewegingskets: toneel 3

Beweging en verhoogaktiwiteit

- 1 Amanda en Tom staan reg teenoor mekaar net regs van stoel (k).
- 2.① Tom draai om en stap na sy divan se koppenent.
- 3.② Amanda loop agter hom aan. Laura is nog steeds besig met haar speelgoed terwyl sy volkome bewus is van wat aangaan.
- 4.③ Tom draai vinnig na sy ma. Hy is driftig en beduie kwaai met sy hande.
- 4.④ Tom loop verby sy ma na die koskas (j) om sy jas te kry wat langs die kas aan 'n haak hang. Sy moeder gryp hom aan sy arm. Hy ruk hom ongeduldig los.
- 8.⑤ Hy vat sy jas en gooi dit oor die leuning van stoel (k) en spreek sy moeder direk aan.

Tekslewering en spelmotivering

1. Amanda val Tom in die rede. Weer eens gun sy hom nie die geleentheid om sy saak te stel nie. Laura se tussenkoms van vaneffe het die konfrontasie net 'n rukkie uitgestel. Amanda maak vinnig en met oorgawe gebruik van haar spreekbeurt en van die situasie van te sê wat sy al lankal moes gesê het. As moeder is dit haar reg om te weet waar haar seun en broodwinner hom elke aand bevind.

Behalwe haar vrese dat hy hom in ongewenste geselskap bevind, vrees sy die dag as hy sonder werk sal sit omdat hy snags nie genoeg slaap kry nie. Sy is oortuig dat sy fisieke toestand daaronder ly.

2① Hy is sarkasties en bitter. Tom verwys hier na die feit dat, omdat hy in sy huis geen stem het nie, hy nie kans kry om sy saak te stel nie.

3② Amanda praat met rotsvaste logika. Juis dit ontstel Tom. Dis juis van hierdie onregverdigte logika dat hy wil loskom.

4③ Tom praat sy hart uit. Hoe meer hy praat, hoe opgewondener raak hy. Tot dusver het hy slegs gedink oor sy haglike werksomstandighede. Nou spreek hy sy gedagtes uit en steek sodoende die sweer oop. Amanda en Laura is verbaas oor Tom se woordrykheid.

4④ Dat Tom sy pa se seun is, skemer hier duidelik deur. Tom verwys hier na sy pa en wys met sy vinger na sy pa se portret. Nou kan hy begryp waarom sy pa weggeloop het. In die eerste plek kan geen mens van vlees en bloed dit in die pakhuis uithou nie, en in die tweede plek is sy ma met haar klaery genoeg om enige mens van sy verstand te laat raak.

Tom het sy sê gesê en nou loop hy - enige plek is beter as die plek wat sy ma hulle huis noem. Tom is baie ru en grof as sy ma hom wil keer.

5. Amanda is nou opreg en angstig.

6. Tom sê dit traak-my-nie-agtig.

7. Amanda is ongelowig en hartseer.

8.⑤ Tom is wild en uitdagend. Hy geniet die sensasie wat sy ontboeseming tot gevolg het. Hy kruip uit die dop waarin hy so lank vasgekeer was

en gooi alle konsiderasie vir sy moeder en Laura oorboord.

Hy speel saam met sy moeder. As sy dan nie wil glo wat hy sê nie, kan hy haar mos iets gee wat haar sal laat nadink. Hy kan intuitief aanvoel dat sy ma vrese het dat hy dalk na plekke van onheil gaan. As sy dan sensasie soek, is hy gewillig om dit te verskaf.

1. TOM

sonde /en misdadigerneste, Moeder.// ^① Ek het by die Hogan-
groep aangesluit./ Ek is 'n gehuurde sluipmoordenaar./
Ek het 'n masjiengeweer in 'n vioolkas./ Ek hou
'n reeks ontughuise aan! / Hulle noem my Killer, / Killer
Wingfield.// Ek voer 'n dubbele lewe/- 'n een=
voudige, 'n stil pakhuiswerker gedurende die dag, //
maar snags 'n dinamiese koning van die onderwêreld,
moeder.// Ek besoek dobbelhuise /en verspeel fortune
op die roulettetafels!// Ek dra 'n klappie oor
een oog en 'n vals snor.// Soms dra ek 'n groen baard./
Dan noem hulle my "Die Duiwel".// ^{E! Duiwel} Ag! / Ek kan vir u
dinge vertel wat u slapelose nagte sal besorg.// My
vyande oorweeg om een nag dinamiet onder ons te
sit.// Hulle gaan ons nog die lug inblaas! / ^③ Ek sal
bly wees, / baie gelukkig, /en ma sal ook! / Ma sal op /
en op gaan op 'n besemstok /- dwarsoor Blue Moun=
tains /met sewentien vryers op 'n string agterna!//
Ja, /soos 'n /lelike, /babbelende /ou heks.// ^{Meza}...

2. LAURA


(ONTSTELD - SKERP) My glas.....speelgoed! (SY
BEDEK HAAR GESIG EN DRAAI WEG.)

3. AMANDA

^⑤ Ek sal nie meer met jou praat nie /voordat jy nie
om verskoning vra nie. (SY LOOP DEUR DIE GORDYN EN
TREK HULLE AGTER HAAR TOE. (TOM EN LAURA IS ALLEEN.
LAURA KLEM DIE RAK VAS MET HAAR GESIG WEGGEDRAAI.
TOM STAAR HAAR 'N OOMBLIK ONNOSEL AAN, DAN LOOP HY
NA DIE RAK. ^⑥ HY BUK LOMP OM DIE STUKKIES GLAS OP TE
TEL, EN KYK NA LAURA ASOF HY IETS WIL SÊ MAAR NIE
(KAN NIE.)

MUSIEK TERWYL (DIE LIGTE VERDOF EN DIT WORD DONKER.)


GORDYN



Bewegingskets: toneel 3

Beweging en verhoogaktiwiteit

- 1.① Tom praat asof in 'n droom. Hy hou sy hande asof hulle om 'n masjiengeweer geklem is. Sy hande onderskryf met beweging alles wat hy sê. Hier speel hy dan ook in 'n rooi kollig om hom die indruk te help skep dat hy onder verdowing is.
- 1.② Hy skud die droom van hom af en draai na sy ma.
- 1.③ Hy loop met 'n dreigende houding na sy ma toe asof hy haar bekrui. Sy beweeg agteruit totdat sy teen die tralies van die brandtrap vasgedruk is. Tom troon oor haar; hy buit die situasie terdeë uit.
- 1.④ Hy draai woes om en gryp sy jas wat oor die stoel by (k) hang. Hy probeer die jas aantrek maar sy een arm kan nie die mou vind nie. Met 'n groot dramatiese gebaar pluk hy die jas van sy skouers af en slinger dit van hom af weg terwyl hy na die deur storm. Sy jas tref Laura se vertoonkas, en die speelgoed spat na alle kante. Laura probeer keer - vergeefs. As Tom die gil van sy suster en die val van die glas hoor, gaan hy staan, kyk om, heeltemal te lamgeslaan om te roer.
- 3.⑤ Amanda, seergemaak, sê dit terwyl sy afhardloop na die kombuis.



3. ⑥ Na 'n lang stilte waarin absoluut niks gebeur nie, loop Tom lomp na waar sy suster by die vertoonkassie sit en begin die speelgoed optel. Terwyl hy optel, word die ligte uitgedoof tot donker. Slegs die siklorama bly verlig. Tom en Laura verlaat die verhoog, en dit word in gereedheid gebring vir toneel 4.

Tekslewing en spelmotivering

1.① Tom het 'n gedaanteverwisseling ondergaan. Hy het 'n eienaardige uitdrukking op sy gesig asof hy geeste sien. Hier kan duidelik gesien word dat Tom wel skryftalent het en 'n eie verbeelding. Hy gryp van een denkbeeldige begrip na 'n ander asof hy dit al by herhaling beleef het. In sy verbeeldingsvlugte is dit ook nie net 'n saamgooi van onbenullige gebeurtenisse nie, want hy beplan sy aanval sorgvuldig en stuur af op 'n besliste hoogtepunt: "El Diablo".

1.② As hy seker is dat hy sy ma se onverdeelde aandag het, laat vaar hy die skyn en vertoon en spreek sy ma direk aan.

1.③ Hier is sy beeldspraak teatraal maar op die man af. Hy gryp na 'n begrip wat in hulle huis oorbekend is: die "Blue Mountains," en skilder vir hulle voor hoe sy ma sal trek as sy vyande hulle huis opblaas - oor die berge op 'n besemstok, soos 'n lelike, babbelende ou heks.

1.④ Hy beplan sy afgaan ook puik, asof hy lank daaraan gerepeteer het - die finale hou - as hy sy jas aanpluk en vertrek.

Sy suster Laura ly nou egter fisiek onder sy uitbarsting.

In sy woede tref hy met sy jas juis die persoon wat hy die minste sou wil seermaak, allermens fisiek. Dit bring hom tot besinning.

3.⑤ Amanda blaas die aftog so eerbaar as wat sy moontlik kan. Na 'n ongemaklike stilte loop Tom lomp na Laura toe en probeer die skade herstel deur die glasdiertjies op te tel. Hy wil iets sê maar besef dat geen woorde ongedaan kan maak wat gebeur het nie. In die handeling van speelgoed optel oorval die duisternis hulle.

VIERDE TONEEL


Siklonamaligte downer

BINNE DONKER. EFFENS LIG IN DIE STRAATJIE. 'N KERKKLOK
SLAAN DRIE

TOM VERSKYN IN DIE STRAATJIE. NA ELKE SLAG VAN DIE KERK-
KLOK IN DIE TURING MAAK HY 'N NIETIGE GERAAS ASOF HY
DAARMEE DIE NIETIGHEID VAN DIE MENS TEENOR DIE BESTEN-
DIGE WAARDIGHEID VAN DIE ALMAGTIGE WIL AANDUI. SY
ONVASTE STAP TOON DAT HY ONDER DIE INVLOED VAN DRANK IS.
TERWYL HY DIE PAAR TRAPPIES NA DIE BRANDTRAPBORDES OPKLIM,
WORD DIT BINNE STADIG LIG. LAURA VERSKYN IN SLAAPKLE-
RE EN MERK OP DAT TOM NIE IN SY BED GESLAAP HET NIE. TOM
SOEK IN SY SAKKE NA DIE SLEUTEL, EN IN DIE PROSES KOM
'N VERSKEIDENHEID ARTIKELS UIT SY SAK TE VOORSKYN, O.A.
'N MASSA GESKEURDE BIOSKOOPKAARTJIES EN 'N LEE BOTTEL.
HY VIND DIE SLEUTEL EN PROBEER DIT INSTEEL, MAAR LAAT VAL
DIT. HY TREK 'N VUURHOUTJIE EN SOEK KRUIPEND ROND.)

A-aan-dof

1. TOM ② Net een bars./...en dit moes juis daardeur val//
(LAURA MAAK DIE DEUR OOP.)
2. LAURA ③ Tom! / Tom, / wat maak jy?
3. TOM Ek soek na 'n sleutel
4. LAURA ④ Waar was jy gewees?
5. TOM Na die bioskoop.
6. LAURA Al die tyd?
7. TOM ⑤ Dit was 'n lang vertoning. // Dit was Greta
Garbo / en Mickey Mouse / en 'n reisfilm / en
advertensies van prente wat kom // Daar
was ook 'n / orreluitvoering / en 'n kollekte
vir die koskombuise - alles gelyktydig -
wat geëindig het in 'n / hewige rusie tussen 'n
vet dame en een van die plekaanwysers.
8. LAURA (ONSKULDIG) Was dit nodig dat jy alles moes
sien?
9. TOM Natuurlik! // En, o ja, // amper vergeet ek! // ⑥
Daar was nog 'n tussenvertoning op die verhoog //
Dit was Malvolio, / die Townenaar. // Hy het wonder-
like toorkunsies uitgehaal, soos water



Bewegingskets: toneel 4

Beweging en verhoogaktiwiteit

Tydens die oorgang van toneel 3 na toneel 4 word die sikloramaligte al hoe dowwer, omdat toneel 4 in die nag af speel.

Sodra die verhoogbestuur gereed is, slaan die kerkhorlosie drie-uur.

Tom verskyn in die gang (a) terwyl hy „The Whole World is Waiting for the Sunshine” neurie-fluit. Hy loop ietwat onvas op sy voete.

Hy is nie dronk nie maar het baie te drinke gehad. Hy verdwyn by

(b) uit die gesigsveld van die toeskouers. Alhoewel hulle kom nie kan sien nie, is hy nog duidelik hoorbaar. Agter die coulisse-

gordyne struikel-val hy oor die trappe en geniet elke struikeling terdeë. Hy wend geen poging aan hom nie gehoor te word nie. Al

singende kom hy die trappe by (c) af en kom tot stilstand op vlak

(d). Hy is geklee in kostuum 1. Hy het 'n sigaretstompie in sy

regterhand. Daarmee probeer hy die voordeur oopsluit. Hy kom agter wat hy besig is om te doen, en geniet die situasie terdeë.

Hy begin nou in sy sakke na die sleutel soek. In die proses val


honderde bioskoopkaartjies uit sy sakke, ook stompies, vuurhoutjies en les bes ook die voordeursleutel.

Met sy voet voel-voel hy rond na die vuurhoutjiedosie. Hy geniet die petalje baie, en hoe meer geraas hy veroorsaak, hoe ingenomer

is hy met homself. Toe hy die vuurhoutjies met sy voet raak,

buk hy af en tel dit op, trek 'n vuurhoutjie en begin na die sleutel soek.

1.2 Hy kry /



1. ② Hy kry nie die sleutel nie. In hierdie stadium maak Laura, wat van al die lawaai en van bekommernis wakker geword het, die voor-deur van binne af oop.
2. ③ Sy sien Tom rondkruip op die brandtrap.
5. ④ Terwyl hy nog steeds na sy sleutel soek.
7. ⑤ Uit sy kruipende posisie gaan hy op sy kurke teen die reling by (e) sit.
Gedurende Tom se vertelling staan Laura teen die reling net buite die deur. Sy hou met albei hande aan die reling skuins langs haar vas. Sy het die deur toegetrek omdat sy bang is dat haar ma sal wakker word.
9. ⑥ Tom staan op deur slegs sy bene reguit te stoot en nog steeds met sy rug teen die reling (e) te leun.

Tekslewering en spelmotivering

1. Hierdie toneel begin met 'n kerkhorlosie wat die tyd aankondig. Dit is 03h00-uur. Dit is die nag wat op die struweling tussen Amanda en Tom volg. Aan die einde van die vorige toneel het Tom die woonstel verlaat om bioskoop toe te gaan - so het hy tenminste beweer. Voordat hy egter die woonstel verlaat het, het hy die ongeluk gehad toe hy Laura se speelgoed met sy jas gebreek het. Dit is 'n vingerwysing van wat met die Wingfields gaan gebeur as hulle eventueel die werklikheid moet aanvaar (Joven 1966: 84).

Dit tesame met die woordewisseling tussen hom en sy man het sy ontvlugting na buite des te groter gemaak. Dit kan ons aflei uit die toestand waarin hy met die begin van die toneel verkeer.

Uit sy hele houding en ingesteldheid onder hierdie omstandighede kan ons 'n duidelike karakterbeeld van hom skets. Onder die invloed van drank word hy nie wreedaardig nie maar 'n joviale "wanderlustige" kunstenaar. Sy probleme is vergeet, hy lag en sing selfs. Vir hierdie oomblik behoort die wêreld aan hom en hoef hy nie te dink aan ander mense wat dalk slaap nie. Dit is waarom hy gereeld na die bioskoop ontvlug en sy verdriet verdrink. Sy hele geestestoestand is ook te wyte aan 'n ander ondervinding wat hy die betrokke aand gehad het.

Die talle kaartjies wat uit sy sakke val, is 'n bewys dat sy bioskoopstories nie blote versinsels is nie. Later in die verloop van die stuk verduidelik hy aan die "Gentleman Caller" hoekom mense soos hy bioskoop toe gaan.

Op hierdie bepaalde oomblik aan die begin van toneel 4 het hy nog nie in die proses van moeg word vir die aksie van filmsterre ver genoeg ontwikkel nie en aanvaar hy hulle aksie en hoe hulle dit belewe. As daar egter nie gou genoeg oorlog uitbreek nie, sal Tom self tot aksie oorgaan. Hy het al, en hy weet dit, want het hy dan nie reeds met die water-en-ligtegeld 'n lid van die unie van handelsmatrose geword nie? Al waarvoor hy wag, is die regte oomblik. Wat hom ook van tot aksie oorgaan, weerhou, is sy suster Laura, wat hom na aan die hart lê.

1(2) Die feit dat Laura om drie-uur in die oggend vir hom die deur oopmaak en hom tot stilte maan voor hulle moeder wakker word, spreek boekdele vir hulle verhouding. Sy doen dit nie soseer omdat sy hom so liefhet nie, maar omdat hulle tot dieselfde tyd behoort. Van haar, omdat sy deur hom smag na die vryheid waarna hy smag, en omdat hy haar sien soos sy is en nie soos sy behoort te wees nie.

2.③ Laura is besorg en baie bekommerd dat haar moeder dalk op die to-
neel kan verskyn.

3. Tom antwoord traak-my-nie-agtig.

4. Laura vra dit belangstellend.

5.④ Tom sê dit baie eerlik.

6. Laura kan dit nie glo nie.

7.⑤ Tom praat dood natuurlik. Belangrik is die feit dat hy na Greta Garbo gaan kyk het - een van die Hoolywoodsterre wat aksie namens ander beleef - asook die feit dat hy juis 'n reisfilm gesien het - 'n verwesin-
liking van sy drome. Dit is vir hom snaaks dat hulle vir die sopkombuise by hom sou kollekteer, hy wat dalk kwalifiseer om sop te ontvang. Die rusie tussen die vet dame en die plekaanwyser kan dalk hersenskimme van hom wees - dalk hy en sy ma wat baklei - of dalk is dit net sy smagting na aksie wat hom die gebeurtenis laat onthou.

8. Laura vra dit onskuldig maar is ook jaloers dat hy dit kan belewe en sy nie.

9.⑥ Interessant is dat hy ook, as toegif, van Malvolio, die Towenaar, sal vertel. Sy "o ja, amper vergeet ek!" is 'n duidelike beklemtoning van iets wat hy graag vir Laura wil vertel. Die towenaar lewer bloot 'n tussen-
vertoning - soos wat hy (Tom) tussen tonele sy storie vertel. En ook hy beskou hom as iemand wat oor towerkunsies beskik, en hierdie towerkuns sal aanwend as hy uit sy situasie wil ontsnap.

1. TOM *1 Oos water* van een beker na 'n ander heen en weer gooi. // Eers het dit in wyn verander, / toe in bier / en daarna in whisky. // Ek weet dit was whisky, want / hy het iemand uit die gehoor gevra om hom te help, en ek het gegaan / - twee keer. // Hy was 'n goeiehartige kêrel / en het aandenkings uitgedeel. // (HY TREK 'N REENBOOG-KLEURIGE SERP UIT SY AGTERSACK.) Hy het hierdie vir my gegee. // Dit is sy tower-serp. // 3 Jy kan dit maar vat, / Laura, draai dit om 'n kanariekoutjie, / en dit verander in 'n bak met goudvissies. // Dan sit jy dit weer om die vissies, // en... die kanaries vlieg weg. // Die wonderlikste was egter die kunsies met die doodkis. // Ons het hom in 'n doodkis toegespyker en hy het uitgekom / sonder om een spyker te verwyder. // (HY IS NOU BINNE.) Dit is nou 'n kunsie wat vir my goed te pas sal kom / - my help om uit hierdie / 2 by 4-toestand te ontsnap. // 5 (SAK OP DIE BED NEER EN TREK SY SKOENE UIT.)


2. LAURA Tom / - sjuut!
3. TOM Waaroer sjuut jy my?
4. LAURA Jy sal vir moeder wakker maak.
5. TOM Dit sal goed wees! / Haar verdiende loon vir al haar / "Staan op en skitter" / -preke. (GAAN LÊ MET 'N KREUN.) Jy weet, Laura, / dit vat nie veel om in 'n doodkis toegespyker te word nie / - maar wragtig, / om daaruit te kom sonder om 'n spyker te verwyder. // 6

A - af

(ASOF IN ANTWOORD DAAROP WORD DIE PA SE
 PORTRET VERLIG.)
 (VERHOOG VERDONKER)

Siklorama ligte (ONMIDDELLIK DAARNA SLAAN DIE KERKKLOK SESUUR.
-helder OP DIE LAASTE SLAG GAAN DIE WEKKER AF IN
B - aan. AMANDA SE KAMER, EN NA 'N PAAR OOMBlikKE
 WORD HAAR STEM GEHOOR.


6. AMANDA Staar op en skitter! / Staar op en skitter! //
 Laura, / gaan sê vir jou broer hy moet opstaan en skitter



Bewegingskets: toneel 4

Beweging en verhoogaktiviteit

- 1.① Tom maak asof hy in elke hand 'n waterbeker het en gooi met wiegbewegings die inhoud van die een na die ander oor.
- 1.② Met 'n groot gebaar trek hy 'n lang bont serp uit sy broek-sak. Die serp is so lank dat hy 'n keer moet vervat om dié uit sy sak te kry.
- 1.③ Met groot teerheid drapeer hy die serp met sy regterhand om Laura se nek van haar regterkant na haar linkerkant. Hy beduie met dieselfde hand hoe die kanaries wegvlieg.
- 1.④ Lomp en met voete wat sleep, loop hy verby Laura, maak die deur (h) oop en verdwyn in die woonstel. Laura stap agter hom aan en maak die deur toe.
- 1.⑤ Hy sak op sy bed (i) neer en begin om sy skoene uit te trek. In hierdie stukkie dialoog is Laura agter die voordeur (h) versteek en die gehoor kan slegs vir Tom sien.
- 5.⑥ Hy gaan op sy bed lê, en lamp 26 op die 2de verhooglat verlig die vader se portret. Hierna verdonker die verhoog - slegs die sikloramaligte bly brand.



- 5.7 Die sikloramaliig word sigbaar stadig helderder. Die kerk-
horlosie slaan ses, en agter in die coulisse begin 'n wekker
skel. Na 'n rukkie word dit doodgedruk en kan die gehoor 'n
vakerige Amanda hoor. Die hele tyd was Tom op sy divan in
silhoeët vir die gehoor sigbaar waar hy lê en slaap.

Tekslewing en spelmotivering

Hierdie hele relaas van Tom oor die towenaar stuur af op sy obsessie aan die einde van sy vertelling: om te ontsnap uit hierdie 2 by 4-toestand waarin hy verkeer. Vir hom is Malvolio 'n moderne Christus met sy water-wyn-storie en sy vissimbool op die koop toe (Stein 1964: 152).

Die goudvissies wat kanaries word en wegvlieg, en die kunsie om uit die doodkis te ontsnap maak hom vir Tom die simbool van verlossing.

1. Hierdie hele spreekbeurt maak die indruk asof Tom 'n soort evangelie verkondig, 'n evangelie waaraan hy nog nie deelagtig geword het nie maar wat slaag, dit weet hy - kyk maar na die voorbeeld van sy pa.

Hierdie besef is deels verantwoordelik vir die joviale gemoedstoestand waarin hy verkeer. Dit is vir hom asof hy die pad van verlossing gevind het. Nou kan hy selfs weer die woonstel en sy moeder die hoof bied. Veral belangrik vir hom is die wete dat die pakhuis hom nie meer baie lank sal sien nie.

1. Met 'n soort blymoedigheid, wat as die gevolg van drank gesien kan word, loop hy die woonstel binne en val op sy bed neer.

2. Laura ken haar broer nie so nie en is verbaas oor die vrede wat hy met homself gemaak het.

3. Tom wil nie stil gemaak word nie. Hy wil as't ware aan almal vertel wat hy deelagtig geword het.


4. Laura weet nie hoe om hierdie situasie te hanteer nie. Al wat sy weet, is dat haar moeder, as sy op die petalje sou afkom, alles sou bederf.

5. Tom wens dat sy wakker word, enersyds omdat sy dan terug betaal kan word en andersyds omdat dit nie meer vir hom saak maak nie.

En dan borrel die heerlike weer uit: vir hom (Tom), wat in 'n situasie vasgevang is, is daar redding, al sal hy dan 'n spyker moet verwyder.

6. Amanda is moeg maar positief en geesdriftig. Na haar groot vernedering van die vorige dag is sy groot genoeg om met ywer haar nuwe dagtaak uit te voer.


1. TOM (KOM STADIG ORENT) ① Ek sal opstaan/...maar ek gaan nie skitter nie.
(DIT WORD LIGTER)
2. AMANDA Laura,/ sê vir jou broer sy koffie is gereed.
(LAURA SLUIP NA DIE VOORKAMER)
3. LAURA ② Tom!/ Dis amper sewe-uur;/moenie op ma se senuwees werk nie/// (HY STAAR HAAR ONNOSEL AAN. SMEKEND.) ③ Tom, praat vanmôre met moeder./ Vra haar om verskoning/praat met haar!
4. TOM ④ Sy wil nie met my praat nie./ Dit is sy wat die ding begin het.
5. LAURA As jy net sê jy het spyt,/sal sy begin praat.
6. TOM Is dit so 'n tragedie as sy nie praat nie?
7. LAURA Asseblief./...asseblief! /
8. AMANDA (UIT DIE KOMBUIS) Laura,/gaan jy doen wat ek gevra het,/of moet ek aantrek en dit self gaan doen?
9. LAURA ⑤ Ek gaan sodra ek my jas aan het!// ~~(SY SIT 'N VORMLOSE VILTHOED OP MET SENUWEE-~~
AGTIGE BEWEGINGS. KYK SMEKEND NA TOM. GRYP ONHANDIG HAAR JAS WAT HAAR NIE PAS NIE, DIE MOUE IS TE KORT.) ⑥ Botter, en wat nog?
10. AMANDA Net botter,/Sê hulle moet dit op die rekening sit.
11. LAURA Ma, hulle.///.
12. AMANDA Stokke en swaarde kan ons vernietig,/maar mnr. Garfinkel se houding kan ons nie kwaad doen nie!// Sê vir jou broer sy koffie word koud.
13. LAURA ⑦ (BY DIE DEUR) Doen wat ek jou gevra het,/sal jy, //sal jy, Tom? //
(HY KYK DIKMOND WEG)
14. AMANDA Loop nou of laat staan dit!
15. LAURA ⑧ (HARDLOOP UIT) Ek loop,/ek loop!/ ('N OOMBLIK LATER SKREE SY. ⑨ TOM SPRING OP EN LOOP NA DIE DEUR. ⑩ AMANDA STORM IN. TOM MAAK DIE DEUR OOP.)
16. TOM Laura?



Bewegingskets: toneel 4

Beweging en verhoogaktiwiteit

1. ① Tom swaai sy bene af terwyl hy op die bed bly sit.
2. Amanda se stem kom agter uit die coulisse uit.
3. ② Laura kom ingestap met 'n koppie koffie en sit dit op die tafel by (k) neer.
3. ③ Laura stap na die koppenent van die bed (i) en leun met haar hande op die bedstyl.
4. ④ Tom begin sy skoene aantrek en sy hare borsel. Hy het nog steeds die klere aan waarmee hy die nag gaan lê het.
9. ⑤ Laura stap na die kas (j), waar sy haar jas van die haak afhaal.
9. ⑥ Terwyl sy besig is om haar jas aan te trek, stap sy na die voordeur (h).
10. Amanda is nog steeds van agter die coulisse.
13. ⑦ Laura gaan 'n treetjie nader aan haar broer waar hy nog steeds op sy bed sit.



14. Amanda praat van agter die coulisse.
15. ⑧ Laura loop by die deur uit. Enkele oomblikke later struikel sy, gil en val op die trap bokant (c).
15. ⑨ Tom spring soos 'n besetene uit terwyl hy haar naam gil. Hy storm by die deur uit en verdwyn met die trappe by (c) op agter Laura aan.
15. ⑩ Amanda verskyn in haar kamerjas met krullers en 'n kopdoek. As sy op die brandtrapvlak by (d) kom, kom Tom haar tegemoet.

Tekslewering en spelmotivering

- 1.① Tom is deur die slaap, knorrig, nog baie moeg van sy vorige nag se ondervinding en opstandig.
2. Amanda se stem is streng en half leedvermakerig. 'n Mens kom duidelik agter dat sy met Tom via Laura praat.
- 3.② Laura praat smekend en aanmoedigend; Tom is nog deur die slaap.
- 3.③ Laura is nog smekend: sy weet wat dit vir haar moeder sal beteken as Tom verskoning vra.
- 4.④ Tom bly koppig.
5. Laura praat nog steeds smekend.
6. Tom bly nog steeds koppig.
7. Laura smee nog steeds.
8. Amanda is streng en ongeduldig. Sy praat onnodig hard en lê baie klem op die self gaan doen. Dit is buitendien al manier waarop sy dinge gedoen kry deur dit self te doen.
- 9.⑤ Laura is baie moedeloos en senuweeagtig. Haar broer en haar ma se koppigheid ontstel haar, en die feit dat sy botter op rekening moet gaan koop - 'n rekening wat reeds oorbelas is, - ontstem haar nog meer.
- 9.⑥ Sy is bang dat sy behalwe botter nog iets moet koop.
11. Laura probeer flouierig om hierdie opdrag nie uit te voer nie.
12. Amanda praat selfversekerd en finaal.
- 13.⑦ Laura is weer smekend. Sy doen haar bes om as vredemaker op te tree en daarin te slaag.
14. Amanda is ongeduldig maar tog diplomaties. Sy speel op Laura se gevoel. Sy weet dat Laura daarteen nie opgewasse sal wees nie.

15.⑧ Laura kapituleer. Sy slaan 'n eensame en jammerhartige figuurtjie. Met haar kruppel been struikel sy op die trap, gil maar kom niks oor nie. Tom en Amanda se beskermende houding teenoor Laura laat hulle flink reageer. Hulle storm by die deur uit asof die ergste gebeur het.


1. LAURA Ek makeer niks./ Ek het gegly/maar makeer niks.
2. AMANDA (KYK HAAR ANGSTIG AGTERNA.) As iemand sy been op daardie trappies breek,/moet die eienaar gedag-
A- uit. vaar word vir elke sent wat hy besit. ^① (~~SY MAAK~~

~~DIE DEUR TOE. DIT VAL HAAR BY DAT SY NIE MET TOM PRAAT NIE, EN LOOP NA DIE ANDER KAMER. TOE TOM TRAAG INKOM VIR SY KOFFIE, DRAAI SY HAAR RUG EN KYK KOUD BY DIE VENSTER UIT. DIE LIG OP HAAR GESIG, MET DIE OU MAAR KINDERLIKE GELAATSTREKKE, IS SATIRIES SKERP.)~~

(~~MUSIEK : AVE MARIA~~)

(TOM KYK ONDERLANGS NA HAAR EN DRAAI BY DIE TAFEL ROND. DIE KOFFIE IS VUURWARM - HY DRINK EFFENS, BRAND EN SPOEG DIT UIT. AMANDA SKRIK EN DRAAI HALF OM. SY DRAAI EGTER WEER SKIELIK TERUG NA HAAR VORIGE HOUDING. TOM BLAAS DIE KOFFIE KOUD TERWYL HY ONDERLANGS NA SY MA LOER. SY MAAK KEEL SKOON; TOM OOK. HY STAAN HALF OP EN VAL WEER TERUG, KRAP SY KOP EN MAAK KEELSKOON. AMANDA HOES EFFENS. TOM VAT DIE KOFFIE IN ALBEI HANDE EN BLAAS. HY LOER 'N PAAR OOMBLIKKE OOR DIE RAND NA SY MA. DAN SIT HY SY KOPPIE NEER EN STAAN LOMP EN TWYFELEND OP)

3. TOM (HEES) ^② Moeder, // ek // ek vra verskoning, / Moeder, // (AMANDA TREK HAAR ASEM OP. HAAR GESIG VERTREK. SY BARS IN TRANE UIT.) Ek is spyt oor wat ek gesê het, / oor alles wat ek gesê het. // Ek het dit nie bedoel nie.
4. AMANDA (SNIKKEND) My toewyding aan my kinders het my 'n heks gemaak, / en nou haat hulle my.
5. TOM Nee, / dit is nie!
6. AMANDA Ek bekommer my soveel dat ek nie kan slaap nie. // ^③ Dit maak my senuwees op hol!



Bewegingskets: toneel 4


Beweging en verhoogaktiwiteit

1. Laura praat van die boonste trappie af. Haar voetstappe kan gehoor word soos sy wegstap. Tom is op die boonste trappie by (c) buite die gesigsveld van die gehoor, en Amanda staan op vlak (d) en kyk die trap op.
- 2.① Sy kom agter dat sy eintlik nie met Tom praat nie, draai om, stap na die telefoon by kas (j) en blaai deur haar telefoongidse. Tom kom die eetkamer binne en gaan sit op sy stoel (l) en begin sy koffie koud blaas. Af en toe kyk hy na sy ma asof hy iets wil sê. Amanda kyk elkens oor haar skouer asof sy ook iets vir Tom wil sê. Eers hoës sy, dan hoës hy. Hy blaas sy koffie koud of slurp onnodig hard aan sy warm koffie.
- 3.② Hy sit sy koppie lomp neer, skuif sy stoel agteruit en loop lomp na sy moeder. Sy staan met haar rug na hom.
4. Amanda staan nog steeds met haar rug na hom terwyl sy senuweeagtig deur haar telefoongids blaai.
5. Tom kyk af grond toe.
- 6.③ Amanda draai om sodat sy hom reg in die gesig kan kyk. Hulle staan nou teenoor mekaar, profiel na die gehoor.

Tekslewing en spelmotivering

1. Laura voel ongemaklik oor al die aandag wat sy kry. Die klem val hier weer op die feit dat sy 'n kruppel been het - dat sy nie soos ander mense trappe kan klim nie. Dit maak weer van haar 'n eenhoring tussen al die ander gewone perde.
2. Vir Amanda val dié feit glad nie op nie. Sy is slegs bewus van die toestand van die brandtrap en haastig om stappe te doen. Sy is miskien 'n bietjie onredelik. Tom is gerusgestel dat Laura niks oorgekom het nie, besef dat hy nou alleen met sy ma is en hooft sy suster se smeking, "Vra haar om verskoning", soos 'n refrein in sy kop. Amanda is kinderagtig koppig toe sy na die kassie toe stap. Haar gesiguitdrukking is satiries skerp. "As caustic as a Daumier print" (Falk 1961: 72).
Tom en Amanda is oorbewus van mekaar. Elkeen wil iets sê of hoop dat die ander iets sal sê. Elkeen het 'n behoefte om die saak in die reine te bring maar is te hoogmoedig om dit aan te roer.
Elkeen wil so natuurlik moontlik reageer om voor te gee dat die saak hom of haar nie eintlik raak nie. Tom se koffiedrinkery is 'n blote afleier, so ook Amanda se senuweeagtige blaaiery deur die telefoongids.
3. ② As Tom uiteindelik genoeg moed bymekaarskraap, is hy lomp en onnatuurlik in sy benadering. Sy stem klink hees asof sy keel toegetrek het. Amanda kan die spanning nie meer verduur nie en bars in tranes uit.
Tom het waarlik berou, en hy bedoel dit dus eerlik.
4. Ook Amanda se berou is opreg, en selfverwyt staan by haar voorop. Sy erken dat Tom se beskuldiging dat sy 'n heks is, gemotiveerd was.
5. Tom voel ongemaklik.
6. Eerlik ontboesem Amanda haar probleme.

1. TOM (SAG) Ek verstaan.
2. AMANDA Al die jare moes ek alleen veg.// Maar jy is my regterhand! / Moet my nie in die steek laat nie!
3. TOM (SAG) Ek sal probeer, Moeder.
4. AMANDA (MET ENTOESIASME) Probeer en jy sal sukses behaal.// (SY IS UITASEM BY DIE GEDAGTE)
 ① Hemel, / jy is vol natuurlike talentes!// Altwee my kinders is besondere kinders. / Dink jy ek weet dit nie? / Ek is so - / trots! // Ek het soveel om voor dankbaar te wees.// Beloof my egter een ding, / my seun.
5. TOM Wat, Moeder?
6. AMANDA Beloof my / jy sal nooit 'n dronklap word nie.
7. TOM (KYK NA HAAR MET 'N GRYNSLAG) Ek sal nooit / 'n dronklap word nie, Moeder.
8. AMANDA Dit is my grootste vrees ② dat jy sal begin drink! Wil jy nie iets eet nie?
9. TOM Net koffie, / dankie, Ma.
10. AMANDA Beskuit? ③
11. TOM Nee, / nee, moeder, / net koffie.
12. AMANDA Jy kan nie die heeldag op 'n leë maag werk nie! // Baie warm vloeistof kan jou maagkanker gee... // ...Gooi 'n bietjie room in.
13. TOM Nee dankie.
14. AMANDA Om dit kouer te maak.
15. TOM Nee, / nee dankie, / ek wil swart koffie hê.
16. AMANDA Ek weet, / maar dit is nie so goed vir jou nie / Ons moet alles in ons vermoë doen om ons liggas op te bou.// In hierdie swaar tye het ons net mekaar om op te steun.// .. Daarna is dit so belangrik om.// ..Tom, / ek /- ek het jou suster uitgestuur om iets met jou te bespreek.// ④ As jy nie eerste gepraat het nie, / sou ek met jou gepraat het.//
 (SY GAAN SIT)



Bewegingskets: toneel 4


Beweging en verhoogaktiwiteit

- 1-4 Tom en Amanda staan, soos tydens die vorige toneel, teenoor mekaar met die profiel na die gehoor. Hulle kyk mekaar aan.
- 4.① Amanda hou met albei haar hande Tom se lapelle vas. Sy kyk op om hom in die gesig te kan staar.
- 8.② Tom draai om en gaan sit op sy stoel (l) en begin weer koffie drink.
- 10.③ Amanda stap nader na die tafel, tussen stoel (k) en (l). Sy maak die beskuitblik oop en bied Tom 'n beskuit aan.
- 12-16 Tom is besig om sy warm koffie te drink terwyl Amanda langs hom staan. Sy kyk meesal net voor haar uit.
- 16.④ Amanda gaan sit op haar stoel (k) sonder om dit behoorlik uit te trek. Sy skuif dus so half skuins in, sodat sy amper met haar hele profiel na die gehoor sit. Tom sit nog steeds met sy volle profiel na die gehoor en Amanda met halfprofiel.

Tekslewering en spelmotivering

1. Die gesindheid van versoening tussen moeder en seun duur voort. Die hele gesprek is sag, eerlik en openhartig.
 2. Amanda, die afhanklike, is dankbaar en doen uiteindelik sekere erkennings wat Tom toekom.
 3. Tom is baie eerlik.
 - 4.① Amanda is trots en entoesiasties. Haar moederliefde gebruik sy vir die eerste keer op die regte manier. Tog is sy ook bekommerd. Sekere ondervindings in die verlede het haar beangs nagelaat, en sy wil herhalings tot elke prys voorkom.
 7. Tom handel gemaak ernstig en plegtig - tog opreg.
 8. Weer eens is daar die nare ondervinding wat na vore kom.
 - 8.② Sy is eerlik besorg oor haar seun.
 - 10.③ Aanhoudend.
 11. Vasbeslote.
 12. Amanda is opreg maar aandringend - dis juis hierdie gedurige belangstelling wat Tom irriteer en wat tot vorige onderonsies aanleiding gegee het.
 16. Amanda se besorgdheid raak oordrewe en dus kunsmatig.
- Haar idealisme begin weer die oorhand kry, en sy begin prekerig raak.
- 16.④ Amanda slaan oor na Laura as sy sien dat Tom nog steeds steeks is en nie saam wil gesels nie. Hoe maklik kan Tom saam met sy moeder begin kla oor die moeilike tye! Dat hy dit nie doen nie, was tot dusver hulle reding. Daarmee bewaar hy die balans en hou sy moeder se voete so af en toe op die grond.
- Amanda benut in elk geval op 'n slinkse manier die situasie om Tom in haar beplanning te betrek.


1. TOM (SAG) Wat/wil Ma bespreek?
2. AMANDA Laura^① (TOM SIT SY KOPPIE STADIG NEER. MUSIEK)
3. TOM O!^② / Laura.//.....
4. AMANDA (RAAK AAN SY ARM) Jy ken Laura,/so stil,/maar stille water,/diepe grond.// Sy merk dinge op en ek dink sy broei daaroor.// (TOM KYK OP) 'N Paar dae gelede het ek haar betrap dat sy/huil.
^③
5. TOM Waaroor?
6. AMANDA Oor jou.
7. TOM Oor my?
8. AMANDA Sy dink jy is nie/gelukkig hier nie.
^④
9. TOM Waarom dink sy dit?
10. AMANDA Waarom dink sy enigiets? / In elk geval is jou handelwyse/snaaks.// Ek,^⑤ ek kritiseer nie,/verstaan goed.// Ek weet jy kan jou ideale nie in die pakhuis uitleef nie.// Dat jy opofferings moet doen,/soos elke ander mens in die wêreld,/maar Tom,/Tom die lewe is nie speletjies nie/- dit verg uithouvermoë!//
^⑥ Daar is so baie gevoelens in my hart wat ek nie aan jou kan beskryf nie!/ Ek het jou nooit gesê nie,/maar ek het jou vader liefgehad!//
11. TOM (SAG) Ek weet, Moeder.
12. AMANDA EN vir jou/- as ek sien jy volg sy gewoontes! Bly laat uit,/en nou ja,/jy HET die aand gedrink toe jy in daardie vreeslike toestand was!// Laura sê jy haat hierdie woonstel/en dat jy saans uitgaan/om daarvan weg te kom!// Is dit waar,/Tom?
^⑦
13. TOM Nee,/Ma sê daar is so baie in ma se hart/dat dit nie beskryf kan word nie.// So voel ek ook./ Daar is so baie in my hart wat ek ook nie kan beskryf nie!// Laat ons dus mekaar respekteer en//.....
14. AMANDA Maar wāarom.//...Wāarom is jy so rusteloos, Tom.// Waarheen gaan jy saans?
^⑧
15. TOM Ek./...gaan na die bioskoop.
^⑨
16. AMANDA Waarom so baie keer?
^⑩



Bewegingskets: toneel 4

Beweging en verhoogaktiwiteit

1. Tom hou op met drink.
- 2.① Amanda kyk Tom aan. Hy sit sy koppie stadig neer.
- 3.② Tom kyk reg voor hom. Hy kyk sy moeder nie aan nie.
- 5.③ Tom kyk sy moeder aan.
- 9.④ Tom draai op sy stoel sodat hy half na die ouditorium kyk.
- 10.⑤ Tom reageer vinnig deur half oor sy linkerskouer na sy moeder te kyk. Amanda buig nog verder vorentoe in Tom se rigting.
- 10.⑥ Amanda se kop sak en sy kyk stip voor haar op die tafel.
11. Tom kyk ook af na 'n plekkie iewers op die grond.
- 12.⑦ Amanda kyk weer op, sy soek Tom se oë.
- 13.⑧ Tom draai terug sodat hy sy moeder kan aanky.
- 15.⑨ Tom staan op terwyl hy 'n sigaret uithaal en aansteek.
Hy stap na sy bed (i) en gaan staan met sy rug na sy moeder.



en die gehoor.

- 16.⑩ Amanda draai op haar stoel soos sy Tom met haar oë volg.
Sy sit nou met haar profiel na die gehoor.

Tekslewing en spelmotivering

1. Tom is huiwerig. Hy is half en half beangs dat hierdie bespreking op sy toekomsplanne kan uitloop.
- 3.② Tom is verlig.
4. Amanda is ernstig en bekommerd, en tog is daar tekens van trots in haar stem en houding. Sy speel haar kaarte dramaties en reg. Sy hou Tom aan 'n lyntjie en beklemtoon die belangrikheid van haar probleem.
- 5.③ Tom is verbaas. Hy kan nie glo dat Laura sou huil nie. Dis 'n faset van sy suster wat hy nie ken nie.
6. Amanda stel dit baie belangrik.
7. Tom verbaas hom hieroor. Dat iemand oor hom sou huil! Dit is juis hierdie aspek van hulle lewe wat hy vrees. Dis dít wat hom teëhou dat hy nie weggaan nie.
8. Amanda tref die kol. Sy gebruik Laura as verskoning om vas te stel of Tom gelukkig is of nie.
- 9.④ Tom hou hom gemaak onskuldig.
10. Amanda is apologeties maar pak die bul dan tog by die horings. As Tom vinnig reageer, probeer sy herstel deur insig te toon. Dit is juis hierdie logika wat Tom mal maak en wegjaag.
- 10.⑥ Amanda hanteer die situasie meesterlik. Nadat sy Tom reguit aangespreek het, kom sy met die selfbejammering. Met 'n absolute openhartigheid speel sy op Tom se gevoel.
11. Tom is medelydend.
- 12.⑦ Amanda benut haar kanse verder deur Tom met sy vader te vergelyk. Hierdeur keur sy nie sy daad juis goed nie, maar sy veroordeel hom ook nie juis nie.


13.⑧ Tom is nou openhartig. Daar is nou rapport tussen hom en sy moeder.

14. Amanda is ernstig en moedeloos. Tom se antwoorde kan dalk lig werp op haar eie probleme.

15.⑨ Tom word amper weer uitdagend.

16.⑩ Amanda reageer opreg.

1. TOM ① Ek hou van avontuur. By die werk kry ek nie juis veel daarvan nie/ daarom soek ek dit in die bioskoop.
2. AMANDA Maar Tom,/ jy gaan nogtans te veel.
3. TOM Ek hou van/BAIE avontuur.
(AMANDA LYK RADELOOS EN SEERGEMAAK. NAMATE HAAR GEWONE VRAE EN AANVALLE VOORTGAAN, WORD TOM ONGEDULDIG EN DIE VERSET LAAI OP. AMANDA IS WEER BESIG MET HAAR RUSIE.)
4. AMANDA Die meeste jongkêrels vind avontuur in hulle loopbaan.
5. TOM Maar die meeste jongkêrels werk nie in pakhuise nie.
6. AMANDA Die wêreld is vol jongmanne wat in pakhuise,/kantore en fabrieke werk.
7. TOM ② Vind hulle almal avontuur in hulle loopbane?
8. AMANDA Ja,/of hulle kom daarsonder (gaan) (klaar) Almal is nie mal oor avontuur nie!
9. TOM 'n Man is instinktief 'n jagter en vegter,/en hy kry nie veel geleentheid daartoe in 'n pakhuise nie.
10. AMANDA Instinktief! / Moenie met my van instink praat nie./ Instink (behoort tuis by diere.// Christelike volwassenes het dit nie nodig nie.
11. TOM ③ Wat het/Christelike volwassenes dan nodig?
12. AMANDA Verhewe dinge! / Dinge van die gees en verstand!// Net diere moet hulle instinkte bevredig.// Jou ideale is tog seker hoër as hulle s'n(?) Hoër as 'ape/-varke
13. TOM ④ Ek vrees hulle nie.
14. AMANDA Jy maak seker 'n grap! / ⑦ In elk geval dis nie wat ek met jou wou bespreek nie.
15. TOM (STAAN OP) Dit is al laat.
16. AMANDA (DRUK OP SY SKOUERS) Sit.
17. TOM Wil ma hê ek moet laat kom?
18. AMANDA Jy het nog vyf minute./ Ek wil oor Laura praat.
19. TOM ⑧ Nou goed!// Wat van Laura?
20. AMANDA Ons moet vir haar toekomsplanne en voorsorg maak.// Sy



Bewegingskets; toneel 4

Beweging en verhoogaktiwiteit

1. ① Tom kyk half oor sy regterskouer. Hy rook.
- 2-6 Die toestand bly so. Tom bly met sy rug na sy moeder - sy spreek sy rug aan.
7. ② Tom stap na sy moeder op stoel (k).
8. Amanda draai op haar stoel, sodat sy vorentoe kyk.
9. ③ Tom stap in die rigting van die Brandtrap, hy kyk die gehoor aan.
10. ④ Amanda sit uitdagend regop.
11. ⑤ Tom stap vinnig na die rugkant van sy stoel (l)
12. Amanda sê dit terwyl sy regop sit, ken in die lug. Sy kyk Tom nê aan nie.
13. ⑥ Tom stap na die kas (j) om sy jas van die haak af te haal.
14. ⑦ Amanda praat half oor haar skouer.
19. ⑧ Tom hang sy jas weer aan die haak by kas (j) en gaan sit op sy stoel by (l). Hy en Amanda kyk mekaar aan.

Tekslewering en spelmotivering

1. ① Tom is amper weer roekeloos. Hier kom weer duidelik die afkeer wat hy in sy werk het, na vore.
2. Tom raak al hoe ongeduldiger. Hieroor het hulle al male sonder tal rusie gehad. Juis hiervan probeer hy wegvlug.
4. Amanda is so gekondisioneer om te wil reël en te wil voorskryf dat sy onbewustelik oorgaan na dit waarvoor sy so pas om verskoning gevra het.
5. Tom redeneer baie logies. Die jongmense wat sy wêreld uitmaak, hoort nie in pakhuis nie.
6. Dis hierdie benaderingswyse van Amanda wat Tom opstandig maak. Omdat ander jongmense in pakhuis werk, is dit nog geen rede hoekom hy in 'n pakhuis moet werk nie.
7. ② Tom is nou uitdagend. Sy kreatiewe gees eis dat daar iets van hom geverg word, dat iets sy skeppingsdrang prikkel. Na daardie soort avontuur soek hy. Die pakhuis verskaf aan hom geen prikkels waarop hy kan reageer nie.
8. Amanda is sonder begrip en insig. Sy kan nie verstaan dat Tom se lewe vir hom nie sinvol is nie.
9. ③ Tom sê dit vol oortuiging. Hy begeer 'n lewe waar daar rapport is tussen kollegas en kollegas en situasies.
10. Amanda praat afkeurend.
10. ④ So min as wat sy die boeke van D.H. Lawrence in haar huis wil toelaat, so min wil sy met die instinktiële te doen hê. Vir haar Christelike opvattinge is alle vleeslike begeertes taboe.
11. ⑤ Dis sulke gemeenplasinge opvattinge, wat buitendien somer nagepraat word, wat Tom dwars in die krop steek.
12. Amanda praat belangrik en byna plegtig. Die ironie is dat sy in haar gedagtes aan die verhewe dinge vasklou, terwyl sy vir praktiese doeleindes

lankal verval het tot die instinktiewe om aan die lewe te bly. Alhoewel die praktyk die teendeel bewys het, bly Amanda 'n onblusbare idealis. Gehul in haar idealisme is sy nie van die dierlike stryd om voortbestaan bewus nie.

13. ⑥ Tom is eerlik en opreg. Hy het lankal ontdek dat sy ma se idealisme nie die pot aan die kook hou nie.

14. Amanda is geskok.


14. ⑦ Amanda se trant verander. Van 'n aanvallende hardekop verander sy na 'n aanvallige hulpelose. Hiermee oorrompel sy Tom gereeld. Hierteen is hy nie bestand nie.

15. Alhoewel hy fisiek nog teenstribbel, het sy gees reeds gekapituleer. Hy en sy ma weet dit.

19. ⑧ Tom praat gelate. Tog is hy ook vies vir homself omdat hy so maklik kop gee.

20. Aanhouer wen. Sonder om moed op te gee gaan sy voort.

1. AMANDA is twee jaar ouer as jy/en daar het nog niks gebeur nie/
Sy voer 'n leë bestaan.// Dit maak my bang om te sien ho-
sy maar net/voortdobber.
2. TOM Sy is seker die huislike tipe
3. AMANDA Daar is nie so 'n tipe nie! / Behalwe natuurlik
as die huis hare is,/met man en al!
4. TOM Wat?
5. AMANDA O,/ek sien die skrif teen die muur so dui=
delik soos my neus voor my gesig! / Dis ver=
skriklik! // Jy laat my al meer en meer aan
jou vader dink.// Hy was ook op elke moont=
like en onmoontlike tyd uit die huis sonder
verduideliking! // Toe is hy weg,/vir goed! //
En ek sit met die mandjie patats.// Ek het
daardie brief van die skeepsmaatskappy ge=
sien.// Ek weet waaroor jy droom,/ek is nie
blind nie. // Nou ja,/goed! // Doen dit maar! //
Maar nie voor daar iemand is om jou plek vol
te staan nie.
6. TOM Wat bedoel ma?
7. AMANDA Ek bedoel sodra Laura iemand het om vir haar
te sorg, sy getroud is en 'n eie huis het,/on=
afhanklik/- dan sal jy vry wees om te gaan waar
en wanneer jy wil/- op land,/oor see, en
net waarheen die wind jou waai! // Maar tot dan/
moet jy na jou suster omsien.// Ek sluit my
nie daarby in nie, want ek is oud en tel nie
meer nie.// Ek sê na jou SUSTER, want sy is jonk/
en afhanklik.// Ek het haar na die kollege
gestuur/- 'n hopelose mislukking! // Dit het haar
so bang gemaak/dat sy naer geword het. Ek
het haar na die Jeugvereniging geneem om
ander jongmense te ontmoet./Nog 'n fiasko! //
Sy het met niemand gepraat nie,/en niemand het
met haar gepraat nie.// Al wat sy nou doen, is
om met daardie glasdiertjies te speel en
daardie ou uitgediende plate/oor en oor te
laat draai.// Is dit dan 'n lewe wat 'n jong=
meisie moet voer?
8. TOM Wat kan ek daaraan doen?



Bewegingskets: toneel 4


Beweging en verhoogaktiwiteit

- 1.① Amanda kyk Tom aan. Haar hande is voor haar op die tafel inmekaar gevou.
- 2.② Tom kyk voor hom op die tafel terwyl hy met die asbakkie speel.
- 5.③ Amanda kyk voor haar asof sy peins. Tom bly deurentyd soos hy was: in sy hande die asbakkie, roerloos.
- 6.④ Tom kyk sy ma aan.
- 7.⑤ Amanda kyk Tom aan. Haar oë hou syne gevange.
- 7.⑦ Amanda laat haar oë sak.
- 7.⑧ Sy draai haar kop na links sodat sy die speelgoed op (o) en die plate op (v) kan sien.
8. Tom kyk sy moeder nog steeds aan.

Tekslewing en spelmotivering

1. ① Amanda is moedeloos en beangs. Haar opregte besorgdheid wek simpatie vir haar.
2. ② Tom bly onbetrokke.
3. Amanda is tog baie prakties. Sy benut die sleutel wat Tom aanbied, met byna slinkse vaardigheid. Sy weet waarop sy wil aanstuur en manipuleer die situasie op meesterlike wyse.
4. Tom roep verbaas uit.
5. ③ Amanda se oorgang hier tot moedeloosheid is baie effektief. Haar inleiding wat sy as voorbereiding gebruik van wat sy wil bekend maak, is deurdag en spreek van oorspronklikheid en verbeeldingskrag.
Nonchalant gee sy Tom toestemming sodat hy om sy "wanderlust" te kan gaan bevredig, met 'n voorwaarde.
6. ④ Tom is belangstellend - tog bietjie agterdogtig.
7. ⑤ Amanda is weer baie prakties. Sy het die hef in die hand en stel haar vereistes met oortuiging.
7. ⑥ Sy is hartseer: sy, na wie hulle moet omsien, vir wie hulle moet sorg, moet die omsien- en versorgingswerk doen.
Sy bejammer haarself en heeltemal tereg ook.
7. ⑦ Amanda is moedeloos en verward. Sy het sigbare probleme om haar kennis te verwerk.
7. ⑧ Sy is nog steeds hartseer. Tog is daar 'n positiewiteit te bespeur, wat aan haar optrede iets flinks besorg.
8. Tom stel dit half onnosel. Dis nie dat hy van sy ma verskil nie. Dis net dat hy nog nie kan deurskou watter planne sy in die skild voer nie. Dit en 'n natuurlike reaksie laat hom weier om aan haar planne deel te hê.


- 1 AMANDA ^① Bemeester jou selfsugtigheid./ Jy dink net aan ek/.ek/.
ek en nogmaals EK!
- 2 TOM ^② (SPRING OP OM SY JAS AAN TE TREK; DIT IS GROOT EN
LELIK. HY SIT 'N PET MET OORKLAPPE OP.)
- 3 AMANDA ^③ Waar is jo serp? / Sit jou serp om.// (HY GRYP DIT BOOS
UIT DIE KAS, DRAAI DIT OM SY NEK EN TREK DIE PUNTE
STYF.) Tom, /ek het nog nie gesê wat ek jou wou vra nie.
- 4 TOM ^④ Dis al te laat om ...
- 5 AMANDA (GRYP SY ARM - BAIE BELANGRIK, DAN SKAMERIG) IS
daar nie by die pakhuis./.. 'n paar./..gawe kêrels nie?
- 6 TOM Nee!
- 7 AMANDA Daar MOET wees/... 'n paar./..
- 8 TOM ^⑤ Moeder...(GEBAAR)
- 9 AMANDA Soek een wat 'n skoon lewe voer./..nie drink nie./..en
nooi hom na die huis toe vir jou suster.
- 10 TOM ^⑥ Wat?
- 11 AMANDA Vir jou SUSTER! / Om haar te ^⑦ONTMOET/en kennis te maak.
- 12 TOM (STAP NA DIE DEUR) O my magtig!
- 13 AMANDA ^⑧ Sal jy? // (HY MAAK DIE DEUR OOP. SMEKEND) Sal jy? //
(HY STAP DIE TRAPPE AF) Sal jy? / Sal jy, /my Seun?
- 14 TOM ^⑨ (SKREE TERUG) JA!
- 15 AMANDA ^⑩ (MAAK DIE DEUR STADIG TOE MET 'N BEDRUKTE MAAR
EFFENS HOOPVOLLE UITDRUKKING.)
^⑪ (AMANDA STAP NA DIE TELEFOON EN BEL) ~~35949~~ - Beset, 3754
- 16 AMANDA ^⑫ Ella Cartwright? / Dit is Amanda Wingfield! / Hoe gaan ^{SWI}
dit, ou Skat? /// Hoe voel jou niere nou? /// (TEL VYF)
Liewe Hemel! / Dis vreeslik! /// (TEL VYF) Jy is 'n
ware Christen-martelares, /ja, ou Skat, /dit is wat jy
is, /'n martelares! / Nouja, /ek het so pas gemerk dat
jou intekengeld op die nuwe vrouetydskrif een van die
dae weer betaal moet word. // Ek weet jy sal graag die
nuwe vervolgverhaal van die begin af wil lees. / Dit
is deur Bessie Mae-Hopper /- die eerste wat sy weer
skryf sedert /



Bewegingskets: Toneel 4

Beweging en verhoogaktiwiteit

1. ① Amanda kyk Tom aan.
2. ② Tom skuif sy stoel hard terug en stap na die kas by (j), waar sy jas aan 'n haak hang.
3. ③ Amanda spring vinnig agterna. Sy help hom sy jas toeknoop en sy serp omsit.
4. ④ Tom loop met mening by haar verby op pad na die voordeur by (h).
5. Amanda probeer hom keer en draai sodoende om sodat sy hom kan aankyk.
8. ⑤ Tom gaan staan by die trappie wat na die deur lei, met sy rug na sy moeder.
10. ⑥ Tom draai vinnig om; verbaas kyk hy haar aan.
12. ⑦ Hy draai om, pluk die voordeur oop en loop vinnig die brandtrap op.
13. ⑧ Amanda hardloop al vraende agter hom aan. Sy verskyn op die brandtrap en roep hom agterna.
14. ⑨ Terwyl Tom die gang afloop, skree hy oor sy skouer.



15. (10) Amanda draai ingedagte om. Sy loop die woonstel binne en gaan droomverlore staan. Dan
15. (11) stap sy met mening na die telefoon. Met haar rug na die gehoor begin sy 'n nommer opsoek en skakel.
16. (12) Sy draai al pratende om en gaan sit op die kas by (j).

Tekslewing en spelmotivering

1. ① Amanda val dadelik aan. Sy sal nie duld dat iets haar plan verongeluk nie. Sy kom Tom onregverdig te na. Sy beskou sy onkundigheid as selfsug.
2. ② Tom is dadelik vies dat sy ma hom vals beskuldig.
3. ③ Amanda is dadelik spyt dat sy by Tom die verkeerde reaksie uitgelok het. Moederlik besorg help sy hom om sy jas aan te trek. Sy maak van hierdie oorgang gebruik om 'n vraag aan hom te stel.
4. ④ Tom, wat hom nie verder wil laat betrek nie, gebruik die tyd as verskoning om sy moeder te ontvlug.
5. Amanda weet dat Tom nuuskierig is. Dit laat haar belangrik voel. Sy is egter skaam as sy haar gedagtes die eerste keer uitgespreek hoor.
6. Tom is beslis en kortaf, sonder dat hy nadink.
7. Amanda praat half smekend.
8. ⑤ Tom is half wanhopig as hy aan die belaglikheid van haar vraag dink.
9. Amanda pleit huiwerig maar tog beslis. Dit waarvan sy nog slegs gedroom het - 'n "Gentleman Caller" - gaan dalk 'n werklikheid word.
10. ⑥ Tom is uit die veld geslaan. Wat sy moeder van hom verwag, klink vir hom baie vermetel.
11. Sy sê dit in ekstase. Kan Tom dan nie haar opgewondenheid deel nie? Om te dink dat sy suster 'n "Gentleman Caller" gaan ontvang!
12. ⑦ Tom is radeloos oor die onsinnigheid. Hy kan hom nie die situasie voorstel waarin hy een van sy kollegas moet uitnoodi sodat sy ma die strop om sy nek kan sit nie. Dis ondenkbaar.
13. ⑧ Amanda is nou onkeerbaar. Haar plan moet nou, buig of bars, uitgevoer word.

14.⑨ Tom gil dit ongeduldig uit, bloot om van sy ma ontslae te raak.

15.⑩ Amanda handel bedruk maar tog hoopvol.


15.⑪ Sy ruk haar reg. Ondervinding het haar geleer dat die lewe voortgaan, en sy moet help om hulle skapies op die droë te kry.

16.⑫ Amanda praat amper stroperig. Haar aanslag oor die telefoon verskil hoorbaar met haar gewone stemtoon in die woonstel. Sy is 'n verkooptante, en dit wat sy aanbied, lê sy met oortuiging voor. Haar idealisme laat met sekerheid praat van dinge waarvan sy slegs droom. Sy probeer die illusie tot waarheid omskep. Dit verklaar ook die musiek in die agtergrond.

1. AMANDA "Wittebroodsdae vir Drie". Was dit nie 'n snaakse,
interessante verhaal nie?// ,/ek verstaan hierdie een
is baie beter./ Dit het glo nou 'n gesofistikeerde hoë lui-
agtergrond.// Dit is oor die sosiale lewe op/Long Island.////

doof stadig
t af.
(DOOF LIGTE UIT.)

GORDYN



Bewegingskets: toneel 4

Beweging en verhoogaktiwiteit

1. Amanda sit nog steeds op die koskas, besig met 'n telefoongesprek.
- 1.① Tydens die gesprek begin die ligte stadig uitdoof. Sodra die verhoog donker is, sit sy die telefoon neer en loop af.

Tekslewing en spelmotivering

1. Dit gaan deur soos op die vorige bladsy. Die beeld wat sy met haar telefoongesprek skep, is een van onwerklikheid en laat die gevoel na van 'n windmeul met 'n donkie te bestorm..

3 + C - VYFDE TONEEL

aan (MUSIEK ENS. VROEË SKEMER OP 'N LENTE-AAND. AANDETE IS SO
klorama PAS AFGEHANDEL; AMANDA EN LAURA, GEKLEED IN LIGKLEURIGE
danner. SOMERROKKE IS BESIG OM AF TE DEK, IN DIE AGTERSTE GEDEELTE
WAT EFFENS DONKERDER IS. HULLE BEWEGINGS HERINNER AAN 'N
RITUELE DANS; HULLE FIGURE SO BLEEK EN STIL SOOS MOTTE.
TOM, GEKLEED IN WIT HEMP EN BROEK, STAAN VAN DIE TAFEL AF
OP EN LOOP OOR NA DIE BRANDTRAP.)

1 AMANDA (TOE HY BY HAAR VERBYLOOP.) Ou Seun, sal jy my 'n
guns bewys?

2 TOM Wat, Ma?

3 AMANDA Gaan kam jou hare. Jy lyk so mooi as jou hare gekam
is. (TOM LÊ OP DIE SOFA ROND MET DIE KOERANT,
GROOT HOOFLETTERS: "FRANCO OORWIN".) Daar is net
een opsig/waarin ek graag wil sien dat jy in die
voetspore van jou vader volg.

4 TOM En dit is?

5 AMANDA Die srog wat hy aan sy voorkoms bestee het. Hy net nooit
slordig gelyk nie. (HY GOOI DIE KOERANT NEER EN
LOOP NA DIE BRANDTRAP.) Waarheen gaan jy?


6 TOM Ek gaan rook!

7 AMANDA Jy rook te veel. 'n Pakkie per dag teen vyftien sent.
Hoeveel is dit per maand? Wat is dertig maal vyftien,
Tom? Reken uit, en jy sal verbaas wees oor wat jy kan
spaar. Genoen om vir 'n kursus in boekhou aan die
universiteit te betaal! Dink net hoe wonderlik dit
sou wees! (TOM IS NIE BEÏNDRUK NIE.)

8 TOM Ek rook liewer. (HY STAP UIT EN LAAT DIE DEUR
KLAP.)

+ C tot af 9 AMANDA Ja, ek weet! Dis die tragedie van die saak...
(ALLEEN, DRAAI SY NA HAAR MAN SE PORTRET.
DANSMUSIEK)

An the
World
Waiting
for
Suns




Bewegingskets: toneel 5

Beweging en verhoogaktiwiteit

In die oorgang tussen toneel 4 en 5 bly die sikloramaligte brand. Sodra die verhoogbestuur die teken gee dat hulle gereed is, verdof die sikloramaligte heelwat, omdat toneel 5 in die aand af speel. As die ligte in die eetkamer aankom, sit die drie Wingfields, Amanda, Tom en Laura, aan tafel. Hulle het so pas klaar geëet.

- ① Terwyl Amanda en Tom bly sit, staan Laura op, pak die eetgerei - drie borde, drie messe en vurke - op 'n skinkbord en dra dit af na die kombuis. Tom is besig om met 'n vuurhoutjie in sy tande te krap, terwyl sy ma hom aandagtig dophou.
- ② Tom staan op, stoot sy stoel in en loop na die kas (j), waarop 'n koerant lê. Hy vat die koerant, en terwyl
- 2.③ hy sy moeder antwoord, stap hy oor na die sofa en gaan sit-lê by (p) terwyl hy die koerant lees. Namate hy oorbeweeg na die sitkamerdeel van die woonstel, kom die lig ook in die deel van die woonstel aan.

Alhoewel hy skynbaar nie aandag gee aan wat sy moeder sê nie, is hy terdeë bewus van haar teenwoordigheid.



- 5.④ Amanda staan op van waar sy op stoel (k) gesit het en stap na agter die sofa (p).
- 5.⑤ Tom maak die koerant toe, sit dit langs hom op die sofa, staan op en loop in die rigting van die divan, waar hy sigarette van die bed optel en een uithaal en aansteek.
- 7.⑦ Amanda beweeg van agter die sofa in die rigting van Tom.
- 8.⑧ Tom stap by die deur uit. Voor hy by die deur uitstap, haal hy sy pet (a) van die haak agter die deur af en loop daarmee uit.
- 9.⑨ Amanda draai om sodat sy na haar man se portret kyk. Stadig doof die lig in die eet- en woonkamer uit en kom aan op die brandtrap, waar Tom op die boonste trappie by (g) sit.

Tekslewing en spelmotivering

Na die konfrontasie tussen Amanda en Tom in toneel 3 en die openhartige samespreking in toneel 4 het 'n dag of twee, drie verloop.

Die toestand in die Wingfieldwoonstel is oënskynlik nog dieselfde. Amanda, die ewige moeder is nog steeds besig met die opvoedingsproses van haar kinders, steeds besig om die hede met norme van die verlede te meet.

Tom is nog steeds onderdanig, tog met die wete in die agterkop dat hy, soos die opskrif in die koerant wat hy lees: "Franco oorwin", ook dalk kan wen, omdat hy voorbereidings getref het om 'n "Gentleman Caller" na die huis te bring. Hierdie besoeker kan dalk sy pligte om vir Laura te sorg, oorneem en vir hom (Tom) vrylaat om te ontvlug.

Ook Laura is stil en gelate, gaan haar gang, onbewus van wat haar moeder en broer in die skild voer.

1. Amanda bly soos voorheen bekommerd, is trots op haar kinders en wil op enige manier betrokke bly. Haar belangstelling en meelewing is eg, net jammer dat dit nie altyd by die omstandighede en tyd pas nie. Soos later sal blyk, het Tom goeie nuus om haar mee te deel. Hy wag net vir die geleentheid dat Laura uit die geselskap is, en nou kom sy ma en ontnem hom die inisiatief en die vrymoedigheid.

2.③ Tom is nog hoopvol, onwetend van waarop sy ma afstuur.

3. Amanda se woorde is vriendelik en opreg. Haar vriendelikheid en opregtheid gaan egter verlore, omdat dit 'n herhaling is van soveel node-lose en misplaaste attenties.

4. Tom is dadelik op sy hoede, omdat hy weet wat gaan volg. Tog koester hy nog 'n sprankie hoop dat dit nie maar net nog 'n gewone onderonsie sal wees nie.

5.④ Amanda word belaglik. Male sonder tal het sy al hierdie storie herhaal, en nog steeds glo sy dit; en sy moet dit glo, anders het sy niks verder om voor te leef nie.

5.⑤ Tom is ontsettend teleurgesteld en het alle lus verloor om sy verrassing aan sy moeder mee te deel.

5.④ Amanda is ongelowig en teleurgesteld - weer eens - dat Tom nie wil luister nie. Miskien (?) was dit ook van haar kant 'n manier om 'n sakie aan te roer.

6. Tom niksseggend.

7. Amanda is wel seergemaak maar tog positief en geesdriftig. Sy hoop andermaal om Tom met die skat aan die punt van die reënboog te oortuig.

7.⑦ Amanda is baie geesdriftig - amper asof in 'n droom. Nooit laat sy na om 'n geleentheid tot aansporing en motivering te benut nie.

8.⑧ Tom is egter glad nie beïndruk nie. 'n Boekhoukursus is die laaste ding op aarde wat hy sal loop. Sy moeder slaag altyd daarin om hom eerder af te skrik as aan te moedig. Die beelde wat sy, die dromer, vir haar kinders voorhou, bestaan net uit harde, eksakte, konkrete dinge soos boekhou- en handelskursusse. Die natuurlike behoeftes en begeertes, waarna selfs sy smag, maak sy af as instinkte wat by diere soos varke en ape tuis hoort.

9. Amanda is hartseer en teleurgesteld. Vir haar is die tragedie dat haar man en kinders nie wou en kon doen wat sy van hulle verwag het nie. Wat hulle ook al sou gedoen het - al het dit geslaag - sou op 'n tragedie uitgeloop het, want sy het dit anders beplan.

A - aan

1 TOM (AAN DIE TOESKOUERS)

Aan die ander kant van die straatjie was eie Paradys-
Danssaal.// Op lente-aande was die vensters en deure
08 - aan oop/en is die musiek maklik gehoor.// Soms het hulle
die ligte afgesit, behalwe 'n groot glasbol lig in
die middel van die plafon.// Dit het stadig in die rondte
beweeg/en die skemer met pragtige reënboogkleure ge-
vul.// Dan het die orkes 'n wals/of 'n tango gespeel /
iets wat 'n stadige, verleidelike ritme gehad het.//
Paartjies het uitgekom in die betreklike privaatheid
van die straatjie.// 'n Mens kon hulle sien soen agter
asblikke en telegraafpale.// Dit was die kompensasie vir
leuens wat soos myne geslyt is, sonder afwisseling
of avontuur.// Avontuur en verandering het daardie jaar
gedreig.// Hulle het net om die hoek gewag vir al
daardie jeugdiges.// Hulle het gehang in die miswolke
oor Berchtesgaden of is vasgevang in die voue van
Chamberlain se sambreel.// In Spanje was oorlog!// Maar
hier was net vinnige dansmusiek en drank, dans-
sale, kroë en bioskope, en seks wat in die halfdonker
soos 'n kandelaar gehang het/en die wêreld verlig
het met kort, vals reënboë... Die hele wêreld het
gewag vir die kanongebulder.

(2)
(AMANDA DRAAI WEG VAN DIE PORTRET EN KOM NA
BUITE.)

2 AMANDA (SUGTEND) (3)
Die bordes van 'n brandtrap is 'n karige
plaasvervanger vir 'n stoep.// (~~SY GOOI 'N KOERANT OP~~
~~EEN VAN DIE TRAPPIES EN GAAN SIT - GRASIEUS EN~~
STEMMIG ASOF SY OP DIE VARANDA VAN 'N GROOT PLAAS-
HUIS GAAN SIT.) Waarna kyk jy?


3 TOM Na die maan.

4 AMANDA Is daar dan 'n maan vanaand?

5 TOM (4)
Hy kon nou net oor Garfinkel se winkel op.

6 AMANDA (5)
Ja, waarlik.// So 'n klein sekelmaan.// Het jy al gewens?

7 TOM M...mmmmmm!




Bewegingskets: toneel 5

Beweging en verhoogaktiwiteit

Sodra die lig op die brandtrap aankom, begin Tom in die hede sy storie verder vertel. Die seemanspet (b) wat hy op die kop het, is dieselfde wat hy met vorige vertellings opgehad het en help om die draad van die storie van een vertelling na die ander deur te trek. Dwarsdeur sy vertelling staan sy moeder roerloos, met haar rug na die gehoor en haar gesig na die portret.

Voordat Tom nog begin vertel, word daar musiek gehoor van verhooglinks-agter, waar die naambord van die „Paradise Music Hall” is. Die musiek suggereer dus dat dit van die „Paradise” kom.

1. Terwyl hy op die boonste trappie by (g) sit, leun Tom met sy rug teen die middelkolom waarom die trappie kronkel. Hy sit dus half met sy rug na die „Paradise”. Hy is heeltemal ontspanne en vertel in geselstrant.
- 1.① Hy beduie met sy kop oor sy skouer in die rigting van die „Paradise”. Sodra hy van die glasbol praat, word die glasbol aangeskakel, wat die hele verhoog en ouditorium met reënboogkleure vul. Die res van sy spreekbeurt bly hy net so sit en kyk sy gehoor deur die sportjies van die trapleuning aan.
- 1.② Amanda draai om en stap by die voordeur uit na die brandtrap. Sy neem die melkkassie wat in die hoek van die brandtrap by (f)



staan, en plaas dit teen die middelkolom by (e) en gaan daarop sit. Sy en Tom sit nou amper rug teen rug, en hulle kyk in teenoorgestelde rigtings. Tom sit egter op 'n laer vlak as sy. Albei se gesigte is slegs deur die sportjies van die trapleuning sigbaar.

- 2.③ Amanda leun agteroor en staar die ruimtes in.
- 5.④ Tom beduie met sy kop in die rigting van die ouditorium.
- 6.⑤ Amanda leun half vorentoe om beter te kan sien.
- 6.⑥ Amanda kyk na Tom.

Tekslewing en spelmotivering

Soos reeds gemeld het sekere dinge en gebeurtenisse in die herinneringswêreld van Tom helder uitgestaan. Die "Paradise", sy musiek, glasbol en gebeurtenisse was van die helderste punte.

Omdat Tom in sy smagting na ontvlugting en vryheid in die besoekers van die "Paradise" geesgenote gesien het, het hy hulle gereeld dopgehou. Hy het gesien hoe hulle in 'n paradysillusie in die beskutting van lammepale en asblikke vryheid en avontuur gevind het.

Nou dat hy uit die hede na die verlede kan terugkyk, besef hy dat dít hulle kompensasie was, soos syne was om die bioskoop te gaan besoek.

Simbolies is ook sy herinnering van die glasbol wat die wêreld met reënboogkleure vul - 'n reënboog in 'n wêreld dor en droog. Aan die punt van daardie reënboog sal die soeker 'n pot vol avontuur in 'n paradys van geluk aantref.

Hierdie ironie val Tom nou, in die hede, op. Almal, hy inkluis, het na avontuur gesoek, terwyl meer avontuur as wat enige mens kan verwerk, op die wêreld gelê en wag het.

Die wêreld was in die hande van mense wie se oë hulle in die steek gelaat het. Bowendien het diesulkes - soos Adolf Hitler hulle in die mistigheid van eiewaan en selfverheerliking bevind of in die hande van 'n eens magtige ryk, waarvan die sambreel steeds poog om 'n veranderde wêreldryk toe te vou en te beskerm.

Hy verwys ook weer na Spanje, waar mense in opstand gekom het, terwyl ander, soos hy, steeds gesus is deur kunsmatige, denkbeeldige opstand en avontuur.

Nou dat hy die afstand van tyd aan sy kant het, kan hy insien en begryp waarom die omstandighede heengewys het na 'n tyd van kanongebulder.

2.③ Amanda praat sugtend. Sy soek toenadering by Tom, opreg en omdat sy hom vir haar planne nodig het.

3. Tom is rustig en kalm.


4. Amanda vra dit verbaas.

5.④ Tom is bly dat hy sy moeder op die manier kan bly maak.

6⑤ Amanda is kinderlik bly. Sy beskik oor die vermoë om van iets kleins en onbelangriks iets buitengewoons te maak.

7. Tom vergeet al sy vorige struwelinge met sy moeder en laat toe dat sy hom in 'n kinderspeletjie betrek. Ook hy is 'n dromer nes sy moeder - miskien is dit juis hierdie eendersheid wat hulle soos kat en hond maak.

- 1 AMANDA Waarvoor het jy gewens?
- 2 TOM Dis 'n geheim.
- 3 AMANDA O, / 'n geheim, nè. // Goed, ^① / dan sal ek myne ook nie vertel nie. // Ek sal net so geheimsinnig wees soos jy.
- 4 TOM Ek dink ek kan raai waarvoor ma wens.
- 5 AMANDA Is my kop dan so deursigtig?
- 6 TOM Ma is nie juis 'n sfinks nie.
- 7 AMANDA Nee, ^② / ek het nie geheime nie. // Ek sal jou sê waar-
voor ek gewens het / - sukses en geluk vir my dier-
bare kinders! // Ek wens dit elke keer as die maan
opkom, / en as hy nie opkon nie, / wens ek dit ook.
- 8 TOM O, / ek dag ma wens vir 'n vryerskêrel.
- 9 AMANDA ^③ Waarom dink sy so?
- 10 TOM Onthou ma nie dat ek een moes soek nie?
- 11 AMANDA Ek onthou dat ek aan die hand gegee het, / dat jy 'n
gawe kê rel moet saamnooi huis toe, / ter wille van
jou suster. // Ek dink ek het dit meer as een keer
voorgestel.
- 12 TOM Ja, / herhaaldelik
- 13 AMANDA Nou ja?
- 14 TOM Een gaan kom
- 15 AMANDA ^④ WAT????
- 16 TOM ^⑤ 'n Besoeker
- 17 AMANDA Het jy regtig 'n gawe jong kêrel gevra om te kom? *Tennessee*
- 18 TOM Ja, / ... vir aandete! *wa!*
- 19 AMANDA Regtig?
- 20 TOM Regtig!
- 21 AMANDA Het jy? / En het hy dit aanvaar?
- 22 TOM Hy het!
- 23 AMANDA Nou ja, nou ja ... nou ja! Dit is wonderlik!
- 24 TOM Ek het gedink ma sou bly wees.
- 25 AMANDA Is dit afgespreek?
- 26 TOM Ja, / definitief.
- 27 AMANDA Binnekort?
- 28 TOM Baie gou



Bewegingskets: toneel 5

Beweging en verhoogaktiwiteit

- 3.① Amanda kyk weg van Tom af. Tom sit gedurende hierdie hele gesprek roerloos. Hy geniet die situasie sigbaar.
- 7.② Amanda draai terug na Tom en spreek hom aan.
- 9.③ Sy bly nog steeds so sit, gedraai na Tom. Sy kyk hom egter nie aan nie.
- 15.④ Amanda draai vinnig om, weg van Tom af.
- 17.⑤ Amanda draai vinnig terug na Tom en kyk hom direk aan.
- 23.⑥ Amanda leun terug teen die kolom terwyl sy die lug instaar.

Teksleweringe en spelmotivering


1. Amanda vra dit baie nuuskierig.
2. Tom speel saam - half tergerig.
- 3.① Amanda is half seergemaak. Sy probeer om deur haar geheimhouding Tom uit te lok om haar sy wens mee te deel.
4. Tom bly nog steeds tergerig.
5. Amanda is ernstig en gemaak hartseer.
6. Tom praat nog tergerig.
- 7.② Amanda is openhartig. Met haar eerlikheid verwag sy dieselfde van Tom.
8. Tom sê dit gemaak ernstig, asof dit nie van belang is nie.
- 9.③ Amanda word dadelik ernstig. Sy weet nie wat hy bedoel nie, en dit pla haar.
10. Tom is nog steeds sonder belangstelling.
11. Amanda praat nadenkend.
12. Tom sê dit laggend.
13. Amanda word half ongeduldig.
14. Tom is opgewonde; hy probeer dit egter wegsteek.
- 15.④ Amanda is verbaas, geskok, opgewonde. Sy weet nie mooi hoe om te reageer nie.
16. Tom is nog steeds opgewonde. Hy geniet die situasie terdeë.
- 17.⑤ Amanda vra ongelowig.

18-28 Tom onderspeel al sy volgende spreekbeurt. Alhoewel hy die situasie geniet, probeer hy voorgee dat dit 'n alledaagse ding vir hom is.

19-27 Amanda is kinderlik bly. Sy stel onnodige vrae - dis egter om aan haar verligting uiting te gee en omdat dit vir haar te goed is om waar te kan wees. Eindelik, na al die jare, sedert die dae van "Blue Mountains", gaan daar weer 'n "Gentleman Caller" by hulle opdaag.

17.⑤ Om die blydschap en opgewondenheid van Amanda te onderstreep en die aksent op die belangrikheid van hierdie gebeurtenis te laat val begin musiek - die "Tennesseeewals" die ouditorium sag vul. Hierdie musiek is die personifikasie van Jim O'Connor, die "Gentleman Caller".

- 1 AMANDA Liewe hemel, /hou op met jou nonsens en vertel my meer.
- 2 TOM Wat moet ek nog vertel?
- 3 AMANDA Ek sou tog graag wou weet /WANNEER hy kom!
- 4 TOM Hy /kom /môre.
- 5 AMANDA MÔre!!
- 6 TOM Ja, môre.
- 7 AMANDA Maar /Tom!
- 8 TOM Ja, ma?
- 9 AMANDA Môre gee my nie genoeg tyd nie!
- 10 TOM Tyd /waarvoor?
- 11 AMANDA Voorbereidings! // Waarom het jy my nie getelefoneer toe jy hom gevra het nie /- die moment toe hy dit aanvaar het nie? // Dan kon ek begin regmaak!
- 12 TOM Ma hoeft nie so te kere te gaan nie.
- 13 AMANDA O, Tom, /Tom, /natuurlik moet ek te kere gaan! // Ek wil sake reg en agtermekaar hê. / Nie alles halsoorkop nie, Ek sal darem nou vinnig moet dink.
- 14 TOM Ek sien geheel en al nie waarom ma moet dink nie.
- 15 AMANDA Jy besef nie! // Ons kan nie so 'n vryerskêrel in 'n varkhok ontvang nie! // My silwereetgerei moet blinkgevryf word, /my linneware gewas en gestryk word / albei nog trougeskenke! // Die vensters moet gewas word en ander gordyne moet opgehang word. // En wat van klere! // Ons moet tog iets aanhê, /nie waar nie?
- 16 TOM Moeder, /die kêrel is nie een om so oor te kere te gaan nie.
- 17 AMANDA Besef jy dat hy die eerste jongkêrel sal wees wat ons aan jou suster voorstel? // Dit is vreeslik! verskriklik, /om die waarheid te sê / vernederend dat jou arme sussie nog nooit 'n kêrel gehad het nie! // Tom, /kom binne (SY MAAK DIE DEUR OOP.)
- 18 TOM Waarom?



Bewegingskets: toneel 5

Beweging en verhoogaktiwiteit

- 1.① Amanda kyk Tom aan.
- 5.② Amanda staan verbaas op. Sy kyk na die gehoor.
- 7.③ Sy draai om, sodat sy Tom kan sien.
- 8.④ Tom kyk op, sodat hy sy moeder kan sien. Dit is die eerste keer gedurende hierdie toneel dat hy haar aankyk.
- 12.⑤ Tom draai heeltemal weg van sy moeder. Hy leun nie meer met sy rug teen die kolom nie. Hy sit vooroor geleun, met sy arms op sy bene gestut, met sy linkerprofiel na die gehoor.
- 13.⑥ Amanda draai om, sodat sy met haar rug na Tom staan, met haar regterprofiel na die gehoor. Sy kyk na die binnekant van die woonstel, asof sy alles kan sien. Weliswaar kan sy, maar omdat die reling van die brandtrap 'n muur suggereer, is sy nie veronderstel om deur die „muur" te kan sien nie.
- 15.⑦ Amanda draai half om na Tom. Dan praat sy in die gehoor in. Alles vind heel voor op die brandtrap by (f) plaas.
- 15.⑧ Vinnig draai sy om na Tom.

Tekslewering en spelmotivering

1. Amanda is oorgretig en opgewonde. Sy kan kwalik glo wat sy so pas gehoor het.
2. Tom is nog steeds nochalant en maak asof hy nie regtig omgee nie. Tom geniet elke oomblik uitermatig.
3. Amanda is nog steeds gretig maar tog baie vriendelik. Haar opgewondenheid is voelbaar en aansteeklik. Sy kan haar kwalik beheers.
4. Tom sê dit gewoonweg, asof hy die tyd meedeel.
5. Amanda ontplof half. Alles het te skielik vir haar gebeur. 'n Paar oomblikke gelede was haar lewe nog saai en alledaags. Nou, binne 'n paar minute, hoor sy van die beste nuus wat sy nog ooit gehoor het. Tog bring die werklikheid van "môre" 'n koue gevoel om haar hart.
6. Tom praat nog gewoon. Hy besef dat sy houding sy moeder se opgewondenheid aanhelp. Juis dit geniet hy, die feit dat hy sy moeder so gelukkig kan sien en dat hy daarvoor verantwoordelik kan wees.
7. Amanda roep dit ongelowig en skrikkerig uit.
8. Tom maak asof hy nie besef waarom die hele aangeleentheid gaan nie.
9. Amanda is onseker. Sy besef dat sy hierdie geleentheid nie deur die vingers mag laat glip nie, en daarom laat môre vir haar te min tyd. Volgens Suidertadisie wil sy vir hierdie vername gas die beste voet voor sit.
10. Tom is geheel en al onbewus van die nodigheid van voorbereiding.
11. Vir Amanda is dit vanselfsprekend. Sy kan haar hare uit haar kop trek dat sy 'n hele dag verloor het. Dadelik is sy weer die moeder wat betig.

12. Vir Tom begin die aangename onderonsie nou hand uit ruk. Hy is half nors en teleurgestel dat hy die houvas op die verloop van die situasie verloor het.

13. Amanda is angstig. Haar drome deur die jare kan sy nou eindelijk verwesenlik. Hoe lank sien sy nie uit na so 'n geleentheid om 'n gas soos in die ou dae te onthaal nie.

14. Tom is minder belangstellend. Vir hom is sy moeder met hierdie reaksie besig om die hele plan te laat misluk. Hy begin al spyt raak dat hy sy kollega uitgenooi het.

15. Amanda word nou geduldig. Sy is in haar noppies. Skielik het haar lewe meer betekenis. En dan die ontstellende gedagte: alle voorbereidings sou nutteloos wees as hulle nie klere het om aan te trek wat by die geleentheid pas nie.


16. Tom is moedeloos. Sy moeder is weer aan die droom. Hy voel ongemaklik om sy kollega na sulke ooglopende voorbereidings te bring. Gelyktydig met hierdie woorde eindig die musiek en daarmee die personifikasie met die "Gentleman Caller".

17. Amanda is ernstig.

17⑨ Amanda is vriendelik dog dringend.

18. Tom vra dit vies en ongeduldig. Hy het niks lus vir hierdie gesprek, wat nou, noodgedwonge, gaan volg nie. As hy dit kon verhoed, sou hy dit gedoen het.


- 1 AMANDA ^① Ek wil jou 'n paar dingetjies vra.
- 2 TOM ^② As ma so 'n ophef gaan maak, / gaan ek hom vra om nie te kom nie.
- 3 AMANDA Dit gaan jy sekerlik nie doen nie. // Niks irriteer mense so baie / as afsprake wat nie nagekom word nie // ^③ Ek sal soos 'n slaaf moet werk! // Ons sal nie juis skitter nie, maar ons sal heeltemal gangbaar wees. // ^④ Kom binne.
- A - af
B + C - aan
- (TOM VOLG BROMMEND) Sit!
- 4 TOM ^⑤ Moet ek op 'n bepaalde plek sit?
- 5 AMANDA ^⑥ Dank die hemel dat ek daardie nuwe rusbank het! // ^⑦ Ek is ook besig om afbetalings te maak op 'n staan-lamp wat hulle nou maar kan stuur. // ^⑧ Ek wou die mure ook nog nuut geplak het /... Wat is die kêrel se naam?
- 6 TOM Sy naam is O'Connor.
- 7 AMANDA ^⑨ Dit beteken natuurlik vis /- môre is Vrydag! // Ek sal daardie salmvis kry met 'n Durkee-bereiding. // ^⑩ Wat maak 'hy? / Werk hy by die pakhuis?
- 8 TOM ^⑪ Natuurlik, hoe sou ek hom anders'
- 9 AMANDA Tom, ... drink hy?
- 10 TOM Hoekom vra ma dit?
- 11 AMANDA Jou pa het.
- 12 TOM Moenie nou weer daarmee begin nie.
- 13 AMANDA O, / dan drink hy wel?
- 14 TOM Nie sover ek weet nie.
- 15 AMANDA Stel dan vir seker vas! // Die laaste ding wat ek vir my dogter begeer, is 'n man wat drink.
- 16 TOM Loop ma nie sake bietjie vooruit nie. // O'Connor het nog nie eers sy verskyning gemaak nie.
- 17 AMANDA ^⑬ Maar hy sal / more! // Om jou suster te ontmoet, en wat weet ek van sy karakter? Niks! // Outongnoodiens is beter daaraan toe as die vrouens van dronklappe!
- 18 TOM ^⑭ O my magtig!
- 19 AMANDA Bly stil!



Bewegingskets: toneel 5

Beweging en verhoogaktiwiteit

- 1.① Amanda kom weer uit op die brandtrap tot aan die voerpunt by (f), sodat sy agter Tom staan.
- 2.② Tom staan vinnig en vies op, draai om en kyk sy moeder aan. Hy staan op trappie (g) terwyl sy moeder een trappie hoër op (f) staan.
- 3.③ Amanda draai om en gaan leun met haar hande op die relings sodat sy deur die „muur” na die woonstel kan kyk. Sy en Tom kyk nou albei in dieselfde rigting, met hulle regterprofiel na die gehoor.
- 3.④ Amanda draai na binne en loop na die deur, maak dit oop en verdwyn in die woonstel. Tom stap agterna. Terwyl hulle van die brandtrap verdwyn, gaan die ligte op die brandtrap af, en die ligte in die woonstel, beide woon- en eetkamer, kom aan.
- 4.⑤ Tom gaan sit op sy gewone plek by (1).
- 5.⑥ Amanda stap flink oor na die sofa by (p).
- 5.⑦ Amanda beweeg tot langs die buffet by (v).



- 5.⑧ Amanda gaan al langs die agtermuur terug na Tom, terwyl sy met groot armgebare die hele woonstel insluit.
- 5.⑨ Sy loop tot agter haar stoel by (k).
- 7.⑩ Sy tuur die ruimtes in.
- 7.⑪ Sy gaan sit op haar stoel by (k), sonder om die stoel uit te trek. Sy kyk Tom stip aan.
- 8.⑫ Tom kyk Amanda aan. Tot by spreekbeurt 16 kyk hulle mekaar stip aan.
- 17.⑬ Amanda kyk nou voor haar, asof sy besig is om te droom of planne te beraam.
- 18.⑭ Tom draai hom dwars in sy stoel, sodat hy die gehoor aankyk. Met sy regterelmboog leun hy op die stoel se rugleuning en met sy linkerelmboog op die tafel.

Tekslewing en spelmotivering.

1.① Amanda sê dit vriendelik dog dringend. Omdat hy deeglik is moet Amanda sekere dinge weet. Uit die vrae wat gaan volg, kan ons aflei dat die paar dingetjies wat Amanda van Tom wil weet, nie net blote nuuskierigheid en skyn is nie. Al hierdie vrae kom met oortuiging uit haar binneste en kan as 'n beeld van haar lewensbeskouing gesien word. Hoe graag sy ook al vir Laura aan 'n "Gentleman Caller" en aan 'n man wil help, gaan sy nie toelaat dat dit die verkeerde man is nie. Hy sal eers aan sekere vereistes moet voldoen.

2.② Tom praat ongelukkig en ongeduldig. Vir hom is dit bloot 'n kollega wat vir die aand kom kuier, en sy ma gaan te kere asof daar al trouplanne in die lug is. Hy klink amper leedvermakerig.

3. Amanda is beslis. Sy klem aan die etiket van Suidelike tradisie asof hulle lewens daarvan afhang.

3.③ Sy is uiters gelukkig, selfs by die gedagte aan die voorbereiding vir 'n "Gentleman Caller".

4.④ Tom vra dit spottend.

5.⑤ Amanda praat asof met haarself. Dit is tipies dat sy met planne en vooruitsigte besig is. Terwyl sy hardop dink, visualiseer sy reeds hoe die dinge gaan uitwerk.

5.⑥ Amanda vra dit asof sy skielik onthou. Dit is belangrik om daarop te let dat die naam van die besoeker minder belangrik is as die feit dat hy gaan kom. Dis maar hoe sy te werk gaan - eers droom en dan, dalk, die werklikheid.

6. Tom deel dit doogewoon mee.


7.⑦ Dadelik is Amanda met haar afleidings gereed.

7.⑧ Amanda is nuuskierig en ywerig.

8.⑨ Tom is nog steeds doodluiters.

- 9.⑧ Amanda vra dit huiwerig. Sy is amper te bang dat die kandidaat dalk nie sal kwalifiseer nie.
10. Tom is agterdogtig en fyngevoelig.
11. Amanda is ontsettend logies en eerlik.
12. Tom kap geïrriteerd en amper waarskuwend terug.
13. Amanda voel teleurgesteld. Sy wil half en half die oordeel vel voordat dit verdoemend van Tom kom.
14. Tom lyk onseker en onoortuigend.
15. Amanda is sterk en beslis.
16. Tom praat ongeduldig en geïrriteerd.
- 17.⑬ Amanda is hoopvol. Maar sy is ook beslis oor wat sy van so 'n jongkerel verwag. Alle ander dinge kan dalk nog aanvaar word, maar 'n dronklap mag hy nie wees nie. Daarvan het sy ondervinding, en daarom moet sy weet voordat dit te laat is.
- 18.⑭ Tom is radeloos. Hy besef dat hy nie teen sy moeder opgewasse is nie. Hy het hom laat gebruik, en nou kan hy dalk belaglik gemaak word.
19. Amanda bly ferm. Niks of niemand sal haar nou in die wiele ry nie. Sy weet dit, Tom weet dit, en sy weet dat Tom dit weet.

- 1 TOM (LEUN VOOROOR OM TE FLUISTER) Baie kêrels ontmoet
meisies met wie hulle nie trou nie.
- 2 AMANDA Ag, wees verstandig, Tom, en hou op met jou sarkasme,
(SY HET 'N HAARBORSEL IN DIE HANDE GEKRY)
- 3 TOM Wat wil ma nou maak?
- 4 AMANDA Jou opstandige kuif platdruk! // Wat is sy posisie by
die pakhuis?
- 5 TOM (ONDERWERP HOM AAN DIE GEBORSEL EN DIE UITVRAERY.)
Die jongkêrel se posisie is die van 'n skepsklerk,
moeder.
- 6 AMANDA Klink na 'n verantwoordelike betrekking, die soort
betrekking waarin jy moes gewees het as jy 'n bietjie
meer stukrag gehad het. // Wat is sy salaris? het jy
'n idee?
- 7 TOM Ek skat so vyf-en-tagtig dollar per maand.
- 8 AMANDA Nie juis koninklik nie, maar....
- 9 TOM Twintig meer as ek.
- 10 AMANDA Dit weet ek maar te goed. // Maar vir 'n man met 'n
huisgesin is vyf-en-tagtig dollar net genoeg om mee
deur te skuur...
- 11 TOM Ja, maar O'Connor het nie 'n gesin nie.
- 12 AMANDA Hy kan hê, kan hy nie? // Een of ander tyd in die
toekoms?
- 13 TOM Ek begryp. // Planne en voorsorg.
- 14 AMANDA Jy is die enigste jongman wat ek ken, wat nie die feit
in ag neem dat die toekoms die teenswoordige word nie,
die teenswoordige die verlede en die verlede 'n ewig-
durende selfverwyt, as jy nie beplan nie!
- 15 TOM Ek sal daaroor nadink en sien of ek kop en stert kan
uitmaak.
- 16 AMANDA Moenie so ligsinnig wees nie. // Vertel nog van die...
wat is sy naam?
- 17 TOM James D. O'Connor. // Die D staan vir Delaney.
- 18 AMANDA H Ier van alkante? // Hemel! En hy drink nie?



Bewegingskets: toneel 5

Beweging en verhoogaktiwiteit

- 1.① Tom leun oor na sy moeder en kyk haar vas in die oë.
- 2.③ Amanda merk Tom se deurmekaar kuif op, staan op van waar sy op stoel (k) gesit het, gaan na die divan (i), waar sy 'n borsel van die bed af optel en loop na Tom toe by stoel (1).
- 4.④ Amanda begin Tom se hare borsel. Tom, gelate, laat hom dit welgeval.
- 4.⑤ Amanda hou op met borsel en, met altwee hande op Tom se kop geleun, praat sy.
- 6.⑥ Amanda begin weer borsel.
- 8.⑦ Na ongeveer twee borselhale hou sy op, met haar hande nou op Tom se skouers.
- 14.⑧ Amanda gaan staan langs Tom en kyk hom aan. Met die borsel in die hand beduie sy.
- 16.⑨ Amanda, weer agter Tom, begin opnuut borsel.
- 18.⑩ Amanda hou, diep ingedagte, op met borsel.

Tekslewing en spelmotivering

Dwarsdeur die hele dialoog aanvaar Tom sy moeder se ondervraery gelate. Terwyl sy besig is om sy hare te borsel, speel hy met vuurhoutjies. Hieruit wil dit dus blyk dat daar tussen moeder en seun eintlik 'n goeie gesindheid heers. Alhoewel hy by tye briesend kwaad vir haar word, geniet hy tog haar dromery en verbeeldingsvlugte.

1. ① Tom sê dit geduldig asof hy iets aan 'n klein kindjie verduidelik.
2. ③ Amanda naïef.
3. Tom vra dit verbaas.
4. ④ Amanda sê dit asof dit die mees alledaagse ding in die lewe is.
4. ⑤ Amanda bly nog steeds op die spoor. Onverbiddelik sonder huiwering wil sy soveel moontlik van hulle gas te wete kom.
5. Tom reageer doodgewoon.
6. Amanda merk dit nadenkend op. Sy slaag ook daarin om 'n stekie te laat voel - maar asof tersyde.
6. ⑥ Amanda is weer ernstig sonder om terug te kyk.
8. ⑦ Amanda is effens teleurgesteld. Sy sou beter wou gehad het, maar ..
9. Tom antwoord lakoniek.
10. Amanda praat met oortuiging. Ook droom sy, en dit skep die moontlikheid dat die geld wel aanvaar kan word.
11. Tom is baie realisties en op die man af.
12. Amanda is optimisties.
13. Tom praat met begrip. Dis ervaring wat sy insig meebring.

14.⑧ Amanda is vermanend en prekerig. Haar gebruik van sulke afgesaagde clichés is tipies en help haar om 'n sekere status te kan handhaaf. Sy klink vernaam sonder dat sy haarself in die praktyk hoef te bewys.


15. Tom gee dit spottend en ligsinnig te kenne. Hy is gewoond aan sy ma se filosofieë en weet dat nie een van hulle in die praktyk sal kan stand hou nie.

16.⑨ Amanda is opnuut gretig. Sy verdra dit nie dat sy van die spoor af gelei word nie.

17. Tom stel dit plegtig. Hy doen dit omdat hy weet dat sy moeder dit sal geniet.

18.⑩ Amanda is opgewonde. Sy kan nouliks glo wat haar ore hoor. Weer eens spreek sy slegs 'n gedagte uit, maar tog is dit ook om haar ten volle daarvan te vergewis dat sy reg gehoor het omtrent sy drinkgewoontes.

- 1 TOM ^① Sal ek hom nou bel en vra?
- 2 AMANDA Die enigste manier om sulke dinge vas te stel, is ^② om subtiel navraag te doen op die gepaste oomblik. // Toe ek nog 'n jongmeisie in Blue Mountains was, en daar 'n vermoede was dat 'n jongkêrel drink, het die meisie aan wie hy aandag gegee het, ..as daar een was / ...soms verlangs met die predikant gesels, of haar vader het, as sy nog 'n vader gehad het, so 'n bietjie uitgevis oor sy karakter. // ^③ Dit is soos sulke sake gehanteer word om te verhoed dat die jongmeisie 'n tragiese flater begaan.
- 26 - aan
- 3 TOM Hoe het ma dan so 'n tragiese flater begaan?
- 4 AMANDA ^④ Daardie onskuldige voorkoms van jou vader het almal mislei! // As hy glimlag, ..was die wêreld betower. // 'n Meisie kan niks erger doen as om haar op die genade van 'n mooi voorkoms te verlaat nie! // ^⑤ Ek hoop O'Connor is nie te mooi nie!
- 26 - af
- 5 TOM Nee, hy is nie mooi nie. // Hy is vol sproete en is bietjie kort van neus.
- 6 AMANDA Hy is darem seker nie heeltemal / lelik nie?
- 7 TOM Nee, nie heeltemal nie, net so medium.
- 8 AMANDA In 'n man moet jy karakter seek.
- 9 TOM Dis wat ek ook altyd sê, moeder.
- 10 AMANDA ^⑥ Jy het nooit so iets gesê nie, en seker nooit eers daaraan gedink nie.
- 11 TOM Moet my nie altyd verdink nie.
- 12 AMANDA Ek hoop ten minste hy is 'n tipe wat op en wakker is.
- 13 TOM Ek dink nogal hy gee aandag aan selfontwikkeling.
- 14 AMANDA Om watter rede dink jy so?
- 15 TOM Hy loop aandklasse.
- 16 AMANDA (STRALEND) ^⑦ Uitstekend! // ^⑧ Wat doen hy, ek bedoel: studeer hy?
- 17 TOM Radio-ingenieurswese en openbare spreekkuns.



Bewegingskets: toneel 5

Beweging en verhoogaktiwiteit

- 1.① Tom maak asof hy gaan opstaan om te gaan bel.
2. Amanda erg pedant.
- 2.② Sy loop na haar stoel by (k) en gaan sit terwyl sy die ruimtes in staar.
- 2.③ Amanda draai, sodat sy Tom reguit kan aankyk.
- 4.④ Amanda knik net met haar kop in die rigting van haar man se portret by (x).
- 4.⑤ Amanda kyk Tom aan.
- 10.⑥ Amanda staan op en loop na Tom toe om sy hare verder te borsel.
- 16.⑦ Amanda begin borsel.
- 16.⑧ Sy laat vaar haar geborsel en staar weer die ruimtes in.

Tekslewing en spelmotivering

1. ① Tom sê dit spottend, sarkasties.
2. Amanda maak hierdie bewering pelgtig en vol oortuiging.
2. ② Amanda droom. Die genot straal uit haar gesig en haar stem het 'n waarderende klank.
2. ③ Amanda praat vol selfversekering.
3. Tom is sarkasties. Alhoewel hy die storie van buite ken, kan hy nie nalaat om sy moeder met die praktyk te konfronteer nie. Dit is sy manier om haar op die aarde te hou.
4. ④ Amanda is eerlik. Hiermee erken sy dat 'n droom haar gevang het. Uiterlike voorkoms het by haar meer getel as innerlike waardes. Daarom handel sy nou uit ondervinding, voordat dit te laat is.
4. ⑤ Amanda sê dit ironies.
5. Tom is spottend. Hy sê dit met sy tong in sy kies.
6. Amanda raak beangs.
7. Tom is nog steeds besig om met sy moeder te spot. Sy kom dit nie agter nie.
8. Amanda is selfversekerd.
9. Tom speel saam - gemaak ernstig.
10. ⑥ Amanda kom agter dat Tom besig is om haar vir die gek te hou. Sy staan op om sy hare verder te borsel.
11. Tom wys daarop dat hy dit goed bedoel. Hy besef dat sy moeder besig is om hardop te dink en te beplan. Haar planne en voorsorg sluit hom in, en daarom laat hy haar begaan. Ook geniet hy die attenties wat hy van haar ontvang. Op hierdie manier wys sy dat sy hom aanvaar, so aanvaar dat sy

die klein liefdebewysie van hareborsel aan hom bewys.

12. Amanda is weer nadenkend. Sy geniet hierdie oomblikke uit die diepste van haar wese en wil dit so lank moontlik rek.

13. Tom praat gewoonweg. Hy geniet dit ook om inligting wat haar hart verbly, aan sy moeder te gee.

14. Amanda is ernstig, belangstellend.

15. Tom saaklik.


16. ⑦ Amanda straal. Haar blydschap vind uiting in haar borselaksie.

16. ⑧ Amanda reageer abrup. Terwyl sy met die borsel passief op Tom se kop leun, wil sy opgewonde verder verneem.

17. Tom voel baie vernaam. Dit doen hom ontsettend goed om sy moeder se blydschap en betrokkenheid te belewe. Dit is aansteeklik maar tog ook gevaarlik. Hoe groter en lekkerder die droom, hoe groter die ontnugtering.

- 1 AMANDA ^① Dan het hy visioene van vooruitgang in die wêreld.//
'n Jongman wat openbare spreekkuns aanleer, /mik na
die pos van 'n uitvoerende beampte.// En radioinge-
nieurswese! / Iets vir die toekoms.// Altwee is
veelseggend.// ^② Dit is wat 'n moeder wil weet van
enige jongman wat vir haar dogter kom kuier /- of
hy nou ernstig is of nie.
- 2 TOM Net een waarskuwing.// Hy weet niks van Laura af nie.//
Ek het nie uitgelaat dat ons donker, /bedekte bymotiewe
het nie.// Ek het net gevra waarom hy nie een aand
by ons kom eet nie.// Hy het dit aanvaar, /en dit
was die hele gesprek.
- 3 AMANDA ^③ Dit wil ek glo!// Jy is so spraaksaam soos 'n oester.//
In elk geval, /hy sal van Laura weet as hy hier kom.//
As hy sien hoe mooi /en liefvallig en gaaf sy is, /sal
hy sy sterre dank dat hy die uitnodiging aanvaar het.//
- 4 TOM Moeder /moenie te veel van Laura verwag nie.
- 5 AMANDA Wat bedoel jy?
- 6 TOM Laura skyn alles te wees wat u gesê het, /vir ONS, /
omdat sy ons s'n is /en ons haar liefhet.// Ons merk
nie eers meer dat sy 'n kreupele is nie.
- 7 AMANDA ^④ Moenie daardie woord gebruik nie /- jy weet dat ek
dit nie toelaat nie.
- 8 TOM ^⑤ Maar laat ons feite in die gesig staar, /sy is. /..en
buitendien...
- 9 AMANDA Wat bedoel jy. /..buitendien...?
- 10 TOM Laura verskil van ander meisies.
- 11 AMANDA Ek dink die verskil is in haar guns.
- 12 TOM Nie heeltemal nie.// ^⑥ Vir ander kom sy skaam /en terug-
getrokke voor, /en sy lewe in haar eie wêreld.// Dit
alles laat haar /eienaardig lyk vir buitestaanders.
- 13 AMANDA Moet haar nie EIENAARDIG noem nie!
- 14 TOM ^⑦ Dis tog waar, /sy is! ~~(DIE DANSMUSIEK SLAAN OOR
NA 'N TANGO MET 'N KLANK VAN ONHEIL DAARIN)~~

Moza



Bewegingskets: toneel 5

Beweging en verhoogaktiwiteit

- 1.① Amanda staan met haar hande en die borsel op Tom se kop geleun. Sy staar die ruimtes in.
- 1.② Amanda borsel 'n paar kragtige hale.
2. Tom kyk starend voor hom uit.
- 3.③ Amanda borsel verder. Sy is nou daarmee klaar en bekyk haar handewerk.
- 7.④ Amanda loop vinnig, van waar sy agter Tom staan, tot langs hom. Sy kyk hom aan.
- 8.⑤ Tom draai hom half na links, sodat hy sy moeder vol in die oë kan kyk.
10. As Tom van Laura praat, doof Mozart se „Adagio vir glasharmonika" saggies in. Dit is Laura se tema-musiek.
- 12.⑥ Tom staan tydsam op en loop voor om die tafel tot by Laura se vertoonkas (o). Hy staan met sy rug na die gehoor en half na sy moeder.
- 14.⑦ Tom draai om, sodat hy sy moeder vol kan aankyk.

Tekslewering en spelmotivering


- 1.① Amanda is vol bewondering. Sy openbaar ook insig en visie, wat 'n bewys is dat sy al voorheen daaroor nagedink het, miskien al by herhaling, en dat sy Tom aangemoedig het om so iets te doen.
Haar hele lewe is gebaseer op planne en voorsorg vir die toekoms. Alles sal in die toekoms beter wees en beter gaan. In hierdie proses gaan die hede dalk on vervuld, by haar verby.
- 1.② Amanda is vol oortuiging.
2. Tom waarsku, met duidelike artikulasie. Hy wil sonder om aanstoot te gee net moontlike misverstande uit die weg ruim.
- 3.③ Amanda antwoord logies. Haar gemoedelik-geestige houding teenoor Tom gaan oor in 'n ekstatiëse gevoel vir Laura. So positief is sy dat sy sonder twyfel glo aan die welslae van die hele onderneming.
4. Tom is nog steeds waarskuwend.
5. Amanda vra agterdogtig.
6. Tom is realisties maar tog teer en lê hom klaarblyklik daarop toe om diplomaties te wees.
- 7.④ Amanda reageer streng, met amper 'n afgryse net aan die blote gedagte. Weer val haar positiewe optrede 'n mens op. Sy laat haar eenvoudig nie onder kry nie.
- 8.⑤ Tom probeer logies en realisties bly. Tog is hy half huiwerig.
9. Amanda raak agterdogtig.
10. Tom is eerlik. Hy het lankal die behoefte om sy moeder vir Laura in die regte lig te laat sien.
11. Amanda stel dit finaal en positief.
- 12.⑥ Tom is taktvol en praat met deernis. Hy poog om die waarheid saggies oor te bring.

13. Amanda reageer streng en geskok. Sulke gedagtes pas eenvoudig nie in in haar samestelling nie.

14.⑦ Tom spreek dit sterk en met oortuiging uit. Hy het so ver gevorder met die saak dat hy moed kry en dit eens en vir altyd duidelik wil stel.

- 1 AMANDA In watter opsig is sy eienaardig, /as ek mag vra?
- 2 TOM (SAG) Sy lewe in haar eie wêreld, /'n wêreld van klein glasornamente ^① ~~/// (HY STAAN OP. AMANDA KYK BEKOMMERD NA HOM MET DIE BORSEL NOG IN HAAR HAND.)~~ ^② Sy speel ou grammofoonplate, /en, /dis omtrent al. ^③ ~~(HY KYK NA HOMSELF IN DIE SPIEEL EN LOOP NA DIE DEUR.)~~
- 3 AMANDA (SKERP) Waarheen gaan jy, ^④
- 4 TOM Na die bioskoop. (UIT BY DIE DEUR.)
- 5 AMANDA Nie na die bioskoop nie /- elke aand na die bioskoop! ^⑤
- B, C - af (VOLG HAASTIG NA DIE DEUR) Ek glo dit nie!
- A - aan (HY IS WEG, SY KYK 'N PAAR OOMBLIKKE BEKOMMERD AGTER-^⑥ NA. DAN KEER LEWENSLUS EN OPTIMISME TERUG. EN SY DRAAI WEG VAN DIE DEUR. LOOP NA GORDYNE) Laura! / (LAURA ANTWOORD UIT DIE KOMBUIS.)
- 6 LAURA Ja, / Moeder.
- 7 AMANDA Laat staan die skottelgoed en kom hier. ~~///~~ ^⑧ (LAURA VERSKYN OPGEWEEK MET DIE VADOEK.) Laura, / kom hier /en wens met die opkomende maan.
- 8 LAURA Maan, /...maan? ^⑨
- 9 AMANDA 'n Klein sekelmaan. ~~///~~ ^⑩ Kyk oor jou linkerskouer, / Laura, / en wens! ~~///~~ (LAURA KYK EFFENS VERDWAAS ASOF SY PAS WAKKERGEMAAK IS. AMANDA GRYP HAAR AAN DIE SKOUERS EN DRAAI HAAR SKUINS NA DIE DEUR.)
- Nou, /nou, Skat, /wens!
- 10 LAURA Waarvoor moet ek wens, Moeder?
- 11 AMANDA (BEWEND EN MET OE VOL TRANE) Geluk, / voorspoed ~~///~~ har
- A - af (MUSIEK LUIDER - LIG VERDOF TOT DUISTERNIS.)


A - af
siklorama - ligte
bly brand
pouse



Bewegingskets: toneel 5

Beweging en verhoogaktiwiteit

1. Amanda staan nog steeds tussen stoele (l) en (k) en kyk Tom verbaas aan waar hy by (o) staan.
- 2.① Tom loop vinnig na die kas by (j), waar hy sy jas van die haak afhaal.
- 2.② Terwyl hy sy jas aantrek, kyk hy in die rigting van die victrola, wat op die buffet by (v) staan.
- 2.③ Tom loop deur toe, waar hy deur sy moeder se vraag voorgekeer word.
- 3.④ Amanda draai in die rondte, terwyl haar oë Tom volg.
- 4.⑤ Tom maak die deur oop en verdwyn deur die opening en gaan met die brandtrap by (d) en (c) op.
- 5.⑥ Amanda kyk hom oorbluf agterna en hardloop agter hom aan na die deur toe. Sy vorder tot op die vlak by (d), waar sy staan en hom agterna staar. Sodra Amanda uit die eetkamer is, doof die ligte daar uit en die ligte kom op die brandtrap aan.



- 5.⑦ Sy draai skouerophalend om en gaan staan op (e) terwyl sy teen die kolom leun. Sy staan in die rigting waar sy en Tom voorheen die maan gesien het.
- 7.⑧ Laura verskyn van agter die coulisse met 'n voor-skoot aan. Dit is duidelik dat sy besig is om skottelgoed te was. Sy gaan staan langs Amanda op (e) terwyl sy na haar moeder kyk.
- 8.⑨ Sy kyk half verbaas heen en weer en soek die maan.
- 9.⑩ Albei kyk nou in dieselfde rigting. Dan neem Amanda Laura aan haar arms en draai haar om, sodat sy met haar rug na die maan staan en oor haar linkerskouer daarna kyk.
11. Met Amanda se slotwoorde doof die lig op die brand-trap uit, totdat net die sikloramaligte brand. Dan begin die sikloramaligte ook stadig doof totdat dit in donker gehul is. Sodra Amanda en Laura verdwyn het, kom die ouditoriumligte stadig aan. Die temasiek speel nog steeds en bly speel totdat die toeskouers vir pouse die ouditorium verlaat. Dit doof baie geleidelik uit.

Tekslewing en spelmotivering

1. Amanda is agterdogtig. Sy is glad nie bereid om goedsmoeds te glo en te aanvaar wat Tom haar meedeel nie. Uit gewoonte, kondisionering en ervaring is sy moeilik vir oortuiging vatbaar.
2. Tom antwoord baie sag. Dit wat hy oor sy suster sê, is vir hom byna heilig. Soos haar speelgoed en plate deel van haar geword het, so het sy en haar gewoontes deel van hom geword. Die kosbaarheid vir hom en ook selfs vir Amanda lê juis daarin dat hierdie eienaardige kleinode aanvaar word sonder verklarings of motiverings. Sodra mens wil begin verklaar, is dit asof daar heiligkennis gepleeg word.

Later sal ons sien dat dit juis hierdie kamer met sy speelgoed en plate is waarna Tom terugverlang.

Dis na hierdie Laura en hierdie kamer van haar dat Tom nie vreemde mense wil bring nie. Nie omdat hulle dit afstootlik sal vind nie, maar omdat hulle dit nie sal kan interpreteer soos hy en Amanda nie.

2.② Daarom praat hy met groot deernis van haar speelgoed en haar grammofoonplate.

2.③ Slegs die gedagte dat hierdie Laura van hulle uitgeveil gaan word, oorweldig hom, en hy soek ontvlugting in sy bioskoop. Daar hoef hy nie te dink en antwoorde te vind nie. Daar word namens hom geleef.

3.④ Amanda het ook onder die indruk van Tom se verbeeldingskrag gekom. Telepaties het sy 'n begrip gekry van wat Tom se woorde moontlik kan beteken. Sy wil nie met hierdie wete alleen gelaat word nie.

4.⑤ Tom eenvoudig terwyl hy dit heeltemal onderspeel.

5.⑥ Amanda is hier dalk jaloers dat sy geen plek het om heen te vlug nie. Daarom die stertjie met 'n stekie daarby. Buite in die opelug val die romantiese haar weer op en verdrywe die swartgallige gedagtes.

Tipies Amanda wil sy hierdie vir haar kosbare oomblik met iemand deel.

6. Laura sê dit onderdanig en sag.

7. Amanda is vol blydschap en uitnodigend.
- 7.⑧ Amanda is geesdriftig.
- 8.⑨ Laura vra verbaas.
- 9.⑩ Amanda is geesdriftig en geheimsinnig.
10. Laura moet ontsettend naief klink.
11. Amanda se gemoed is baie vol. Die oomblik is te groot vir haar. Haar innerlike blydschap straal uit haar gesig, en dit slegs omdat daar 'n "Gentleman Caller" gaan opdaag.

(BEELD : HOERSKOOLOHELD).

af ① Sikloramaligte aan

I TOM Die volgende aand het ek toe vir Jim huis toe gebring
A - aan vir ete. // Op hoërskool het ons reeds kennis gemaak. //
Daar was hy 'n held wat op elke gebied uitblink
het. // Hy het 'n groot hoeveelheid Ierse goedaardigheid
gehad, /met die afgeronde voorkoms van wit porselein. //
Hy was voortdurend in die kalklig. // Hy was 'n uit-
binker op sportgebied, /voorsitter van die debatsver-
eniging, /hoofseun in sy klas /en het die hoofrol gespeel
in die jaarlikse operette. // Hy was altyd op 'n draf /-
het byna nooit geloop nie. // Dit het gelyk of hy enige
oomblik die wet van die swaartekrag sou verbreek. // Hy
het met so 'n spoed en stukrag deur sy adolessente
jare geskiet /dat dit byna logies was om te verwag dat
hy teen dertig jaar /president van Amerika sou wees. //

② Maar skynbaar het Jim meer struikelblokke teëgekóm nadat
hy skool verlaat het. // Ses jaar daarna /was sy posisie
nie veel beter as myne nie. //

(BEELD : KLERK)

③ By die pakhuis was hy die enigste met wie ek op
vriendskaplike voet verkeer het. // Vir hom was ek van
waarde as iemand /wat van sy vroeë prestasies en
glorie geweet het. // Ek het gesien hoe hy op sport-
gebied gewen het /en ook die silwerbeker wat hy as
redenaar verower het. // Aan die ander kant /het hy van
my geheime liefhebberij: /om gedigte te skryf as die
werk verminder, /geweet. // Hy het my die bynaam van
Shakespeare gegee. // En terwyl die ander seuns in
die pakhuis my met agterdogtige vyandigheid behandel
het, /het hy 'n goedgesinde houding ingeneem. // Geleide-
lik het sy houding die ander beïnvloed, /en hulle
vyandigheid /het plek gemaak vir

Tekslewing en spelmotivering

Soos reeds gemeld word die deel voor die pouse "Gereedmaak vir die 'Gentleman Caller'" genoem. Hierdie deel na die pouse, wat uit toneel 6 en 7 bestaan, heet: "Die 'Gentleman Caller' kom".

Waar die gees in deel 1, tonele 1-5, oorheers word deur bekendstelling of probleemstelling, ontplooiing tot die uitnodiging en die uitnodiging se onmiddellike gevolge, is die gees van deel 2 stille afwagting, die aankoms en ontmoeting en die sosiale verkeer en ontkenning.

1.① Hier stel Tom op geselstrant die vierde deelnemer aan die toeskouers voor.

Sonder dat hy dit te oorbeklemtoon verskaf Tom die redes waarom die vierde deelnemer die mees realistiese karakter in die stuk is.

Hier maak die toeskouer met iemand kennis wat flink en briljant was, wat president van Amerika moes word voordat hy dertig is.

Sonder om dit ironies te laat klink wek Tom tog die indruk dat vir hierdie persoon alles te maklik daaraan toegaan.

1.② Hier word dan die absolute werklikheid oor die mees realistiese karakter van die stuk gegee. Tom doen dit vergelykenderwys. Hulle albei, Tom en die vierde persoon, is nog ongeveer 6 jaar jonger as dertig en Tom is as pakhuisklerk nie veel slegter daaraan toe as sy briljante jong kollega nie.

Hier berei Tom die pad baie subtiel voor vir wat nog mag gebeur. In gedagte moet gehou word dat Tom as verteller, die kennis het van iemand wat die omstandighede en gebeurtenisse deurleef het en nou van afstand en tyd daarna kyk. Hy ken dus die afloop van die gebeure. Daarom skep hy eers die vierde lid as 'n ideale "Caller" en dan kom hy met die kontraste en weerleggings.

1.③ Bogenoemde ooreenkomste het van Tom en die vierde lid kollegas met raakpunte gemaak.

Een van die raakpunte is juis dat hulle dieselfde herinneringswêreld deel en verder gaan deel. Dit het 'n soort kameraderie tot gevolg, wat op sy beurt tot spontaneïteit gelei het.

So 'n spontane optrede was byvoorbeeld die uitnodiging na die Wingfield-

woonstel.

Tom is dus nie hier alleen besig met die skep van agtergrond nie; hy gee ook op 'n subtiële wyse motivering vir die koms van die "Caller".

Interessant is ook hier om op die ooreenkomste tussen Amanda en die "Caller" te let. Albei het roemryke verledes maar oninteressante hedes.

1 TOM

glimlaggies /- glimlaggies /soos 'n mens sien as 'n
snaakse hond op 'n afstand oor die pad sou loop.//
① Ek het geweet dat Jim en Laura mekaar op hoërskool
geken het /en dat sy bewonderende opmerkings oor sy
stem gemaak het.// Maar ek het nie geweet of hy haar
nog onthou nie.// As hy haar sou onthou het, /sou dit
nie wees as my suster nie, /want toe ek hom vir ete
uitnooi, was sy antwoord: /"Jy weet, /Shakespeare, /
ek het nog nooit aan jou gedink as iemand wat
familie het nie."// Hy het op die punt gestaan /om te
ontdek dat ek wel het.// ②

A-af

B+C-aan

(VERHOOG VERLIG. VRYDAGAAND. DIT IS TEEN SKEMER
VAN 'N LAAT ~~HEERFS~~ AAND; 'N DELIKATE, SUURLEMOEN-
KLEURIGE LIG SKYN IN DIE VERTREK. AMANDA HET SOOS
'N SLAAF GEWERK OM DIE NODIGE VOORBEREIDINGS
TE TREF. ~~'N GEKLEURDE PAPIERLANTERN BEDEK DIE~~
~~BARS IN DIE PLAFON; NUWE WIG GOLWENDE CORDYNE~~
~~HANG BY DIE VENSTER; SKOON OORDOEKIES IS OP DIE~~
~~STOELE, NUWE KUSSINGS OP DIE SOFA. OOP DOSE EN~~
FYNPAPIER LÊ GESTROOI OOR DIE VLOER. LAURA STAAN
IN DIE MIDDEL MET ARMS NA BO GESTREK, TERWYL AMANDA
ONDER RONDKRUIP OM DIE SOOM VAN DIE NUWE ROK REG
TE KRY. DIE ROK IS GEKLEUR EN ONTWERP UIT GEHEUE.
LAURA SE HAARKAPSEL IS VERANDER - DIT IS SAGTER EN
MEER MEEVALLEND. 'N DELIKATE BOAARDSE SKOONHEID
STRAAL UIT LAURA. SY IS SOOS 'N STUKKIE DEURSKYNENDE
GLAS WAAROP SAGTE LIG VAL WAT HAAR 'N TYDELIKE
GLANS GEE - NIE DIEP OF BLYWEND NIE.)

2 AMANDA


③ Waarvoor bewe jy? (ONGEDULDIG)

3 LAURA

④ Ma het my so senuweeagtig gemaak!

4 AMANDA

⑤ Hoe het ek jou senuweeagtig gemaak?// Ek verstaan jou
nie, Laura.// Jy kan mos nie tevrede wees om altyd net
by die huis te sit nie, /en as ek iets probeer reël, /dan




Bewegingskets: toneel 6

Beweging en verhoogaktiwiteit

- 1.① Tom beweeg tot die voorpunt van die brandtrap by (f). Hy staan in die hoekie wat die relings van die brandtrap vorm met sy hande op die relings geleun. Hy kyk na die gehoor.
- 1.② Hier doof die lig op die brandtrap uit, sodat net die sikloramaligte brand. In hierdie verdonkering verdwyn Tom van die brandtrap af. Hy gaan neem sy plek in op (a), waar Jim alreeds vir hom wag. Met die oog daarop dat die gehoor hom nie moet sien nie, moet hy van (b) na (a) kruip. In dieselfde verdonkering neem Amanda en Laura hulle plekke op die mat by (v) in; Amanda in 'n hurkende posisie voor Laura. Sy hurk met haar regterprofiel na die gehoor. Laura staan voor haar met haar arms op skouerhoogte gestrek en met haar linkerprofiel na die gehoor. Sodra die twee gereed is, gee die verhoogbestuur die teken en die lig kom in die woonkamer aan.

Amanda en Laura is besig om die partytjiekostuum (3) aan te pas. Amanda trek die rygdraad onder uit die rok se soom. Verder is die rok heeltemal voltooi.



- 2.③ Amanda kruip om Laura terwyl sy besig is om die rygdraad uit te trek.
- 3.④ Laura kyk oor haar linkerskouer na haar moeder, wat agter haar hurk.
- 4.⑤ Amanda beweeg verder, totdat sy weer op haar oorspronklike plek voor Laura kom.

Tekslewering en spelmotivering

1. Tom, vol humor, spot so bietjie met homself. Ook kom sy effense minderwaardigheidsgevoel na vore. Hieruit kan mens dadelik aflei dat Tom sielsongelukkig was in die skoenpakhuis. Hy is dus nie alleen besig om Jim se koms voor te berei nie, maar hy wil ook sy latere ontvlugting regverdig en probeer goedpraat.

1. Tom is besig om die spanningsoomblik verder te verhoog. Met die jaarbladheld van toneel 2 in gedagte kan die toeskouer nou begin wonder of die "Gentleman Caller" en Laura se ou skoolheld nie dalk een en dieselfde persoon is nie.

Die feit dat Jim Tom nie as deel van 'n gesin beskou het nie, wys op die geslotenheid van Tom se lewe, nie alleen binne die woonstel nie maar ook daarbuite. Dit is hierdie eensaamheid wat die grootstadsmens daartoe dryf om avontuur te soek - al is dit dan slegs die kunsmatige avontuur van 'n bioskoop.

1.② Tom sê dit ironies. Die gewone uitnodiging hou baie meer in as wat mens met die blote oog kan waarneem.

2.③ Amanda is ongeduldig, nie alleen omdat Laura so kinderagtig is nie maar ook omdat sy opgewonde is oor die afloop van haar planne.

Laura se optrede is die van 'n bang, onsekere mens. Sy kan intuietief aanvoel dat haar moeder meer van die aand verwag as wat sy gewillig is om te laat blyk. Die sensitiewe Laura is heel waarskynlik ten volle bewus van die feit dat haar moeder besig is om vir haar 'n man te probeer kry.

3.④ Laura is onseker. Sy voel ontuis in hierdie mondering van haar.


4.⑤ Amanda klink verbaas. Sy begryp moeilik waarom Laura nie in haar opgewondenheid kan deel nie.

Dit is tewens hoe Laura se hele lewe tot dusver verloop het. Sy doen halfhartig mee aan dit wat haar moeder beplan: of dit 'n handelskursus of 'n besoek van 'n jongman is, is vir haar om't ewe. Sy doen slegs mee omdat sy nie genoeg durf het om haar moeder teë te gaan nie en ook omdat sy haar moeder gelukkig wil maak.

- 1 AMANDA bied jy teenstand^① (SY STAAN REGOP) Kyk nou hoe lyk jy. ^② Nee wag! / Wag 'n bietjie /- ek het 'n plan! ///
- 2 LAURA Wat nou weer?
(AMANDA NEEM TWEE POEIERKWASSIES, DRAAI HULLE IN SAKDOEKE TOE EN STOP LAURA SE BORSIES OP.)
- 3 LAURA Wat maak ma nou?
- 4 AMANDA Hulle is goeie foppertjies.
- 5 LAURA Ek sal hulle nie dra nie!
- 6 AMANDA Jy moet!
- 7 LAURA Waarom moet ek?
- 8 AMANDA Om dan onaangenaam eerlik te wees: ' jy het geen borsies nie.
- 9 LAURA Ma maak asof ons besig is om iemand in 'n val te lok.
- 10 AMANDA Alle mooi meisies is 'n mooi lokval, / en mans verwag dat hulle moet wees. ^③ Kyk nou na jouself, / dametjie! // Dit is die mooiste wat jy ooit sal wees! // Ek moet myself nou regmaak! // Jy gaan verras wees met jou ma se voorkoms. //
- (SY LOOP ~~DEUR DIE GORDUNE~~ - NEURIE OPGEWEK.)
- ^⑤ (LAURA BEWEEG STADIG NA DIE LANG SPIEEL EN KYK NA HAARSELF. 'N LUGGIE WAAI DIE WIT GORDYNE NA BINNE MET 'N STADIGE, GRASIEUSE BEWEGING EN 'N SAGTE TREURIG SUGTENDE GELUID. SY DRAAI VOOR DIE SPIEEL MET 'N BEKOMMERDE UITDRUKKING.)
- 11 AMANDA (AGTER) Dit is nog nie donker genoeg nie. // (MUSIEK) (LAG AGTER) Ek gaan jou iets wys. // Ek gaan 'n indrukwekkende / verskyning maak!
- 12 LAURA ^⑥ Wat is dit, Ma?
- 13 AMANDA Toe maar /- jy sal sien. // Iets wat ek uit die ou koffer getower het! // Die mode het, na alles, / nie ^⑦ as baie verander. // (SY TREK DIE GORDYNE OOP) kyk nou na jou ma!
(SY HET 'N JEUGDIGE ROK VAN GELERIGE VOILE AAN MET 'N BLOU SYLINT. SY DRA 'N BOS BLOMMETJIES - SY HET AMPER HAAR JEUG TERUGGEVIND. KOORSAGTIG.)

Swing
low


do



Bewegingskets: toneel 6

Beweging en verhoogactiviteit

- 1.① Amanda staan op vanwaar sy op haar hurke gesit het. Sy staan 'n tree of twee terug, sodat sy Laura beter kan beskou.
- 1.② Sy loop na die sofa by (p) en krap in die naaldwerkmandjie.
3. Laura hou haar ma dop.
4. Amanda is terug by Laura en wys aan haar twee poeierkwassies.
5. Laura vou haar arms oor haar borste en staan 'n tree agteruit.
8. Amanda plaas, Laura se arms ten spyt, die poeierkwassies voor in Laura se rok.
- 10.③ Amanda staan weer 'n tree terug, sodat sy Laura beter kan beskou.
- 10.④ Amanda draai vinnig om en verdwyn verhoogregs tussen die coulisse. Terwyl sy verdwyn, word mens dofweg bewus van Amanda se temamusiek, „Swing Low Sweet Chariot“. Amanda is uit die gesigsveld van die toeskouers besig om haar partytjierok aan te trek.



- 10.⑤ Laura beweeg vinnig na die spieël by (y). Sy beskou haarself in die spieël maar kyk ook elke nou en dan na waar haar moeder verdwyn het. Sy is besig om tot 'n besluit te kom.
- 12.⑥ Nadat sy weer gekyk het na die plek waar haar moeder verdwyn het, loop Laura vinnig na die sofa en haal albei die poierkwassies voor by haar rok uit. Sy sit hulle terug in die naaldwerkmandjie en is net terug by die spieël as haar moeder verskyn.
- 13.⑦ Amanda verskyn in die coulisse - verhoogregs - met haar partytjierok - kostuum (4) - aan. Sy loop pronkerig tot voor die sofa by (r).

Tekslewering en spelmotivering

1.① Amanda is in haar noppies. Die rok wat sy in een dag vir Laura maak het, is volgens Williams uit die geheue ontwerp. 'n Mens kan dus aanvaar dat Amanda gepoog het om die verlede te laat herleef. Die ontwerp sou dus vir haarself gepas het toe sy 'n jongdame was wat op "callers" gewag het.

1.② Amanda is eerlik.

2. Laura voel ongemaklik. Sy voel alreeds ongemaklik in hierdie skeping van haar moeder.

3. Laura is ongelowig.

4. Amanda sê dit asof dit eenvoudig die gewoonste ding is om te doen.

5. Laura weier beslis.

6. Amanda beslis finaal. Sover dit in haar vermoë is, sal sy alles doen om die "Caller" te "vang".

7. Laura is alreeds besig om te kapituleer. Haar persoonlikheid is eenvoudig nie sterk genoeg om haar moeder teë te gaan nie.

8. Amanda beweer dit eenvoudig en alledaags.

9. Laura spreek 'n vermoede uit. Miskien is sy te onskuldig naïef om werklik te besef waarom dit gaan en wat dit dalk kan behels.

10. Amanda is logies en nugter.

10.③ Amanda praat aanmoedigend. Sy wil haar besliste standpunt op Laura oordra. Sy wil hê dat Laura in haarself moet glo.

10.④ Amanda praat geheimsinnig.

10.⑤ Laura voel ongemaklik. Die rok en haar opgestopte toestand maak

haar ontsettend selfbewus. Bang dat haar moeder haar op heterdaad kan betrap, hou sy die coulisse-opening deurentyd dop.

11. Amanda het haar binnekoms beplan vir die skemeruur as alles in 'n droomlig gekleur is. Sy is onkeerbaar opgewek, en dis juis hierdie geesdrif van haar wat twyfel by die gehoor saai. Omdat die gehoor besef dat Laura nie weet wat Amanda in die skild voer nie en hulle wel iets vermoed, raak hulle om Laura se ontwil gespanne.

12.⑥ Laura lyk skuldig as sy die kwassies uithaal en bêre. Vir haar was dit 'n groot besluit om haar moeder teë te gaan. Ook kan sy nie begryp waarmee haar moeder juis besig is nie.

13. Amanda is bewus van die gevoel van afwagting. Op meesterlike wyse berei sy haar binnekoms voor.

13.⑦ Amanda is koorsagtig. Dit wil voorkom asof sy in 'n geestesvervoering verkeer. Dit laat die besef posvat hoe belangrik die besoek van die "Caller" vir Amanda is.


1 AMANDA

① Dit is die rok/waarin ek voorperd in die dans-
saal was;/ ② waarin ek danspryse gewen het,/en een
keer na die goewerneur se dans in Jackson gedra het.//
③ Kan jy jou voorstel/hoe ek oor die danssaal gesweef
het./ Laura?// (SY LIG HAAR ROK EN MAAK 'N PAAR
PASSIES DEUR DIE KAMER.) Sondaë het ek dit vir die
kêrels gedra.// ④ Ek het dit die dag aangehad toe ek
jou pa ontmoet het.// ⑤ Daardie hele lente /het ek
aan malaria gely.// Die verandering van klimaat van
Oos-Tennessee/na die Delta/- verminderde weerstand/-
ek was deurgaans effens koorsig/- nie genoeg om
oor bekommerd te wees nie/- maar darem genoeg om
my lighoofdig en rusteloos te laat voel.// Uitnodi-
gings het ingestroom/- partytjies oral in die
Deltagebied! /"Gaan lê", /het my ma gesê,/ "jy is
koorsig" /- maar ek wou nie/- ek het kina gedrink
en voortgegaan,/ aangehou.// Saans danse! / Daardie
deel is so lieflik in die lente.// Weelderige plante-
groei en bedek met narsings.// Daardie lente was ek
mal/oor narsings.// Die blomme het 'n ware obsessie
geword.// My ma het gesê: /"My skat,/ ons het nie meer
plek vir die narsings nie."// En tog het ek aange-
hou om meer narsings te bring.// Net waar en wanneer
ek hulle gesien het,/ het ek gesê: /"Stop! /ek sien
narsings.// Die kêrels moes my help om die narsings
te pluk.// Dit was later 'n groot grap/- Amanda met
haar narsings.// Later was daar nie meer blompotte
nie;/ elke beskikbare plek was met narsings gevul./
Geen blompotte om hulle te hou nie/- dan hou ek hulle
self!" ① En ② toe het ek.// (SY STAAN VOOR DIE PORTRET -
MUSIEK -)... jou pa ontmoet.// Malaria en narsings,
en toe.// ③ die kêrel. (SY SKAKEL DIE STAANLAMP AAN)
Ek hoop hulle kom/voordat dit heeltemal donker is//
(SY LOOP NA AGTER EN RANGSKIK DIE BLOMME OP DIE
TAFEL.)

26 - aan

af


C - helder



Bewegingskets: toneel 6

Beweging en verhoogaktiwiteit

- 1.① Amanda draai voor die sofa in die rondte, sodat Laura haar van alle kante kan sien.
- 1.② Met gestrekte arms beweeg sy om die sofa by (q) tot agter die sofa. Laura staan nog steeds voor die spieël by (y).
- 1.③ Met walspassies beweeg Amanda voor Laura verby, tot agter die vertoonkassie by (o).
- 1.④ Terwyl sy na die portret (x) kyk, stap sy tot voor die sofa tussen (p) en (q).
- 1.⑤ Amanda gaan sit op die punt van die sofa - regop met haar bene styf teen mekaar en haar hande op haar knieë. Sy bly tydens haar verdere vertelling so sit. Haar kop is effens opgelig asof sy in die verte staar.
- 1.⑥ Amanda bly doodstil sit maar lig haar arms op asof sy iemand wil keer.
- 1.⑦ Amanda staan op asof in 'n droom en stap om die bank tot voor die portret by (x). Sy staan met haar rug na die gehoor terwyl sy na die portret opkyk.



- 1.⑧ Amanda draai droomverlore om en skakel die staanlamp (z) aan.

Tekslewering en spelmotivering

1.① Vir Amanda herleef die verlede. Sy het tasbare bewys van al haar drome: die rok wat sy uit die kis getower het.

1.② Amanda is besig om te droom. Keurig en met grasia herbeleef sy die heerlike dae in die verre Suide.

1.③ Laura se verslaenheid vertolk sy as bewondering, en dit moedig haar aan om met die voorstelling voort te gaan. Nou kan ons ook begryp waarom sy so ywerig gehoop het op en voorberei het vir die "Caller" se koms. Dit skep vir haar die geleentheid om die Suide midde-in die woonstelgebied van St. Louis te herskep.

1.④ Amanda klink weemoedig en ook verskonend. Die feit dat sy malaria gehad het, kom half as verskoning vir haar swak keuse. Sy doen dit egter nie met voorbedagte rade nie maar impulsief. Sy besef dat as sy haar lewe kon oorlewe, sy dalk weer dieselfde keuse sou maak het.


1.⑤ Hier is Amanda se eerste kennismaking met die werklike Suide en wat dit alles vir haar ingehou het. 'n Mens moet jou afvra of dit die malaria of die betowering was wat haar koorsig maak het. Miskien was dit albei. Uit die besonderhede van haar beskrywing kom ons agter hoe groot die indruk was wat die gebied op haar maak het. Dit is hierdie herinnerings wat sy oor en oor herbelewe. Sodra die lewe in die betonoerwoud van die grootstad vir haar te veel word, droom sy van hierdie heerlike dae.

1.⑥ Amanda doen dit indrukwekkend. Alles draai net om haar. Sy was as 't ware op almal se lippe in die Suide, en toe ...

1.⑦ Amanda praat skouerophalend. Let op die volgorde van haar herinnerings: malaria, narsings en toe ... die kêrel - en dan skakel sy die staande lamp aan midde-in die harde werklikheid van St. Louis se woonstelgebied. Hier doof haar temasiek stadig uit.

1.⑧ Amanda is hoopvol. Graag wil sy Tom en Jim laat deel in die fantasie wat die skemer meebring.


- 1 AMANDA ① Ek het jou broer 'n bietjie ekstra geld gegee/sodat hy en mnr. O'Connor met 'n kar kan kom.
- 2 LAURA (MET 'N VERANDERDE UITDRUKKING) ② Wat sê ma is sy van?
- 3 AMANDA O'Connor.
- 4 LAURA Wat is sy naam?
- 5 AMANDA Ek het vergeet / of wag / O,ja/dit is Jim.
(LAURA WANKEL EN LEUN OP 'N STOEL.)
- 6 LAURA (SAG) ③ Tog nie 'JIM nie!
- 7 AMANDA Dis reg, / Jim. // ④ Ek het nog nooit 'n Jim geken wat nie gaaf is nie.
(MUSIEK- ONHEILSPELLEND)
- 8 LAURA ⑤ Is ma seker sy naam is / Jim O'Connor?
- 9 AMANDA Ja, / hoe kom?
- 10 LAURA Is dit die een wat Tom op hoërskool geken het?
- 11 AMANDA Hy het nie so gesê nie. / Ek dink hy het hom by die pakhuis ontmoet.
- 12 LAURA Daar was 'n Jim O'Connor wat ons op hoërskool geken het // (DAN MET INSPANNING) ⑥ As dit hy is vir wie Tom genooi het, moet julle my verskoon, / dan kom ek nie eet nie.
- 13 AMANDA ⑦ Wat se kaf is dit nou?
- 14 LAURA Ma het my eenkeer gevra of ek ooit van 'n seun gehou het. // Onthou ma nie, / ek het toe sy foto gewys.
- 15 AMANDA Bedoel jy die een wat jy vir my in die jaarblad gewys het?
- 16 LAURA Ja, / dit is hy.
- 17 AMANDA ⑧ My 'lieuwe Laura, / was jy op hom / verlief?
- 18 LAURA Ek weet nie. / ⑨ Ek weet net ek kan nie saam met hom aan die tafel sit nie!
- 19 AMANDA Dit sal nie hy wees nie. // Dit is glad nie waarskynlik nie. // ⑩ Maar al is dit ook, / gaan jy nie van die tafel af verskoon word nie.
- 20 LAURA ⑪ Ma sal my moet verskoon.



Bewegingskets: toneel 6

Beweging en verhoogaktiwiteite

- 1.① Amanda beweeg vanaf die lamp by (z) voor Laura verby in die rigting van die kombuis, met die gedagte om na die ete te gaan omsien.
- 2.② Laura beweeg van waar sy nog steeds voor die spieël by (y) staan, vinnig 'n tree of twee vorentoe. Sy probeer haar moeder voorkeer.
3. Amanda gaan staan en draai om, sodat sy na Laura kan kyk.
- 6.③ Laura vlug verskrik na haar victrola by die buffet (v). Sy begin die victrola stadig opwen.
- 7.④ Amanda stap voor om die sofa in die rigting van waar Laura is.
- 8.⑤ Laura draai vinnig om. Amanda en Laura staan nou reg teenoor mekaar. Amanda voor die sofa en Laura voor die buffet.
- 12.⑥ Laura draai om en gaan sit op die stoeltjie by (t). Sy sit met haar rug na haar moeder. Haar kop hang op haar bors.




- 13.⑦ Amanda loop totdat sy agter Laura staan.
- 14.⑧ Laura lig slegs haar kop op. Sy sit nog steeds met haar rug na haar moeder.
- 17.⑨ Amanda vat Laura aan haar skouers en draai haar stadig om, sodat hulle mekaar in die oë kan kyk.
- 18.⑩ Laura draai vinnig om, sodat sy weer met haar rug na haar moeder sit.
- 19.⑪ Amanda draai om en loop terug in die rigting van die kombuis.
- 20.⑫ Laura staan vinnig op, draai om en kyk haar moeder agterna.

Tekslewing en spelmotivering

1. ① Amanda klink goeuhartig en alledaags. Sy het geen benul dat die naam O'Connor vir Laura iets beteken nie.
2. ② Laura vra dit vinnig en verbaas. Sy het 'n verskrikte uitdrukking
3. Amanda antwoord gewoon.
4. Laura vra dit dringend.
5. Amanda antwoord alledaags. Dis juis hierdie natuurlike half onderbekerletoonde aanslag wat die naam Jim vir Laura met soveel klem na vore laat kom. Amanda tree impulsief op en is hoegenaamd nie bewus van die implikasies nie.
6. ③ Laura praat sag. Dit het vir haar as so 'n groot skok gekom dat haar jaarblad-Jim hulle gaan besoek, dat sy outomaties na haar viktrola toe stap en dit begin opwen. Hierdeur verwerk sy die spanning.
7. ④ Amanda is doodnormaal. Sy wil help en troos, en dit dwing haar in die rigting van Laura.
8. ⑤ Laura is bang. Aan die een kant hoop sy dat dit die regte Jim moet wees. Aan die ander kant sidder sy by die gedagte dat haar droomheld werklikheid moet word.
9. Amanda praat vriendelik, vertroostend.
10. Laura is angstig.
11. Amanda is hulpvaardig. Sy besef dat iets buitengewoons Laura pla. Die blote gedagte dat Laura tog 'n ogie op 'n kêrel het of gehad het, stem haar nuuskierig avontuurlustig.
12. Laura voel onseker.
12. ⑥ Laura praat met baie inspanning. Haar spanning en vrees is voelbaar.

13. ⑦ Amanda reageer streng en vies.
14. Laura sê dit skamerig.
15. Amanda is verbaas en opgewonde.
16. Laura sê dit eenvoudig.
17. ⑨ Amanda is ontsettend teer en bly.
18. Laura is eerlik.
18. ⑩ Juis omdat sy haar gevoel vir die jaarbladheld so lank vertroetel het, is sy onseker nou dat dit op die lappe kom. Sy weet nie hoe om dit te hanteer nie.
19. Amanda praat gerusstellend.
19. ⑪ Amanda sê dit logies en streng.
20. ⑫ Laura stel dit finaal.


- 1 AMANDA ① Ek gaan niks van hierdie lawwigheid verdra nie.//
Ek het nou genoeg gehad van jou en jou broer.// Dus
kan jy maar rustig sit en bedaar totdat hulle kom.//
② Tom het sy sleutel vergeet, /en jy sal die deur moet
oopmaak as hulle kom.
- 2 LAURA (PANIEKERIG) ③ O, Moeder, ek /ma moet die deur
oopmaak!
- 3 AMANDA (LIGHARTIG) ④ Ek is in die kombuis /- besig!
- 4 LAURA Ag, Moeder, /maak asseblief die deur oop.// Moenie dat
ek dit doen nie.
- 5 AMANDA Ek moet die salmvis voorberei. / Gaan so te kere
oor 'n kêrel, /verspottigheid!
⑤ (TOM EN JIM VERSKYN BY DIE BRANDTRAP EN KLIM NA DIE
BORDES. ~~TOE SY HULLE HOOR AANKOM, STAAN SY PANIEKE-~~
~~RIG OP. SY WYK NA DIE GORDYNE. DEURKLOKKIE.~~ klok
LAURA HYG NA ASEM EN SIT HAAR HAND OP HAAR KEEL.
- 6 AMANDA Laura, /maak oop die deur!
(LAURA STAAR NA DIE DEUR SONDER OM TE BEWEEG)
- 7 JIM Ek dink ons is net voor die reën hier.
- 8 TOM M..m..m'. (HY LUI WEER, SENUWEEAGTIG. JIM FLUIT klok
EN SOEK NA 'N SIGARET)
- 9 AMANDA (BAIE OPGEWEK) Laura, /dit is jou broer en mnr.
O'Connor. Maak oop, asseblief.
⑥ (LAURA LOOP NA DIE KOMBUISDEUR)
- 10 LAURA (UITASEM) ⑦ Maak ma tog oop!
(AMANDA KOM UIT DIE KOMBUIS EN KYK KWAAI NA LAURA.
SY WYS BEVELEND NA DIE DEUR)
- 11 LAURA Asseblief! / Asseblief!
- 12 AMANDA (FLUISTER KWAAI) Wat makeer jou, /lawwe ding!
- 13 LAURA (DESPERAAT) Asseblief, maak ma oop / ASSEBLIEF!
- 14 AMANDA Ek het jou gesê ek gaan nie die bog verdra nie.//
Waarom moet jy /nou juis van jou verstand raak?
- 15 LAURA Asseblief, asseblief, asseblief, /gaan ma.
- 16 AMANDA Jy moet oopmaak, /want ek kan nie.



Bewegingskets: toneel 6

Beweging en verhoogactiviteit

- 1.① Amanda draai om by (o). Sy kyk Laura aan.
- 1.② Sy draai weer om en verdwyn in die rigting van die kombuis. Terselfdertyd verskyn Tom en Jim in die gang by (a). Hulle is slegs vir die gehoor sigbaar.
- 2.③ Laura vlug agter haar moeder aan tot gelyk met stoel (k). Sy is onbewus daarvan dat Tom en Jim juis op daardie oomblik in aantog is.
- 3.④ Amanda praat van agter die coulisse uit.
- 5.⑤ Tom en Jim staan op die brandtrap by (d). Terwyl Tom die klokkie lui, kyk Jim van (e) af na die „uitsig" oor St. Louis. Terselfdertyd word Laura bewus van iemand by die voordeur en vlug sy, so vinnig as wat haar been dit toelaat, na haar vicrola (v). Amanda skree vir haar vanuit die kombuis.
- 9.⑥ Laura loop weer terug na die coulisse-opeening voor Tom se divan by (i) waar haar moeder verdwyn het.




10. ⑦ Amanda kom vinnig by die kombuis uit en gaan staan reg voor Laura. Buite voor die deur steek Tom en Jim albei 'n sigaret aan.

Tekslewing en spelmotivering

- 1.① Amanda praat streng.
- 1.② Amanda sê dit heel nugter. Sy probeer Laura oorrede om haar lawwigheid te staak. Dit is interessant om daarop te let dat Tom en Jim juis op daardie oomblik buite sigbaar word - vir die gehoor. Of Laura dit wil aanvaar of nie, haar "Gentleman Caller" gaan hom binne 'n paar oomblikke by haar voordeur aanmeld.
- 2.③ Asof Laura besef wat buite aangaan, raak sy paniekerig.
- 3.④ Amanda is lighartig. Dis juis Amanda se lighartigheid wat Laura verder ontstel. Wat vir haar absoluut 'n saak van lewe en dood is, beskou haar moeder as alledaags. Sy besef nie dat haar moeder dit juis so beplan het dat sy die deur moet oopmaak nie.
4. Laura is pateties en smekend. Die gehoor kom agter dat dit by Laura eg en nie blote aanstellery is nie. By haar is daar werklik 'n onvermoë om die situasie te hanteer.
5. Amanda is nog steeds lighartig.
- 5.⑤ Laura hyg na haar asem as sy die voetstappe hoor. Outomaties vlug sy na haar skuiling by die buffet.
- Tom en Jim praat oor alledaagse dinge op die brandtrap. Terwyl Jim oënskynlik heeltemal ontspanne is, kom Tom ietwat gespanne en geforseerd voor. Hy is nie heeltemal seker wat hom binne te wagte kan wees nie.
6. Amanda praat goehartig maar ferm.
9. Amanda is opgewek. In Suidetradisie is sy reeds besig om die atmosfeer warm en gul te maak.
10. Laura praat uitasem. Sy het teruggehardloop na die kombuis en smeek haar moeder.
11. Laura is pateties, smekend.

12. Amanda se stem klink kwaai.
13. Laura is desperaat.
14. Amanda is besig om opgewonde te raak.
15. Laura is byna van haar verstand af van vrees. Haar hele veilige wêreld word opeens bedreig.
16. Amanda sê dit met finaliteit.


- 1 LAURA Ek ook nie. (MISMOEDIG)
- 2 AMANDA Waarom nie?
- 3 LAURA ^① Ek voel /naar.
- 4 AMANDA Ek is ook naar /- van jou nonsens! // ^② Waarom kan jy en jou broer nie soos normale mense wees nie, /fantastiese giere en gedrag! // (TOM KLOP LANK) Verspotte handelwyse! // Kan jy my net een rede gee / (roep soet uit) Ons kom! / Net 'n oomblik /- waarom is jy bang om 'n deur oop te maak? //
- Toe antwoord my, Laura.
- 5 LAURA ^④ O, /o, o, hemel... (SY KOM TERUG. SPRING NA DIE GRAMMOFOON, BEGIN DIT OPWEN EN LAAT DIT DRAAI.)
- 6 AMANDA Laura Wingfield! / Maak oop die deur!
7. LAURA ^⑤ Ja, /ja....Ma!
- (DIE PLAAT BEGIN SPEEL- KRAPPERIG EN VER WEG. ^⑥ SY SLUIP NA DIE DEUR EN MAAK DIT VERSIGTIG OOP. ^⑦ TOM KOM SAAM MET JIM IN.) slegs gekn
- 8 TOM Laura, /dit is Jim. // Jim, /dis my suster, /Laura.
- 9 JIM ^① Ek het nie geweet Shakespeare het 'n suster gehad nie!
- 10 LAURA (SY TREK STYF EN BEWEND VAN DIE DEUR AF TERUG)
- Bly om jou te ontmoet.
- 11 JIM (STEEK SY HAND GULHARTIG UIT) Ek ook!
- (LAURA RAAK SY HAND SKU AAN)
- 12 JIM Jou hand is koud, Laura.
- 13 LAURA Ja, /ek het grammofoon gespeel. ^⑧
- 14 JIM (STEL NIE BELANG NIE) O ja? ^⑨ (STEEK 'N SIGARET AAN EN LOOP NA DIE VOORDEUR)
- 15 JIM ^⑩ Waarheen gaan jy?
- 16 TOM Ek loop 'n bietjie uit op die terras.
- 17 JIM (LOOP AGTER HOM AAN) ^⑪ Weet jy, Shakespeare, /ek gaan aan jou iets goeds verkoop.
- 18 TOM Wat?
- 19 JIM 'n Kursus wat ek loop.
- 20 TOM Ja?



Bewegingskets: toneel 6

Beweging en verhoogaktiwiteit

- 3.① Laura draai om en loop tot by die koskas (j). Sy staan met haar rug na haar moeder en die gehoor.
- 4.② Amanda gee 'n tree in Laura se rigting.
- 4.③ Amanda kyk oor haar skouer na die voordeur. Sy kyk egter dadelik weer na Laura.
- 5.④ Laura vlug na die buffet. Sy begin dadelik die victrola opwen.
- 7.⑤ Laura sit die naald op die plaat - net 'n gekrap is hoorbaar soos die naald vashaak. Sy draai om en stap stadig na die voordeur. Sodra haar moeder sien dat sy loop, draai sy ook om en verdwyn in die kombuis.
- 7.⑥ Sy is nou by die voordeur en maak die voordeur stadig oop. Die plaat op die victrola bring nog steeds geen klank voort nie - net die geruis soos die naald vasgehaak het.




- 7.⑥ As die deur oopgaan, staan Jim nader. Hy en Tom staan nou albei voor die deur. Tom staan op die trappie by (c) terwyl Jim op die vlak by (d) staan.
- 9.⑦ Jim steek sy hand uit. Met die groet trek hy haar half op die vlak uit. Hyself beweeg skuins voor Tom in. Laura se oë is neergeslaan. Hulle staan reg teenoor mekaar, profiele na die gehoor.
- 13.⑧ Laura trek haar hand los en verdwyn vinnig die woonstel in.
- 14.⑨ Tom laat Jim voor loop tot binne-in die woonstel. Jim gaan staan aan die koppenent van Tom se divan by (i).
- 15.⑩ Sodra Tom in die woonstel is, hoor hy die geruis van die plaat op die victrola. Hy stap vinnig daarheen en gaan staan daarna by die buitedeur (w).
- 17.⑪ Jim volg Tom na die buitedeur.

Tekslewering en spelmotivering

1. Laura is mismoedig.
2. Amanda vra dit agterdogtig.
- 3.① Laura is eerlik. Dit is miskien 'n gekondisioneerde refleks. By vorige geleenthede waar die wêreld vir haar te eng geword het, het sy haar toevlug tot naarheid geneem. Dis nie dat sy dit kan keer nie. Dit is juis die ding: sy kan nie. Die naarheid by haar is die logiese volgende stap.
4. Amanda praat reguit.
- 4.② Nog nooit het sy haar twee kinders gepamperlang nie. Vir haar is dit dus onverklaarbaar dat hulle gedurig agter haar rokpante wil wegkruip. Sy kan nie begryp dat haar kinders mensevrees het nie.
- 4.③ Amanda sê dit stroperig.
- 5.④ Laura is ontsettend benoud. Haar bewegings en aksies by die victrola is gekondisioneerde handelinge. Sy is self nie bewus van wat sy doen nie. As sy by Rubicam se handelskollege 'n victrola gehad het, sou sy heel waarskynlik nie op die vloer opgegooi het nie.
6. Amanda praat skerp en streng. Dis hierdie sterk optrede van Amanda wat Laura help om haarself te dissiplineer.
- 7.⑤ Laura is eerbiedig en onderdanig. Miskien besef sy die waarde van haar moeder se ferm optrede en aanvaar dit as sodanig.
8. Tom is vriendelik maar tog effens gespanne. Hy is nie seker wat sy suster se reaksies gaan wees nie.
- 9.⑦ Jim tree joviaal en warm op. Hy neem die volle inisiatief, en Laura hoef dus self niks te doen nie.
10. Laura se optrede en woorde is sag en skaam.
11. Jim is gulhartig.

12. Jim is reguit en eerlik. Hy is 'n goeie waarnemer en stel baie belang in sy medemens. Hy beroem hom juis daarop dat hy mense beter kan ontleed as wat 'n sielkundige dit kan doen. Later sal haar koue handjie vir hom inpas in die patroon wat hy besig is om inmekaar te voeg.
- 13.⑧ Laura se rede is onduidelik. Sy het die eerste ding wat in haar gedagtes opgekom het, gesê. Vir haar was dit maar net 'n manier om die oomblik agter die rug te kry.
- 14.⑨ Tom is sonder belangstelling. Tog staaf dit sy opvatting dat sy suster anders is.
- 15.⑩ Jim is openhartig.
16. Tom is bruusk en ietwat kortaf.
- 17.⑪ Jim vind dadelik 'n aanknopingspunt en gesels maklik. Dit waarin hy glo, deel hy graag met ander.
18. Tom vra dit agterdogtig: hy is gewoond aan Jim se vertonerige manier.
19. Jim praat positief en selfversekerd.
20. Tom respektvol.

1 JIM In openbare ^{redereëning} (spreekkuns) // ① Jy en ek is nie die pakhuis-
 tipe nie.
 2 TOM Dankie, /dis goeie nuus. // Maar wat het openbare
 toesprake daarmee te doen?
 3 JIM Dit berei jou voor vir /'n uitvoerende pos!
 4 TOM A...a...a...!
 5 JIM Dit het vir my baie beteken.
 6 TOM In watter opsig?
 7 JIM ② In elke opsig! // ③ Vra jouself wat die verskil is tussen
 jou en my en die kerels op kantoor? / Brein? // 0 nee,
 bekwaamheid /nog minder! // Wat dan? // net een klein
 dingetjie.
 8 TOM En wat is daardie een klein dingetjie?
 9 JIM Kortliks kom dit neer op // ④ sosiale houding! // Om in
 staat te wees om op gelyke voet met mense van enige
 sosiale stand te verkeer.
 10 AMANDA (AGTER) TOM.
 11 TOM Ja, Ma.
 12 AMANDA Vra mnr. O'Connor of hy sy hande wil was.
 13 JIM Nee, /nee dankie. Ek het dit al by die pakhuis gedoen. //
 ⑤ Tom?
 14 TOM Ja?
 15 JIM Ons baas het met my oor jou gepraat.
 16 TOM Gunstig?
 17 JIM Wat verwag jy?
 18 TOM Nou ja...
 19 JIM Jy is een van die dae sonder werk as jy nie opskud
 nie.
 20 TOM Ek skud op.
 21 JIM Daar is nie tekens nie.
 22 TOM Ek beplan 'n verandering // ~~HY LEUN OOR DIE RELING EN~~
~~PRAAT MET STILLE OPGEWONDENHEID. LIGTE VAN OORWANT~~
~~DIE STRAAT VERLIG SY GESIG. HY LYK SOOS 'N~~
 SEEREISIGER) ⑥ Ek staan op die punt om 'n toekoms
 te betree wat nie die pakhuis insluit nie, /ook nie
 die baas /of 'n kursus in die spreekkuns nie.



Bewegingskets: toneel 6

Beweging en verhoogaktiwiteit

- 1.① Jim sluit met 'n groot gebaar albei in. Hy en Tom staan langs mekaar - tog effens na binne gedraai, sodat hulle mekaar kan aankyk.
- 7.② Jim stap voor Tom verby in die rigting van die spieël.
- 7.③ Hy draai om sodat hy na Tom kan kyk.
- 9.④ Jim stap vorentoe met sy hande in 'n groot gebaar na voor en na bo gestrek.
- 13.⑤ Jim stap terug, sodat hy weer langs Tom staan. Hy leun teen die kosyn terwyl hy Tom aankyk. Tom staan doodstil terwyl hy oor Jim se skouer in die rigting van die „Paradise Music Hall” staar.
- 22.⑥ Tom gee 'n tree vorentoe. Hy staan nou in die deuropening. Hy staan so dat sy regterprofiel na die gehoor gerig is, en Jim staan half met sy rug na die gehoor.

Tekslewering en spelmotivering

1. Jim is die idealistiese tipe - miskien te idealisties, en daarom bevind hy hom nog in 'n pakhuis as gewone klerk. Hy besef egter en het dit nog altyd besef dat hy nie die pakhuistipe is nie, en dit is daarom dat hy hom verder bekwaam. Eintlik bevind hy en Tom hulle in dieselfde bootjie. Tom soek ontvlugting in die bioskoop; Jim soek dit in buitemuurse kursusse wat hy loop.
2. Alhoewel Tom 'n dromer is, is hy realisties genoeg om te besef dat openbare spreekkuns min met sy pakhuiswerk te doen het.
3. Jim kyk idealisties, ver die toekoms in. Dis die wesenlike verskil tussen hom en Tom en dan ook tussen Tom en sy moeder. Jim en Amanda beplan nou om later die vrugte te pluk. Tom smag nou na die lewe, die vryheid, die avontuur.
4. Tom is belangstellend.
5. Jim doen hom as die wêreldwyse voor. Tog bevind hy hom nog in die pakhuis.
6. Tom is wantrouend.
7. Jim is geesdriftig. Alhoewel Jim nog nie die kloutjie by die oortjie kon bring nie, besef hy alte goed waarom alles gaan. Om in 'n wêreld waar intelligensie en bekwaamheid min tel, hierdie klein dingetjie te bekom, is vir hom lewensbelangrik.
8. Tom word nuuskierig. Tog kan hy al raai wat vir Jim belangrik is. Hy het die benadering en beskouing al vroeër by sy moeder gehoor.
9. Jim klink vernaam en amper plegtig.
10. Amanda roep vriendelik.
- 13.⑤ Jim is geheimsinnig, asof hy Tom in 'n sameswering wil betrek.
14. Tom vra belangstellend.

15. Jim doen hom vernaam voor.

16. Tom stel nie veel belang nie.

17. Jim is logies.

18. Tom sê dit met 'n skouerophaling.

19. Jim praat waarskuwend.

20 Tom is nors. Jim verstaan Tom hier heeltemal verkeerd.


Tom bedoel dat hy ander planne het waarin die pakhuis geen rol speel nie.

21. Jim verstaan Tom verkeerd.

22. Hier kry ons met Tom se idealisme te doen. Omdat sy ideale nader aan verwerkliking staan as wat Jim s'n ooit kan wees, droom Tom nie net meer daaroor nie. Hy gaan al tot die daad oor; trouens, hy het al tot die daad oorgegaan, soos Jim weldra sal hoor.

Dit is ook die verskil tussen Tom en Jim. Waar Jim 'n ekstrovert is wat met sy hart op sy mou rondloop, hou Tom alles binne, en selfs sy moeder is nie van sy planne bewus nie. Waar Tom by die pakhuis as dromer beskou word en Jim as die dader, is dit Tom wat uiteindelik eerste tot die daad oorgaan.

- 1 JIM Waarom droom jy nou?
- 2 TOM Ek is moeg van bioskope.
- 3 JIM Bioskope!
- 4 TOM Ja, ..bioskope!// Kyk na hulle/- (MET PASLIKE GEBAAR VAN
DIE HAND IN DAARDIE RIGTING.) Al daardie spoggerige
mense met hulle soort avontuur - sluk alles vir soet-
koek op!// Weet jy wat gebeur? Mense gaan KYK avon-
tuur in plaas van dit self te belewe.// Die Hollywood-
spelers is veronderstel om al die avontuur te belewe
vir elkeen in Amerika, terwyl elkeen in Amerika in
donker vertrekke sit en kyk hoe hulle dit belewe!//
Ja, totdat daar oorlog kom.// Dan is avontuur beskikbaar
vir die massa.// Elkeen kan dan daarvan geniet - nie
net Clarke Gable nie!//
Dan kom mense die donker vertrekke uit om self avon-
tuur te soek.// Dan is dit ons beurt om na die Suid-
see-eilande te gaan/- om uitheems te wees/- om op
safari te gaan/- ver weg!// Maar ek is nie geduldig
genoeg nie.// Ek is moeg van die aksie van filmsterre
en wil self tot aksie oorgaan.
- 5 JIM (ONGELOWIG) Tot aksie oorgaan?
- 6 TOM Ja.
- 7 JIM Wanneer?
- 8 TOM Baie gou.
- 9 JIM Waar? Waar?
- (MUSIEK SKYN DIE VRAAG TE BEANTWOORD, TERWYL TOM
DAAROO DINK. HY VROETEL IN SY SAKKE.)
- 10 TOM Ek begin hier binne kook// Ek weet julle dink ek
droom, maar hier binne kook dit!// As ek daardie skoene
in die pakhuis optel, dan dink ek hoe kort die lewe
is en wat ek besig is om te doen!// (KRY DIE BRIEF.)
Kyk hier!
- 11 JIM Wat?
- 12 TOM Ek is 'n lid.
- 13 JIM (LEES) Die Unie van Handelsmatrose!
- 14 TOM Ek het hierdie maand my ledegeld betaal in plaas van
die ligterekening.



Bewegingskets: toneel 6

Beweging en verhoogaktiwiteit

- 4.① Tom beduie in die rigting van die „Paradise“.
- 4.② Tom draai weg van die deur af en loop 'n tree of twee vorentoe.
- 10.③ Tom stap verder vorentoe in die rigting van die sofa.
- 10.④ Hy voel in sy binnesak en haal 'n brief te voorskyn. Hy draai om en stap na Jim om hom te wys. Terwyl Jim die brief bestudeer, haal Tom 'n sigaret uit en begin rook.

Tekslewering en spelmotivering

1. Jim vra dit speels. Soos gesê het almal by die pakhuis Tom as 'n dromer beskou.
2. Hierdie woorde onthul Tom se innerlike. Die atmosfeer wat tussen die twee tot stand gekom het, moedig Tom aan om openhartig te wees.
3. Jim begryp dit nie.
- 4.① Hy sê dit afkeurend. Tom, die dromer, het daarin geslaag om dinge na waarde te begin skat. Sy besoeke aan die bioskoop was nie net ontvlugting nie. Dit was ook 'n soeke na die sin van dinge, en Tom se vraende gees het die regte antwoorde ontdek. Hierdie antwoorde sal Amanda en Jim nooit ontdek nie, want hulle stel nie in die vrae belang nie. Hulle maak deel uit van die stille meerderheid wat tevrede is met leunstoelavontuur en -aksie. Avontuur soos "Gone with the Wind" en Clarke Gable is vir hulle genoeg.
- 4.② Tom is ongeduldig, vitaal. Hoe lank vra sy kunstenaarstemperament nie al om tot aksie oor te gaan nie.
5. Jim vra ongelowig.
6. Tom antwoord beslis positief.
7. Jim word nuuskierig. Sulke positiewe denke het hy selfs nie in die spreekkursus teengekom nie en dit allermens by die dromer, Tom, verwag.
8. Tom is nou kalm. Hy besef intuitief dat sy dag vir aksie baie naby is.
9. Jim vra gretig.
- 10.③ Tom bly kalm en beredeneerd. Terwyl ander dromers die tyd omgedroom het, het hierdie dromer die waarde besef van die tyd wat omgedroom word.
- 10.④ Hy is trots. Sy bewys, sy paspoort tot aksie.


11. Jim is nog ongelowig. Hier kom hy met die gedagte om aan Tom iets aan te bied, en nou is dit Tom wat ware aanbied wat die moeite werd is.

12. Tom beweer dit trots en feitelik.

13. Jim lees. 'n Ongelowige uitdrukking kom oor sy gesig.

14. Tom stel dit eenvoudig en saaklik. Geen drome kan waar word as jy nie tot aksie oorgaan nie. Na jarelange wik en weeg het hy uiteindelik so ver gekom om tot die groot stap oor te gaan: om in sy pa se voetspore te volg.


- 1 JIM Jy sal spyt wees as hulle die ligte afskakel.
- 2 TOM Dan is ek al weg.
- 3 JIM Wat van jou ma?
- 26-^{aan} TOM Ek is soos my ¹pa. // Die onverantwoordelike seun/van
~~helder dof~~ 'n onverantwoordelike vader. // ²Kyk hoe grynsag hy //
^{af} En hy is al sestien jaar lank ³weg.
- 5 JIM Jy praat sommer /- babbel net! // Wat sê jou ma daarvan? //
- 6 TOM Sjuut! Hier kom sy! // My ma weet nog nie van my planne nie.
- 7 AMANDA (KOM NA VORE) ³Waar is julle?
- 8 TOM Op die terras, Ma. (HULLE LOOP NA BINNE. SY KOM NA HULLE TOE. TOM IS DUIDELIK GESKOK. SELFS JIM KNIP SY OE. DIT IS DIE EERSTE KEER DAT HY DIE JEUGDIGE LEWENSLUSTIGHEID VAN DIE SUIDELIKE STATE TEENKOM, EN TEN SPYTE VAN SY KURSUS IN SPREEKKUNS IS HY EFFENS ONKLAAR BETRAP DEUR HIERDIE ONVERWAGTE VERTONING VAN SOSIALE SJARME. JIM WIL REAGEER, MAAR SY POGINGS WORD IN DIE WIND GESLAAN DEUR DIE JOLIGE GELAG EN GEBABEL VAN AMANDA. TOM IS DEUR DIE WIND, MAAR JIM REAGEER GESELLIG NA DIE EERSTE SKOK.)
- (~~BEELD : AMANDA AS JONG MEISIE.~~)
- 9 AMANDA (GLIMLAG LOKKEND EN SKUD HAAR RINGE) ³Nou toe, dit is dus mnr. O'Connor. // Dit is byna onnodig om ons voor te stel. // My seun het my so baie van jou vertel. // Ek het later vir hom gesê: /Tom, / waarom nooi jy dan nie hierdie voorbeeldige held uit vir ete nie? // Ek wil graag hierdie gawe jong kêrel uit die pakhuis ontmoet. // In plaas van net te hoor hoe wonderlik hy is. // Ek weet nie waarom my seun so terughoudend is nie, dit klop glad nie met ons gedrag in die Suide nie! // ⁶Kom ons sit, / en /- ek reken ons kan 'n bietjie meer vars lug /nuttig aanwend! // ⁷Tom, laat staan die deur oop. // Hier was netnou so 'n verfrissende windjie. // Waarheen sou dit gewaai het? //



Bewegingskets: toneel 6

Beweging en verhoogaktiwiteit

- 4.① Tom en Jim staan nog steeds by die balkondeure waar hulle Tom se sertifikaat bestudeer het.
- 4.② Tom draai in die rigting van die portret (x), sodat hy nou half met sy rug na Jim staan.
- 7.③ Amanda kom te voorskyn vanaf die coulisse-opeening verhoogregs.
- 8.④ As Tom sy moeder hoor, vat hy gou sy sertifikaat by Jim en steek dit in sy binnebaadjiesak. Nou kom hy sy moeder tegemoet. Toe hy haar sien, gaan hy staan. Selfs Jim is 'n oomblik uit die veld geslaan.
- 9.⑤ Amanda steek haar hand uit na Jim. Hy spring flink vorentoe om die dame van die huis te groet. Tom, wat sy verleentheid moeilik kan verberg, draai om en beweeg tot in die deur met sy rug na sy moeder en die gehoor gekeer. Amanda en Jim staan teenoor mekaar, profiel na die gehoor. Sy kyk laggend op na hom, terwyl hy laggend afkyk na haar.



- 9.⑥ Amanda vat Jim se arm, en saam stap hulle om die sofa om te gaan sit. Jim help haar galant om te sit. Dan gaan sit hy langs haar. Sy sit op (p) en hy op (q) - galant en regop met sy bene ewewydig met die sofa.

Terselfdertyd kom Tom in en begin die deure toemaak.

- 9.⑦ Amanda sien Tom skaars raak, en sy vra hom om die deure oop te laat bly. Hy maak die deure weer oop en bly net so daarin staan terwyl hy sy moeder aanstaar.

Tekslewing en spelmotivering

1. Jim sê dit vermanend.
2. Tom reageer traak-my-nie-agtig daarop.
3. Jim is verbaas.
- 4 ① Tom sê dit spottend. Hier haal hy sy moeder aan, wat hom by so vele geleenthede al vermaan het om soos sy pa te wees.
- 4 ② Tom is ietwat bitter maar tog ook bewonderend. Dat iemand sy verantwoordelikhede net so kan laat vaar en aan die "wonder" gaan, stem hom as pakhuisklerk tot nadenke. Van sy sewende jaar af kyk Tom al in die laggende kavalier vas. In tye van nood en ang moes dit hom tog beïnvloed het. Vir hom was daar dus altyd 'n uitweg: hy kan maar net na sy pa toe gaan. En nou dat hy volwasse is en die implikasie van sy pa se daad besef, keur hy dit af maar bly nog altyd wonder of dit 'n oplossing is. Daarom gaan hy dit op die proef stel.
5. Jim beskou dit as onsin. Hy kan moeilik begryp wat Tom dryf en kan eenvoudig nie verstaan dat Tom so kalm en nugter daaroor kan praat nie. Dis opmerklik dat Jim nie in dieselfde omstandighede as Tom grootgeword het nie.
6. Alhoewel Tom selfversekerd voorgekom het, is hy tog nie so seker van homself nie. Alhoewel sy moeder van sy lidmaatskap van die Unie van Handelsmatrose weet en sy geredelik daarmee saamgestem het, sal sy beslis sy gebruik van die geld vir die elektrisiteitsrekening ten sterkste afkeur.
7. Amanda is gasvry. Sy beplan haar binnekoms sorgvuldig. Soos dit 'n dame - veral van die Suide - betaam, maak sy nie dadelik haar verskyning nie maar kom effens later binne om sodoende aandag vir haar binnekoms op te eis. Dat sy daarin slaag, kan die gehoor veral uit die reaksie van Tom aflei. Soos Tennessee Williams in sy toneelaanduidings voorstel, is hy duidelik geskok oor sy ma se voorkoms. Hy voel absoluut ongemaklik, en die feit dat selfs Jim onkant betrap is, vererger sy ongemaklikheid. Ten spyte van die kursusse wat hy loop, is ook Jim effens op die verkeerde voet betrap, en Amanda se joviale lag en gebabbel haal die wind heeltemal uit sy seile. Dit beteken nie dat daar met Amanda se voorkoms en gedrag iets skort nie.

Dis net dat hulle so 'n outentieke replika van 'n "Suiderskoonheid" nie verwag net nie. Amanda getooi in die gees van haar drome pas nie heeltemal by die St. Louis-werklikheid nie.


9.⑤ Amanda is joviaal. Dat sy haar uitstekend van haar taak kwyd, is sonder twyfel. So vinnig en natuurlik borrel die woorde by haar mond uit dat mens nie anders kan nie as om haar te glo: Ek het die kuns om te gesels verstaan (Regisseurteks: 165).

As sy vir Tom se stugheid in die verlede verskoning maak, meet sy sy gedrag aan Suidelike standaarde.

9.⑥ Amanda tree vriendelik maar baie korrek op. Sy laat haar dit welgeval dat die "Gentleman Caller" haar na die sofa lei.

9.⑦ Amanda is slinks. Sy soek 'n rede vir die manier waarop sy geklee is en vir die ligte ete wat sy as gevolg van armoede noodgedwonge moes voorberei het. So absoluut natuurlik reageer sy op die kwansuise koel luggie wat waai, dat almal dit as logies aanvaar dat haar kleredrag vir die geleentheid geskik is.

- 1 AMANDA Mmmmm, nou al so warm! / En dis nog nie eers somer nie. / Ons gaan skroei 'as die somer regtig hier is. / In elk geval, ons gaan somer. / .somer 'n baie ligte aandete geniet. / Ek dink iets ligs / is die beste vir hierdie tyd van die jaar. / Net soos ligte klere. / Ligte klere / en ligte kos is wat warm weer nodig, het. / Jy weet ons bloed word so dik in die winter / dat dit 'n rukkie duur om ons aan te pas by seisoensveranderinge. // Hiefdie jaar het dit so skielik gekom. / Ek is glad nie voorbereid nie. / Ewe skielik. / .hemel! / Klaar somer! / Ek gaan soek in die koffer en kry hierdie ligte rokkie. / Baie oud! / Byna 'n museumstuk! / Maar dit voel so heerlik en koel...
- 2 TOM ^① Moeder....
- 3 AMANDA ^② Ja, Skat?
- 4 TOM Hoe lyk dit met die ete?
- 5 AMANDA Ag, vra tog jou suster hoe ver sy is. // Jy weet sy berei die ete. // Sê julle hongerige kêrels wag daarvoor. ^③ (AAN JIM) Het jy al vir Laura ontmoet?
- 6 JIM Sy...
- 7 AMANDA Het die deur oopgemaak? O, / dan het julle al ontmoet. // Dit is selde dat so 'n lieflike meisie soos Laura ook huislik is. // Gelukkig is Laura nie net mooi nie, / maar ook huislik. / Ek is glad nie. / Ek was ook nooit! / Ek kon nooit kos voorberei nie, / behalwe so hier en daar 'n eenvoudige koek. // In die Suide het ons ook so baie ^{Swinn} bediendes gehad. // Vervloë, vervloë! Alle oorblyfsels van 'n deftige leefwyse! / Vir altyd verby! / Ek was nie opgelei vir wat die toekoms vir my ingehou het nie. // Al my kêrels was die seuns van groot katoenboere, / en ek het natuurlik aangeneem ek sou met een van hulle trou en 'n gesin grootmaak op 'n groot plaas met 'n oorvloed van bediendes. // Maar die man wik, / en die vrou moet haar skik! / Om die ou gesegde 'n bietjie te wysig! // Ek het nie met 'n ryk boerseun getrou nie, / maar met 'n man



Bewegingskets: toneel 6

Beweging en verhoogaktiwiteit

1. Amanda en Jim sit nog teenoor mekaar op die sofa - sy by (p) en hy by (q). Tom staan agter by die oop deur (w) met sy rug na hulle. Hy is sigbaar nie op sy gemak nie.
- 2.① Tom draai vinnig om en loop na sy moeder.
- 3.② Waar Amanda op die sofa sit, draai sy net haar kop effens agtertoe om te luister wat Tom te sê het.
- 5.③ Tom draai weg en verdwyn in die rigting van die kombuis.
- 5.④ Amanda kyk weer vir Jim. Die res van die gesprek sit hulle so teenoor mekaar.
- 7.⑤ Amanda leun agteroor terwyl sy met albei hande beduie.

Tekslewering en spelmotivering

1. Amanda is openhartig oor ditjies en datjies van minder belang. Sy het egter die gawe om oor die onbeduidendste onderwerpe te praat asof dit sake van wêreldbelang is. Haar geesdrif en lewenslustigheid is egter aansteeklik. Jim luister naderhand nie meer wat sy sê nie, maar hoe sy dit sê en bars kort-kort in 'n lagbui uit.

Tom daarenteen lyk uiters ongemaklik en is van mening dat sy moeder soos 'n gek te kere gaan. Wat hy egter vergeet, is dat Jim ook die ekshibisionistiese tipe is en dus tuis voel by Amanda. Wat vir Tom geforseerd en gemaak voorkom, is absoluut natuurlik en pretensieloos.

2.① Tom voel ongemaklik. Hy is oortuig dat Jim hoegenaamd nie in Amanda se klerekas belangstel nie. Ook Amanda se hantering van hulle gebrekkige bestaan stuit hom teen die bors. Hier is dit hy wat die skyn wil bewaar terwyl Amanda dit doodnugter benader.

3.② Amanda sê dit vriendelik.

4. Tom voel ongemaklik. Hy probeer om die gesprek te beëindig.

5. Amanda is slinks en diplomaties. Op 'n vindingryke wyse vestig sy die aandag op Laura.

5.③ Amanda tree briljant op. Onopsigtelik slaag sy daarin om 'n hegte band te smee. Sy maak almal deel van 'n soort sameswering, en in die gees van die oomblik is almal trots daarop.

5.④ Amanda doen haar baie onskuldig voor. Sy is 'n ideale "koppelaar".

7. Amanda weier om die insisiatief uit haar hande te laat gaan. Haar ophemeling louter sy op 'n slim manier deur haarself af te breek. Maar sy doen dit ook kwalifiserend en met trots. Sy is wat sy is omdat sy aan beter gewoond was.

7.⑤ Amanda sê dit skouerophalend. Op 'n uiters subtile manier slaag sy daarin om Jim te beïndruk, nie alleen met haar herkoms nie maar ook met haar openhartigheid en eerlikheid oor haar skynbaar verkeerde keuse. Sy is waar sy is nie op grond van meriete nie maar as gevolg van die same-

loop van omstandighede.

Hier kry ons 'n voorskou van wat besig is om met Jim te gebeur. As dit van sy verlede en skoolprestasies afhang, moet hy op 30-jarige leeftyd President van Amerika wees. Maar nog steeds poog hy om die onderste vlak te bereik.

Waarvoor Amanda haar beywer het, kry sy op heel maklike manier. Empaties voel Jim hom so een met hierdie vitale dromer dat daar 'n hegte band tussen die twee tot stand kom. Haar droom mag dus bewaarheid word.

AMANDA wat vir 'n telefoonmaatskappy gewerk het.// Daardie
ridderlike laggende heer teen die muur!// (WYS NA
DIE PORTRET.) Ja, 'n telefoonbeampte wat op lang
afstande verlief geraak het.// lang afstande van huis
en haard.// Nou reis hy rond en ek weet nie eers waar
nie!// Maar sal ek net praat oor my.// moeilikheidjies.
Vertel my van joune.// ek hoop jy het nie ..Tom?

TOM (KOM BINNE) Ja, Ma?

AMANDA Is die ete gereed?

TOM Dit wil my voorkom dis reeds op tafel.

AMANDA (SY STAAN NETJIES OP EN KYK DEUR DIE GORDYNE) O dis
mooi! Maar waar is jou/suster?

TOM Laura voel nie lekker nie/en sal liewer nie wil eet
nie.

AMANDA Wat?/ Pure kaf./ Laura?/ Laura!

LAURA (AGTER, SAG) Ja, Ma.


AMANDA Jy moet kom eet./ Ons gaan nie aansit voor jy kom
nie!// Kom mnr. O'Connor.// Sit jy daar/en ek sal,..
Laura?/ Laura Wingfield!!!/ Ons wag vir jou, Skat!/
Ons kan nie bid voor jy kom nie.

(DIE AGTERSTE DEUR WORD STADIG OOPGESTOOT EN LAURA
KOM BINNE; SY LYK BLEEK, HAAR LIPPE BEWE, HAAR OE
STAAR WYD. SY LOOP ONVAS NA DIE TAFEL; BUIITE STEEK
'N SOMERSTORM SKIELIK OP. ~~DIE WIT GORDYN GOLF NA~~
~~BINNE DAAR IS 'N TREURIGE GEMURMER VAN 'N DONKER~~
~~BLOU-SKEMERTE.~~ LAURA STRUIKEL- SY GRYP 'N STOEL MET
'N LIGTE KREUN.)

TOM Laura!

AMANDA Laura!


('N DONDERSLAG)



Bewegingskets: toneel 6

Beweging en verhoogaktiwiteit

- 1.① Amanda draai links om en wys met haar linkerkant in die rigting van die portret (x).
- 1.② Sy draai terug en kyk ver die toekoms in.
- 1.③ Amanda draai skielik na Jim, sodat sy hom reguit aankyk met haar profiel na die gehoor.
- 1.④ Sy draai net so skielik weer weg van hom terwyl sy in die rigting van die kombuis roep.
- 2.⑤ Tom kom binne van die kombuis af.
- 5.⑥ Amanda staan op en stap na die eetkamertafel by (k). Jim staan op en beweeg tot agter die sofa. Ver af is donderweer hoorbaar.
- 9.⑦ Amanda draai na Jim en nooi hom om te kom aansit.
- 9.⑧ Amanda trek vir Jim die stoel by (w) uit, en hy stap tot agter die stoel. Amanda self loop dan na haar stoel (k) toe. Tom stap na sy stoel (l) en gaan staan agter die stoel. Jim stap agter



Amanda aan en trek vir haar haar stoel (k) uit.
Amanda gaan egter nie sit nie en roep na Laura.

- 9.⑨ Laura verskyn vanaf die kombuisopening. Sy loop na stoel (k), en Jim beweeg flink om en trek dit vir haar uit. Voordat sy egter kan plaasneem, val sy flou en 'n donderslag skud die woonstel. Dit begin reën.
- Tom en Jim vang vir Laura.

Tekslewering en spelmotivering

1.① Amanda gaan voort in dieselfde trant as die vorige bladsy. Alhoewel haar man haar verlaat het, verwys sy nog na hom as 'n ridder. Dit plaas die onus van 'n verkeerde keuse nie so sterk op haar nie.

1.② Amanda mymer nabetragtend. Ironies is die feit dat beide haar man en haar seun hulle aksie en avontuur in afstand soek. Dit wat tyd en ruimte hulle nie kan bied nie, word in afstand gesoek, afstande wat hulle wegneem van die een plek waar hulle die meeste aksie en oorwinning kan beleef - hulle huise.

1.③ Amanda sê dit verontskuldigend. Uit die aard van die saak stel sy ontsettend belang in Jim se herkoms. Die feit dat sy hom nie kans gee om sy storie te vertel nie, is bloot omdat sy onthou het dat dit in werklikheid sy is wat vir die aandete moet sorg en nie Laura nie. Van die begin van die stuk af insinueer sy dat Laura vir die etes verantwoordelik is. Vergelyk toneel 1, waar sy aanbied om die bediende te wees. Feit is dat sy altyd bediende is. Soos sy as jongmeisie deur die teenwoordigheid van baie bediendes bederf is, so bederf sy Laura, omdat sy self alles doen. Laura doen niks, omdat sy niks kan doen nie. Sy kan niks doen nie, omdat Amanda haar nooit die geleentheid bied om iets te doen nie.

2.⑤ Tom praat met vraende stembuigings.

3. Amanda vra dit op onskuldige wyse.

4. Tom is taktvol en diplomaties. Met sy antwoord, waarmee hy homself nie kompromitteer nie, probeer hy aansluit by die skyn wat Amanda wil verwek nl. dat Laura vir die ete verantwoordelik was.

5.⑥ Amanda praat gemaak.

6. Tom sê dit gewoonweg. Laura het haar broer opgestook om vir haar verskoning aan te bied.

7. Amanda praat streng.

8. Laura antwoord sag, onderdanig.

9.⑦ Amanda tree gasvry en korrek op.

9.⑧ Amanda is deeglik. Sy bly vriendelik maar met 'n gevaarlike onder-
toon wat sy weer behendig louter met die verskoning dat hulle wil bid.
Die gebed is nie net blote vertoon omdat hulle 'n kuiergas het nie. Ont-
hou moet word dat Amanda na alle waarskynlikheid 'n pastoriedogter was en
soos sy aan alle suidelike gebruike vashou, klem sy ook aan haar Christe-
likheid vas.

9.⑨ Laura lyk ontsettend gespanne en bleek. Die ete lê vir haar soos 'n
berg voor. So erg vind sy dit dat sy flou val.

Die storm wat in haar woed, vind weerkaatsing in 'n donderstorm wat buite
woed.

10.⑪ Amanda en Tom is werklik besorg.

1 AMANDA Jy lyk ongesteld, Skat! / ¹Tom, / help jou suster na die
sitkamer. // Rus bietjie op die sofa, / Laura. // Wel! /
(AAN JIM) Te lank voor die warm stoof gestaan! // Ek
het haar gewaarsku dat dit vanaand te warm is, / maar...
(²TOM KOM TERUG. LAURA SIT OP DIE SOFA.) s Laura
beter?

2 TOM

J.

3 AMANDA Wat is dit? / Reën? / A... / heerlike koel reën. //
(SY KYK BEVREES NA JIM) Ek dink ons kan nou. / die
seën vra.. / (³TOM KYK HAAR ONNOSEL AAN)

Tom, ou seun... / sal jy vir ons bid?


4 TOM

⁴O...!

~~f + c - a~~ (HULLE BUIG HUL HOOFDE AMANDA LOER SENUWEEAGTIG NA
JIM. OP DIE SOFA LÊ LAURA UITGESTREK EN HOU HAAR
HAND VOOR HAAR MOND OM TE KEER DAT SY NIE HUIL NIE)...
~~se en s. Lof en dank....~~"

Sikloramaliqte bly brand.
(VERHOOG VERDONKER)

GORDYN



Bewegingskets: toneel 6

Beweging en verhoogaktiwiteit

- 1.① Tom help Laura tot by die sofa, waar sy met haar kop by (p) gaan lê. Hy tel haar voete op en sit hulle saggies by (q) neer. In die tussentyd het Amanda en Jim hulle plekke ingeneem, en Amanda praat met Jim.
- 1.② Nadat hy Laura gemaklik gemaak het, kom Tom terug tafel toe en neem sy plek in.
- 1.③ Amanda kyk Tom aan.
- 3.④ Amanda kyk op boontoe. Tom en Jim volg haar voorbeeld. Dit reën.
- 3.⑤ Amanda kyk Tom aan.
- 4.⑥ Tom laat sy kop sak. Amanda en Jim volg sy voorbeeld. Voordat Tom egter die tafelgebed kan doen, doof die lig in die woon- en eetvertrek stadig uit. Saam met die ligte doof ook die reën uit.

Tekslewering en spelmotivering

1.① Amanda is ontsteld. Sy praat verontskuldigend met Jim. Sy gebruik hierdie dramatiese oomblik om weer eens te beklemtoon hoe 'n flukse kind Laura is.

1.② Laura lê heeltemal oorbluf op die sofa. Sy vind dit moeilik om haar trane te bedwing. Tom voel bekommerd.

1.③ Amanda is bekommerd.

3.④ Amanda is gespanne. Almal geniet die reën. Dit blyk dat alhoewel hulle gedurig voorgee dat hulle die seën aan tafel vra, hulle dit tog selde doen.

Sy betrap Tom onkant, en 'n oomblik lank is hy oorbluf. Ook Amanda kan die situasie nie red nie, en daarom hoop sy dat Jim niks agterkom nie.

SEWENDE TONEEL

('N AANDENKING. 'N HALFUUR LATER. DIE ETE IS NET AFGELOOP
~~IN DIE AGTERSTE DEEL VAN DIE TOEGETREKTE GORDYNE.~~ LAURA LÊ
 NOG OP DIE SOFA, HAAR VOETE ONDER HAAR INGETREK. HAAR KOP OP
 'N LIGBLOU KUSSING, HAAR OË WYD OOP EN VOL GEHEIMSINNIGE
 WAAKSAAMHEID. DIE NUWE STAAANLAMP, MET SY SKERM VAN ROOS-
~~kleurige sy laat 'n sagte, paslike lig op haar gesig skyn,~~
 WAT HAAR TINGERIGE BOOAARDSE SKOONHEID LAAT VERTOON. DIE REËN
 VAL SAGGIES BUIITE MAAR VERMINDER EN STAAK KORT NA DIE TONEEL
 BEGIN HET. DIE LUG BUIITE KRY 'N BLEEKGEEL SKYNSEL VAN DIE
 OPKOMENDE MAAN. 'N PAAR OOMBLIKKE LATER FLIKKER DIE LICTE EN
 GAAN DOOD.) *Siklorama ligte bly brand.*

1 JIM En wat nou?

(AMANDA LAG SENUWEEAGTIG)

2 AMANDA Waar was Moses toe die ligte dood was? / Ha-ha. / Weet
 jy wat die antwoord is, mnr. O'Connor?

3 JIM Nee, Mevrouw, / wat is dit?

4 AMANDA In die duisternis!

(JIM LAG WAARDEREND)

① Sit julle almal stil. // Ek sal gou kerse opsteek. //
 Gelukkig staan hulle sommer op die tafel. Het julle
 vuurhoutjies?

5 JIM ② Ja, hier is.

6 AMANDA Baie dankie. // Die smeltdrade het seker gebrand. // Mnr.
B-dof aan O'Connor! weet jy iets van smeltdraad. // Ek weet niks,
 en Tom is hopeloos waar dit masjinerie betref. // *(aangaan)*


~~(GELUID VAN PERSONE WAT OPSTAAN EN STEMME WAT NA
 DIE KOMBUIS BEWEEC)~~ ③

A-af stamp nie. // Ons wil nie hê dat ons gas sy nek breek
Donwe gbed nie. // Sal dit nie 'n affêre wees nie, hê!

7 JIM Ha-ha. Waar is die smeltdraad?

8 AMANDA Hier, / langs die stoof. // Kan jy iets sien?

9 JIM Wag net 'n bietjie.



Bewegingskets: toneel 7


Beweging en verhoogaktiwiteit

Tydens die oorgang van toneel 6 na toneel 7 vind daar geen verandering op die verhoog plaas nie. Behalwe dat die verdonkering die einde van toneel 6 aandui, suggereer dit 'n tydsverloop waarin daar op die verhoog klaar geëet is. As die ligte dus vir toneel 7 in die eet- en woonvertreкке aankom, het Amanda, Tom en Jim so pas klaar geëet. Laura lê nog net so op die sofa soos wat Tom haar neergelê het. Die lamp (z) wat Amanda vir die okkasie gekoop het, gooi 'n sagte skynsel oor haar gesig.

Buite teen die siklorama kan mens dink dat die maan so pas na die reën opgekom het.

Skielik flikker die ligte in die woonstel en gaan dan dood. Al wat die gehoor kan sien, is die silhoeëtte van die drie om die eettafel teen die verligte siklorama.

1. Almal aan tafel bly net so sit.
- 4.① Amanda skuif haar stoel terug en in die lig wat van buite in die woonstel val, soek sy na die kerse wat in 'n kandelaar op die tafel staan.



- 5.② Jim staan op, haal vuurhoutjies uit sy sak en oorhandig dit aan Amanda. Amanda steek albei die kerse aan.
- 6.③ Met die kandelaar in die hande gaan Amanda voor na die kombuis. Agter haar volg Jim en dan Tom. Laura bly alleen agter op die sofa. Die lig wat van die siklorama deursyfer, verleen aan haar 'n tingeringe boordse skoonheid.
- 7.④ Die dialoog vind af van die verhoog af plaas. Die stemme kan duidelik gehoor word, en die kerslig gooi groteske skadu's in die eetkamer.

Tekslewering en spelmotivering

Met die ete so pas klaar lê 'n heerlike aard voor. Amanda is die ene afgagting. Sy hoop dat die aand, wat taamlik chaoties begin het, beter sal verloop. Tom weet nie wat om te verwag nie en het heel waarskynlik opdrag van sy moeder gekry om hom skaars te hou. Hy is aangesê om haar met die skottelgoed te help. Laura lê nog steeds op hete kole. Haar onvermoë om te bepaal wat op haar wag, maak haar buitengewoon attent en waaksaam.


Jim is skynbaar die enigste wat die onderstrominge nie voel nie. Hy is uitgenooi na 'n ete en om te kuier, en dit is wat hy gaan doen.

En toe speel die ligte saam. Miskien is dit 'n bedekte seën. Kerslig is baie romantieser as elektriese lig, en nou het Amanda in elk geval 'n verskoning om haar kerse aan te steek.

Vir Tom en Jim was die rede vir die kragonderbreking natuurlik bekend. Albei het geweet dat die Unie van handelsmatrose nie ligterekening's betaal nie.

1. Jim is aanvanklik verbaas.
2. Amanda is senuweeagtig. Sy kom egter haar benoudheid te bowe en is dadelik geestig daaroor.
3. Jim speel saam.
4. Amanda is grappig, en Jim lag waardierend.
5. Jim is hulpvaardig.
6. Amanda praat verskonend. Dadelik benut sy die situasie en betrek Jim. Sy maak die band tussen hulle en Jim al hoe hechter. Sy belangrikheid word deur haar geaksentueer.
7. Jim voel dan ook belangrik.
8. Amanda reageer gretig. Sy hoop dat hy die fout sal ontdek. Dit sal aan hom 'n betrokkenheid gee wat hy nie sommer maklik sal afskud nie.
9. Jim speel saam. Alhoewel hy weet dat die fout nie by die smeltdrade lê nie, speel hy saam om Tom te beskerm en omdat hy hierdie situasie geniet.

- 1 AMANDA Elektrisiteit is darem 'n misterieuse ding.// Dit was mos Benjamin Franklin wat 'n sleutel aan 'n vlieër vasgemaak het.// Ons lewe darem in 'n geheimsinnige heeal!// Mense sê dat die wetenskap al die geheime kan oplos, maar dit lyk vir my hulle skep nog meer!// Het jy die fout gekry?
- 2 JIM Nee, Mevrouw, al hierdie smeltdrade is in orde.
- 3 AMANDA Tom!
- 4 TOM Ja, Ma?
- 5 AMANDA Daardie ligterekening wat ek jou 'n paar dae gelede gegee het.// Die een met die finale kennisgewing by..
- 6 TOM O..ja.
- 7 AMANDA Jy het nie miskien vergeet om dit te betaal nie?
- 8 TOM Ek het....
- 9 AMANDA Dit nie betaal nie.// Ek kon dit dink!
- 10 JIM Shakespeare het waarskynlik 'n gedig op daardie rekening geskryf.
- 11 AMANDA Ek moes beter geweet het as om dit aan hom toe te vertrou.// Nalatigheid kos so baie in die wêreld!
- 12 JIM Miskien wen sy gedig darem 'n prys van tien dollars.
- 13 AMANDA Wel / die res van die maand sal ons maar in die negentiende eeu moet deurbring/voordat Edison gloeilampies uitgevind het.
- B-dof aan
- 14 JIM Ek verkies eintlik kerslig.
- 15 AMANDA Dit toon jou romantiese neigings, maar dit is nog geen verskoning vir Tom nie.// Nou ja, ons is darem klaar met die ete.// Dit was tog regtig bedagsaam van hulle om te wag totdat ons klaar geëet het/voordat hulle ons in die ewige duisternis gewerp het,/ nê, mnr. O'Connor?
- 16 JIM Ha-ha.
- 17 AMANDA Tom, as straf vir jou agterlosigheid kan jy my help met die skottelgoed.
- 18 JIM Laat ek u help.
- 19 AMANDA Natuurlik nie!



Bewegingskets: toneel 7

Beweging en verhoogaktiwiteit

- 1-12 Die dialoog word nog steeds in die coulisse gevoer, waar daar na die gebrande smeltdraad gesoek word. Soos die van die vorige bladsy kan mens elke woord hoor wat hulle sê. Laura lê nog steeds roerloos op die sofa.
- 13.① Amanda verskyn met die kandelaar en twee kerse in die eetkamer. Sy loop tot agter haar stoel by (k). Jim volg haar en gaan staan langs sy stoel (n).
- 17.② Tom verskyn in die eetkamer. Hy stap in die rigting van sy stoel by (l). Amanda begin die skottelgoed op die skinkbord pak.
- 18.③ Jim help haar met die skottelgoed. Tom begin ook help.
- 19.④ Amanda vat die skottelgoed uit Jim se hande en druk hom ietwat weg van die tafel.

Tekslewing en spelmotivering

1. Alhoewel sy nie vir die gehoor sigbaar is nie, is Amanda nog steeds die bedagsame gasvrou. Sy babbel voort asof niks gebeur het nie. Sy vertel met inlewing aan die twee here wat sy van die wetenskap dink en weet.
2. Jim sê dit asof hy dit self nie kan glo nie.
3. Amanda is agterdogtig. Sy is dadelik op die spoor.
4. Tom antwoord heel onskuldig.
5. Amanda stel dit vraend. Sy omskrywe eksplisiet wat sy wil weet.
6. Tom voel ongemaklik.
7. Amanda sê-vra.
8. Tom begin huiwerend antwoord:
9. Amanda voltooi sy sin. Sy het lankal 'n vermoede dat Tom iewers geld vandaan moes gekry het om by die Unie van handelsmatrose te kon aansluit. Sy het nou sy bron van inkomste ontdek.
10. Jim terg hom. Op 'n geestige manier hou Jim die atmosfeer gemaklik en ontspanne.
11. Amanda is spyt. Subtiel betig sy vir Tom.
12. Jim merk dit skertsend op.
13. ① Amanda is baie nugter. Gelukkig kan sy die snaakse en romantiese in die situasie raaksien. Vir die res van die maand sal hulle lewe deur kerse verlig word.
14. Jim speel saam.
15. Amanda heg dadelik haar eie interpretasie aan sy reaksie - dit pas pragtig in haar plan. Sy aanvaar ook laggend die geluk by die ongeluk.

16. Jim lag heerlik saam. Sy het tot dusver daarin geslaag om hom die hele aand kalm en ontspanne te hou.


17.② Amanda betig Tom ligweg. Sy kry ook 'n rede om Tom uit die geselskap te kry.

18.③ Jim is hulpvaardig.

19. Amanda weier beslis. Behalwe dat besoekers volgens Suidetradisie nie in die huis help nie, beplan sy iets heeltemal anders vir Jim.

1. JIM Ek kan darem seker iets doen?
2. AMANDA ^①Darems iets doen? / Jy? / Hemel mnr. O'Connor, / niemand, / niemand het my soveel genot verskaf gedurende die afgelope jare ... / soos jy vanaand nie!
3. JIM Ag nee wat, / mevrou Wingfield!
4. AMANDA Ek oordryf nie / nie in die minste nie! // ^②Laura is egter alleen. // Gaan gesels jy maar so bietjie met haar. ^③Ek sal vir julle hierdie pragtige ou kandelaar gee wat vroeër op die altaar van 'n kerk gestaan het. // Dit is so bietjie misvorm deur die hitte toe die kerk afgebrand het. Die weerlig het die kerk aan die brand geslaan. // Gypsy Jones / het destyds spesiale evangeliedienste gehou, en hy het te kenne gegee / dat die weerlig die kerk getref het omdat die lidmate te veel kaart gespeel het.
5. JIM Ha-ha.
6. AMANDA ^④Probeer om Laura oor te haal om so 'n bietjie wyn te drink. // Ek dink dit sal haar goed doen. // Kan jy alles dra?
7. JIM ^⑤Maklik, / ek is Superman!
8. AMANDA ^⑥Nou toe Thomas, / klim in hierdie voorskoot.
(DIE DEUR VAN DIE KOMBUIS GAAN TOE OP AMANDA SE OPGEWEKTE LAG. 'N FLIKKERENDE LIG KOM ^⑦AGTER DIE GORDYN NADER. LAURA SIT SENUWEEAGTIG REGOP TOE JIM INKOM. HAAR SPRAAK IS AANVANKLIK SAG EN HYGEND AS GEVOLG VAN DIE SPANNING OM ALLEEN MET 'N VREEMDELING TE WEES. JIM SE HOUDING IS OPGEWEK EN EFFENS LAGWEKKEND. IN HIERDIE TONEEL MOET NADRIK VAL OP DIE FEIT DAT TEN SPYTE VAN DIE SKYNBARE ONBELANGRIKHEID DAARVAN, SOOS DEUR JIM SE HOUDING GEOPENBAAR, DIT VIR LAURA DIE HOOGTEPUNT VAN HAAR GEHEIME LEWE IS.)
9. JIM Hullo. / ^⑧Laura.
10. LAURA (SAG) Hullo.
11. JIM Voel jy nou beter?
12. LAURA Ja, / ja....dankie!


B - stadig af
C - stadig aan



Bewegingskets: toneel 7

Beweging en verhoogaktiwiteit

- 2.① Amanda beweeg tot by Jim. Sy staan reg teenoor hom en kyk op na hom. Albei staan met profiel na die gehoor.
- 4.② Amanda kyk verby Jim na waar Laura nog steeds op die bank lê. Tom is intussen besig om die tafel af te dek. Skynbaar het hy geen belang by wat sy ma besig is om te doen nie; tog luister hy onderlangs na alles wat hulle sê.
- 4.③ Amanda leun oor die tafel om die kandelaar by te kom. Dan gee sy dit vir Jim nadat sy dit beskryf het.
- 6.④ Amanda skink nog 'n glasie wyn en oorhandig dit ook aan Jim.
- 7.⑤ Jim steek albei hande uit om te wys hoe maklik hy dit kan hanteer.
- 8.⑥ Amanda draai om, vat nog een en ander wat Tom nie afgedek het nie, en sy en Tom verdwyn in die rigting van die kombuis. Tom dra die skinkbord met skottelgoed.
- 8.⑦ Jim stap met die kandelaar in sy een hand en die wyn-



kelkie in die ander na die sofa waarop Laura lê.
 Soos hy met die kerse stap, doof die lig in die eet-
 kamer uit en in in die woonkamer.

- 10.⑧ Laura sit regop op die sofa by (q). Sy kyk voor haar
 op die mat.

Tekslewing en spelmotivering

1. Jim is altyd hulpvaardig. Hy aanvaar dit as vanselfsprekend.
- 2.① Amanda is geskok. So iets bestaan nie. Behalwe dat dit nie etiket is nie, sou dit afbreuk doen aan die genot van die aand. Sy het in geen jare iemand ontvang nie, wat staan nog sy geselskap geniet. In die Suidelike landelike waar Amanda grootgeword het, het besoeke by die lewenspatroon ingepas. In die gejaagdheid van die grootstad het die mens skaars tyd vir homself.
3. Jim is nederig en op sy plek.
4. Amanda bedoel dit opreg.
- 4.② Amanda is doodnatuurlik.
- 4.③ Amanda is bedagsaam. Die besonderhede wat sy noem, betrek Jim nouer by hulle lewe. Amanda se hele lewe is gebaseer op herinnering, en dan nie net op groot gebeure nie maar juis ook op die klein gebeurtenisse in haar lewe. Met soveel oorgawe verhaal sy gebeurtenisse dat die kleinste ou dingetjie formidabele status en omvang kry.
5. Jim lag geamuseerd. Dis veral sy natuurlike reaksie wat Amanda en teweens seker alle meisies so aangenaam vind.
- 6.④ Amanda voer haar eie planne deur. So natuurlik span sy hom in dat hy willens en wetens 'n betrokke word.
- 7.⑤ Jim speel saam. Hy geniet dit.
- 8.⑥ Amanda is hoog in haar skik. Selfs nadat sy die verhoog verlaat het, vul haar opgewekte lag die hele woonstel. Tom is heeltemal neutraal en passief en laat hom deur sy moeder lei.
- 8.⑦ Jim is afwagter. Laura soveel te meer. By Jim is daar min of geen spanning nie. Hy is heeltemal onbewus van

sy en Laura se vorige verbintenis. Omdat hy haar ook destyds as 'n gewone medeskolier beskou het, sal hy nie gespanne wees nie, al onthou hy van haar. Daarteenoor is dit Laura se droomheld wat hier na haar toe aangestap kom. Vir enige mens - om van Laura nie te praat nie - sou spanning en onsekerheid 'n normale en logiese reaksie wees. Vir haar is hierdie ontmoeting dusver die belangrikste gebeurtenis in haar lewe, terwyl dit vir Jim net 'n blote sosiale voorval skyn te wees.


9. Jim voel onseker. Sy onsekerheid is te wyte aan die feit dat hy nie weet of sy al oor haar floute is en of sy dalk lê en slaap nie.

10.⑧ Laura antwoord sag en baie onseker.

11. Jim is joviaal.

12. Laura is nog steeds gespanne en onnatuurlik.


1. JIM ① Dis joune../..so 'n bietjie wyn. (HY GEE DIT VIR HAAR MET 'N OORMAAT VAN GALANTERIE.)
2. LAURA ② Dankie.
3. JIM Drink dit../. maar moenie dronk word nie. (HY LAG HARTLIK. LAURA VAT DIE GLAS MET ONVASTE HAND.) ③ Waar moet ek die kerse sit?
4. LAURA ④ O../o...., enige plek.
5. JIM Hoe lyk dit hier op die vloer,/ of het jy beswaar?
6. LAURA Nee.
7. JIM ⑤ Ek sal 'n koerant onder sit om die kerswas te keer.// Ek hou daarvan om op die vloer te sit./ ⑥ Gee jy om as ek dit doen?
8. LAURA Nee,/glad nie.
9. JIM ⑦ Gee my 'n kussing,/asseblief.
10. LAURA 'n Wat?
11. JIM 'n Kussing!
12. LAURA O!(GEE HOM HAASTIG EEN)
13. JIM Wat van jou?/ Wil jy nie op die vloer sit nie?
14. LAURA ⑧ O../..ja.
15. JIM Waarom doen jy dit dan nie?
16. LAURA Ek sal.
17. JIM Vat 'n kussing.// ⑨ LAURA DOEN DIT. SIT AAN DIE ANDE KANT VAN DIE KANDELAAR. JIM KRUIS SY BENE EN GLIMLAG GENOEGLIK VIR HAAR.) Wk kan jou amper nie daar sien nie.//
18. LAURA Ek kan jou sien!
19. JIM Ek weet,/maar dis nie reg nie../..ek is in die kalklig. // ⑩ (LAURA SKUIF HAAR KUSSING NADER) Mooi so! / Nou kan ek jou sien! / Voel jy gemaklik?
20. LAURA Ja, dankie.
21. JIM Ek ook.// So gemaklik soos 'n koei. // Wil jy kougom hê?
22. LAURA Nee dankie.
23. JIM ⑪ Ek dink ek sal,/as jy nie omgee nie.// (DRAAI DIE KOUGOM GEAMUSEERD OOP EN HOU DIT OP) Dink aan die fortuin ⑫



Bewegingskets: toneel 7

Beweging en verhoogaktiwiteit

- 1.① Jim bied Laura die wyn aan.
- 2.② Laura vat die wyn by hom sonder om hom in die oë te kyk.
- 3.③ Jim kyk rond na 'n plek waar hy die kerse kan sit.
- 5.④ Jim buk waar hy staan, en sit die kerse voor die sofa op die mat by (r) neer.
- 7.⑤ Hy vat 'n koerant wat op die tafeltjie by (s) lê, en sit dit onder die kersy by (r). Hy trek sy baadjie uit en hang dit oor die leuning van die sofa.
- 7.⑥ Jim gaan sit plat op die mat terwyl hy na Laura kyk. Laura kyk nie een oomblik weg van hom nie.
- 9.⑦ Jim steek sy hand na Laura uit.
12. Laura gee vir Jim 'n kussing aan.
- 16.⑧ Laura staan op van waar sy op die sofa by (a) gesit het.
17. Sy vat 'n kussing en gaan sit op die ander punt van die mat. Die blaker met die kerse staan tussen hulle. Laura sit met haar bene skuins onder haar ingetrek. Jim sit met sy bene voor hom gevou.



19.⑨ Laura skuif haar kussing sodat sy nader aan Jim sit.

23.⑩ Jim buig agteroor en haal kougom uit sy baadjiesak.

23.⑪ Hy hou die papiertjie hoog op met sy regterhand
terwyl hy daarna kyk. Laura kyk saam met hom.

Tekslewing en spelmotivering

- 1.① Jim is oormatig galant.
- 2.② Laura reageer skaam.
3. Jim tree grappig op. Sy lekker los manier van praat laat Laura al hoe meer uit haar dop kruip.
4. Laura is nog skaam.
- 5.④ Jim sê-vra dit doodgewoon.
6. Laura antwoord vinnig.
- 7.⑤ Jim babbel aanmekaar. Al die inisiatief kom van hom. Tog betrek hy Laura op 'n maklike, ontspanne manier. As hy van Laura se spanning bewus is, wys hy dit glad nie.
- 7.⑥ Jim tree vriendelik en innemend op.
8. Laura is nou ook vriendelik.
- 9.⑦ Jim betrek Laura al hoe meer.
10. Laura raak al hoe meer ontspanne.
13. Jim moedig Laura aan. Tot sover het die gesprek so maklik en natuurlik ontwikkel dat dit heel logies en natuurlik lyk dat die twee langs mekaar op die mat sit.
14. Laura voel tog ietwat onseker.
15. Jim handel positief, asof hy alle huiwering wat by haar is, wil wegvee.
- 16.⑧ Laura reageer onderdanig.
17. Jim tree op asof dit sy huis is. Hy is so tuis en gemaklik dat Laura nie anders kan as om dieselfde te doen nie. Deurgaans moedig hy haar aan. Hy is bly dat sy gaan sit het, maar nog nie heeltemal tevrede nie. Hy is eerlik, openhartig en baie impulsief.

18. Laura is nogal gevat. Sy is al heelwat meer ontspanne . Sy het nie alleen die eerste oomblikke geslaagd oorleef nie, maar sy het al selfs die oomblikke geniet.

19. Jim is nog nie heeltemal tevrede nie.

19.⑨ Jim sê dit bemoedigend. Hy is egter nog besorg oor Laura.


20. Laura reageer nou vriendelik.

21. Jim is ontspanne.

23.⑩ Jim is nog steeds doenig.

23.⑪ Praat is maklik vir hom. Hy verstaan die kuns om oor enigiets sy gedagtes uit te spreek. Dit toon dat hy geheel en al ontspanne is en dat hy ongeïnhibeerd is. Alhoewel dit by hom baie om die „ek" gaan, is sy aksies en dade pretensieloos. Hy is selfversekerd sonder om te dominerend te wees. Dit is net genoeg om die dame te laat ontspan en te laat besef dat sy met 'n meerdere te doen het wat die reëlings sal tref. Sy kan bloot dametjie wees - die heer sal verder sorg.

1. JIM wat die vent gemaak het wat die eerste
 stukkies kougom uitgevind het.// Verbasend, nê?/
 Die Wrigley-gebou is een van die belang=
 rikstes in Chicago./ Ek het dit verlede somer
 gesien toe ek na die skou was. Het jy die skou
 gesien?
2. LAURA Nee,/ ek het nie.
3. JIM Dit lyk my jy is nog van die ou tipe// Wel,/ dis
 goed om so te wees.// Ek hoop nie jy dink ek is
 te persoonlik nie!
4. LAURA (HAASTIG - MINDER VERWARD) Ek dink ek sal tog
 kougom neem/- as jy nie omgee nie. (MAAK KEEL
 SKOON) Mnr. O'Connor, het jy voortgegaan met
 jou sang?
5. JIM Sing?/ Ek?
6. LAURA Ja,/ ek onthou hoe 'n mooi stem jy gehad het.
7. JIM Wanneer het jy my gehoor sing?
 (STEM SING AGTER IN DIE POUSE)
8. JIM Jy sê jy het my gehoor sing!
9. LAURA O,/ja! Ja../dikwels....Ek glo nie jy onthou my nie
10. JIM (GLIMLAG TWYFELAGTIG) Jy weet,/ek het 'n idee
 dat ek jou vantevore gesien het.// Toe jy
 die deur oopmaak,/het ek al so 'n idee gehad.//
 Jou naam het my amper bygeval.// Maar die naam
 wat op my tong was,/was nie Laura nie.// Toe
 het ek gedink ek begaan 'n fout.
11. LAURA Was dit nie../..Blou Rosie nie?
12. JIM (SPRING OP GRYNLAG) Blou Rosie,/my liewe tyd
 ja,/Blou Rosie,/dit was op my tong toe jy die
 deur oopgemaak het.// Is dit nie snaaks hoe "n
 mens se geheue werk nie?// Ek het jou nie in
 verband met ons hoërskool gebring nie.// Maar dit
 is waar ek jou geken het/- op hoërskool.// Ek
 het nie eers geweet jy is Shakespeare se suster
 nie./ Ai../....ek is jammer!
13. LAURA Ek het nie verwag jy sou my onthou nie/- jy het
 my skaars geken.
14. JIM Maar ons het darem met mekaar gepraat!
15. LAURA Ja,/ons het.



Bewegingskets: toneel 7

Beweging en verhoogaktiwiteit

- 1.① Jim laat sak sy hand waarin hy die kougompapiertjie vasgehou het.
- 1.② Jim kyk Laura aan.
- 3.③ Jim kyk voor hom.
- 4.④ Jim reik na sy baadjie om nog 'n stukkie kougom uit te haal.
- 5.⑤ Jim kyk na Laura. Sy is besig om die papiertjie van die kougom te haal.
- 9.⑥ Laura kyk voor haar op die mat.
- 11.⑦ Laura kyk Jim aan.
- 12.⑧ Jim sit skielik regop.


Tekslewering en spelmotivering

1. Jim gesels gemaklik en onderhoudend.
- 1.② Hy poog telkemale om Laura te betrek.
2. Laura raak meer op haar gemak.
- 3.③ Jim praat impulsief en persoonlik. So slaag hy daarin om deur Laura se front te breek.
4. Laura is minder verward en selfs vrymoedig. So op haar gemak is sy dat sy die kwessie van die hoërskool begin ophaal.
5. Jim reageer uiters verbaas.
6. Laura praat vrymoedig en aangenaam. Die ys is gebreek en sy begin haar deel tot die gesprek bydra. Inderdaad het sy die inisiatief oorgeneem.
7. Jim klink twyfelagtig. So 'n skielike verandering en metamorfose het hy nie verwag nie. Skaars 'n paar minute gelede het hy nog gedink dat sy een van die ou soort is.
9. Laura is 'n bietjie van stryk, tog, soos haar ma, eerlik en openhartig.
10. Jim glimlag twyfelagtig. Hy het die meisie voor hom nooit aan die naam Laura gekoppel nie.
11. Laura sê dit hoopvol. Dit is haar troefkaart. Die bynaam het sy oor die jare vertroetel.
12. Jim is bly en uit die veld geslaan. Hierdie ontdekking is vir hom voorwaar aangenaam, nie alleen omdat Laura Tom se suster is nie maar ook omdat hierdie skaam meisie 'n skakel met sy hoërskooldae is.
13. Laura is baie eerlik en openhartig. Dit is hierdie openhartigheid wat van Laura 'n aanvallige afhanklike maak. 'n Mens kry intuïtief die gevoel dat jy haar wil beskerm.
14. Jim sê /

14. Jim sê dit hoopvol en probeer daarmee vergoed vir die skande dat hy haar nie herken het nie.

15. Laura is bly. Dis juis omdat hierdie hoërskoolseun toentertyd so openhartig met haar gepraat het dat sy hom onthou het en haar gedagtes oor hom so vertroetel het. As gevolg van haar teruggetrokkenheid het sy min of geen vriende gehad nie, en sal sy dan die enkeling wat met haar gesels en haar selfs 'n bynaam gegee het, vergeet en vergeet dat hulle met mekaar gepraat het?

1. JIM Wanneer het jy my herken?
2. LAURA O, /dadelik!
3. JIM Net toe ek by die deur inkom?
4. LAURA Toe ek jou naam gehoor het, /het ek vermoed dat dit jy kon wees. // Ek het toe geweet Tom het jou op hoërskool effens geken. // ²Toe jy binnekom, het ek jou dus /dadelik herken.
5. JIM Hoekom het jy dan niks gesê nie?
6. LAURA (HYGEND) ³Ek het nie geweet wat om te sê nie. / Ek was te verras.
7. JIM Liewe tyd, /...jy weet, /dit is nou regtig snaaks.
8. LAURA Ja, /ja, is dit nie?
9. JIM Het ons nie een of ander klas saam gehad nie?
10. LAURA ⁴Ja, ons het.
11. JIM Watter klas?
12. LAURA Sang, /...koorsang in die groot saal!
13. JIM O, ja.
14. LAURA Maandae, Woensdae en Vrydae.
15. JIM ⁵Nou onthou ek. // Jy het altyd laat gekom.
16. LAURA Ja, /ek het gesukkel om die trap op te kom. // Ek het nog daardie beenstut gedra, /...en dit het so hard gestamp.
17. JIM Ek het nie 'n stampery gehoor nie.
18. LAURA (KRY SEER BY DIE GEDAGTE DAARAAN) Vir my het dit soos donderweer geklink.
19. JIM ⁶Nou toe nou, /en ek het dit nooit eers opgemerk nie.
20. LAURA Almal het al gesit voordat ek ingekom het. // Ek moes voor almal in die gangetjie afstap. // My sitplek was in die laaste ry. // Ek moes stamp-sta daar af met al die oë op my gerig.
21. JIM Jy moes nie selfbewus gewees het nie.
22. LAURA Ek weet, /maar ek was. // Dit was altyd so 'n verligting as die sang eers begin het.
23. JIM ⁷O ja, /nou onthou ek alles! // Ek het jou Blou Rosi genoem. // Waarom het ek jou so genoem?



Bewegingskets: toneel 7

Beweging en verhoogaktiwiteit

- 3.① Jim beduie na die voordeur.
- 4.② Laura beduie na die voordeur.
- 6.③ Laura kyk voor haar op die mat.
- 10.④ Laura kyk Jim aan.
- 15.⑤ Jim leun terug teen die sofa en strek sy bene voor hom uit. Hy kyk die vertes in.
- 19.⑥ Jim kyk Laura aan.
- 23.⑦ Jim kyk weer voor hom.

Tekslewing en spelmotivering

1. Jim vra dit nuuskierig en gelei.
2. Laura antwoord vinnig. Haar spraak vlot nou en sy is selfversekerd. Sy het alle selfbewustheid te bowe gekom.
- 3.① Jim is opgewonde. Vir hom begin die aand betekenis kry. Hy en Laura het iets gemeenskapliks. Die manier waarop dit na vore gekom het, is nuut en oorspronklik.
4. Laura praat vlot en natuurlik. Haar redenasie is logies en flink.
5. Jim klink half verwyttend maar baie goedig.
6. Laura voel ongemaklik.
7. Jim met intense genieting.
- 10.④ Laura gretig instemmend.
11. Jim probeer onthou.
12. Laura is bly. Sy is merkbaar ingenome.
13. Dit val Jim skielik by. Nou begin hy die prentjie al hoe duideliker sien.
- 15.⑤ Hy begin tot die besonderhede onthou. Dit is juis hierdie besonderhede wat vir Laura sulke onaangename herinnerings inhou.
16. Laura is openhartig en vol leed. So duidelik kan sy haar gedagtes na vore roep dat sy vandag nog gril as sy daaraan dink. Dit is seker ook die eerste keer dat sy haar gedagtes en vrese uitspreek. Tot dusver was dit maar net opgekropte pyn wat groter en groter geword het en psigies al hoe meer skade aangerig het.
17. Jim sê dit eerslik. Dit toon hoe 'n mens vir jōu onbelangrike dinge vergeet. As hulle dit maar toentertyd kon uitgesels het, sou Laura 'n ander mens gewees het.
18. Laura /

18. Laura sê dit vol afgryse. Haar selfbewuste optrede en gevoel het ook in haar latere lewe soos 'n klankversterker gewerk. Iets wat ander mense, buitestaanders, nie eers opmerk nie, versuur haar lewe.

19.⑥ Jim is ongelowig en absoluut eerlik. Hy sê dit nie bloot om Laura beter te laat voel nie.


20. Laura is vol onaangename gedagtes. Die woorde borrel egter by haar uit asof sy hierdie geleentheid met beide hande aangryp. In die proses word sy egter met afgryse vervul.

21. Jim praat vertroostend en gerusstellend.

22. Laura erken dit. Tog was sy magteloos.

23.⑦ Jim geniet dit sigbaar. Daar is egter nog besonderhede wat hy nie mooi kan plaas nie. Dit moedig Laura aan om te gee en inisiatief te neem.

1. LAURA ^① Ek was 'n paar dae afwesig met pleurosie.// Toe ek terugkom,/ het jy my gevra wat ek makeer.// Toe ek sê pleurosie,/ het jy dit verdraai na Blou Rosie.// Daarna het jy my altyd so genoem.
2. JIM Ek hoop jy het nie omgee nie.
3. LAURA O nee,/ ek het daarvan gehou./ Jy sien,/ ek het nie baie kinders geken nie.
4. JIM Sover ek onthou,/ het jy meestal alleen rondgeloop.
5. LAURA Ek het./...nooit veel sukses behaal met vriendskappe nie.
6. JIM Ek weet nie waarom nie.
7. LAURA Wel,/ ek het met 'n agterstand weggespring.
8. JIM Jy bedoel omdat jy.....
9. LAURA Ja,/ dit het altyd 'n soort skeidsmuur gevorm.
10. JIM Jy moes dit nie toegelaat het nie!
11. LAURA Ek weet,/ maar dit het,/ en....
12. JIM Jy was skaam vir ander mense!
13. LAURA Ek het probeer om nie te wees nie/ maar kon dit nooit./..
14. JIM Oormeester nie.
15. LAURA Nee./...ek kon nooit!
16. JIM ^② Ek vermoed dat 'n mens geleidelik uit jou skaamtegevoel moet ontwikkel.
17. LAURA Ja,/ dit is seker so....
18. JIM Dit duur te lank!
19. LAURA Ja.
20. JIM ^③ Mense is darem nie so vreeslik as jy hulle eers ken nie.// Onthou dit net!// En almal het probleme/ nie net jy nie./...al die mense het een of ander probleem.// Jy dink jy is die enigste wat moeilikhede het/- die enigste een wat teleurstellings het.// Maar kyk maar net na ander mense, en jy sal baie sien/wat net so teleurgesteld is.// Om myself as voorbeeld te neem./... toe ek hoërskool verlaat het,/ het ek gedink ek sou



Bewegingskets: toneel 7

Beweging en verhoogaktiwiteit

- 1.① Laura sit ingedagte voor haar en staar.
- 2-15 Jim en Laura sit nog steeds in gesprek gewikkel langs mekaar op die mat.
- 16.② Jim kyk voor hom. Hy filosofeer.
- 20.③ Jim skuif hom behaaglik reg en kyk die verte in.

Tekslewing en spelmotivering

Laura en Jim gesels hier soos ou vriende.

1.① Laura stel dit sorgvuldig. Sy put genoeg uit hierdie vertelling.

2. Jim is baie ordentlik.

3. Laura is opreg. Sy weet waaraan haar eensaamheid toe te skryf was. Omdat sy nie baie kinders geken het nie, het sy dit soveel te meer gewaardeer dat die held van die skool van haar notisie geneem het.

4.⑤ Sowel Laura as Jim huiwer om tot die kern van die saak deur te dring. Laura se eensaamheid word oorbeklemtoon. Gesien teen hierdie agtergrond kom die einde as 'n groter skok.

6. Vir Jim is 'n fisieke gebrek, veral so 'n onbelangrike soos Laura s'n, nie 'n rede om selfbewus te wees nie.

7. Laura is reguit en op die verdediging. Alleen sy weet watter psigiese letsel haar fisieke gebrek veroorsaak het.

8. Jim is verbaas.

9. Laura val hom vinnig in die rede. Dit is al asof sy soos haar moeder sidder by die aanhoor van die woord „kreupele“. Alleen sy besef werklik watter skeidsure dit gevorm het.

10. Jim praat gerusstellend. Dit onderstreep die feit dat Laura haar gebrek self vergroot het tot die omvang wat dit vir haar aangeneem het.

11. Juis dit ontstem Laura. Die feit dat sy weet maar nie in staat is om dit te doen nie. Die praktiese oplossing van so iets kan nie teoreties beplan word nie.

12. Jim slaan die spyker op die kop. Omdat Laura onseker van haarself en selfbewus was, was sy skaam vir ander mense.

Dat Jim dit kan begryp, is vir Laura 'n heerlike ervaring.

13. Laura antwoord eerlik en moedeloos.

14. Jim is hulpvaardig. Hy help haar dink en bring so onbewus genesing.

15. Laura is moedeloos en skaam - maar tog openhartig. Sy is nie skaam om dit voor hom te erken nie; sy is skaam omdat sy as kind nie haar skaamtegevoel kon oorwin nie.

16. Jim sê dit nadenkend. Hy praat haar moed in. Hy poog om 'n oplossing te bied.

17. Laura erken dit maar baie moedeloos en amper ongeduldig.

18. Jim voel haar ongeduld aan.

19. Laura staan hulpeloos.

20. Jim praat positief. Hy skets vir Laura 'n wêreld wat nie net uit haar bestaan nie maar uit al die mense. Hy snap haar probleem. Haar wêreld is klein en eng. Dit het net plek vir haar kreupel been. En omdat sy net haar eie probleem raaksien, is sy skaam vir ander mense, wat dalk groter probleme as sy het. Hy maak sy voorbeeld prakties deur homself as voorbeeld te gebruik.

1. JIM vandag,/na ses jaar,/baie verder gevorder het.//
Onthou jy hoe hulle my in ons jaarblad
geprys het?
2. LAURA (SY STAAN OP EN LOOP NA DIE TAFEL) Ja. ^①
3. JIM Die artikel het gesê/ek moes slaag in alles wat
ek aanpak. ^② (LAURA BRING DIE JAARBOEK) My ^③
maggies./...Die jaarblad! (HY NEEM DIT MET RESPEK.
HULLE GLIMLAG VIR MEKAAR MET WEDERSYDSE WAARDE=
RING. LAURA SIT BY HOM EN HULLE BEGIN DEURBLAAI;
LAURA SE SKAAMTEGEVOEL VERDAMP IN SY HARTLIK=
HEID)
4. LAURA ^④ Daar is jy in die operette.
5. JIM Ja./...ek het bariton gesing.
6. LAURA (OPGEWONDE) Ja./...dit was wonderlik!
7. JIM (PROTESTEREND) Ag!....
8. LAURA Ja./ja....wonderlik./...wonderlik!
9. JIM ^⑤ Het jy my hoor sing?
10. LAURA Al drie keer.
11. JIM Ag nee!
12. LAURA Ja.
13. JIM Al drie opvoerings?
14. LAURA (SLAAN HAAR OË NEER) Ja. ^⑥
15. JIM Hoekom?
16. LAURA Ek wou jou gevra het om./...om in my album te
teken.
17. JIM Hoekom het jy my toe nie gevra nie?
18. LAURA ^⑦ Jy was altyd so omring deur jou vriende dat
ek nie geleentheid kon kry nie.
19. JIM Jy moes sommer.....
20. LAURA Ek was bang jy sou dink ek was./...
21. JIM Dink jy was wat?
22. LAURA aag./....
23. JIM (MET AANGENAME HERINNERINGS) ^⑧ Ek was omring
deur meisies in daardie dae.

Tekslewing en spelmotivering

Na hierdie bladsy, waarop die sg. jaarbladtoneel voorkom, verloor Laura haar laaste bietjie mensskuheid. So geniet sy Jim se opgewondenheid oor die jaarblad dat die aangename, spontane en natuurlike mens in haar na vore kom.

2.① Laura sê dit opgewonde.

3. Jim is nog steeds besig om uit sy eie ervaringswêreld vir haar voorbeelde te noem.

3.③ Jim sê dit met respek. Hy toon groot waardering, en sy hartlikheid en opgewondenheid is aansteeklik. Weg is alle skeidsmuur tussen hulle, en saam geniet hulle 'n gemeenskaplike juweeltjie.

4.④ Laura is opgewonde. Sy ken die jaarblad van buite.

5. Jim is trots daarop.

6. Laura praat opgewonde. Natuurlik weet sy - hoe dan anders. Dis wat haar die afgelope vyf-ses jaar aan die lewe gehou het: hierdie jaarblad en haar drome.

7. Jim sê dit nederig.

8. Laura praat met oortuiging.

9. Jim is verbaas.

10. Laura is geesdriftig asof dit die natuurlikste ding op aarde is.

11. Jim kan dit kwalik glo.

12. Laura is eerlik. Sy kan nie sien wat so snaaks is daaraan nie.

13. Jim voel gevlei. Dit is asof hy nie genoeg kan hoor hoe sy hom bewonder nie - nie omdat hy juis ydel is nie maar omdat haar reaksies so eerlik en spontaan kom. Hier al begin Jim nie meer blote kuiergas wees nie.

Onbewus raak hy so betrokke dat hy later nie meer rasioneel kan handel nie.

14. Laura kry skielik skaam. Dit lyk asof die implikasie haar nou eers tref dat sy die opvoering al drie keer byge-
woon het. Dat sy hom as 'n held beskou, weet sy lankal.
Dis egter nie nodig om dit pront-uit vir hom te sê nie.

15. Jim vra reguit.

16. Laura reageer ook vinnig en reguit. Toe laat haar
moed haar in die steek en dink sy aan 'n ander moontlikheid
waarom sy hom wou gesien het. Dit is ook waar maar nie
die volle waarheid nie.

17. Jim vra dit natuurlik en onbegrypend.

18. Laura het skielik meer moed. Sy raak nou aanvallend
en aggressief.


19. Jim is 'n eenvoudige mens.

20. Laura praat huiwerig.

21. Laura is skaam. Sy besef dat hy haar terg en dat hy
die situasie geniet.

23.⑧ Jim verander die onderwerp. Hy is vol van die aan-
gename herinnerings wat uit die jaarbladbladsye na vore
kom. Hy is ook ydel, en hier kry mens 'n kykie in die
lewe van Jim as die hoërskoolheld.

1. LAURA ^① Jy was vreeslik populêr!
2. JIM Ja....
3. LAURA Jy het so 'n vriendelike geaardheid gehad....
4. JIM Op hoërskool was ek baie bederf.
5. LAURA Almal het van jou gehou!
6. JIM ^② Jy ook?
7. LAURA Ek, /...ja. Ek, / ek ook.... (SY MAAK DIE BOEK NETJIES TOE OP HAAR SKOOT.)
8. JIM Wel, wel, wel // ^③ Gee my daardie program, Laura. (SY GEE DIT VIR HOM AAN EN HY TEKEN DIT SWIERIG) Liewer laat as nooit!
9. LAURA ^④ O, /...wat 'n verrassing!
10. JIM My handtekening is nie nou juis veel werd nie. // Miskien eendag, /...sal dit van meer waarde wees. /// Om teleurgesteld te wees / is een saak, maar om ontmoedig te wees / is iets anders. Ek is teleurgesteld maar nie moedeloos nie. // Ek is drie-en-twintig jaar oud. / Hoe oud is jy?
11. LAURA ^⑤ In Junie sal ek vier-en-twintig wees.
12. JIM Dis nie oud nie.
13. LAURA Nee, / maar....
14. JIM Het jy klaar gemaak op hoërskool?
15. LAURA (MET MOEITE) ^⑥ Ek het nie teruggegaan nie.
16. JIM Bedoel jy dat jy tou opgegooi het?
17. LAURA ^⑦ Ek het swak gevaar in my finale eksamen. /// (SY STAAN OP EN SIT DIE BOEK EN PROGRAM TERUG. HAAR STEM IS GESPANNE.) ^⑧ Hoe gaan dit met / Emily Meisenbach?
18. JIM O, / daardie klein feeke!
19. LAURA ^⑨ Hoekom noem jy haar so?
20. JIM Dit is wat sy was.
21. LAURA Jy is nie meer, /...op haar verlief nie? ¹⁰
22. JIM ^⑩ Ek sien haar nooit meer nie.



Bewegingskets: toneel 7

Beweging en verhoogaktiwiteit

- 1.① Jim blaai ingedagte deur die jaarblad.
- 6.② Jim gee die jaarblad vir Laura en kyk haar reguit in die oë.
- 8.③ Jim steek sy hand uit na Laura om die program wat in die jaarblad was, te vat. Hy teken sy naam in die program soos dit voor hom op die mat lê.
- 9.④ Hy gee die program aan Laura.
- 11.⑤ Laura kyk Jim aan.
- 15.⑥ Laura kyk op die mat voor haar.
- 17.⑦ Laura staan op en stap na haar stoeltjie (t) by die buffet.
- 17.⑧ Sy draai slegs haar kop in Jim se rigting maar staan met haar rug na hom.
- 19.⑨ Laura draai vinnig om sodat sy na Jim kyk.
- 21.⑩ Sy gaan sit stadig op haar stoeltjie by (t).
- 22.⑪ Jim reik na sy baadjie wat agter hom oor die sofa lê, en haal vir hom sigarette uit.

Tekslewing en spelmotivering

- 1.① Laura is vol bewondering en baie openhartig.
2. Jim sê dit ingedagte.
3. Laura is vol lof. Sy is glad nie selfbewus nie en is maar net besig om feite te konstateer.
4. Jim sit nog steeds ingedagte. Tog begin hy bewus raak van wat Laura sê.
5. Laura praat reguit en impulsief.
- 6.② Jim reageer vinnig. Sy skielike verandering van taktiek of aanslag verwar haar 'n bietjie. Sy besef ook wat sy besig was om te doen en kry skaam.
7. Laura is nogtans eerlik en opreg. Sy staan haar man en kyk hom vas in die oë.
8. Jim teken behaaglik en swierig. Hy spog sonder om afstootlik te wees. Hy doen dit op natuurlike wyse, en omdat dit pretensieloos is, is dit aanvaarbaar.
- 9.④ Laura is in ekstase. Sy is kinderlik naïef, en dit maak haar pragtig.
10. Jim praat nadenkend. Hier stal hy sy positiewe kenmerke uit. Dit maak hom logies en prakties. Al deug sy logika en sy neiging tot die praktiese nie altyd nie, is die afleidings wat hy maak, in die kol.
- Sy behendigheid om van onderwerp te verander kom ook so maklik en natuurlik dat nie een van hulle in die voorafgaande persoonlike konfrontasie ongemaklik voel nie.
- 11.⑤ Laura kyk Jim reguit aan - verbaas oor sy vraag.
- 12-13 Albei tree gewoonweg op.
14. Jim vra dit naïef. Sonder dat hy weet, raak hy 'n ander teer puntjie in Laura se lewe aan. Dis egter

hierdie faset van sy optrede wat hom aanvaarbaar maak en laat slaag om Laura te laat uitpraat.

15. Laura sê dit met moeite.

16. Jim is verbaas.

17.⑦ Laura is skaam. Sy beseft dat sy niks het waarop sy trots kan wees nie. Tog neem sy hom sy skynbare nuuskierigheid nie kwalik nie. Sy verkies self om neusinstekerig te wees.

17.⑧ Dit is 'n duidelike bewys van Laura se metamorfose: sy vra dit alhoewel sy gespanne is - nie om te vra nie maar oor wat die antwoord dalk kan wees.

18. Jim is egter ongeërg.

19.⑨ Laura is hieroor verbaas. Van alle reaksies het sy dit beslis nie verwag nie. Hier maak ons ook kennis met 'n faset van Jim se karakter wat as rede kan dien vir sy onvermoë om te vorder. Behalwe sy natuurlike, positiewe en spontane optrede ontbreek daar iets in sy samestelling. Later meer hieroor.

20. Jim bly eerlik.


21.⑩ Laura kan haar ore nie glo nie. So verbaas is sy dat sy hom pront-uit vra, iets wat sy onder normale omstandighede nooit sou gedoen het nie.

22.⑪ Jim deel dit op eenvoudige wyse mee. Tog is sy reaksie om na 'n sigaret te soek betekenisvol. Hy wil voorgee dat dit hy is wat nie meer in Emily Meisenbach sou belanggestel het nie. Miskien sou mens egter tog kan dink dat dit sy is wat nie meer in hom belanggestel het nie.

1. LAURA Onder die persoonlike beriggies staan dat
julle/verloof was!
2. JIM Ek weet,/...maar daardie propagandastreek het
my nie beïndruk nie.
3. LAURA Dit was dus./...nie waarnie?
4. JIM Net in Emily se verbeelding.
5. LAURA O!

(JIM STEEK 'N SIGARET OP EN LEUN GEMAKLIK
TERUG OP SY ELMBOË TERWYL HY VIR LAURA GLIM=
LAG, MET SOVEEL WARMTE EN SJARME DAT HAAR
ALTAARKERSIES BINNE BRAND.SY BLY BY DIE TAFEL
EN SPEEL MET 'N GLASORNAMENT OM HAAR GEVOELENS
TE VERBERG.)
6. JIM (NA 'N PAAR TREKKE AAN SY SIGARET) ^③ Wat het jy
gedoen na jy die skool verlaat het?/// ^④ (SY HOOR
SKYNBAAR NIE) Hè? (LAURA KYK OP) Ek vra wat
het jy sedert hoërskool gedoen,/ Laura?
7. LAURA Nie juis iets nie.
8. JIM ^⑤ Jy moes tog iets gedurende die ses jaar
gedoen het.
9. LAURA Ja.
10. JIM Nou ja,/ wat was dit?
11. LAURA Ek het 'n handelskursus geloop.
12. JIM Hoe het dit daar gegaan?
13. LAURA Nie te goed nie./ Ek moes dit laat staan/
aangesien dit my/....slegte spysvertering ge=
gee het.

(JIM LAG EFFENS)
14. JIM En wat maak jy nou?
15. LAURA Nie juis iets besonders nie.// ^⑥ O,/ moenie dink dat
ek net hier rond sit en niks doen nie!// My
glasversameling neem heelwat tyd in beslag.//
'n Mens moet goeie aandag aan glasware gee.
16. JIM Wat het jy van glas gesê?
17. LAURA Versameling,/ het ek gesê./...ek het ^⑦ het ///..(SY
MAAK KEEL SKOON EN DRAAI SKAAM WEG.)



Bewegingskets: toneel 7

Beweging en verhoogaktiwiteit

- 2.① Jim steek sy sigaret aan.
- 5.② Laura draai om op haar stoeltjie en vat ingedagte die eenhorinkie wat op die buffet langs die tikmasjien (u) gestaan het, en streel dit.
- 6.③ Jim kyk na Laura.
- 6.④ Jim staan op en draai na Laura.
- 8.⑤ Jim beweeg 'n tree nader aan Laura.
- 15.⑥ Laura draai vinnig om op haar stoeltjie sodat sy vir Jim kan kyk.
- 17.⑦ Laura draai weer vinnig om, weg van Jim af.

Tekslewing en spelmotivering

1. Laura sê dit reguit terwyl sy wonder hoe dit rym.
- 2.① Jim reageer gewoonweg. Hy kom so natuurlik moontlik voor. Sy motivering is ook so aanvaarbaar dat mens hom sonder meer glo.
3. Laura vra dit huiwerig. Sy is nog nie heeltemal oortuig dat dit waarvoor sy gevrees het, glad nie eers bestaan nie. Dit is kenmerkend van haar lewe. Sy het allerhande vrese wat net in haar gedagtes bestaan.
4. Jim antwoord eenvoudig.
- 5.② Dit is te goed om waar te wees. Hierdie nuus en die manier wat Jim vir haar glimlag laat haar intuïtief reik na haar eenhoringmaat, wat, soos sy, nog nie kon aanpas nie.
- 6.③ Jim vra dit belangstellend. Steeds is hy onbewus besig om kankerplekke in Laura se samestelling oop te krap. Maar dit is goed, want nou kry die kwaad kans om te ontsnap.
- 6.④ Jim is aandringend dog vriendelik. Alhoewel Laura hom gehoor het, is sy nog besig om die vorige inligting te verwerk.
7. Laura is nie bewus van wat sy antwoord nie.
- 8.⑤ Jim is ongelowig.
9. Laura verkeer nog steeds in vervoering.
10. Jim vra dit ernstig.
11. Laura antwoord sag asof dit nie belangrik is nie.
12. Jim vra belangstellend.
13. Laura is ongemaklik. Vir haar was dit nog altyd 'n aanvaarbare rede. Maar nou dat sy dit uitspreek, klink dit onbelangrik en minderwaardig.

Jim se reaksie is nie soseer oor Laura se antwoord nie maar oor die manier waarop sy dit antwoord.

14. Jim vra dit nonchalant. Miskien kom hy op hierdie oomblik ietwat verveeld voor.

15. Laura voel ontstig en afgemaak, maar

15.⑥ praat dan met skielike ywer. So geesdriftig klink sy oor haar glasversameling dat dit amper onnatuurlik klink.

16. Jim se reaksie is dan ook van so 'n aard asof hy nie mooi gehoor het nie.

17. Laura is nog vol vuur.

17.⑦ Dan klink dit vir haar ook skielik belaglik. Nou dat sy dit die eerste keer uitgespreek hoor, raak sy onseker van haarself en voel belaglik. Dit is die rede waarom sy haar rug na Jim draai.

1. JIM


(KORTAF) Weet jy wat jou moeilikheid ^①is? //
Minderwaardigheidsgevoel! // Weet jy wat dit bete=
ken? // Dit is as iemand tē min van homself
dink. // Ek begryp dit, / want ek het ook daaraan
gely / totdat ek spraakkuns geneem het, /
my stem ontwikkel het / en agtergekom het dat
ek 'n aanleg het vir wetenskap. // Voor dit /
het ek nooit van myself gedink dat ek iewers
kon presteer nie. // Ek het wel nooit 'n
studie daarvan gemaak nie, / maar ek het 'n
vriend wat sê / dat ek mense beter kan ontleed
as baie psigiaters. // Ek dink nie dit is waar
nie, / maar ek kan sekerlik 'n persoon se karak=
ter beoordeel, / Laura. // (HAAL SY KOUKOM UIT)
Ekskuus, Laura. / Ek haal dit altyd uit as
daar nie meer geur is nie. / Ek sal dit in hier=
die stukkie papier toedraai, / want ek weet wat
dit beteken om dit onder jou skoene vas te
trap. // Ja, / ^②ek dink dit is jou grootste
moeilikheid. // 'n Gebrek aan selfvertroue. // Ek
baseer my oordeel op "n paar van jou opmer=
kings / en ook op sekere van my eie waarnemings. //
Byvoorbeeld daardie gestamp wat jy gedink het
wat so vreeslik was in die skool. / Jy sê jy was
eintlik bang om in die klaskamer te loop. /
Jy sien wat gebeur het? / Jy het gesak / - jy gee
jou opleiding op, net oor 'n gestamp, / wat, sover
as ek kan onthou, / byna nie bestaan het nie! //
Jy het 'n klein fisieke gebrek / - skaars merk=
baar / - en jy vergroot dit duisende kere met
jou verbeelding. //
^③Weet jy wat my raad is? // Dink aan jouself
as meerderwaardig in sekere opsigte.

2. LAURA

In watter opsigte?

3. JIM

My magtie, Laura! / ^④Kyk net bietjie om jou. //
^⑤En wat sien jy? / 'n Hele wêreld van gewone
mense. // Almal gebore en almal op pad na die
graf! / Wie van hulle het een tiende van jou
goeie hoedanighede! / Of van myne? / Of van
enigiemand anders. // Magtig! / Elke mens blink
uit in een of ander opsig! // (KYK ONBEWUS NA
HOMSELF IN DIE



Bewegingskets: toneel 7

Beweging en verhoogaktiwiteit

- 1.① Jim loop na die asbakkie by (s) om sy sigaret dood te druk.
- 1.② Hy loop na die punt van die sofa (q), sodat hy skuins agter Laura staan.
- 1.③ Jim haal sy kougom uit en draai dit in die stukkie papier toe wat hy daarvan afgehaal het en in sy hemsak gebêre het. Hy loop weer na die asbakkie by (s) en gooi dit daarin.
- 1.④
- 1.⑤ Hy loop terug na Laura en gaan staan agter haar.
- 1.⑥ Jim stap by Laura verby sodat hy tussen die lamp (z) en die buffet by (v) gaan staan en vir Laura kan kyk.
2. Laura lig net haar kop op, sodat sy Jim kan sien.
- 3.⑦ Jim stap weg in die rigting van die deur by (w).
- 3.⑧ Jim draai om sodat hy Laura weer kan sien.

Tekslewing en spelmotivering

1.① Jim is kortaf maar baie eerlik en reguit. Hierdie hele spreekbeurt kom uit die diepte van sy hart. Hy glo elke woord wat hy sê. En daarom doen hy dit sterk en aanvallend. So poog hy om tot Laura deur te dring, nie uit voorbedagte rade nie maar omdat hy 'n begeerte het om dit met haar te deel.

1.② Jim is in sy element. Hy loop nie verniet 'n kursus in spraak nie. Hy praat van ondervinding en motiveer sy optrede teenoor haar. Sy waarnemings is objektief en daarom is dit waardevol. Dit is egter ook subjektief, omdat hy betrokke begin raak het, en daarom is dit prakties en van toepassing op Laura.

1.③ Jim is natuurlik. So maklik en impromptu kom sy reaksies dat mens deurentyd besef dat jy in hierdie hele droomspel hier met 'n stukkie werklikheid te doen het. Hiermee toon Jim ook dat hy taamlik vas op die aarde staan. Hiermee laat hy sy hele pedagogiese betoog neerkom op 'n kleur van werklikheid.

1.⑤ Jim is nou op dreef. Hoe meer hy sy gedagtes uitspreek, hoe meer raak hy oortuig van sy saak. Hy is logies en op die man af. Hy is wetenskaplik en gesistematiseer. Dit oortuig Laura en laat haar besef dat sy 'n gek was om te glo en te dink soos wat sy gedoen het.

1.⑥ Jim raak meer persoonlik en emosioneel. Hy is skielik simpatiek.


2. Laura is vol bewondering.

3. Jim is amper teleurgesteld.

3.⑦.⑧ Jim praat weer sterk en vol oortuiging. Hier herhaal hy wat hy al by geleentheid aan Tom gesê het. In sy omgang met werklike mense daarbuite het hy hierdie waarheid agtergekom. So positief en goed stel hy dit dat sy boodskap uitgedra word na 'n wêreld vol Lauras wat in 'n wêreld lewe wat deur weerlig verhelder word.

1. JIM (SPIEËL) Al wat jy moet vasstel is/waarín?//
 Neem nou vir my as voorbeeld./// (HY STEL SY
 DAS VOOR DIE SPIEËL REG.) My belangstelling
 lê in elektrodinamika.// Ek loop 'n kursus
 in elektriese ingenieurswese in die aand,/
 nieteenstaande my redelik verantwoordelike pos
 in die pakhuis.// Ek loop die kursus en studeer
 openbare redevoering.
2. LAURA Oooooooooo!
3. JIM Omdat ek in die toekoms van televisie/glo.//
 (DRAAI NA HAAR.) Ek wil graag gereed wees om
 saam daarmee te ontwikkel,/daarom beplan ek
 nou om van die begin af daarvan te leer,/ ek wil
 van onderaf begin. Ek het alreeds die regte
 konneksies aangeknoop en al wat oorbly, is dat
 hierdie nuwe nywerheid/self op dreef moet kom.
 Tot sy uiterste.// (SY OË STAAR DIE TOEKOMS IN)
 Kennis/...Zzzzzzp!// Geld/...Zzzzzzp!// MAG!///
 Dit is die siklus waarop demokrasie gegrondves
 is. (SY HOUDING IS OORTUIGEND DINAMIES;
 LAURA STAAR NA HOM - SELFS HAAR TERUGGETROKKEN=
 HEID RAAK VERSKUIL AGTER HAAR BEWONDERING.
 HY GRYNSLAG SKIELIK.) Jy dink seker ek dink
 baie van myself.
4. LAURA Nee./...e.....e. Ek.....
5. JIM En wat van jou?/ Is daar nie enigiets waarin
 jy besonder belangstel/- meer as in enigiets
 anders nie?
6. LAURA Nou ja,/ek het,/soos ek reeds gesê het,/ my
 glasversameling. (IEMAND LAG SOOS 'N
 LAWWERIGE MEISIE IN DIE KOMBUIS.)
7. JIM Ek is nie seker wat jy bedoel nie./ Wat se glas
 is dit?
8. LAURA Klein glasartikels/- eintlik ornamente!//
 Die meeste is klein diertjies wat van glas
 gemaak is/- my ma noem hulle my dierever=
 sameling,/ my speelgoed van glas.// Hier is
 een, as jy graag wil sien.// Dit is een van die

Mozar



Bewegingskets: toneel 7

Beweging en verhoogaktiwiteit

1. ① Jim draai weg van Laura af en stap na die spieël by (y). Hy kyk na homself terwyl hy sy das regs kuif.
1. ② Hy draai terug na Laura sodat hy haar kan sien. Laura staar hom aan.
3. ③ Jim stap om die sofa tot in die middel van die mat by (r).
3. ④ Jim staan frontaal na die gehoor. Met die eerste Zzzp lig hy sy regterhand. Met die tweede sy linkerhand en op "Mag" is albei arms bokant sy kop gestrek. Laura staar hom nog steeds aan.
3. ⑤ Jim draai skielik om en gaan sit op die punt van die sofa by (q). Hy en Laura sit nou reg teenoor mekaar terwyl hulle knieë amper raak.
4. ⑥ Laura laat haar oë sak.
6. ⑦ Laura kyk op in Jim se oë.
8. ⑧ Laura hou haar hand uit sodat Jim die eenhoring op haar handpalm kan sien.

Tekslewering en spelmotivering

1. Jim is sterk

1. Hy kom al meer op dreef en geniet die platform wat Laura aan hom verskaf het, terdeë. Vir 'n buitestaander sou dit kon lyk asof hy besig is om te spog en te pronk. Dit is nie die geval nie. In hierdie situasie wat ontwikkel het vandat hy vir Laura die wyn gevat het, is sy optrede 'n logiese uitvloeisel. Hy is bloot besig om voorbeelde aan te haal om te bewys dat elke mens in die een of ander opsig uitblink.

1. Hy sê dit asof dit die natuurlikste ding op aarde is.

2. Laura is in ekstase. Sy en sy alleen moet oordeel of hy baie van homself dink. En skynbaar het so 'n gedagte nog nie by haar opgekom nie.

3. Jim is prakties logies.

3. Hy werk na 'n hoogtepunt. Hy is self meegevoer en put tot dusver geweldig baie genot uit hierdie aand. Hy doen wat hy graag wil. Hy beplan en besin alles voordat hy hom daarin waag.

3. Hierdie diskoers van Jim bereik sy hoogtepunt. As dit van sy spreekvernuf en positiewe denke alleen moes afhang, sou hy beslis op 30-jarige leeftyd President van die VSA wees.

Jim se dinamiese optrede lok openlike bewondering by Laura uit.

3. Jim grynslag skielik oor die gedagte waarmee hy besig is. Skielik is hy naïef, en dit verhoog sy aantreklikheid vir Laura.

4. Laura is uit die veld geslaan.

5. Jim benut Laura se verleentheid en konfronteer haar skielik met 'n selfondersoek. Hy het die patroon nou al 'n paar keer herhaal. Telkens stel hy Laura gerus

met 'n vertelling, en dan konfronteer hy haar skielik met 'n stukkie selfondersoek. Gelyktydig doof Laura se temasiek dof in die agtergrond in.


6.⑦ Laura is ietwat huiwerig maar tog met meer oorgawe.

7. Jim klink onnosel.

8. Laura antwoord aanvanklik sag maar kom later al hoe meer op dreef.

8.⑧ Laura is baie trots.


1. LAURA oudstes.// Dit is amper dertien.// (MUSIEK)
(HY STREK SY HAND UIT) Pas op/- as jy te
hard asemhaal,/ breek hulle.
2. JIM Dan moet ek hulle nie aanraak nie,/ ek is
taamlik onhandig.
3. LAURA Vat maar,/ ek vertrou jou met hom./// (SY SIT
DIT OP SY HANDPALM.) Kyk nou,/ jy hou hom
mooi.// Hou hom in die lig/- hy hou van die lig.//
Sien jy/hoe die lig deur hom skyn?
4. JIM O ja,/ pragtig!
5. LAURA Ek behoort nie voor te trek nie,/ maar hy is
daremy gunsteling.
6. JIM En watter soort ding is dit die?
7. LAURA Merk jy dan nie die enkele horing op sy
voorkop nie?
8. JIM 'n Eenhoring nê?
9. LAURA Mmmm....mmmmmm!
10. JIM Eenhorings!// Is hulle dan nie al uitgeroei nie?
11. LAURA Ja,/ ek weet.
12. JIM Arme ou,/ hy voel maar seker bietjie eensaam.
13. LAURA (GLIMLAG) Wel,/ as hy eensaam voel,/ kla hy
daremy nie daaroor nie.// Hy staan op 'n rak
met ander perde wat nie horings het nie,/
en dit lyk tog of hulle almal goed klaarkom.
14. JIM Hoe weet jy?
15. LAURA (GRAPPIG) Ek het nie rusies tussen hulle gehoor
nie.
16. JIM (GRYNSLAG) Geen rusies nie./ Dit is ten minste
'n goeie teken!// Waar moet ek hom sit?
17. LAURA Sit hom op die tafel neer.// Hulle hou daarvan
om so af en toe in 'n ander omgewing te kom.
18. JIM (REK) Nou toe nou./...Kyk hoe groot is my skadu
as ek rek! Tennessee
19. LAURA O.....O,/ dit strek oor die plafon!
20. JIM (LOOP NA DIE DEUR) Ek dink dit het opgehou reën./// Wals



Bewegingskets: toneel 7

Beweging en verhoogaktiwiteit

- 1.① Jim strek sy linkerhand uit om die eenhoring te vat. Laura ruk dit versigtig weg.
- 2.② Jim trek sy hand terug.
- 3.③ Laura steek haar linkerhand uit en trek Jim se linkerhand nader. Met haar regterhand balanseer sy die eenhoring op Jim se hand.
- 3.④ Laura beduie na die kerse wat nog steeds op die mat by (r) staan.
- 3.⑤ Laura en Jim staan op en gaan kniel aan weerskante van die kerse met hulle koppe bymekaar. Jim hou die eenhoring tussen hulle koppe en die kers sodat hulle na die eenhoring teen die agtergrond van die kerse kyk. Jim kniel regs en Laura links van die kers. Die musiek doof uit.
- 7.⑥ Nog steeds knielende met hulle koppe teen mekaar wys Laura met haar vinger na die horing op die perd se neus.
- 10.⑦ Jim kom orent en kyk na Laura. Nog steeds kniel



hulle maar nou in 'n regop posisie.

- 16.⑧ Jim kyk rond waar hy die glasdiertjie kan neersit.
- 17.⑨ Laura wys na die tafeltjie (s) langs die sofa, en Jim leun oor en sit die eenhoring daarop neer.
- 18.⑩ Jim staan op en rek hom uit. Met die kers wat reg agter en half onder hom staan, val sy skaduwee oor die vloer, muur en plafon.
- 20.⑪ Hy loop om die bank na die deur by (w). In die agtergrond kan mens musiek hoor.

Tekslewing en spelmotivering

1. Laura is trots.

1.① Laura voel opreg bekommerd. Die dieltjie in haar hand vertoon dan in der waarheid net soos sy fyn en breekbaar, soos die musiek in die agtergrond.

2.② Jim is lomp en besorg. Hy is klaar vasgevang deur die magiese van die beeldjie, en daardeur slaag Laura, met behulp van haar temamusiek dof in die agtergrond, om die fokuspunt op haar hand te hou. Soos Tom later erken dat hy veral terugverlang na hierdie glasspeelgoed van Laura, so sal Jim ook so lank as hy leef, hierdie oomblik onthou.

3.③ Laura is spoggerig en vol vertroue. Soos die situasie Jim aangemoedig het om te gesels, so moedig dit Laura aan om te handel en te deel.

3.④ Laura moedig aan. Uit ervaring weet sy dat mens dan sy fynheid, sy deursigtigheid beter kan waardeer.

3.⑤ Laura praat met oorgawe. Sy is trots en geniet hierdie oomblikke terdeë, juis omdat Jim aanvoeling het en saam met haar geniet.

4. Jim is opreg bewonderend: die perdjie, wat die kerslig vasvang, sal ongetwyfeld enige mens beïndruk.

5. Laura praat ingedagte en half verskonend.

6. Jim vra dit belangstellend.


7. Laura sê dit met trots. Dit is die keur van haar versameling. Dit is haar troos en haar spieëlbeeld in die wêreld van glas. Net so min as wat hy met die horing op sy neus tussen ander perde pas, net so min pas sy met haar kreupel been in die wêreld waarin sy woon.

8-9 Albei is betower.

10. Jim is realisties.

11. Laura voel half treurig.
12. Jim tref die kol.
13. Laura sê dit glimlaggend. So lewend is die diertjies vir haar dat haar verwysings na hulle as sou hulle kon praat, vir Jim heeltemal aanvaarbaar is.
14. Jim se vraag is reguit en persoonlik.
15. Laura reageer grappig. Die perdjie het die twee so na aan mekaar gebring dat hulle sonder stremming kommunikeer.
16. Jim sê dit grynslaggend.
17. Laura antwoord eenvoudig, nog steeds vasgevang in die gees van hulle samesyn. Soos sy uit hierdie vir haar vreemde situasie genot put, so sal haar eenhoring ook die genot van 'n ander milieu geniet.
18. ⑩ Jim keer terug na die werklikheid. Hy is speels en impulsief. So snel die aand voort van die een heerlike ondervinding na die ander. So pas is 'n hoogtepunt verby. Dalk lê die volgende een net om die draai.
19. Laura speel saam, net so naïef en net so impulsief soos haar „Gentleman Caller“.
20. ⑪ Jim praat ontspanne oor ditjies en datjies. Met sy stap na die deur en die musiek waarvan 'n mens terselfdertyd bewus raak, verplaas hy die fokuspunt op 'n baie behendige manier.


1. JIM (MAAK DIE VOORDEUR OOP) ^① Waarvandaan kom die musiek?
2. LAURA ^② Van die Paradysdanssaal/oorkant die straat.
3. JIM ^③ Hoe lyk dit vir so 'n bietjie skoffel,/ mej. Wingfield?
4. LAURA O, ek....
5. JIM ^④ Of is jou program reeds vol? / Laat ek sien.// (VAT 'n DENKBEELDIGE KAART.) Hemel,/elke dans is bespreek!// ^⑤ Ek sal self sommer moet skrap.// (WALSMUSIEK) Aaaa! "n wals!// ^⑥ (HY MAAK 'N PAAR WALSPASSIES EN HOU DAN SY HANDE OOP VIR LAURA)
6. LAURA (ASEMLOOS) Ek./.....kan nie dans nie!
7. JIM Daar is dit al weer, die minderwaardigheids= gevoel!
8. LAURA Ek het nog nooit gedans nie!
9. JIM ^⑦ Kom,/ probeer!
10. LAURA Maar ek sal op jou tone trap.
11. JIM Wel,/ek is nie van glas gemaak nie.
12. LAURA Hoe./...hoe./...hoe...begin ons?
13. JIM Laat dit aan my oor.// ^⑧ Hou jou arms reg.
14. LAURA ^⑨ So?
15. JIM 'n Bietjie hoër.// ^⑩ Reg. Moenie styf wees nie./...die belangrikste is om te ontspan.
16. LAURA (LAG HYGEND) Dit is moeilik!
17. JIM Toe maar.
18. LAURA Ek vrees/jy sal my nie kan beweeg nie.
19. JIM ^⑪ Wat is die weddenskap? (HY SWAAI HAAR TOT BEWEGING.)
20. LAURA Liewe,/jy kan werklik!
21. JIM Los,/Laura,/alles los,/gemaklik.
22. LAURA Ek is....
23. JIM Kom aan!
24. LAURA Ek probeer!
25. JIM Nie so styf nie./...gemaklik!
26. LAURA Ek weet,/maar....



Bewegingskrets: toneel 7

Beweging en verhoogactiviteit

- 1.① Jim maak die deure oop, en harde walsmusiek kom van die oorkant van die straat af die woonstel ingewaai.
- 2.② Laura staan op van die vloer waar sy gekniel het, en gaan sit op die sofa by (q).
- 3.③ Jim beweeg vinnig om die sofa en maak 'n buiging voor Laura.
- 5.④ Hy vat 'n denkbeeldige lysie by haar en maak asof hy dit lees.
- 5.⑤ Hy skrap 'n paar denkbeeldige name van die lysie.
- 5.⑥ Hy maak 'n paar walspassies en hou sy hande na Laura uit.
- 9.⑦ Hy gryp Laura se regterhand en trek haar op.
- 13.⑧ Laura plaas haar arms om Jim.
- 14.⑨ Laura kyk op na Jim.
- 15.⑩ Jim beweeg rond in Laura se omarming en toets haar greep.




19. (1) Met 'n swaai kry Jim haar in beweging. Aanvanklik is Laura ontsettend stokkerig, maar dit gaan hoe later hoe beter, totdat hulle 'n heel skaflike vertoning gee.

Tekslewing en spelmotivering

- 1.① Jim tree gewoonweg op. Vanaf die hoogtepunt met die eenhoring voor die kers is die oorgang na die volgende toneel baie belangrik. Om kontras en die bou van spanning te verseker moet daar duidelike kontraste met oorgange verkry word. Elke volgende toneel moet hoër bou as die vorige, sodat mens die effek kry van 'n steeds stygende spanningslyn na 'n klimakspunt.
- 2.② Laura is nog droomverlore.
- 3.③ Jim is galant en impulsief.
4. Laura skrik en is heeltemal spraakloos: dans van alle dinge! Sy wat moeilik die skoolsaal of klaskamer kon binneloop, moet nou dans.
- 5.④⑤⑥ Jim is oordrewe galant. Hy is so natuurlik en gemaklik dat Laura se vrese hom skaars opval.
6. Laura is absoluut asemloos. Skielik is sy weer Laura die selfbewuste en onsekere kruppel meisie.
7. Jim praat bestraffend.
8. Laura sê dit verontskuldigend. Sy soek 'n uitweg.
- 9.⑦ Jim is egter koppig. Hy gee nie moed op nie en aanvaar nie „nee" as antwoord nie.
10. Laura praat met 'n flou stem verskonend.
11. Jim is logies en geduldig asof hy met 'n klein kind-jie werk.
12. Laura voel onseker. Sy is oorweldigend bewus van haarself.
13. Jim praat paaiend en kalmerend.
- 13.⑧ Jim tree nou bevelend op. Sy inisiatief oorrompel haar, en haar struweling maak geen indruk nie.

14. Laura lyk en voel ongemaklik.
15. Jim is streng en tog vertroostend en gerusstellend.
16. Laura is daarin en sy begin al kalmer voel - tog is sy nog gespanne.
17. Jim praat asof dit die maklikste en natuurlikste ding op aarde is.
18. Laura reageer halfhartig.
19. 11 Jim is heldhaftig en uitdagend.
20. Laura word daardeur beïndruk. Sy gemaklike houding laat haar ontspan, en gaandeweg geniet sy selfs die dans
- 21-26 Jim is gemaklik en natuurlik. Laura konsentreer slegs op beweging en reageer net op vrae sonder om self iets by te dra.

1. JIM Verslap jou rug!// So ja,/ dis beter.
2. LAURA Is dit?
3. JIM Baie,/ baie beter. (HY DANS LOMP MET HAAR VOORT.)
4. LAURA O my tyd.
5. JIM Ha-ha.
6. LAURA ① O, liewe hemel!
7. JIM Ha-ha-ha!// (HULLE STAMP TEEN 'N TAFEL. JIM STOP.)
 Waarteen het ons gestamp?
8. LAURA ② 'n Tafel.
9. JIM Het iets nie/afgeval nie?
10. LAURA Ek hoop nie dit was die glasperdjie met die eenhoring nie.
11. JIM Ag tog./ Is dit stukkend?
12. LAURA ③ Nou is dit net soos al die ander perde.
13. JIM ④ Is die horing af?
14. LAURA Ja,/ maar dit maak nie saak nie.// Miskien is dit beter so.
15. JIM Jy sal my seker nooit vergewe nie./ Dit was jou gunsteling.
16. LAURA Ek het nie danige gunsteling nie.// Dit is nie juis 'n tragedie nie.// Glas breek maklik./ Hoe versigtig mens ook al is./ Iemand stamp tog aan die rak en iets val af.
17. JIM Nogtans/ is ek innig spyt dat ek die oorsaak is.
18. LAURA (GLIMLAG) Ek sal maar speel hy het 'n operasie gehad. Die horing is verwyder om hom meer normaal te laat voel.// (HULLE LAG SAAM)
 Hy sal nou meer tuis voel by die ander perde wat nie horings het nie....
19. JIM Ha-ha....dit is baie snaaks// (SKIELIK ERNSTIG)
 Ek is bly om te sien dat jy 'n humorsin het.// Jy weet,/ jy is heeltemal anders.// Verrassend anders/ as al die ander wat ek ken.// (SY STEM WORD SAG EN GELAAI MET EGTE GEVOEL) Gee jy om dat ek dit sê?// ⑤ (LAURA IS OORVAL EN KAN SKAARS PRAAT) Ek bedoel/ op 'n mooi manier//... ek weet nie hoe om dit uit te druk nie!// Gewoonlik kan ek goed sê wat ek bedoel,/ maar/. Dit is iets wat ek



Bewegingskets, toneel 7

Beweging en verhoogaktiwiteit

- 6.① Die dansery het hulle vas teen die tafeltjie (s) laat dans waarop Laura se glasperdjie staan. In die proses het hulle die tafeltjie omgestamp, en Laura hang aan Jim, haar ewewig heeltemal kwyd.
- 10.② Nadat Jim haar opgehelp het, buk sy dadelik om te sien wat afgeval het.
- 12.③ Sy het die glasperdjie gekry en sien dat die horing af is. Sy staan stadig op en stap tot voor die sofa.
- 13.④ Jim kom vinnig na haar toe.
- 19.⑤ Laura knik haar kop skaars sigbaar en kyk daarna weg.

Tekslewing en spelmotivering

- 1-5 Nog steeds dans Laura en Jim. Dit gaan so goed dat die twee ritmies 'n eenheid vorm.
- 6.① So met oorgawe dans hulle dat hulle nie merk dat hulle op die klein tafeltjie afstuur nie.
7. Jim is besorg. Hy het 'n vermoede dat iets nie in die haak is nie.
- 8.⑨ Albei voel onseker.
- 10.② Laura spreek hulle vrese uit.
11. Jim is bekommerd.
- 12.③ Laura merk dit op eenvoudige wyse op. Sy verwerk egter haar teleurstelling op 'n verbasend volwasse manier.
- 13.④ Jim vra dit onnodig. Hy is baie besorg.
14. Laura praat gerusstelend. Soos sy al so baie dinge in die lewe leer aanvaar het, aanvaar sy ook hierdie voorval as voldonge feit.
15. Jim verwyt homself dat hy so lomp was en Laura nie op 'n beter baan gestuur het nie. Dit is 'n voorsmakie van wat gaan kom. Gaan Laura nie dalk dieselfde lot tegemoet as haar glasperdjie nie?
16. Laura probeer hom gerusstel. As dinge so aanhou ontwikkel, gaan sy nie meer 'n eenhoring nodig hê nie. Sy sal dan net soos die beskadigde eenhoring by al die ander perde pas.
17. Jim is opreg spyt.
18. Laura antwoord glimlaggend. Sy is verrassend geestig en verbeeldingryk. Sy projekteer haar geluk van hierdie oomblik op alles en almal om haar. So lank as sy gelukkig bly, sal ook diegene om haar, selfs die horinglose eenhoring, gelukkig bly. Die feit dat hulle saam lag, is veelseggend in die sin dat hulle in


mekaar vreugde vind en nie net Laura in Jim nie.

19. Jim sê dit met vreugde. Dit is hierdie openhartige saamgeniet van sy kant wat hom laat besef dat hy met 'n heel besondere meisie te doen het.

By die vorming van die woorde, die uitspraak van sy impulsiewe gedagtes raak hy bewus van 'n teerheid en opregtheid. Self erken hy dat hy nog nooit so gevoel het nie, want hy wat altyd sy woord so goed kan doen, weet op hierdie oomblik nie wat om te sê nie.

Vir Laura is dit asof sy droom. Van so iets het sy nog net in boeke gelees en in films gesien. En nou gebeur dit met haar, en dan nogal met 'n held van wie sy die afgelopen jare slegs gedroom het. Miskien is dit te goed om waar te wees.

1. JIM nie goed/kan beskryf nie.////(LAURA RAAK AAN HAAR KEEL EN MAAK KEEL SKOON. SY HANTEER DIE GEBREEKTE PERDJIE. NOG SAGTER.) Het iemand jou al vertel dat jy mooi is?////(POUSE : MUSIEK) Nou ja,/ jy is! // In 'n besondere opsig/- anders as ander.// En dit is liefliker/- juis oor die verskil////(SY STEM WORD GELAAI MET EMOSIE. LAURA DRAAI OM, DRONK VAN DIE NUWE GEWAARWORDING) Ek wens jy was my suster./ Ek sou jou leer om/selfvertroue te ontwikkel... Mense wat anders is,/ is nie soos ander nie, maar die feit dat hulle verskil,/ is niks om oor skaam te wees nie,/ - juis omdat ander mense nie so wonderlik is nie.// Hulle is/eenhonderd maal eenduisend. // Jy is/een maal een! Hulle loop die wêreld vol. Jy/bly net hier!// Hulle is so algemeen soos onkruid in die tuin,/ maar jy// nou ja,/ jy is Blou Rosie! (MUSIEK VERANDER)
2. LAURA Maar blou is 'n verkeerde kleur vir rose.
3. JIM By jou pas dit! Jy is mooi!
4. LAURA In watter opsig is ek mooi?
5. ^{Jim} In alle opsigte/- glo my! // ² Jou oë, jou hare is mooi! // ³ Jou/hande is mooi! // (HY GRYP HAAR HAND) Jy dink ek sê dit maar net omdat ek 'n gas is. // O,/ ek kon dit doen! | Ek kon toneel speel en baie mooi dinge van jou gesê het sonder om eg te wees. // Hierdie keer is ek egter ernstig. // Ek het opgemerk dat jy minderwaardig voel/en dat dit jou omgang met ander mense belemmer. // Iemand moet jou selfvertroue opbou/en jou trots maak/in plaas van skaam te wees,/ jou kop weg te draai en te bloos. // Iemand moet. // ... jou soen,/ Laura! // ⁵ (SY HAND GAAN LANGS HAAR ARM OP NA HAAR SKOUER. MUSIEK DONDEREND HARDER. HY DRAAI HAAR SKIELIK OM EN SOEN HAAR OP DIE MOND. TOE HY HAAR LOS, ⁶ VAL LAURA OP DIE SOFA NEER MET 'N HELDER MAAR VERWARDE UITDRUKKING. ⁷ JIM STAAN TERUG EN SOEK 'N SIGARET IN SY SAK) Bobbejaan!



Bewegingskets: toneel 7

Beweging en verhoogactiviteit

1. Jim en Laura is nog steeds teenoor mekaar op die mat voor die sofa. Jim kyk haar aan, soek haar oë, terwyl Laura vir hom kyk maar nie in sy oë nie.
- 4.① Laura kyk op sodat sy Jim in die oë kan kyk.
- 5.② Jim streel met die agterkant van sy regterhand net bo en langs Laura se linkeroog.
- 5.③ Jim streel met sy regterhand Laura se hare.
- 5.④ Hy gryp met sy regterhand haar hand en hou dit met albei sy hande voor hom vas.
- 5.⑤ Sy regterhand beweeg met haar arm op, oor haar skouer, om haar blaaie en hy druk haar styf teen hom vas. Hy soen haar. Van die gehoor se kant gesien kan mens net Laura se agterkop sien en nie die werklike soenaksie nie.
- 5.⑥ As Jim haar los, retireer Laura en gaan sit vinnig op die punt van die sofa by (q). Sy staar die verte in.
- 5.⑦ Jim staan 'n tree terug en haal 'n sigaret uit en steek dit aan.

Tekslewing en spelmotivering

1. Jim is teer en onbeholpe. Tog bly sy woordkeuse steeds fyn en gepas.

Self verskaf hy die redes waarom Laura daarin kan slaag om sy voete onder hom uit te slaan. Tot dusver was hy gewoon aan die Emily Meisenbach's van die wêreld - hulle is eenhonderdmaal eenduisend. Hier kry hy egter met 'n rariteit te doen - 'n blou roos.

Voeg daarby die voorbereiding deur 'n Suidelike deskundige vir sy koms, en dit wat hier tussen hom en Laura gebeur, is die logiese gevolg van 'n dramatiese sameloop van omstandighede.

Ook het Laura se naïewe en onskuldige optrede hom simpatiek ingestem en is die omhelsing 'n fisieke natuurlikheid. Vir Laura is die omhelsing net iets waarvan sy gelees het. Haar fisieke volwassenheid kan na hierdie nuwe gewaardwording ook psigiese en geestelike volwassenheid word.

2. Laura bly nugter te midde van hierdie emosionele omstandighede.

3. Jim is eerlik en baie teer.

4.① Laura is gierig. Sy hoef nie geleer te word om vrou te wees nie. Al sak sy in alle ander eksamens, sal dit nie deur haar toedoen wees dat sy in hierdie eksamen sak nie. Reeds is sy besig om op 'n outentieke manier volpunte te behaal vir die wete van haar vrou wees.

5. Jim is ywerig. Hy wil in hierdie stadium slegs tevrede stel, slegs gelukkig maak. By hom is die rasionele lankal ondergeskik aan die emosionele. Hy doen sy uiterste bes om haar te laat glo wat hy sê. Mens kry byna die indruk dat hy homself nie kan glo nie. Miskien is daar iets in sy onderbewussyn aan die werk wat waarskuwings na sy verstand stuur.

Jim raak egtergemeenplase kwyd. Inderdaad kompromitteer

hy hom nie deur dit wat hy sê nie. Die manier waarop hy dit sê en dit wat hy doen, kan iemand anders egter 'n foutiewe afleiding laat maak. En juis omdat die persoon met wie hy praat, onervare, impulsief en naïef is, gaan en sal sy dit as eg aanvaar.

5.⑥ Laura se reaksie op sy liefkosings is openbarend. Sy laat by niemand twyfel bestaan hoe sy daaroor voel nie.

5.⑦ Alhoewel Jim se woorde hom nie gekompromitteer het nie, het sy dade wel, en dit besef hy nou. Sy spyt is eg, soos sy optrede tot dusver eerlik was. Juis as gevolg van hierdie eerlikheid besef hy die komplikasies, nie net vir homself nie maar ook en veral vir Laura. Hy kon haar onder 'n valse indruk gebring het. Vir enigiemand anders sou dit nog verskoonbaar gewees het, vir Laura kan dit dalk fataal wees.

1. JIM


(HY STEEK DIE SIGARET OP MAAR KYK NIE NA HAAR NIE. (AMANDA LAG KINDERAGTIG IN DIE KOMBUIS. LAURA LIG HAAR HAND EN MAAK DIT OOP. DIE GEBREEKTE PERDJIE IS NOG DAARIN. SY KYK DAAR= NA MET 'N TEER, VERWILDERDE UITDRUKKING)
① Bobbejaan! // Ek moes dit nie gedoen het nie. / Dit was nie reg nie. // ② Jy rook nie, / nê? // (SY KYK GLIMLAGGEND OP, HOOR NIE DIE VRAAG NIE. HY SIT ONGEMAKLIK LANGS HAAR. SY KYK HOM SPRAAKLOOS AAN - AFWAGTEND. HY HOES EFFENS EN SKUIF BIETJIE WEG TOE HY DIE SITUASIE INSIEN EN HAAR GEVOESENS BEGRYP. TEER) ③ Wil jy.... 'n lekkertjie hê? // (SY HOOR HOM SKYNBAAR NIE, MAAR DIE UITDRUKKING OP HAAR GESIG VERHELDER) ④ *Lifesavers.* Peperment? / My sakke is net soos 'n Griek se kafee, / net waar ek gaan. // ... (HY STEEK 'N LEKKER IN SY MOND. SKRAAP ⑤ MOED BYMEKAAR EN PAK DIE BUL AAN SY HORINGS) Laura, / weet jy, / as ek 'n suster soos jy gehad het, / sou ek net soos Tom gemaak het. // Ek sou kêrels uitgenooi het / en hulle aan haar voorgestel het. // Die regte tipe / - die tipe wat haar kan waardeer. // Ongelukkig het hy in my geval 'n fout begaan. // Miskien / het ek nie nodig om dit te sê nie. // Dit is waarskynlik nie die rede waarom ek genooi is nie. // Maar al is dit ook, / wat daarvan? // Daarmee is niks verkeerd nie. // Die ongeluk is net in my geval / - nou ja / - ek is nie in die posisie om die regte ding te doen nie. // Ek kan nie volgende week bel / en sê ek wil 'n afspraak maak nie. // Ek reken ek moet liever alles vertel voordat daar 'n misverstand is. / .en jou. / ...gevoe= lens seergemaak word. (POUSE. STADIG, BAIE STADIG, VERANDER LAURA SE UITDRUKKING. HAAR OË WORD STADIG NA DIE ORNAMENT IN HAAR HAND GEWEND. AMANDA LAG WEER OPGEWEK IN DIE KOMBUIS)

2. LAURA

(SAG) ⑥ Jy, / sal nie weer kom nie?

3. JIM

Nee, Laura, / ek kan nie. // ⑦ (HY STAAN OP) Soos ek probe



Bewegingskets: toneel 7

Beweging en verhoogaktiwiteit

- 1.① Jim draai sodat hy met sy rug na die gehoor staan.
- 1.② Hy draai slegs sy kop regs sodat hy Laura kan sien.
- 1.③ Hy buk vooroor, tel sy baadjie op wat oor die leuning van die sofa by (p) lê, en haal 'n lekkertjie uit en steek dit in sy mond.
- 1.④ Hy bied Laura 'n lekkertjie aan.
- 1.⑤ Jim gaan op die sofa sit by (p) sodat sy knieë in die rigting van Laura wys, wat by (q) sit.
- 2.⑥ Laura, wat nog steeds voor haar gekyk het, draai haar kop stadig skuinsregs sodat sy Jim kan sien.
- 3.⑦ Jim staan op en loop vinnig voor Laura verby na die punt van die buffet by (u).

Tekslewing en spelmotivering

1.① Jim is selfverwytend en ongemaklik. Hy is duidelik gespanne en onbeholpe. Hy praat deurmekaar en sê net wat in sy kop kom. Hy rook dat die dampe so staan.

1.② Terwyl Jim staan en rondtrap, is Laura nog steeds onder die bedwelgende invloed van wat met haar gebeur het. Sy aanvaar Jim se geklets as nog 'n verdere deel van die wonder wat sy ervaar het. Juis hierdeur val die klem sterk op die kontras tussen die twee karakters: een in vervoering, die ander een vol selfverwyt.

1.③ Alhoewel Jim se geskarrel in sy baadjie grappig mag voorkom, moet dit slegs 'n glimlag van bejammering uitlok wat die innerlike spanning verbreek.

1.④ Jim is onhandig. Wanneer hy Laura se reaksie waarneem, besef hy watter kwaad hy aangerig het.

1.⑤ Jim is skielik prakties en ordentlik. Hy probeer op 'n taktvolle manier die waarheid tot haar te laat deuring. Hier begin die moontlikheid deurskemer dat Jim reeds 'n verloofde man is. Die hoop waarop Amanda gebou het, blyk vals te wees.


Terwyl Jim praat, begin die uitdrukking op Laura se gesig stadig verander. Dit wat Jim vertel, begin vir haar betekenis kry. Sy staar die grootste fiasko van haar lewe in die gesig.

2.⑥ Laura wend haar oë af en staar uitdrukkingloos na die eenhoring in haar hand.

3. Jim praat reguit.

3.⑦ Jim is teer en het begrip vir wat in Laura se gemoed omgaan.

1. JIM verduidelik het, / ek is alreeds verbind.^① //
 Laura, / ek val nie rond nie. Ek gaan net met
 een meisie uit, / naamlik / Bettie. // Sy is ook
 huislik, / net soos jy. // Sy is ook van Ierse
 afkoms / en ons is van dieselfde geloof / - en in
 baie opsigte pas ons goed bymekaar. // Ek het haar
 verlede somer in die maanlig / op 'n rivierboot
 ontmoet / en van die begin af was dit 'n geval
 van smoorverlief. // Die liefde het 'n ander
 man van my gemaak! // Die mag van die liefde / is
 oorweldigend! // Liefde is iets wat die hele
 wêreld verander. / Laura! // Bettie se tante is
 siek / en sy moes haastig weg. // Dus / het ek die
 uitnodiging aanvaar toe Tom my genooi het, / on=
 wetend dat jy / - dat hy / - dat ek / - . Ek wens dat
 jy iets wil sê! // (SY BYT HAAR BEWENDE LIP VAS
 EN GLIMLAG DAN DAPPER. SY KYK WEER NA DIE GLAS=
 ORNAMENTE IN HAAR HAND. DAN NEEM SY JIM SE
 HAND EN LIG DIT GELYK MET HARE. SY PLAAS DIE
 PERDJIE IN DIE PALM VAN SY HAND EN MAAK
 DIT TOE MET SY VINGERS.) Hoekom doen jy dit, /
 Laura? // Moet ek dit hou? Laura? / (SY KNIK) Hoekom?
2. LAURA 'n Aandenking.... (SY STAAN ONVAS OP EN GAAN
 WEN DIE GRAMMOFOON OP)
 (BEELD - KÊREL WAAI OPGEWEK 'N AFSKEIDSGROET)
^③ (AMANDA KOM HAASTIG EN OPGEWEK NA VORE. SY
 DRA KOELDRANK EN SNOEPERYE)
3. AMANDA Ai....ai....ai! / Is die lug nie heerlik verfris=
 send na die reën nie? // Jim, / ken jy daardie lied=
 jie oor limonade?
4. JIM (ONGEMAKLIK) Nee, / ek het dit nog nooit gehoor
 nie.
5. AMANDA Laura, / jy lyk so ernstig!
6. JIM Ons het 'n ernstige gesprek gehad.
7. AMANDA Mooi so! / Nou ken julle mekaar beter.
8. JIM Ha-ha (ONSEKER) Ja.
9. AMANDA Julle hedendaagse jongmense is baie ernstiger
 as in my dae. // Ek was so 'n plesierige jong meisie!
10. JIM Jy het nog nie verander nie, / mev. Wingfield.



Bewegingskets: toneel 7

Beweging en verhoogaktiwiteit

- 1.① Jim draai by die buffet om sodat hy Laura kan sien. Laura bly die orige deel van sy spreekbeurt roerloos op die sofa sit.
- 1.② Laura staan stadig op en stap na Jim toe. Sy vat sy regterhand en sit die gebreekte eenhoring daarin en vou sy vingers toe. Sy kyk nie op nie maar slegs na sy hand. Hy kyk haar vraend aan.
- 2.③ In die coulisse verskyn Amanda met 'n skinkbord met twee glase limonade. Sodra Laura en Jim van haar bewus word, draai Laura vinnig om en stap na die victrola op (v). Sy begin dit stadig opwen.
Amanda stap tot by die punt van die sofa by (p).

Tekslewing en spelmotivering

1.① Jim voel skuldig en ongemaklik. Tog is hy sag en teer en poog hy om die mededeling so taktvol moontlik te doen. Hy vertel vir haar in besonderhede waarom hy hom nie aan haar kan verbind nie. Onbewus vererger hy Laura se smart. Sy, wat 'n klein smakie gekry het van wat liefde moontlik kan beteken, moet hoor dat die liefde van die man op wie sy skielik gehoop het, aan iemand anders behoort. Tog aanvaar sy dit baie dapper. Miskien is dit die openlike en nugtere wyse waarop Jim praat, of miskien is dit bloot haar gekondisioneerde aanvaarding wat haar help om die skok vir die oomblik te bowe te kom.

1.② Hierdie daad van Laura is nogal sterk simbolies. Eerstens behoort die eenhoring aan Jim, omdat dit hy is wat dit moontlik gemaak het dat hy nou tussen al die ander perde tuis hoort. Tweedens moet die perdjie Jim gedurig aan die aand se gebeurtenisse herinner.

Jim is in hierdie toneel waarin die perd oorhandig word, ontsettend ongemaklik en skuldig. Eerder sou hy wou gehad het dat Laura teen hom moes uitvaar.


2. Laura praat fluisterend. Sy beweeg bloot meganies, en haar bewegings en handeling is gekondisioneerde refleksie. Sonder dat sy weet wat sy doen, is sy maar weer besig met haar gewone tydverdrijf as die wêreld te nou wil word. Sy wen die slap veer van die ou victrola stadig op.

2.③ Amanda is opgewek en vrolik. Sy het alle rede om so te voel. Is haar dogter dan nie besig om 'n „Gentleman Caller" te onthaal nie? Het hulle nie saam gelag en selfs saam gedans nie? En om die kroon te span vind sy hulle nou waar hulle hande vashou. Ironies is dat hulle hande vashou nie beteken wat sy dink nie, maar wel 'n afskeids-groet.

3. Amanda praat so natuurlik moontlik. Hierdie opgewekte optrede te midde van hartverskeurende omstandighede verhoog juis die ironie.

4. Jim is ongemaklik. Hy besef dat sy taak vir vanaand nog glad nie afgehandel is nie. Voordat hy hierdie woonstel met eer kan verlaat, moet hy nog by die moeder verbykom.
5. Amanda is besorg maar bly. Sy vertolk Laura se erns in die lig van haar eie opvattinge.
6. Jim reageer vinnig, verduidelikend.
7. Amanda is bly. Niemand is so blind as hy wat nie wil sien nie.
8. Jim voel onseker.
9. Amanda buit die situasie verder uit.
10. Jim is ongemaklik. Tog behou hy sy vroeëre sjarme teenoor Amanda. Laura staan nog steeds met die slinger van die victrola in haar hand. Uit radeloosheid het sy daarheen gevlug. Amanda dink sy het daarheen gevlug uit verleentheid omdat hulle betrap is toe hulle handjies vasgehou het.

1. AMANDA Vanaand het ek 'n verjongingskuur ondergaan!//
 Die genot van die gebeurtenis, /mnr. O'Connor//
 (SY GOOI HAAR KOP AGTEROOR ONDER 'N HELDER
 GELAG. MORS LIMONADE.) Ooooooooooooo!/
 Ek herdoop myself!
2. JIM Wag./...laat ek....
3. AMANDA (SIT DIE BEKER NEER) Kyk net.// Ek het
 ontdek dat ons nog kersies gehad het, /en het
 sommer alles ingegooi.
4. JIM Jy moes nie soveel moeite gedoen het nie,/
 mev. Wingfield.
5. AMANDA Moeite! / Moeite!// Hemel dit was 'n groot
 vreugde.// Het jy nie gehoor hoe ek in die
 kombuis te kere gegaan het nie.// Jou ore moes
 getuit het! / Ek het vir Tom gesê hoe vies
 ek vir hom is omdat hy jou al die tyd net vir
 sy eie geselskap gehou het.// Hy moes jou al
 baie eerder uitgenooi het.// Maar nou dat jy die
 pad ken, / kan jy gereeld kom.// Nie net af en
 toe nie/maar gereeld.// O, /ons gaan 'n plesierige
 lewe saam hê, /ek kan dit sien kom!// Mmmmmmm! /
 Die vars lug/en die lieflike maan!// Wag/
 ek loop.// Ek weet waar ek hoort as jongmense
 in 'n ernstige gesprek gewikkel is.
6. JIM Ag nee, /moenie loop nie, /Mevrou.// Om die waar=
 heid te sê/ek moet nou loop.
7. AMANDA Waarom nou al? / Die aand het maar pas begin!
8. JIM Wel, /u weet hoe dit gaan.
9. AMANDA Jy bedoel /dat jy 'n werksman is, /en 'n jong werks=
 man moet genoeg slaap.// Ons sal jou vanaand
 vroeg verskoon, /maar slegs op voorwaarde /dat
 jy volgende keer later bly.// Watter aand pas
 jou die beste? // Is Saterdagand nie die
 beste aand nie?
10. JIM Ek moet by 'n paar plekke aanmeld, /Mevrou.//
 Een in die môre/en die ander in die aand!
11. AMANDA Hemel, /maar jy is ambisieus!// Werk jy saans ook?
12. JIM Nee, Mevrouw, /nie werk nie, /maar.//...Bettie.
 (HY LOOP OM SY BAADJIE TE KRY. DIE ORKES IN
 DIE DANSSAAL SPEEL 'N SAGTE WAL)



Bewegingskets: toneel 7

Beweging en verhoogaktiwiteit


1. ① Amanda gooi haar kop agteroor terwyl sy heerlik lag.
In die proses stort die limonade, en sy trap rond om
te verhoed dat die glase val.
2. ② Jim loop vinnig na haar toe om haar te help.
3. ③ Amanda sit die skinkbord met glase op tafeltjie (s)
neer.
5. ④ Amanda loop weer tot voor Jim.
5. ⑤ Amanda draai om en maak aanstalties om te loop.
6. ⑥ Jim gee 'n tree vorentoe om haar te keer voordat
sy weggaan.
7. ⑦ Amanda draai vinnig om en kyk van Jim na Laura.
12. ⑧ Jim draai om, loop tot agter die sofa, tel sy
baadjie op en loop tot voor die spieël by (y).
Gedurende hierdie hele gesprek tussen Jim en
Amanda staan Laura nog steeds roerloos by die
victrola (v).

Tekslewing en spelmotivering

- 1.① Amanda is nog steeds opgewonde, amper uitspattig.
- 2.② Jim is hulpvaardig. Hy is nog steeds die galante heer wat op Amanda so 'n goeie indruk gemaak het.
- 3.③ Amanda gesels reguit en gemaklik. Sy laat die limonade met die kersies daarin so spesiaal, so belangrik klink.
4. Jim voel skuldig. Omdat hy weet dat al die moeite tevergeefs was, bied hy sy verskoning aan.
- 5.④ Amanda geniet die hele gebeurtenis intens. Haar onkundigheid beklemtoon weer die ironie van die situasie. Op so 'n spontane, argelose manier stu sy handeling in die rigting van 'n klimaks, 'n klimaks wat Jim insluit en wat die situasie vir die toeskouer byna ondraaglik laat word.
- 5.⑤ Amanda bedagsaam. Vir oulaas vererger sy onwetend Laura se smart.
- 6.⑥ Jim reageer vinnig en ongemaklik, beslis.
- 7.⑦ Amanda is verbaas. Intuïtief voel sy dadelik gevaar aan. Tog poog sy om kalm te bly en dit end-uit vol te hou.
8. Jim praat gewoon. Hy soek 'n aanknopingspunt.
9. Amanda is positief. Sy interpreteer sy optrede soos sy dit graag en nie moet interpreteer nie. Sy laat doelbewus nog 'n moontlikheid oop.
10. Jim is nog steeds nie eksplisiet nie. Hy hoop hy kan weggom sonder om die ware rede aan Amanda te moet meedeel.
11. Amanda is egter koppig. Sy gun haarself nie 'n moontlike ontsnaproete nie. Sy wil die waarheid weet en hoor.
12. Jim bly nog steeds vaag.

12.⑧ Jim besluit finaal. Toe hy besef dat daar geen ontwyking moontlik is nie, pak hy die bul by die horings en doen dit eerbaar. Vir Laura beteken dit natuurlik 'n herhaling van die ontsettende werklikheid wat sy reeds weet.

1. AMANDA Bettie? / Bettie? / Wie is Bettie?^①
('N ONHEILSPELENDE DONDERGERAMMEL WORD
GEHOOR.)
2. JIM 'n Meisie! / Die meisie wat ek uitneem!
(HY GLIMLAG MET SJARME)
3. AMANDA ('N LANGGEREKTE ASEMTOG) Oooooo. // ... is dit 'n
ernstige romanse, / mnr. O'Connor?
4. JIM Ons gaan die tweede naweek in Junie trou.
5. AMANDA Oooooo! Dis gaaf. / Tom het nie gesê dat jy /
verloof is nie.
6. JIM Niemand by die pakhuis weet daarvan nie. // U
weet hoe dit sal gaan / hulle sal my Romeo
en sulke goed noem. // (HY STAAN VOOR DIE SPIEËL
OM SY HOED OP TE SIT. DIE RAND WORD MOOI
GEBUIG OM 'N BLINK VOORKOMS TE GEE.)^② Dit was
'n heerlike aand, / mev. Wingfield, / ek reken
dit is wat hulle / die Suidelike gasvryheid noem.
7. AMANDA Ag wat / - dit was niks / besonders nie.
8. JIM Ek hoop nie u vind my ongemanierd as ek nou
loop nie, / maar ek het vir Bettie belowe ek
sal haar by die stasie gaan haal. // U weet, /
sommige vroue kan nogal onaangenaam word as
mens hulle laat wag.
9. AMANDA Ja, / ek weet / - die vroulike tirannie! // (GEE HAND)^③
Ek wens jou voorspoed toe / - en geluk / - en suk-
ses! // Al drie / - en Laura ook - nie waar nie,
Laura?
10. LAURA Ja.
11. JIM (NEEM HAAR HAND) Tot siens, / Laura. // Ek gaan
daardie aandenking oppas. // En moenie die raad
vergeet wat ek jou gegee het nie. // (SKREE OPGE-
WEK)^⑤ Tot siens, / Shakespear. ^⑥ Nogmaals dankie,
dames, / goeienag! // (HY GROET EN WIP UIT. TERWYL
SY NOG MOEDIG GLIMLAG, MAAK AMANDA DIE DEUR
AGTER DIE VRYERSKÊREL TOE. SY DRAAI DAN OM
MET 'N BEKOMMERDE UITDRUKKING. SY EN LAURA
KAN MEKAAR NIE AANKYK NIE. LAURA WEN DIE
GRAMMOFOON OP.)
12. AMANDA (MISMOEDIG) Sake kan tog so verkeerd loop. //
^⑦ Ek glo nie ek sal die grammofoon speel nie. //
Nou ja....nou ja! / Ons



Bewegingskets: toneel 7

Beweging en verhoogaktiwiteit

- 1.① Amanda stap na Jim toe waar hy by die spieël staan.
- 6.② Jim stap na tot voor Amanda om haar te groet.
- 9.③ Amanda steek haar hand uit en groet hom.
- 11.④ Jim stap na Laura toe om haar te groet. Laura draai om sonder om hom aan te kyk.
- 11.⑤ Jim stap na Laura om haar te groet. Laura draai om sonder om hom aan te kyk.
- 11.⑥ Jim draai vir oulaas om en groet die dames.
- 12.7 Amanda wat nog steeds so staan soos Jim van haar afskeid geneem het, kyk na Laura, wat omdraai en die victrola begin opwen.


Tekslewing en spelmotivering

1. Amanda vra ongelowig en dringend. Die hele atmosfeer is onheilspellend.
2. Jim is sjarmant maar nog steeds 'n egte heer. Hy is alles behalwe leedvermakerig.
3. Amanda is uit die veld geslaan. Tog volg sy vinnig met 'n tweede moontlikheid.
4. Jim stel dit reguit.
5. Amanda is gemaak bly. Haar hele houding getuig egter van die teenoorgestelde.
6. Jim bly vriendelik en lighartig. Hy probeer om die situasie so aangenaam moontlik te hou deur met homself 'n grappie te maak.
- 6.② Jim is nog steeds galant en vriendelik.
7. Amanda het nie woorde nie. Dis slegs haar lippe wat praat. Haar innerlike het te 'n groot skok ontvang om te kan reageer.
8. Jim hou hom met die noodsaaklike besig. Tog is sy optrede nog aangenaam en korrek.
9. Amanda sê dit met 'n reuse-vertoning van self-dissipline. Sy is weer joviaal en gasvry.
- 9.③ Amanda bly moedig en positief. Sy betrek selfs vir Laura om dié se las ligter te maak.
10. Laura praat fluisterend.
- 11.④ Jim is joviaal en kameraadskaplik. Hy poog om vertroostend te wees. Hy besef egter dat Laura nie sy raad nie maar sy liefde nodig het.
- 11.⑤ Jim sê dit asof niks gebeur het nie.
- 11.⑥ Jim se optrede bly korrek.

Vir die soveelste maal stort die hele lewe om haar in duie.

12.⑦ Vir Amanda is hierdie boedeloorgawe egter te finaal en afskrikwekkend. Soos gewoonlik probeer sy moedig om uit hierdie chaos orde te skep.

1. AMANDA vryerskêrel staan toe op troue. / Tom!
2. TOM (AGTER) Ja, Ma?
3. AMANDA Kom bietjie hier! // Ek wil jou 'n snaakse ding vertel.
 (Jy weet nie watter poets jy ons gebak het nie.)
4. B-4. TOM helder. (KOM IN MET KERSBLAKER) ^① Het die kêrel al daarin
 geslaag om los te kom?
5. AMANDA Die kêrel het vroeg afskeid geneem. // ^② Jy het
 vir ons 'n mooi poets gebak.
6. TOM Wat bedoel Ma?
7. AMANDA Jy het nie gesê dat hy verloof / is nie.
8. TOM Jim? / Verloof?
9. AMANDA Dit is wat hy so pas gesê het.
10. TOM Nou wragtie, nè! / Daarvan het ek nie geweet nie.
11. AMANDA Dit is / snaaks.
12. TOM Wat is snaaks?
13. AMANDA Het jy nie gesê hy is jou beste vriend by die
 pakhuis nie?
14. TOM Hy is, / maar hoe moes ek weet?
15. AMANDA Dit is baie snaaks dat jy nie weet dat jou
 beste vriend gaan trou nie!
16. TOM Ek is by die pakhuis om te werk, / nie om kennis op
 te doen van mense se privaatsake nie.
17. AMANDA Jy doen nêrens kennis op nie! // Jy leef in 'n
 droom, / jy fabriseer illusies! ^③ // (HY STAP NA
 DIE DEUR) Waarheen gaan jy?
18. TOM Na die bioskoop.
19. AMANDA ^④ Dis reg! // Nou dat jy die oorsaak was dat ons
 so geklik gehandel is! // Om te dink aan al die
 voorbereidings / al die uitgawes! // Die nuwe
 lamp, / die tapyt, / Laura se klere! / Waarvoor? //
 Om 'n ander meisie se verloofde te onthaal. //
^⑤ Gaan bioskoop toe, / loop! // Moenie aan ons dink nie, /
 verlate moeder, / 'n ongetroude, / kruppel suster wat
 sonder werk sit! // Moenie dat ons in die pad staan
 van jou selfsugtige plesiertjies nie! / Loop. / ...
 Loop, / loop na die bioskoop!



Bewegingskets: toneel 7

Beweging en verhoogaktiwiteit

- 4.① Tom kom van die coulisse-opening af met 'n kers-blaker in die hand, binne. Hy plaas die kers-blaker op die kas (j) terwyl hy sy moeder en suster beurtelings aankyk.
- 5.② Amanda, wat nog net so staan soos toe Jim haar verlaat het, draai om en stap na Tom.
- 17.③ Tom draai vinnig om en stap na die haak om sy jas af te haal.
- 19.④ Amanda stap nader na Tom toe.
- 19.⑤ Amanda gaan Tom omtrent te lyf. Sy beduie na die deur en jaag hom weg.

Tekslewering en spelmotivering

1. Amanda praat ingedagte. Sy is heeltemal verwar en kan die situasie nog nie heeltemal begryp nie.
2. Tom vra onskuldig.
3. Amanda kan dit nie klein kry nie. Dadelik verdink sy Tom. Iemand moet as weerligafleier dien.
- 4.① Tom handel onskuldig en grappig.
- 5.② Amanda reageer skerp, seergemaak. Sy is besig om haar op te wen. Tom se onskuldige uitdrukking is ook nog olie op die vuur.
6. Tom vra dit onskuldig maar agterdogtig.
7. Amanda val hom aan.
8. Tom is eerlik verbaas.
9. Amanda bly onverbiddelik.
10. Tom staan verbaas. Nog steeds begryp hy al die komplikasies nie mooi nie.
11. Amanda sê dit snydend.
12. Tom is wakker en gereed. Soos dinge aan die ontwikkel is, geval dit hom geheel en al nie.
13. Amanda is onlogies en onverbiddelik.
14. Tom is nou nors. Soos so vele male in die verlede kan hy sy moeder se logika nie begryp nie.
15. Amanda bly bytend en aanvallend.
16. Tom is stug en ongelukkig.
17. Amanda se verwyt is onredelik, skril en half beledigend.
18. Amanda se wind word uit haar seile geneem as Tom

wegloop. Tom tree logies op.

19.④ Amanda se opgekropte spanning en teleurgesteldheid stort nou oor Tom. Sy is onredelik en onlogies. Haar aandeel sien sy geheel en al oor die hoof, en sy hou Tom alleen verantwoordelik vir wat gebeur het.


19.⑤ Amanda is onbeheerst en leedvermakerig. Omdat sy seergekry het, probeer sy Tom nou seermaak. Sy raak histeries, en haar wêreld word skielik eenvoudig te klein.

1. TOM ^①Goed, ek sal loop! / Hoe meer ma te kere gaan oor my selfsugtigheid, / hoe gouer sal ek loop, / en nie bioskoop toe nie!

2. AMANDA ^③Toe loop, / Loop na die maan / - jou selfsugtige dromer! (TOM GOOI SY GLAS FLENTERS OP DIE VLOER.

Kersblaker - uit
B - af.
STORM BY DIE VOORDEUR UIT EN ^④KLAP DIE DEUR TOE. LAURA SKREE. ~~DANSMUSIEK HARDER.~~ TOM KLEM DIE RELING VAS EN WEND SY GESIG, WAAROP DIE MAAN SKYN, NA DIE DONKER STRAATJIE. TOM SE LAASTE WOORD GAAN GEPAARD MET INNERLIKE PANTOMIME. DIE TONEEL IN DIE KAMER SPEEL AF ASOF DIT AGTER GLAS GESKIED. DIT LYK ASOF AMANDA TROOSTEND MET LAURA PRAAT ~~WAT OP DIE SOFA EENGEKRIMP LÊ.~~ NOU DAT AMANDA NIE GEHOOR KAN WORD NIE, IS HAAR VERSPOTTIGHEID VERVANG DEUR WAARDIGHEID EN TRAGIESE SKOONHEID. LAURA SE DONKER HARE MAAK HAAR GESIG ONSIGBAAR TOT DIE END TOE, AS SY HAAR KOP LIG EN VIR HAAR MOEDER GLIMLAG. AMANDA SE GEBARE IS STADIG EN GRASIEUS TERWYL SY HAAR DOGTER TROOS. TEEN DIE END KYK SY 'N OOMBLIK NA HAAR MAN SE PORTRET - ~~GAAN DAN AF DEUR DIE~~ GORDYNE. TEEN DIE EINDE VAN TOM SE TOESPRAAK BLAAS LAURA DIE KERSE DOOD EN BEËINDIG DIE SPEL)

A - aan.
3. TOM ^⑤Ek het toe nie maan toe gegaan nie / - maar baie verder, / want tyd is die langste afstand tussen twee plekke. // Nie lank na daardie aand nie / is ek ontslaan, omdat ek 'n gedig op 'n skoendoos geskryf het. // Ek het St. Louis verlaat. // Die brandtrap / is ek die laaste keer af / en het van toe af in die voetstappe van my vader gevolg / in 'n poging om in beweging te vind / wat ek in ruimte nie kon vind nie. // Ek het baie gereis. // Die stede het verbygegaan soos dooie blare in die wind / - blare met helder kleure / maar los van die takke. // Ek sou miskien iewers vasgeval het, /



Bewegingskets: toneel 7

Beweging en verhoogaktiwiteit

- 1.① Tom loop tot hy voor sy moeder staan.
- 1.② Hy draai om en gooi sy glas stukkend en loop by die deur uit. In die proses sleep sy jas die kersblaker van die kas af, en die kers gaan dood.
- 2.③ Amanda hardloop half agter hom aan en stort dan op haar stoel by (k) inmekaar. Terselfdertyd val Laura op haar stoel by (t) neer.
- 2.④ Amanda kyk stadig op na Laura, stap oor na haar toe, draai haar stoel om en neem haar kop in haar arms.
- 3.⑤ Tom het tot op die brandtrap gestap en daar bly staan. Hy het sy jas op die trappies laat val en sy seemanspet opgesit. As die lig op die brandtrap aankom, stap hy tot voor teen die reling en begin sy laaste vertelling in die hede. Binne bly die vrouens roerloos, en die kandelaar met kerse brand nog steeds op die mat.

1.① Tom is driftig. Wat Tom ontsettend seermaak, is sy moeder se onredelikheid en haar herhaalde verwysings na sy selfsug. Dit ontketen 'n magtelose woede in hom, wat hom irrasioneel laat optree.

1.② In sy woede deel Tom sy moeder mee dat hy hulle verlaat.

2.③ Amanda raak histeries en Laura gil toe die deur finaal agter Tom toeklap.

Hier kom Amanda se karakter weer duidelik na vore. Alhoewel sy so pas in die dieptes van ellende geslinger is, ruk sy haar tog reg om die lewenstryd voort te sit. Sy besef maar alte goed dat haar dogter platter geslaan is as sy en dat Laura hulp nodig het. Hierdie vertoning van moed en wilskrag verleen aan Amanda 'n waardigheid en 'n tragiese skoonheid.

So sterk en positief is haar optrede dat Laura daarin slaag om op te kyk en vir haar moeder te glimlag. Haar grootste oorwinning behaal sy egter as sy later haar kerse en dus haar herinnerings doodblaas en so haar gewilligheid toon om die lewenstryd voort te sit in 'n wêreld wat deur weerlig verlig word.

3.⑤ Tom praat kalm en op sy gemak.

Alhoewel hy so pas die heftige konfrontasie met sy moeder deurleef het, het daar in die stuk 'n hele paar jaar verloop. Hy kan dus met 'n oop en skoon gemoed terugkyk en vertel wat na sy weglloop gebeur het.

In sy slotmonoloog kom ons agter dat Tom sy moeder en suster na dié spesifieke aand wel weer gesien het maar ook dat die tyd wat verloop het sedert hy hulle laas gesien het, vir hom voel of hy maan toe was en veel verder. In aanhoudende beweging het hy gesoek wat hy in ruimte - dus in St. Louis onder andere - nie kon vind nie.

1. TOM


maar/iets het my agtervolg.// Dit het my altyd
onverwags oorval /- heeltemal soos 'n verrassing.//
Soms was dit 'n bekende liedjie.// Soms net 'n
stukkies deurskynende glas.//..... Soms het ek in
'n straat/in 'n vreemde stad geloop voordat ek
maats gevind het.// Ek loop by 'n verligte ver=
toonvenster verby en sien miskien botteltjies
reukwater.// Die venster is gevul met stukkies ge=
kleurde glas,/ klein deurskynende botteltjies
met delikate kleure/- soos die stukkies van 'n
gebreekte reënboog.// Dan skielik raak my suster
my skouer aan.// Ek draai om en kyk vas in haar
oë./.....O, Laura,/ Laura, ek het probeer
om jou agter te laat./...te vergeet,/maar ek
is getrouer aan jou as wat ek bedoel het om
te wees!// Ek steek 'n sigaret aan,/stap oor die
straat,/gaan na 'n bioskoop of kroeg,/praat met
die naaste vreemdeling./..... enigiets wat jou
kerse kan doodblaas.//
(LAURA BUIG NA DIE KERSE)
.....want deesdae word die wêreld verlig
deur weerlig!// Blaas dood jou kerse,/Laura,///....
en vaarwel!

Mozart.

A + C - af (SY BLAAS DIE KERSE DOOD.)

Siklorama - af

EINDE ③



Bewegingskets: toneel 7

Beweging en verhoogaktiwiteit

- 1.① Laura kyk op na haar moeder en glimlag vir haar.
- 1.② Laura staan op en stap na die middel van die mat by (r) en blaas die kerse dood. Saam met die kerse doof alle ligte uit om die einde van die stuk aan te toon. Saam hiermee doof die tema-musiek in, wat bly speel totdat almal die auditorium verlaat het.
- 1.③ In die donker wat daarop volg, neem die spelers soos volg hulle plekke in vir die buiging reg voor die vertoonkassie by (o).

Van verhoogregs na links - Tom, Amanda, Laura en Jim.

Tekslewing en spelmotivering

1. Tom gee duidelik te kenne dat alhoewel hy die woonstel en sy bewoners fisies verlaat het, hy in die gees steeds by hulle was. Hoe hard hy ook al probeer en wat hy ook al doen, hy sien Laura se kerse nog steeds voor hom brand. Nog steeds bly hy dus bewus van haar aanhanklikheid en haar onvermoë om haar man te staan. Hy het haar in die steek gelaat, en dis hierdie wete wat hom agtervolg.

Met die doodblaas van haar kerse suggereer Laura twee dinge. In die eerste plek dat sy soos in die verlede die lewenstryd weer begin stry het - dus een mislukking na die ander -, en in die tweede plek dat haar kerse in Tom se gedagtes so vervaag het dat hy nie meer die skuldgevoel oor haar gehad het nie.

Sou mens die gebeure in Speelgoed van glas as outobiografies beskou, dan kan jy met sekerheid aanvaar dat Laura die res van haar lewe in 'n inrigting vir geestelik versteurdes deurgebring het. (Vergelyk Rose, Laura se prototipe, se verblyf te Stoney Lodge, 'n inrigting vir geestelik versteurdes). (Williams (1976:251)).

Verder kan afgelei word dat Tom later 'n geslaagde skrywer geword het en sy moeder in weelde en op Suidertradisie versorg het. (Vergelyk Williams, Tom se prototipe, wat na Speelgoed van glas twee Pulitzerpryse gewen het, een vir Streetcar named Desire en die ander een vir Cat on a Hot Tin Roof).

Behalwe dat die welslae wat hy as skrywer behaal het, vir hom beroemdheid beteken het, het dit ook geldelike sekuriteit gebring, en daarin het hy sy moeder laat deel.) (Williams 1964:254.)

13. REPETISIEVERSLAG

Op Maandag 10 Mei 1976 het die repetisievak van Speelgoed van glas begin. Teenwoordig was Enone van den Bergh, wat die rol van Amanda Wingfield sou vertolk, Betsie Coetzee in die rol van Laura Wingfield en Dawie du Toit as Jim O'Connor. Henk Wijbenga, gekies vir die rol van Tom Wingfield, was nog met 'n ander aanbieding besig en sou die eerste week nie die repetisies kon bywoon nie. Tinkie Lombard was die assistent-regisseuse.

Volgens die repetisierooster sou Maandag tot Vrydag van 19h00-23h00 gerepeteer word. Saterdag sou die hele dag aan repetisies gewy word.

Uit die repetisieverslag wat hieronder volg, kan die volgende afleidings gemaak word:

Daar was 34 repetisies.

Die totale repetisietyd het 133 uur en 30 minute beslaan.

Die totale teetyd het 6 uur en 47 minute beloop.

Die gemiddelde duur van 'n repetisie was dus 3 uur en 55 minute.

'n Gemiddelde teepouse het dus 12 minute geduur.

Vir 34 repetisies het 6 mense die volle tyd gerepeteer.

Dit werk uit op 8 280 manuur.

Konserwatief bereken teen R10 per uur, beloop dit die bedrag van R82 800.

'n Repetisieverslag sou m.i. onvolledig wees as daar nie oor die regisseur en sy taak besin word nie.

In hierdie verhandeling is die enscènering en aanbieding uit 'n regisseursoogpunt beskou. Dit is tewens die enigste manier om daarna te kyk. Wat egter vir verslagdoeleindes

belangrik is, is om in die lig van die ervaring opgedoen met die enscènering en aanbieding van Speelgoed van glas 'n evaluering van die regisseurtaak ten opsigte van dramaturg, drama, spelers, gehoor en tegnici te doen.

Afleiding en bevindings wat hier op skrif gestel word, is nie noodwendig die eerste keer tydens die repetisies van "Speelgoed" ervaar of ontdek nie. Ook is dit nie 'n verbatimverslag van dit wat tydens die repetisies gebeur het nie. Allermens is dit 'n evaluering van die regie-metode wat met die instudering van die stuk toegepas is. Omdat elke aanbieding wat 'n regisseur op sy kerfstok plaas, 'n proses van byvoeging en eliminerings is - sekere opvattinge word bevestig, ander word as verkeerd bewys -, streef en aspireer 'n regisseur na 'n volgende stuk waar hy dinge wat hierdie keer nie geslaag het nie, verder op die proef wil stel.

Daarom is dit bloot 'n filosofie, 'n droom van hoe 'n regisseur behoort te wees. Ook is dit, in die lig van die aanbieding, 'n uiteensetting van hoe dit onder ideale omstandighede met die stuk kon gegaan het.

Die regisseur se doel

By sy metodebepaling moet die regisseur steeds in gedagte hou wat hy hom met die aanbieding van 'n stuk ten doel stel. Om die doel te bereik moet hy sy metode dienooreenkomstig aanpas. In sy werkmetode moet daar dan voorsiening gemaak word vir die verwesenliking van die doel.

By enige regisseur moet die strewe na algehele artistieke welslae van die stuk wat hy beplan, vooropgestel wees. In voorbereiding en verwesenliking moet hy dan te alle tye onthou dat hy in daardie rigting moet werk. Artistieke welslae moet egter slegs 'n aansporing wees en bly en nie soos die spreekwoordelike swaard oor 'n mens se kop hang nie.

Ook moet 'n regisseur onthou dat hy verantwoordelikhede het.

teenoor die dramaturg en drama waarmee hy werk. Omdat hy as medeskepper die geskrewe drama op die verhoog realiseer, moet hy in sy regiemetode die doel of boodskap van die dramaturg naspeur en dit in sy ensenering tot sy reg laat kom. Sy deel van die skeppingswerk moet aan die oorspronklike werk van die dramaturg reg laat geskied.

Teenoor die drama self is sy verantwoordelikheid ewe groot. Omdat die drama 'n onafhanklike kunswerk is wat binne sy eie reg as sodanig erken word, moet die regisseur poog om in ensenering en aanbieding die waarde en kwaliteit te ewenaar.

Van die grootste belang is dat elke regisseur moet onthou dat hy ten laaste met lewende wesens te doen het. Sy menseverhoudings moet van so 'n aard wees dat hy sy kundigheid op die natuurlikste en mees praktiese wyse aan sy spelers oordra. Veral waar daar met studente gewerk word, moet te alle tye onthou word dat die teater ook klaslokaal is en dat in so 'n klassituasie die studente tot hulle reg moet kom. Hulle belangstelling en leergierigheid moet gedurig geprikkel word.

Ook die gehoor moet hy in dieselfde lig beskou. Veral in 'n opvoedkundige opset waar die teater ook streeksteater is, moet die regisseur reeds in sy regiemetode dink dat sy aanbieding deel van 'n opvoedingsproses gaan uitmaak. In sy voorbereiding om 'n stuk aan te bied moet hy in gedagte hou dat hy die teater gewild en lewenskragtig moet hou. Die enigste manier om dit te doen is lewendige gehoordeelname en reaksie, en om dit te bereik moet niks minderwaardigs aangebied word nie.

In hierdie skeppingsproses werk 'n regisseur hand aan hand met ander en medekunstenaars. Soos die regisseur poog om met sy regie kunstenaar in eie reg te wees, so strewe ook die ontwerpers van dekor, beligting, byklanke en kostumering om hulle aandeel tot die artistieke vlak te verhef. Saamgevoeg, behoort dit as kunswerk 'n eenheid te vorm, waarvoor die regisseur verantwoordelikheid moet aanvaar. /

aanvaar. In hierdie lig gesien tipeer Harold Clurman (1958: 176) 'n regisseur soos volg: „Though the director does not act, he is, or should be, responsible for the kind of acting we see on the stage; though he does not usually design the sets, he is, or should be, responsible for the kind of impression the sets make; and everything else on the stage”.

Die regisseur se metode

Soos die teaterkuns 'n dissipline is, so is ook die regie as een van die elemente van die gesamentlike kuns van die teater 'n dissipline. Teaterkunsbeoefening sonder dissipline is ondenkbaar. Regie sonder dissipline sal vinnig tot 'n geploeter in die donker ontaard.

Elke regisseur, met watter stuk hy ook al besig is, sal hom aan die dissipline van sy vakgebied moet onderwerp as hy hoegenaamd welslae wil behaal.

Teaterkunsbeoefening geskied volgens 'n sekere resep, 'n sekere patroon. Binne hierdie patroon raak die betrokkenes vry om hulle skeppingswerk te doen. Sonder hierdie patroon het die teater in geen land enige bestaansreg nie.

Daarom is dit van kardinale belang dat 'n regisseur vir hom 'n regiemetode moet kry om die verwesenliking van sy kuns te orden en te sistematiseer. Alleen dan het hy iets te vertel, en alleen dan kan die teater waarin hy werksaam is, lewendig en gewild bly.

In die proses van enscènering en aanbieding kan 'n jong regisseur (jonk in ervaring) vir hom 'n metode uitwerk. Hieraan skaaf en skuur hy tydens aanbiedings totdat hy 'n funksionele metode het wat hom geval en waarvolgens hy graag werk.

'n Regisseur moet in die vorming en hantering van 'n eie metode egter te alle tye aan homself getrou bly. Om enige metode wat welslae behaal het, na te aap, is om verraad te pleeg - teenoor homself. Regie is 'n persoonlike/

like aangeleentheid en moet dit bly. Wat op die verhoog nie innerlik beleef en ervaar word nie, is 'n leuen en hoort dus nie tussen die kunste nie. Sou 'n regisseur iemand anders se metode op die proef stel, moet dit altyd iemand anders se metode bly - of as hy dit sy eie maak, moet hy dit met sy persoonlikheid kleur. So kan meer regisseurs - veral diegene verbonde aan dieselfde inrigting - van 'n metode gebruik maak maar dit anders, persoonlik toepas.

In die leerskool van 'n aanbieding van 'n toneelstuk ontdek mens soms intuïtief nuwe benaderings en beskouings wat die beoefening van regie soveel makliker maak. Dit word later al hoe meer gebruik, totdat dit 'n nuwe metode word.

Aanbiedings skep geleenthede om idees wat by ander verkry is, op die proef te stel. Kan 'n regisseur dit sy eie maak, dit met sy opvattinge versoek en dit natuurlik, spontaan toepas, aanvaar hy dit as deel van sy eie teatermondering. Kan hy dit egter nie verwerk nie, staan dit hom vry - word dit van hom verwag - om dit te verwerp. Regisseurs moet outentieke eerlike benaderings besit of ontwikkel as hulle toneelmatige bydraes wil lewer.

'n Regiemetode is nie 'n wet van die Meders en Perse wat slaafs nagevolg moet word nie. Dit is bloot 'n raamwerk waarbinne en waarvolgens 'n regisseur te werk gaan om spel-leiding vir hom en die spelers so natuurlik en maklik moontlik te maak. So sal en behoort die toepassing van 'n metode van stuk tot stuk, van groep tot groep en van teater tot teater wissel. 'n Regisseur wat vir elke stuk en vir elke groep spelers sy metode streng in werking wil stel, is 'n dwaas en sal die teater ontsettend skade berokken. Elke nuwe situasie vereis nuwe aanpassings. Juis in hierdie afwisseling wat die teater bied, lê sy lewensvatbaarheid en sy bekoring.

Deur met 'n vooraf opgestelde opvatting aangaande die toepassing van 'n metode 'n nuwe stuk te pak en by die letter van die wet te hou word die teater van sy varsheid en

nuutheid beroof. 'n Sodanige werkwyse is tot mislukking gedoem en sal die skeppingsdaad ondermyn. Sy metode moet 'n regisseur soos sy regie intuïtief benut.

Daarom moet 'n regisseur daarteen waak om uit 'n voorafopgestelde regieboek te werk. Op die manier wil hy namens die akteur dink en doen, wil hy die akteur van sy individualiteit beroof en hom sy reg in die teater ontsê.

Eerder moet die regisseur gewillig wees om saam met die akteur te ontwikkel en saam met hom die wonder van die teater ontdek.

Soos die teater 'n weerspieëling van 'n sekere tyd is, so word 'n regiemetode 'n weerspieëling van die temperament, karakter en persoonlikheid van die betrokke regisseur.

Hierdie metode gee styl aan 'n stuk en druk die bepaalde regisseur se stempel op die stuk af. So word sy metode dan sy getuigskrif en 'n advertensie vir die teaterkuns. As voorbeeld kan Stanislawski genoem word, wat met sy metode 'n hele nuwe teaterbenadering geïnisieer het.

(Vgl. Jansen van Rensburg 1976: Konstantin Stanislawski as regisseur. Ongepubliseerde D.Litt-proefskrif, Potchefstroomse Universiteit vir CHO.)

Die regisseur se strewe

Die verwesenliking van die regisseur se strewe begin reeds by die keuse van 'n stuk. Omdat die keuse reeds verantwoord is, gaan na die volgende stap gekyk word. Veral by die opvoedkundige teater val die klem sterk op die agtergrondstudie om, soos reeds gemeld, die stuk 'n besondere styl te gee. Tydens die repetisies van Speelgoed van glas het die wysheid van hierdie siening sterk opgeval.

Om 'n stuk in sy regte milieu te plaas moet die regisseur veral die omstandighede, agtergrond en tyd waarteen die stuk afspeel, bestudeer. Die voorbereiding wat hy met die oog hierop doen, stel hom nie alleen in staat om sy spelers met hulle karakterisering te lei nie, maar ook om die tegnici te help met die uitvoering van hulle

groot verskeidenheid van take.

Met al die feite en gegewens tot sy beskikking moet die regisseur waak dat die aanbieding sy eie bly en nie 'n aanbieding uit 'n geskrif word nie. Veral visualiserings van hoe die aanbieding behoort te verloop kortwiek die oorspronklikheid van die spelers in 'n groot mate. Te veel gebruik maak van feite bind en verwar nie alleen die skeppende gees nie maar kan ook tot abstrakte denke by die regisseur en spelers lei. Dit, op sy beurt, loënstraf weer die feit dat toneelspeel handeling en nie filosofie is nie.

Alhoewel die regisseur grondig moet voorberei, moet hy die kennis wat hy opgedoen het, slegs as prikkel gebruik om die studente te lei en insig te gee van die hoekoms en die waaroms. In plaas van lang uitweidings oor agtergrond moet die feite soos hulle op die verhoog gevorder word, taktvol oorgedra word. Slegs die kernopset van die stuk, van elke toneel en van die karakter moet namate die akteur vorder, meegedeel word.

Omdat die doen en late om die teater as kunsvorm sterk op die gesindheid van die betrokkenes leun, is die benadering van die regisseur van die allergrootste belang. Met 'n flink positiewe benadering word die stuk 'n uitdaging en 'n lus vir almal. Uit die aard van die saak sou dit 'n euwel wees as 'n regisseur 'n stuk moet aanbied waarvoor hy nòg die aanvoeling nòg die vermoëns het. Die lus sal grootliks ontbreek, en dit sal die eindproduk onberekenbaar benadeel.

Maar dit maak slegs 'n klein deeltjie van die gesamentlike produk uit. Sonder goeie organisasievermoë gaan 'n regisseur baie van sy eie en sy spelers en tegnici se tyd verkwis. Veral 'n ekonomiese benutting van die tyd tot sy beskikking is 'n belangrike oorweging. Juis omdat die aanbieding van 'n stuk nie net om die artistieke uitvoering gaan nie, moet die regisseur sy administratiewe sake so reël dat ook hierdie organisasie 'n rustige, kalm atmosfeer tot gevolg het.

Die skep van 'n ideale atmosfeer is seer sekerlik die grootste enkele uitdaging vir elke regisseur. Hy moet in staat wees om 'n sodanige atmosfeer te skep of te laat skep of dan te laat ontstaan dat sy akteurs se vindingrykheid, oorspronklikheid, natuurlikheid en bowenal eerlikheid maksimaal benut sal word. Die atmosfeer wat by 'n repetisie bestaan, bestaan nie soseer omdat die regisseur iets doen of nie doen nie: dit is 'n gevolg van menseverhoudings, sekerheid, kalmte en vermoëns. Sodanige atmosfeer bepaal egter die welslae wat behaal kan word.

In sodanige atmosfeer wat by repetisies ontstaan, hoef 'n regisseur ook nie altyd die woord te voer of te verduidelik nie. Dit word 'n situasie waarin die blote teenwoordigheid van die regisseur al genoeg rede verskaf dat die skeppingsproses in al sy fasette geïntegreerd en afgerond voltrek word.

Vir geen oomblik moet 'n regisseur egter houvas op die situasie verloor nie. Hy moet daarteen waak dat hy passief raak en die indruk skep dat hy belangstelling verloor het. Die inisiatief moet te alle tye syne bly. Met 'n ferme dog simpatieke hand moet hy lei, al lyk dit soms of hy volg. Die regisseur moet in laaste instansie slegs die katalisator wees wat die impuls verskaf waarop die spelers moet reageer. Hierdie reaksie word die enscènering van die stuk, en langs sulke bane geniet 'n speler gedissiplineerde vryheid wat unieke vertolkings tot gevolg kan hê.

Deur hierdie vryheid kry die speler aandeel en medesegenskap in die skeppingsproses. Dan blom sy verbeeldingskrag en vindingrykheid en kan hy na hartelus improviseer. Uit hierdie improvisasies haal die regisseur wat hy wenslik vind, en bou dit saam tot 'n artistieke geheel.

Uit hoofde van sy posisie as leier is dit die taak van die regisseur om die spelers en tegnici in die beplande baan te hou. Veral by karakterisering moet hy help by die bepaling van die fisieke en psigiese eienskappe van die betrokke karakter. So byvoorbeeld het Williams in sy teks voorgeskryf dat Laura kruppel is. Dit is 'n fisieke karakterkenmerk. Nou behoort die regisseur aan die speelster die impulse te verskaf om te gaan navors watter uitwerking die kruppel voet op haar psige het. Daarom moet sy week na week elke dag met die beenstut loop om vas te stel wat dit aan die mens se gees doen. Dan eers begin sy agterkom waarom Laura so selfbewus en onseker is. By elke nuwe ontdekking wat die speelster maak, moet sy en die regisseur besluit of dit toepaslik is of nie en, indien wel, hoe dit die beste gebruik kan word.

Die regisseur behoort die alter ego en spieël van sy spelers te word. Elke beweging en/of intonasie moet van hom na die speler terug gekeats word, sodat die speler kan hoor hoe hy klink, en sien hoe hy lyk. Vrymoedigheid moet tussen regisseur en speler ontwikkel. Hulle moet mekaar absoluut vertrou en op mekaar staatmaak.

Met sodanige vrymoedigheid as bondgenoot moet regisseur en speler elke situasie eksploiteer om die wesenlike van elke karakter te bereik. Van hierdie vrymoedigheid moet die regisseur ook gebruik maak om alle belemmeringe wat in die pad van oorgawe voorkom, uit die weg te ruim. Hy moet sy speler so ver kry dat hy/sy gewillig is om maniertjies, inhibisies en vrese op die altaar van die kuns te offer. Dit sal tot 'n vrye, natuurlike, eerlike en opregte optrede lei wat die toeskouer sal inspireer en oortuig.

'n Regisseur moet soos 'n goeie atletiekafrigter wees, wat sy atleet voorberei om op 'n sekere datum sy piek te bereik. Daarom moet 'n regisseur sorg dra dat sy akteur nie onder- of oorgerepeteer word nie. Om met die oog op 'n openingsaand te werk is egter 'n euwel. Daar moet eerder na 'n kleedrepetisie gewerk word, en 'n openingsaand moet as maar net nog 'n aand beskou word.

Omdat die regisseur in die opvoedingsteater dosent bly, behoort sy taak met die openingsaand nie afgehandel te wees nie. Juis omdat die gehoor van aand tot aand verskil, wissel die situasie waarin die akteur sy skeppingswerk moet lewer, ook gedurig. Hierdie aanpassing by en kommunikasie met die gehoor is van kardinale belang. Die wyse waarop die akteur daarop reageer, verseker grotendeels die welslae wat behaal gaan word. Die verhouding akteur: gehoor kan nie te sterk onderstreep word nie, en die akteur behoort geleer te word om die gehoor as sy beste bondgenoot te sien en die verhouding uit te bou.

Uit die aanhaling uit Clurman (1958:176) kan duidelik gesien word dat 'n regisseur nooit genoeg van die ander kunste van die teater kan weet nie. Inderdaad behoort hy elkeen van die kunste te beheers om die teater as gesamentlike kunsvorm ten volle te kan benut.

Van dekor, beligting, klank en kostumering moet hy nie bloot 'n middel tot 'n doel maak nie maar 'n doel op sigself. Die samevoeging van hierdie doeleindes tot 'n artistieke geheel maak die taak van die regisseur kompleks maar oneindig interessant. Voor hierdie uitdaging kom hy elke keer te staan as hy besluit om 'n nuwe stuk aan te bied.

Tydens en na elke aanbieding kom die besef hoe nietig en klein die mens eintlik is en hoe ver die mens van die volmaakte verwyder is.

Die strewe na die allerbeste is egter essensieel om veral op die verhoog en die teater met die skeppingsproses te kan voortgaan. Die aanwesigheid van hierdie strewe al dan nie bepaal die vooruitgang.

Omdat die volmaakte teater nie bestaan nie, sal die regisseur altyd 'n integrerende deel van die teater as kunsvorm uitmaak. In 'n volmaakte teater, met volmaakte dramaturge, volmaakte dramas en volmaakte spelers en tegnisi sou 'n regisseur oorbodig wees. Maar let op na wat Worthington Miner, 'n bekende Broadway-

regisseur, hieroor te sê het. „If the playwright turned out nothing but completely stageworthy plays, if all actors had the intelligence, the integrity, and the skill to work together and interpret the plays perfectly, the director would have no function to perform. But our theatre is not ideal. It is necessary for some one to help the average actor appear better than he is, to help the average author appear like a playwright. Hence the director". (Wright 1958:174)

Met hierdie ideale regisseur in gedagte en as motivering om steeds te strewe na volkome artistieke afgerondheid kan 'n regisseur 'n stuk van een of ander groot meester aanpak.

Met hierdie oorwegings in gedagte is die Williamsstuk as 'n lokkende uitdaging beskou - wat 'n Williamsstuk in elk geval altyd is. Die innerlike handeling, die delikate struktuur en die poëtiese aanwending van die taal bied aan enige voornemende regisseur 'n uitdaging en 'n uitnemende leerskool.

En as dit om Speelgoed van glas gaan, moet 'n voornemende regisseur 'n sensitiewe gees hê om aan hierdie pragtige droom die nuanse en skakerings van 'n sprokie te gee.

13.1 Repetisieverslag

DATUM	TYD		PERSONE	TONEEL	AARD VAN REPETISIE	LOKAAL	DUUR VAN TEEPOUSE	TOTALE REPETISIETYD
	BEGIN	EINDIG						
Maandag 10 Mei	19h03	23h01	Amanda, Laura, Jim	Algemeen	Kennismaking	Tuis	12 Minute	3'46"
Dinsdag 11 Mei	19h09	23h07	Amanda en Laura	2	Deurlees	Tuis	Geen	3'58"
Woensdag 12 Mei	19h11	23h07	Amanda en Laura	2	Beweging	Tuis	10 Minute	3'46"
Vrydag 14 Mei	19h00	23h04	Amanda en Laura	2	Dialoog	Tuis	Geen	4'04"
Maandag 17 Mei	19h01	23h25	Almal	1	Lees, Beweging	Heimat	Geen	4'24"
Dinsdag 18 Mei	19h01	23h18	Amanda, Laura, Tom	1,2	Speel	Heimat	Geen	4'17"
Woensdag 19 Mei	19h04	23h18	Voriges	3,4	Beweging	Heimat	Geen	4'14"
Donderdag 20 Mei	19h00	23h43	Voriges	3,4	Speel, Beweging	Heimat	Geen	4'43"
Vrydag 21 Mei	19h03	22h57	Voriges	5	Lees, Beweging	Heimat	Geen	4'
Saterdag 22 Mei	19h00	23h19	Voriges en Jim	6	Lees, Beweging	Heimat	Geen	4'19"
Maandag 24 Mei	19h00	22h50	Almal	7	Lees, Beweging	Heimat	Geen	3'50"
Dinsdag 25 Mei	19h00	23h20	Almal	1-4	Speel	Heimat	19 Minute	4'01"
Woensdag 26 Mei	20h40	22h40	Almal	5	Speel	Heimat	10 Minute	1'50"
Donderdag 27 Mei	19h11	23h01	Almal	5	Speel	Teater	Geen	3'50"
Vrydag 28 Mei	21h15	00h45	Almal	1-3	Lees, Speel	Teater	30 Minute	3'00
Saterdag 29 Mei	15h00	23h13	Almal	1-5	Prof. Kritiek	Teater	45 Minute	7'28"
Maandag 31 Mei	09h10	12h43	Laura en Tom	7	Speel	Teater	11 Minute	2'22"
Maandag 31 Mei	14h00	16h35	Laura en Jim	7	Speel	Teater	Geen	2.35"
Maandag 31 Mei	19h00	22h16	Almal	6,7	Speel	Teater	20 Minute	2'56

DATUM	TYD		PERSONE	TONEEL	AARD VAN REPETISIE	LOKAAL	DUUR VAN TEEPOUSE	TOTALE REPETISIETYD
	BEGIN	EINDIG						
Dinsdag 1 Junie	19h15	23h07	Tom	1,3,5	Lees, speel	Teater	9 Minute	3'43"
Woensdag 2 Junie	19h20	23h02	Almal	1-5	Speel, herhaal	Teater	Geen	3'42"
Donderdag 3 Junie	19h07	23h20	Almal	5,6	Speel, herhaal	Teater	16 Minute	3'21"
Vrydag 4 Junie	19h00	23h20	Almal	6,7	Kostume, speel	Teater	15 Minute	4'05"
Saterdag 5 Junie	10h00	11h45	Almal	1-5	Speel, kritiek	Teater	12 Minute	1'37"
Saterdag 5 Junie	16h00	23h22	Almal	1-7	Speel, kritiek	Teater	35 Minute	6'47"
Maandag 7 Junie	19h00	23h46	Almal	1-7	Deurspeel	Teater	15 Minute	4'31"
Dinsdag 8 Junie	19h30	23h41	Almal	1-7	Lig, klank	Teater	20 Minute	3'41"
Woensdag 9 Junie	19h14	22h53	Almal	1-7	Lig, klank	Teater	Geen	3'39"
Donderdag 10 Jun.	19h10	23h03	Almal	1-7	Speel, herhaal	Teater	Geen	3'53"
Vrydag 11 Junie	16h00	23h57	Almal	6-7	prof., Fotos	Teater	45 Minute	7'12"
Saterdag 12 Junie	09h00	11h45	Amanda, Laura, Tom	1-5	Beligting	Teater	Geen	2'45"
Maandag 14 Junie	19h00	00h20	Almal	1-7	Keuring	Teater	53 Minute	4'27"
Dinsdag 15 Junie	19h00	23h47	Almal	1-7	Kleedrepetisie	Teater	20 Minute	4'27
Woensdag 16 Junie	20h15	22h37	Almal	1-7	Openingsaand	Teater	20 Minute	2'17"

THE GLASS MENAGERY: TENNESSEE WILLIAMS

A PRODUCTION IN EDUCATIONAL THEATRE

Few people, especially those not actively connected with theatre, realize how much work is involved in the mise-en-scène and presentation of a play. Academic theatre, especially demands a lot from both director and student. Because the stage is also classroom, a thorough background study of the play is of prime importance. The lack of such knowledge will render a production unrealistic and wanting style.

Background study places the imaginary characters of a play in a fixed milieu and in a definite period. Characters who are lifeless on paper are transformed into live people on stage by assigning to them a fixed time and place. Students in training taking part in a production are able to place dramas in perspective, and they can then look upon the theatre as mirroring a certain era.

This dissertation endeavours to describe a method of play production of an Afrikaans translation of Tennessee Williams' The Glass Menagery.

Much of the art of acting and directing is founded on intuition and for this reason a prompt book for everything that is done on stage should be carefully, logically and systematically prepared. A prompt book of The Glass Menagery as it was presented on stage is included in this dissertation. Preparation, implementation, results and a post mortem report are also included.

Part 1 contains research material concerning the play and the dramatist. To place The Glass Menagery in its context, a short survey of Tennessee Williams' life is included. Then

follows a comprehensive study in the events of Williams' life depicted in The Glass Menagery, and which could have resulted in the creation of the drama. The influence of the family's move from the Southern States to St. Louis is described, as are events which prompted Tennessee and his sister Rose to recreate the Southern Paradise in Rose's flat.

In Chapter 2 the internal structure of the play is examined. No special chronology is followed, but facts are made available to answer questions which may crop up during rehearsals. Themes examined are the background, the era, the play as a reminiscence, the structure, the tragic aspect, the biographical aspect, the symbolism of water, fire, and the glass menagery, and the religious aspects.

Chapter 3 deals with characterization. Several interpretations have been examined in order to form an own opinion, which was then implemented in the production. Amanda is seen as a sincere mother rather than a stage pal. Her nagging is not exploited, but accentuated to serve as contrast to her admirable qualities which make her a heroic figure.

Part 2 covers the actual mise-en-scène and presentation of The Glass Menagery. Reports on preparation and presentation are incorporated, as well as reports on design and final planning. Attention is given to decor, lighting, costuming and make up, illustrated by photographs. Also included are aspects covering the administrative side, such as timetables for rehearsals, box office reports, production rights, and budgets. Two reviews included mirror the general reaction to the production.

Finally a prompt book, directions for movement, stage business, declamation of the text, and motivation are discussed in this chapter. Keys to lighting and sound effects are incorporated in the prompt book.

BIBLIOGRAFIE

- ANON. 1946. Tomorrow arrives today. Theatre arts, 30:85.
- ANON. 1957. Glass menagerie criticism. Theatre arts, 41:24.
- BARNETT, L. 1948. Tennessee Williams. Life, 24:113-118, 121-122, 124, 127, 16 Feb.
- BENTLEY, E. 1954. The dramatic event: an American dream. New York, Horizon Press.
- BERTHOLD, Margot. 1972. A history of world theater. New York, Ungar Co.
- BLANKE, G.H. 1969. Das Bild des Menschen im modernen Amerikanischen Drama. Neuren Sprachen, 18(3):117-129, Mar.
- BLOOMFIELD, M.W. & ELLIOT, R.C., reds. 1965. Great plays: Sophokles to Brecht. New York, Holt, Rinehart and Winston.
- BOUWER, J.S. 1972. Vroue persone in die dramas van Tennessee Williams. (Ongepubliseerde M.A.-Verhandeling - Universiteit van Pretoria).
- BOZMAN, E.F., red. 1965. The new world encyclopedia. New International Publications. 6:225, 10:32, 12:451.
- BRINK, A.P. 1964. Aspekte van die nuwe drama. Kaapstad, Academica.
- BROCKETT, O.G. 1968. History of the theater. Boston, Allyn and Bacon.
- CLURMAN, H. 1958. The naked image. Observations on the modern theatre. New York, Macmillan.
- COLE, T., red. 1966. Playwrights on playwriting. New York, Hill & Wang.

- CORBIN, R.K. & BALF, Miriam., reds. 1969. Twelve American plays, 1920-1960. New York, Scribner.
- CORRIGAN, W. 1964. The modern theater. New York, MacMillan.
- CORSON, R. 1975. Stage makeup. New Jersey, Prentice Hall.
- CUMMINGS, E.E. 1926. Collected poems. New York, Harcourt, Brace.
- DIETRICH, R.F., CARPENTER, W.E. & KERRANE, K. 1969. The art of drama. New York, Holt, Rinehart and Winston.
- DOMMISSE, Hermien et al., reds. 1977. Teaterwoordeboek (Suid-Afrikaanse Akademie vir wetenskap en kuns, Vaktaalburo). Durban, Butterworth.
- DONAHUE, F. 1964. The dramatic world of Tennessee Williams. New York, Ungar.
- ENCK, J.J. 1953. Memory and disires and Tennessee Williams plays. Wisconsin academy of science, arts and letters, 43:249-256.
- FALK, Signi. 1961. Tennessee Williams. New Haven, College and University Press.
- FEDDER, N.J. 1966. The influence of D.H. Lawrence on Tennessee Williams. The Hague, Mouton.
- FREEDLEY, G. & REEVES, J.A. 1962. A history of the theatre. New York, Crown.
- FUNKE, L. & BOOTH, J.E. 1962. Williams on Williams. Theatre arts, 46:17-19, 72, Jan.
- GAINES, J. 1972. A talk about life and style with Tennessee Williams. Saturday Review, 55(18):25-29, Apr.

- GANZ, A. 1965. The desperate morality of the plays of Tennessee Williams. (In: Downer, A.S. American drama and its critics; a collection of critical essays. Chicago, University of Chicago Press. 14:203-217).
- GASSNER, J. 1948. Dramatist of frustration. Chicago, University of Chicago Press. 10 (1)
- GASSNER, J. 1953. Producing the play. New York, Holt, Rinehart and Winston.
- GASSNER, J., red. 1963. From Wilde to Ionesco. New York, Simon and Schuster (A treasury of the theatre, v. 3).
- GASSNER, J. 1966. Theatre at the crossroads. New York, Holt, Rinehart and Winston.
- GOLDSTONE, R. 1968. Contexts of the drama. New York, McGraw-Hill.
- GOROWARA, K. 1967. The fire symbol in Tennessee Williams. Literary half-yearly, 8:57-73, Jan./Jul.
- GUERNSEY, O.L. 1972. The best plays of 1971-72. New York, Dodd, Mead.
- HEILMAN, R.B. 1965. Tennessee Williams; approach to tragedy. Southern review 1:770-790.
- HEWES, H. 1967. Glass menagerie criticism. Saturday review, 50:71, 25 Nov.
- HOWELL, E. 1970. The function of gentleman callers; a note on Tennessee Williams' Glass menagerie. Notes on Mississippi writers, 2:83-90, Winter.
- JACKSON, Esther M. 1965. The broken world of Tennessee Williams. Madison, University of Wisconsin Press.
- JAUSLIN, C. 1969. Tennessee Williams. Hannover, Friedrich Verlag Velber.
- JONES, R.E. 1952. Tennessee Williams' early heroines. Modern drama, 2: 211-219, Des.

- JOUBERT, C.J. 1974. Geskiedenis vir standerd 10 volgens die kernsillabus. Johannesburg, Perskor.
- JOVEN, Nilda G. 1966. Illusion and reality in Tennessee Williams' The glass menagerie. Dillman review, 14:81-89, Jan.
- KRITZINGER, M.S.B., LABUSCHAGNE, F.T., et al., reds. 1956. Verklarende Afrikaanse woordeboek. Pretoria, Van Schaik.
- KRUTCH, J.W. 1945. Drama. The nation, 160:424-425, Apr.
- LANGER, Susanne K. 1957. Problems of art. London, Routledge & Kegan Paul.
- LAWSON, J.H. 1965. Theory and technique of playwriting. New York, Hill and Wang.
- LE ROUX, Willemien. 1976. Drama, akteurs 'n gelukkige keuse. Die Transvaler, 3 Jul.: 8, Kol. 6-9.
- MAGID, Marion. 1964. The innocence of Tennessee Williams. (In:Freedman, M., red. Essays in the modern drama. Boston, Heath. p. 280-293).
- MAY, R., red. 1974. A concise encyclopedia of the theatre. Cape, Philip.
- MOOR, P. 1948. A Mississippian named Tennessee. Harpers magazine. 197:63-71, Jul.
- NELSON, B. 1961. Tennessee Williams, his life and work. London, Peter Owen.
- NEWLOVE, D. 1969. A dream of Tennessee Williams. Esquire, 72:172-179, Nov.
- NICOLL, A. 1959. World drama from Aeschylus to Anouilh. London, Harrap.

- PERRINE, L., red. 1973. Dimensions of drama. New York, Harcourt Brace Jovanovich.
- POPKIN, H. 1964. Williams Osborne or Beckett? (In:Freedman, M., red. Essays in the modern drama. Boston, Heath p. 235-245).
- PRESLEY, Delma & SINGH, H. 1970. Epigraphs to plays of Tennessee Williams. Notes on Mississippi writers, 3:2-12, Spring.
- RATHBUN, G.L. 1965. Tennessee Williams' The glass menagerie; a critical commentary. New York, distributed by Monarch Press.
- REED, R. 1971. Tennessee Williams turns sixty. : Esquire: 76(3): 105-108, 216-220, Sep.
- ROCKWOOD, J. 1966. The craftsmen of Dionysus; an approach to acting. Glenview, Illinois,, Scott, Foresman.
- ROWLAND, J.R. 1967. Tennessee's two Amandas. Research studies, 35:331-340, Des.
- SCHEEPERS, Elize. 1974. Die enscèneering en aanbieding van Shakespeare se Twaalfde nag; 'n agtergrondstudie en toneeltegniese analise. (Ongepubliseerde M.A.-Verhandeling - P.U. vir C.H.O.).
- SEERVELD, C. 1968. A Christian critique of art and literature. Toronto, The Association for Reformed Scientific Studies.
- SHARP, W. 1962. An unfashionable view of Tennessee Williams. Drama Review, 6:160-171, Mrt.
- SHROYER, F.B. & GARDEMAL, L.G. 1970. Types of drama. New York, Scott, Foresman.
- SMITH, A.H. & O'LOUGHLIN, J.L.N., reds. 1946. Odhams dictionary of the English language. London, Odhams.
- STEIN, R.B. 1964. The glass menagerie revisited; catastrophe without violence. Western humanities review, 18:141-153, Spring.

- TISCHLER, Nancy M. 1961. Tennessee Williams; rebellious puritan. New York, The Citadel Press.
- VAN RENSBURG, P.C.J. 1974. 'n Regiebenadering van Anton Tsjechow se "Oom Wanja". (Ongepubliseerde M.A.-Verhandeling, - P.U. vir C.H.O.).
- VAN RENSBURG, P.C.J. 1976. Konstantin Stanislawski as regisseur. (Ongepubliseerde D. Litt.-Proefskrif- P.U. vir C.H.O.).
- VOWLES, R.B. 1958. Tennessee Williams; the world of his imagery. Drama Review, 3:51-56, Des.
- VOWLES, R.B. 1958. Tennessee Williams and Strindberg. Modern drama, 1:166-171, Des.
- WAGER, W., red. 1969. The playwrights speak. London, Longmans, Green.
- WEALES, G. 1965. Tennessee Williams. Minneapolis, University of Minnesota Press. (University of Minnesota Pamphlets on American Writers, No. 53).
- WILLET, R.W. 1966. The ideas of Miller and Williams. Theatre Annual, 22:31-40.
- WILLIAMS, Edwina D. 1964. (As told to Lucy Freeman) Remember me to Tom. London, Cassell.
- WILLIAMS, T. 1955. The timeless world of a play. Theatre arts, 39:32-33, Mei.
- WILLIAMS, T. 1961. The night of the iguana. London, Secker and Warburg.
- WILLIAMS, T. 1962 a. Cat on a hot tin roof. London, Secker and Warburg.

- WILLIAMS, T. 1962 b. The glass menagerie. Middlesex,
Penguin Books.
- WILLIAMS, T. 1962 c. Orpheus descending. London, Secker
and Warburg.
- WILLIAMS, T. 1962 d. A streetcar named Desire. Middlesex,
Penguin Books.
- WILLIAMS, T. 1962 e. Sweet bird of youth. Middlesex,
Penguin Books.
- WILLIAMS, T. 1964. Summer and Smoke. New York, New Directions.
- WILLIAMS, T. 1976. Memoirs. London, Allen.
- WRIGHT, E.A. 1958. A primer for playgoers. New York,
Prentice Hall.

ONGEPUBLISEERDE BRON:

- CLOETE, T.T. Speelgoed van glas, 'n resensie. (Radioprogram
SAUK: In die Voorportaal, 24 Jun. 1976).